# DIE

# GEREFORMEERDE KERK

# BURGERSDORP

1860—1960

# DIE
# GEREFORMEERDE KERK,
# BURGERSDORP

## 1860–1960

* * *

# Die Gereformeerde Kerk, Burgersdorp

GESTIG 21 JANUARIE 1860, OP DIE PLAAS

Roosterhoek

Gedenkalbum by geleentheid van die Eeufees

22-24 Januarie 1960

UITGEGEE DEUR DIE EERWAARDE KERKRAAD VAN DIE
GEREFORMEERDE KERK VAN BURGERSDORP

Versprei deur: Die Kerkraad, Posbus 119, BURGERSDORP

61/302.

*Gedruk deur*

DIE POTCHEFSTROOM HERALD (EDMS.) BPK.

Posbus 156, Potchefstroom, Transvaal.

Nie aan ons, o Here,

nie aan ons nie

maar aan u Naam gee eer

dm u goedertierenheid

om u trou ontwil.

Ps. 115 : 1

# INHOUDSOPGAWE


Bls.

Woord Vooraf .... 9

AFDELING I 'N OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BURGERSDORP DEUR PROF. DR. J. P. JOOSTE.

1. Die stigting van die Kerk .... 11
2. Die bestaan van die gemeente gedurende die jare 1860—1866 .... 15
3. Die gemeente Burgersdorp onder leiding van ds. D. Postma 1866—1879 19
4. Die periode 1880—1905 .... 41
5. Die bedieningstyd van ds. D. Postma (M Seun) 1906—1941 .... 55
6. Die periode 1941 tot vandag .... 70
7. Die funksionering van die besondere ampte gedurende die eeu .... 83

AFDELING II KORT LEWENSKETSE VAN LERAARS WAT BURGERSDORP BEDIEN HET.

1. Dirk Postma .... 95
2. Jan Lion Cachet .... 99
3. Petrus Postma .... 101
4. M. P. A. Coetsee Jnr. .... 102
5. L. P. Vorster .... 103
6. Dirk Postma (M. Seun) .... 106
7. S. J. van der Walt .... 114
8. Abraham Liebrecht Aucamp .... 116

AFDELING III EEN EN ANDER UIT DIE GESKIEDENIS.

1. Brief van ds. J. A. van Rooy .... 120
2. Diakonale werk sedert 1900 .... 121
3. Die Jongeliedevereniging vanaf 1904 .... 125
4. Die werk van die susters deur Susan Venter .... 130

5. Enkele briewe van ds. D. Postma .... 135

6. Burgersdorp 1941—1946 deur dr. S. J. van der Walt .... 140

7. My bediening in Burgersdorp deur ds. A. L. Aucamp .... 144

AFDELING IV DIE EEUFEESVIERING OP BURGERSDORP.

1. Program van fees .... 151

2. Eeufees van die Geref. Kerk Burgersdorp 22-24 Jan. 1960 .... 155

3. Openingsrede deur ds. A. L. Aucamp .... 166

4. Van Gods Goedertierenheid en trou Roosterhoek-Burgersdorp 1860—1960 deur dr. B. R. Kruger .... 170

5. Onthulling van monument op Roosterhoek deur ds. A. L. Aucamp .... 178

6. 'n Les uit die geskiedenis deur mev. A. F. Aucamp .... 182

7. Groete namens die Teologiese Skool en Universiteit deur prof. dr. S. du Toit .... 184

8. Die Kerk ons moeder. Rede deur sy edele min. Jan de Klerk .... 187

9. Samevatting van preek en toesprake deur prof. dr. S. du Toit .... 194

10. Opsomming van preek deur dr. S. J. van der Walt .... 197

11. Opsomming van toespraak deur dr. S. J. van der Walt .... 198

12. Enkele goeie wense met ons feesviering .... 200

AFDELING V.

1. Historiese Figure .... 203

2. Werkers en werksters in die kerk van die Here .... 242

3. Personalia .... 245

AFDELING VI.

Wat syfers ons vertel .... 247

# *Voorwoord*

In 1910 het die werk „Gouden Jubileum Gereformeerde Kerk Burgersdorp, Kaap Provinsie 1860—1910" die lig gesien. Nou verskyn hierdie werk waarin die honderd-jarige bestaan van die kerk van Burgersdorp behandel word. Ons het probeer om in hoofsaak aan te vul by die „Gouden Jubileum"; daarom gaan dit veral oor die afgelope vyftig jaar.

Ons wil die hoop uitspreek dat in die toekoms hierdie feesuitgawe van historiese waarde sal wees, ook omdat Burgersdorp so 'n belangrike plek beklee in die geskiedenis en groei van ons kerk.

Hiermee wil ons ons hartlike dank uitspreek teenoor prof. dr. J. P. Jooste wat by sy baie werksaamhede ook nog vir ons die historiese oorsig gegee het. Ons is ook dankbaar teenoor almal wat bydraes gestuur het, en die wat toesprake en preke tydens ons feesviering gehou het. Ons het probeer om in die familie-geskiedenis die historiese drade aan te gee; hier en daar het ons versoeke geen antwoord gekry nie; daarom sal u sommige figure mis.

'n Woord van opregte dank aan mnr. J. A. van der Walt, die hoof van die Hoërskool Tuine, Pretoria vir sy taalkundige revisie en adviese. Ons dink ook met dankbaarheid aan suster Cilie Wentzel wat met soveel ywer en toewyding die tikwerk vir ons gedoen het.

Ons dank ook aan die drukkers vir die uitgawe van hierdie boek.

Oorspronklik het die feeskomitee, wat ook belas was met die uitgee van die gedenkboek bestaan uit: ds. A. L. Aucamp (voorsitter); brs. A. V. Kruger, H. B. Kruger, J. J. Henning, W. F. Henning, Hannes Coetsee, J. V. Coetsee en F. D. Coetsee.

Hierdie feeskomitee het die ondergetekendes as redaksie-kommissie vir die finale uitgawe van die gedenkboek benoem.

Hiermee bied ons dan in alle nederigheid en beskeidenheid hierdie boek by ons lesers aan, met die besef van die baie leemtes, gebreke en foute, maar ook met die hoop dat dit sal dien tot eer van God en tot vermeerdering van kennis. Ook hier blyk die groot feit: Die Here hou sy kerk in stand. Die poorte van die hel sal die gemeente van Christus nie oorweldig nie!

Aan God alleen die eer!

Die redaksie-kommissie:
A. L. Aucamp (voorsitter).
A. V. Kruger (sekretaris).
C. A. Labuscagne.
H. B. Kruger.

BURGERSDORP. Mei 1960.

# OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE

# *Gereformeerde Kerk Burgersdorp*



*Prof. dr. J. P. Jooste*

1. *Die stigting van die Kerk:*

Dit spreek haas vanself dat wat aan die begin van 1859 in die Suid-Afrikaanse Republiek gebeur het ook weerklank sou vind in ander dele van die land, veral onder die geesverwante van die mense wat daar tot kerkstigting oorgegaan het. So het Stefanus J. Kruger van Rustenburg aan sy familie in die Kaap Kolonie geskrywe: „Ons het 'n kerk gevind waarin ons die Here kan dien volgens sy Woord. O! hoe heerlik is dit, wat 'n vreugde is dit. Daar het 'n leraar uit Holland gekom. Nou het ons ons wens eenmaal verkry".

Hierdie soort berigte is nie net met vreugde in die hart verneem nie, maar hulle het tot aksie aangevuur, want toe ds. Postma in Mei 1859 in die Vrystaat was vir die stigting van 'n gemeente in die buurt van Bloemfontein, is hy uitgenooi deur lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Burgersdorp om ook daarheen te kom en kerk te hou. Hierdie uitnodiging het ds. Postma aanvaar en hy is van die Vrystaat af saam na die Kaapkolonie.

Aangesien die kerkgebou in Burgersdorp nie vir die geleentheid verkry kon word nie, is diens bestel op die plaas van 'n sekere broeder Andries Kruger op die plaas Rietpoort (nou nog in besit van die Kruger-familie). Hier het baie mense die diens bygewoon en die predikant ontmoet. Daarna het ds. Postma ook kerk gehou by 'n sekere broeder Douw Venter. En nadat hulle hom hoor preek het, was daar vreugde in die harte van baie en is die woorde: „Ons het Smytegeld weer gehoor", selfs uitgespreek. Ds. Postma het by hierdie geleentheid gepreek oor Romeine 9 : 21: „Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?" Die wyse waarop ds. Postma hierdie skrifgedeelte behandel het en veral die beklemtoning van die leer van die uitverkiesing, moes die hoorders seker aan Smytegeld laat dink het.

Tydens hierdie eerste besoek van ds. Postma aan die Kaapkolonie het hy net kennis gemaak met die mense.

Na sy vertrek na die Transvaal het die mense egter onder mekaar die moontlikheid bespreek om hom weer uit te nooi na Burgersdorp. Dit kon egter eers die volgende jaar gebeur.

Van hierdie gebeurtenis is daar 'n relaas opgeneem in die notuleboek van die kerkraad van Burgersdorp en daarom haal ons dit hier aan: „In die maand Januarie 1860 is die Weleerw. herder en leraar D. Postma, deur die broeders vanuit die Vrystaat hierheen gebring en 'n talryke kommissie van ouderlinge en diakens van die gemeentes uit dié Staat en uit die Suid-Afrikaanse Republiek het sy eerw. vergesel. „Die menigte wat belangstellend vir



*Die woonhuis van die plaas Roosterhoek waar die gemeente Burgersdorp op 21 Januarie 1860 gestig is.*

daardie doel uit verskeie distrikte saamgekom het, het vergader op die plaas van die heer H. Coetzee, Roosterhoek, in die distrik Burgersdorp. Nadat een en andermaal met gebede en smekinge vergader was en hulle van weerskante mekaar goed begryp het, is hier 'n Gereformeerde gemeente gestig en naderhand het daar nog meer ander persone aangesluit, sodat die gemeente vóór die vertrek van ds. Postma, wat ses weke onder hulle verkeer het, meer as 600 lidmate getel het. Ouderlinge en diakens is deur die gemeente verkies en op gereformeerde wyse aangestel . . ."

In die notule van die eerste kerkraadsvergadering vind ons nie 'n motivering van hierdie stap nie, maar voor in die eerste notuleboek van die kerkraad vind ons 'n historiese oorsig van die worsteling met die Nederduits Gereformeerde Kerk voordat die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp gestig is, en aangesien ons daarin tot 'n mate 'n motivering van hierdie stap vind, haal ons uit die stuk hier verder die volgende aan:

„Reeds baie jare was verskeie lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapkolonie beswaard oor verskillende sake wat van tyd tot tyd in die kerk ingevoer was en wat afgewyk het van die eenvoudigheid van die Bybelleer en diens waaraan hulle hul bepaald en uitsluitend wou hou. En onder die dinge wat hulle beswaar het, het die invoering van die Evangeliese gesange nie die geringste plek beklee nie. Daarby die heerskappyvoering oor hulle gewetes na menslike willekeur van kerklike weë. Lank het die beswaardes uitgesien na 'n gunstige wending en selfs pogings in die rigting aangewend, maar hulle is daarin nie gehoor nie, veel liewer geminag en verdruk aangesien hulle beskou is as 'n groepie bekrompe misnoegdes.

Hulle het wel iets gehoor van die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland, sodat hulle begeerte na die kerk opgewek was, maar as hulle hul leraars, wat ook in Nederland studeer het, daarna gevra het, dan het hulle die waarheid dienaangaande so veel as moontlik verberg en wat hulle daarvan gesê het, was deurgaans 'n ongunstige voorstelling van genoemde kerk. So het hulle in die donker en twyfelmoedigheid gebly terwyl hulle tog gedors het na beter inligting aangaande die kerk en na uitkoms.

Eindelik daag in die jaar 1858 'n enige ligstraal op vanuit Nederland: Uit openbare blaaie is verneem dat die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland 'n leraar uit sy midde afgevaardig het na die Suid-Afrikaanse Republiek nl. ds. D. Postma".

Die eerste „voorlopige kerkraadsvergadering is op 21 Januarie 1860 gehou en op hierdie vergadering was benewens ds. Postma en die kerkraadslede van Burgersdorp ook teenwoordig oudl. Ph. Snyman, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Republiek, en die volgende kerkraadslede van die Vrystaat: Ouderlinge J. J. Venter en M. A. van der Walt en diakens R. van der Walt en D. J. Coetzee. Die name van die kerkraadslede van die gemeente was: Ouderlinge Michiel Andries Pretorius, Jacobus Stephanus Kruger, Hendrik Johannes Jacob Kruger en Nicolaas Kruger; diakens Hendrik Bernardus Kruger, Willem Jacobus van Biljon, Gerrit Hendrik Jacobus Kruger en Philippus Christoffel Snyman.

Op hierdie eerste kerkraadsvergadering is belangrike besluite geneem in verband met die organisasie van die gemeente wat ons gemakshalwe onder die volgende hoofde weergee:

1. *Die kerkorde wat gebruik moes word*:

Die kerkorde wat reeds in die Suid-Afrikaanse Republiek en in die Oranje Vrystaat aangeneem was, is op verlange van die kerkraad aan die gemeente van artikel tot artikel voorgelees en oorweeg saam met die formuliere van ondertekening en sonder verandering aangeneem, ook vir die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie.

2. *Diensreëling*:

In verband met die stigting van die gemeente op die dag van die Here

is besluit dat onder teenwoordige omstandighede elke ouderling sy bes sal doen om dit op sy beurt waar te neem.

3. *Konsulentskap*:

Die vergadering het ds. Postma gevra om as konsulent van die gemeente op te tree solank as die gemeente nog nie sy eie leraar het nie. Sy eerw. het dit aangeneem met die goedkeuring van die bedieningskommissie.

4. *Beroeping van 'n predikant vir Burgersdorp*:

'n Beroep is uitgebring op ds. J. W. te Bokkel, predikant van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk te Ommen, en die beroepsbrief is deur die ouderlinge en diakens namens die gemeente onderteken, maar daarin is die traktement vir eers onbepaald gelaat, terwyl die bedrag van £200 gestem is vir die bestryding van die koste in verband met die oorkoms. Die traktement sou bepaal word in oorleg met die leraar as hy teenwoordig is.

5. *Noodsaaklike kennisgewings*:

Die vergadering het verder besluit om kennis te gee van die stigting van die gemeente sowel aan die Goewerneur van die Kaapkolonie as aan die Magistraat van die distrik. En van die Goewerneur is kort daarna 'n brief van erkenning ontvang.

Dit is ook besluit om die Nederduits Gereformeerde Kerk van Burgersdorp van die stigting op hoogte te bring en terselfdertyd 'n volledige lys van die name van die lidmate wat aangesluit het, by te voeg.

6. *Interne reëlings vir die gemeente*:

'n Scriba vir die kerkraad asook 'n kassier en 'n boekhouer is aangewys. Voordat ds. Postma terug is na die Transvaal het die eerwaarde kerkraad van Burgersdorp weer vergader en wel op die 24e Februarie 1860.

Ook hierdie vergadering het belangrike sake behandel en daaroor besluit, aangesien die konsulent so ver van die gemeente af gewoon het.

Op hierdie vergadering was daar ook verteenwoordigers van Middelburg, wat toe blykbaar as 'n deel van die gemeente Burgersdorp beskou is, aangesien die gemeente aldaar eers later in die jaar tot stand gekom het.

Ds. Postma het by die geleentheid mededelinge gedoen aangaande sy rondreis in die kolonie, asook aangaande die inhoud van sy rapport na Nederland oor die verrigtinge tydens die tyd van sy verblyf in die Kaapkolonie.

Daarna is gespreek oor die oprigting van 'n kerkgebou in Burgersdorp. Die kerkraad het saam met die gemeente hieroor gehandel en eenparig is besluit om 'n boukommissie te benoem wat inmiddels aan die saak aandag kon skenk.

Intussen is 'n brief van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Burgersdorp ontvang waarin gevra is dat die stukke wat ds. Postma in die openbaar

voorgelees het tydens die stigting, tog aan die kerkraad gestuur moes word. Hierop het die kerkraad besluit dat die N.G. Kerk met ds. Postma self in verbinding moes tree.

Hierna het ds. Postma weer vertrek na die Transvaal en eers in November van daardie jaar kon hy, as konsulent, weer 'n reis onderneem na hierdie gedeelte van die land.

## 2. DIE BESTAAN VAN DIE GEMEENTE GEDURENDE DIE JARE 1860-1866.

a. *Die hoeksteenlegging van die kerkgebou*:

Toe die konsulent weer die gemeente in November van daardie jaar besoek het, was die bouery reeds sover gevorder dat die hoeksteenlegging kon plaasvind. Op 26 November was nie net die kerkraad en gemeente byeen nie, maar ook die Resident Magistraat en Vrederegter. Ooreenkomstig die besluit van die kerkraad het ouderling N. Kruger die hoeksteenlegging waargeneem, terwyl ds. Postma by die geleentheid die rede gehou het. Onmiddellik na afloop van die verrigtinge is 'n biduur gehou met die oog op die beroeping van 'n predikant.

b. *Die beroeping van 'n leraar*:

Van ds. Te Bokkel is intussen berig ontvang dat hy die roeping nie aanvaar het nie; daarom is weer aandag geskenk aan hierdie belangrike saak. Na bespreking is besluit om die beroepsbrief wel in te vul en te teken, dog nie 'n naam in te vul nie, maar om die beroepsbrief aan prof. H. de Cock te stuur met 'n behoorlike lasbrief om in naam van hierdie kerkraad 'n predikant te beroep. Waar, by die eerste geleentheid die beroep uitgebring is sonder vermelding van die traktament, is dit nou behoorlik vermeld t.w. £250 per jaar, met vrye woning; en dat die bedrag vir die vervoer direk gereël sou word met ouderling Van Andel van 's Hertogenbosch. Aan die konsulent is egter opdrag gegee om aan prof. De Cock te skrywe dat hy nog 'n keer moes probeer om ds. Te Bokkel vir die gemeente te kry.

c. *Die stigting van 'n gemeente te Middelburg*:

Op hierdie vergadering het die ouderling van Middelburg meegedeel dat daar te Middelburg baie persone gereed was om aan te sluit by die Gereformeerde Kerk en dat die begeerte bestaan om 'n gemeente gestig te kry. Hieroor het die vergadering sig verbly en aan ds. Postma opdrag gegee om aldaar 'n gemeente te stig, wat hy ook gewilliglik op hom geneem het.

d. *Die ingebruikneming van die kerkgebou*:

Toe die eerwaarde kerkraad op 2 Mei 1861 weer onder voorsitterskap van die konsulent vergader het, kon die boukommissie rapporteer dat die

kerkgebou sover voltooi was dat die eredienste daarin gehou kon word. Na bespreking van die rapport is besluit om die eredienste wel in die gebou te hou en dit meteens ook in gebruik te neem. Verder is besluit om die Magistraat en die Vrederegter vir die geleentheid uit te nooi. Besonderhede in verband met hierdie funksie is ongelukkig nie vir ons in die notule van die kerkraad bewaar nie.

e. *Die Kerkraad en die opleidingsvraagstuk*:

Prof. De Cock het nog steeds pogings in die werk gestel om 'n predikant vir Burgersdorp te bekom, maar sy pogings is nie met sukses bekroon nie. Daarom bevreem dit ons ook nie as ons opmerk dat die eerw. kerkraad ernstige aandag begin skenk het aan die vraagstuk van opleiding van predikante deur die Kerk self. So het die kerkraad op sy laaste vergadering, waarin ds. Postma as verantwoordelike konsulent opgetree het — want die kerkraad het ingewillig om ds. Beyer, predikant van Reddersburg, as konsulent te ontvang — besluit om die saak te berde te bring op die eerste Algemene Sinode van die Kerk. Die voorstel het hierop neergekom dat aan die Sinode voorgestel sou word om dit moontlik te maak vir een van die gemeentes om twee predikante te beroep en dat genoemde predikante dan saam met die bediening van die gemeente, aandag moes skenk aan die opleiding van aanstaande predikante. Ds. Postma het opdrag van die eerwaarde kerkraad en die gemeente gehad om sodanige voorstel in naam van Burgersdorp op die Sinode te doen, maar of dit presies so geskied het, word nie in die handelinge van die Sinode vermeld nie. Die saak van die oprigting van 'n Teologiese Skool het wel die aandag van die Sinode geniet, maar die Sinode het nie daartoe besluit nie, omdat die Kerk nog nie sterk genoeg was nie. Dit was egter maar die begin van hierdie saak, want hoewel die plan van die kerkraad nie deur die Sinode aanvaar is nie, het die kerkraad self dit nie laat vaar nie. Net op die volgende Algemene Sinode wat in 1863 gehou is, het die kerkraad weer aan sy afgevaardigdes opdrag gegee om voor te stel dat die Gereformeerde Kerk kragtig sal werk om 'n Teologiese Skool tot stand te bring en as die geldelike sake dit vir die teenswoordige nog nie mag toelaat nie, dat ten minste besluit moes word om gereeld vir die saak te kollekteer. Hierdie gedagte van die eerwaarde kerkraad is in elk geval deur die Sinode bekragtig, want tot die oprigting van die Skool kon dit toe ook nog nie geraak nie, maar daar is wel besluit dat vir die saak gekollekteer moes word.

Intussen is gereeld van prof. De Cock verneem dat hy geen sukses kon behaal met die verkryging van 'n predikant vir Burgersdorp nie. Dit het dus meer en meer vir die kerkraad duidelik geword, dat daar geen hoop was op uitkoms vanuit Nederland nie. Die behoefte aan 'n eie opleidingsaksie het dus gaandeweg dringender geword; daarom vind ons dat op 'n kerkraadsvergadering gehou op 25 Junie 1864 en waarop ds. Postma ook teenwoordig was, baie ernstige aandag geskenk is aan die oprigting van 'n eie

Skool. Blykens die notule van die vergadering het ds. Postma 'n baie belangrike voorstel insake betere opleiding van predikante voorgedra en hy het hiervoor die steun van sowel die kerkraad as die gemeente verkry. Ds. Postma sou 'n paar weke in die geweste vertoef sodat die voorstel rustig oorweeg kon word. Ds. Postma se gedagte het hierop neergekom dat die Kerk in die noodtoestand moes trag om ooreenkomstig art. 8 Kerkorde d.w.s. langs die weg van singuliere gawes manne toe te rus om as predikante op te tree, aangesien dit nou duidelik was dat die hulp vanuit die buiteland baie twyfelagtig was. Hierdie toerusting moes dan nog maar geskied deur middel van die diensdoende predikante tot tyd en wyl 'n eie Skool opgerig kon word. Hierdie gedagte van ds. Postma het ook die volle steun van ds. Beyer geniet.

Die oorweging van hierdie gedagte van ds. Postma het egter voor sy vertrek na Transvaal 'n wending geneem wat hy blykbaar nooit kon voorsien het nie en ongelukkig ook nie kon steun nie. Toe die eerw. kerkraad weer op 15 Julie 1864 byeengekom het, is hulle versoek deur die waarnemende konsulent om die name van sekere persone te noem wat moontlik onder art. 8 Kerkorde kon aansoek doen om toelating tot die studie. Die kerkraad het inderdaad twee persone se name genoem, maar op versoek van ds. Postma is toe besluit dat eers gepoog sal word om 'n vergadering van alle kerkrade van die Kaapkolonie te hou en wel op 9 September e.k. Op 'n Buitengewone Kerkraadsvergadering gehou op 20 Augustus 1864 het die eerw. Kerkraad onverwags aan ds. Postma 'n beroepsbrief tot professor in die Teologie oorhandig. Dit was vir hom klaarblyklik 'n verrassing, maar hy wou hom nie daaroor uitspreek nie, aangesien daar 'n vergadering van die kerkrade hangende was en daar juis oor die saak van die opleiding gehandel sou word.

Op 9 September 1864 het die eerw. kerkraad van Burgersdorp tesame met verteenwoordigers van Middelburg, Colesberg, Philipstown en Aliwal-Noord vergader en toe het dit geblyk dat ds. Postma ook van die ander kerkrade elk 'n beroepsbrief tot professor in die Teologie ontvang het.

Die kerkraad van Burgersdorp het die gewigtige saak formeel aan die orde gestel deur sy voorstel aan ds. Postma gedoen hier te herhaal, nl. dat sy eerwaarde afgesonder moes word om die werk van die opleiding van aanstaande predikante te behartig. Dit is ook deur die kerkraad van Middelburg gedoen.

Toe hierdie saak bespreek is, het ds. Pestma ook briewe vanuit Transvaal voorgelees, sommige waarvan offisieel en ander partikulier was, maar in almal is gehandel oor hierdie saak. 'n Brief is ook van ds. Beyer voorgelees waaruit geblyk het dat hy van mening was dat die tyd nog nie ryp was vir die daarstelling van 'n algemene Skool van die Kerk nie, maar dat hulle maar moes voortgaan ooreenkomstig die besluit van die laasgehoue

Sinode, nl. dat die diensdoende predikante die voornemende studente in hulle studie moes lei en dat die Sinode die kandidate self sou ondersoek en toelaat al dan nie.

Nadat die gedagtes van die eerwaarde vergadering duidelik aan die lig gekom het, het ds. Postma homself skriftelik verklaar oor die hele aangeleentheid. Uit die stuk wat hy in die vergadering voorgedra het, blyk dit duidelik dat hy hom verbly oor die belangstelling wat in hierdie belangrike saak geopenbaar is, maar dat nie uit die oog verloor moet word nie dat die opleiding van predikante 'n saak is wat deur die Kerk in sy geheel moet behartig word en gevolglik deur die Algemene Sinode daargestel moet word. Wat sy persoon betref het hy onomwonde verklaar, trots die kerkrade van mening was dat hy afgesonder moes word vir die werk van die opleiding van predikante, hy hom hoegenaamd nie bekwaam daartoe beskou nie. Hy het die kerkrade egter versoek om hulle begeerte insake die opleiding van predikante aan die eersvolgende Sinode bekend te maak.

f. *Ds. Postma beroep tot predikant van Burgersdorp:*

Die opdrag van hierdie kerkraad aan professor De Cock om namens hom op te tree vir die verkryging van 'n predikant vir die gemeente, en gedateer November 1860, was nog altyd van krag. Van tyd tot tyd het professor De Cock berig gestuur dat hy geen sukses behaal het nie. Op die vergadering van die kerkraad van 12 Februarie 1866 is weer gehandel oor die beroeping van 'n predikant en toe is algemeen besluit om daartoe oor te gaan sodra berig van professor De Cock ontvang is.

In die brief deur die kerkraad aan professor De Cock na die laasgehoue vergadering moes ongetwyfeld vermeld gewees het dat hy die beroepery maar moes staak. Volgens die notule van 'n buitengewone vergadering van die kerkraad wat te Reddersburg op 19 Mei 1866 gehou is, lees ons dat die konsulent gevra het of daar berig van professor De Cock was dat hy berig ontvang het aangaande die staking van die beroep in Nederland. Toe bevestigend geantwoord was, is besluit om die beroepsbrief, waarin ds. Postma beroep word as predikant van Burgersdorp, formeel in orde te bring. Uit die bewoording van die beroepsbrief wat woordeliks in die notule voorkom, blyk dat ds. Postma nie net beroep word as herder en leraar van die gemeente Burgersdorp nie, maar dat hy ook by hulle die opleiding moes waarneem volgens die verlange van die Sinode.

Ds. Postma het hierdie beroep aanvaar en is op 4 Augustus 1866 aldaar in die amp bevestig. So kon die gemeente Burgersdorp vir die eerste keer na sy stigting sy eie predikant verwelkom en daarmee sou ook 'n nuwe periode in die bestaan van die gemeente begin.

## 3. DIE GEMEENTE BURGERSDORP ONDER LEIDING VAN DS. POSTMA 1866-1879.

a. *Beskikking oor die gelde wat by prof. De Cock was:*

Een van die eerste sake wat onder leiding van die nuwe predikant aandag geniet het, was die reisgeld wat aan prof. De Cock gestuur is. Die kerkraad het ds. Postma gevra om na Nederland te skrywe en uit te vind wat die presiese bedrag was. Nog voordat berig van Nederland af ontvang is het die kerkraad reeds die volgende besluit geneem in verband met die geld;

Twintig pond word bestem vir die terugbetaling aan 'n kas waaruit die eerste kommissie na Suid-Afrika geleen het. Hierdie bedrag het die Nederlandse Kerk teruggevra van Rustenburg, maar nou dat die Kaapkolonie die diens van die leraar Postma geniet, wil hierdie Kerk liewer terugbetaal. Die hele bedrag was £40, maar hiervan betaal Middelburg en Colesberg elk £10 en Burgersdorp £20. Aan die Teologiese Skool van die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk te Kampen word 'n geskenk van £10 gegee. Die res van die bedrag moes aan die kerkraad verantwoord word.

Hierdie besluit is op 27 Desember 1866 geneem en op 4 April van die volgende jaar is daar berig van Nederland ontvang dat 'n bedrag van £220.6.8 nog op hande is. In hierdie verband is toe genotuleer dat £100 van die bedrag na die gemeentes Middelburg en Colesberg gaan, waaruit die £20 natuurlik betaal moes word; £30 moes dan afgetrek word namens Burgersdorp soos tevore besluit en die ander £90.6.8 moes dus aan Burgersdorp teruggestuur word.

Hierdie beskikking oor die gelde in Nederland was van groot belang, want toe het Burgersdorp die reisgeld van ds. Postma vereffen.

b. *Burgersdorp en die Teologiese Skool:*

Tevore het reeds geblyk hoeveel belang die kerkraad en gemeente gestel het in die opleiding van toekomstige predikante en terwyl ds. Postma geen geheim daarvan gemaak het dat dit veral die opleiding van die studente was wat hom laat besluit het om die beroep na Burgersdorp aan te neem nie, spreek dit haas vanself dat hierdie kerkraad en gemeente onder leiding van ds. Postma nie sou rus voordat daar 'n Teologiese Skool vir die Kerk opgerig is nie. Volgens die notule het die eerwaarde kerkraad eers weer op sy vergadering van 26 Desember 1867 met die saak van opleiding te doen gekry. Op daardie vergadering het die predikant verslag gedoen van die verrigtinge van die Algemene Vergadering en o.a. 'n uittreksel uit die notule van die Algemene Vergadering voorgelees, waarin gehandel word oor die moontlikheid van 'n Teologiese Skool vir die Kerk. Die eerwaarde kerkraad het die predikant opdrag gegee om genoemde stuk ook aan die gemeente voor te lees. Dit het geskied en as gevolg daarvan kon op die kerkraadsvergadering

van 2 April 1868 bekendgemaak word dat die gemeente 'n jaarlikse som van £131.2.0 vir 'n Teologiese Skool gewaarborg het. Op hierdie vergadering het die eerwaarde voorsitter ook gevra of die kerkraad van plan was om 'n voorstel te doen aan die Algemene Sinode wat die volgende jaar sou vergader, aangaande die plek waar die Teologiese Skool moontlik opgerig kon word en of dit geheel en al aan die Sinode oorgelaat moes word om daaroor te beslis. Hy het verder ook gevra of die kerkraad gewillig sou wees om aan die eerwaarde Sinode voor te stel dat die Sinode slegs uitbreiding moes gee aan die hier bestaande Skool. In afwesigheid van die voorsitter het die vergadering die saak bespreek en toe besluit dat aan die Sinode voorgestel sal word:

1. Dat die kweekskool te Burgersdorp opgerig sal word omdat dit die geskikste plek is, en
2. verder bekend te stel wat die kerkraad reeds met betrekking tot die opleiding doen en te versoek dat dit slegs uitgebrei sal word.

Hierdie voorgenome voorstelle aan die Sinode is op 4 April ook voor die gemeente gelê en daar goedgekeur.

Met die medewete van die kerkraad het ds. Postma ook nog verdere voorbereidings getref in verband met die moontlike oprigting van 'n algemene Teologiese Skool. Hy het ook finansieel so goed gevaar dat 'n gebou gekoop kon word vir 'n tweede pastorie wat later getransporteer kon word op die naam van die hele Kerk.

Na al hierdie voorbereidings is op die Sinode van 1869 namens die kerkraad en gemeente van Burgersdorp die volgende voorstel gedoen in sake die oprigting van 'n Teologiese Skool:

1. Dat die Skool te Burgersdorp opgerig sal word;
2. dat die Sinode slegs aan die reeds bestaande inrigting wat die kerkraad onder leiding van hulle leraar tot stand gebring het sal uitbrei en dan skenk die Gemeente Burgersdorp saam met die ander gemeentes van die Kaapkolonie 'n gebou wat as tweede pastorie aangekoop is, nou as vry en onbelemmerde eiendom van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en
3. die Gemeente Burgersdorp sal instaan vir pastorie en onderhoud van een leraar en vir die tweede bydra op gelyke voet met die ander gemeentes. Verder sal die daar aanwesige skool-meublement aan die Teologiese Skool present gegee word.

Hierdie voorstel van Burgersdorp is deur die Sinode in sy geheel goedgekeur en daarmee was die totstandkoming van die Teologiese Skool van die Kerk 'n voldonge feit.

Die Sinode het ook verder uitvoering gegee aan hierdie besluit deur te bepaal dat die huidige predikant van Burgersdorp dan die een dosent van die Skool sou wees en 'n tweede dosent is aangewys in die persoon van

ds. J. Lion-Cachet wat ook as tweede predikant van Burgersdorp diens sou doen.

Op die kerkraadsvergadering van 15 Julie 1869 het ds. Postma kortliks verslag gedoen van die verrigtinge van die Sinode en o.a. verklaar dat die voorstelle insake die oprigting van 'n Skool gunstig ontvang is en dat besluit is om die Teologiese Skool alhier op 29 November 1869 te open en dat die lerare sal wees Cachet en Postma.

Dit spreek haas vanself dat die kerkraad hierdie verslag met groot dankbaarheid aangehoor het en toe verder aandag geskenk is aan die saak, is besluit om ds. Cachet bekend te stel dat hy op die gewone wyse volgens formulier voorgestel sal word in sy amp as herder en leraar van die gemeentes.



*Eerste Teologiese Skool soos hy tans nog daaruit sien en gebruik word as kerklike museum.*

Hiermee het daar 'n ideaal van kerkraad en gemeente in vervulling gegaan en van nouaf totdat die Teologiese Skool na Potchefstroom verplaas is, sou daar 'n baie intieme kontak tussen die kerkraad van Burgersdorp en die Teologiese Skool wees. En van tyd tot tyd moes die eerwaarde Kerkraad aandag skenk aan sake wat voortgespruit het uit hierdie besluit van die Sinode. So moes bv. op die vergadering van 23 Desember 1869 besluit word dat 'n bank in die kerkgebou vir die studente toegeken word as gratis sitplekke en verder is besluit dat die teologiese studente die kerkraadsvergaderinge mag bywoon. Dit het weer ten gevolg gehad dat die kerkraad jarelank die gebruik gehad het van die teologiese studente as skribas van die vergadering.

So het daar ook vir die gemeente Burgersdorp 'n nuwe periode in sy bestaan aangebreek, want van nou af sou daar twee predikante wees wat verantwoordelik was vir die bediening van Woord en Sakramente en die verdere bearbeiding van die gemeente. Die toedrag van sake het voortgeduur



*Die eerste dosente en studente van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.*

*Agterste ry v.l.n.r.: M. Pelser, S. Venter, L. J. du Plessis, M. P. A. Coetsee jr., W. J. Snyman.*

*Voorste ry v.l.n.r.: Proff. D. Postma en J. Lion-Cachet.*

*Voor die tyd van oprigting van die skool het ds. D. Postma te Rustenburg opgelei M. P. A. Coetsee sr., N. J. Swart en J. Lion-Cachet, en by ds. J. Beyer is ook opgelei S. D. Venter (Bethulie).*

tot in Junie 1875 toe ds. Cachet 'n beroep na die gemeente Philipstown aangeneem het. En hierdie verwikkeling is ook weer deur die kerkraad aangegryp om die verdere ontplooiing van die Teologiese Skool te help bevorder.

Op die kerkraadsvergadering van 3 September 1875 het ds. Postma voorgestel: Die kerkraad verlang die gevoele van die gemeente te verneem aangaande 'n beskrywingspunt vir die Sinode:

1. Dat die Sinode twee professore sal aanstel vir die Teologiese Skool heeltemal vry van kerklike diens behalwe miskien enige aandeel in die prediking in belang van die studente en
2. die gemeente van Burgersdorp sal dan weer sy herder en leraar hê sonder verpligting aan die Skool.

Die eerwaarde kerkraad het hierdie voorstel van ds. Postma eenparig

goedgekeur en toe dit die volgende dag ook voor die gemeente gelê is, het dit ook daar algemene byval gevind.

Toe die Sinode van 1876 hierdie voorstel van die kerkraad van Burgersdorp oorweeg en bekragtig het, is weer op inisiatief van die kerkraad en predikant van Burgersdorp 'n uiters belangrike stap vooruit geneem om die opleiding van aanstaande predikante meer doeltreffend te maak.

En dit is geen wonder dat die eerwaarde Sinode na die bekragtiging van bogenoemde voorstel verder gegaan het en 'n besondere besluit geneem het in verband met die gemeente Burgersdorp nie. Daardie besluit lui: „Ten eerste verklaar hierdie vergadering die Gemeente Burgersdorp van nou af onthef van sy besondere betrekking tot die Skool waarin dit in die Sinode van 1869 gestel is, sodat dit van nou af tot die Teologiese Skool in geen ander betrekking staan as al die ander gemeentes nie. Vanuit hierdie vergadering sal, per spesiale missive, 'n dankbetuiging aan die Gemeente Burgersdorp gaan vir die liefde wat dit geopenbaar het, toe die leraars daarvoor as gevolg van hulle werksaamhede aan die Skool nie soveel kon doen nie . . ."

Hierdie besondere dankbetuiging en lof het hierdie Gemeente inderdaad verdien soos genoegsaam blyk uit die voorgaande.

c. *Die onderwyssaak geniet aandag*:

Volgens artikel 21 van die kerkorde moes die kerkrade toesien dat daar goeie onderwysers is wat die kinders nie alleen leer lees en skrywe en hulle in tale en ander kundighede onderrig nie, maar ook in die Godsaligheid en in die Kategismus. Dit was dus nie 'n opdrag aan die kerkraad om te sorg dat daar skole tot stand kom waar die kinders van die gemeente onderrig kon word nie, maar by die nagaan van die notules van die kerkraadsvergaderinge tref dit tog hoeveel aandag die kerkraad aan die onderwys as sodanig gegee het.

Hoewel ons nie in die notule van die kerkraad in hierdie tyd enige aanduiding vind van die getal private skole in die gemeente nie, blyk dit tog dat daar 'n aantal moes gewees het, want op die vergadering van 15 Augustus 1868 het daar 'n voorstel gedien van 'n sekere meester De Ridder waarin hy gevra het dat 'n skooleksamen van die buiteskole op die dorp moes plaasvind en dat die voorsitter toe versoek het dat die kerkgebou vir 'n Saterdag daarvoor afgestaan moes word.

Op 15 Junie 1869 het die eerwaarde kerkraad weer, blykens die notule, aandag geskenk aan 'n versoek van genoemde meester De Ridder. Hy het toe verlof gevra om gebruik te maak van die konsistorie vir 'n Vrye Christelike Skool onder toesig van die voorsitter. Hierdie verlof is vir ses maande aan hom verleen op voorwaarde dat alles onbeskadigd terug besorg moes word.

Die kerkraad het dus wel aandag geskenk aan onderwyssake, maar tot sover nog nie self opgetree om skole te stig nie. Dit het egter nie lank daarna

nie wel gebeur, want op die vergadering van 30 September 1870 spreek ds. Cachet die kerkraad toe oor die skool onder leiding van meester De Ridder met die doel om planne te beraam om die skool uit te brei, veral omdat die Hollandse skool te Middelburg (Kaap) so goed vooruitgegaan het. Hy het verder ook verlof gevra om die gemeente toe te spreek oor hierdie saak. Dit het ongetwyfeld gebeur want op 1 Oktober is 'n byeenkoms van die gemeente saam met die kerkraad gehou en toe het ds. Cachet inderdaad 'n plan voorgelê om die skool uit te brei en 'n gemeenteskool daarvan te maak. Vir hierdie doel sal voorlopig £200 per jaar nodig wees. Die skool sal dan in drie klasse verdeel word en die betalings sal wees vir die eersteklas 8/-, vir die tweede 10/- en vir die derde 12/- per maand. Die plan het byval gevind, want die kerkraadslede het onderneem om met die gemeente te spreek om hulle kinders in die skool te plaas of om ook iets by te dra; ook sou die kerkraad sorg dat die beide leraaars vóór die laaste Sondag in Oktober bekendstel hoeveel geld daarvoor beloof is en hoeveel kinders na die skool sou kom. En as die getal dit regverdig het, kon di. Postma en Cachet die skool laat begin totdat die kerkraad by sy eerste sitting self handelend kon optree. Ds. Cachet het ook nog by die geleentheid die gemeente opgewek om iets by te dra vir die traktement van meester De Ridder.

Op dieselfde vergadering is ook die memorie aan die Parlement in verband met die vrywillige beginsel voorgelees en onderteken.

Hierdie skoolaksie het egter nie lank voortgeduur nie, want reeds op die vergadering van 25 November 1870 het die skoolkommissie by monde van ds. Cachet gerapporteer dat die skool nie verder voortgeset kan word nie en dat daar nog 'n tekort van £25 bestaan op die traktement van meester De Ridder. Hierdie rapport is ook aan die gemeente voorgelê en daar is onomwonde verklaar dat die Hollandse Skool gestaak moes word weens gebrek aan ondersteuning.

Die einde van die skool van meester De Ridder was egter nie die einde van die kerkraad van Burgersdorp se bemoeiing met die onderwys van die jeug nie.

Op die Algemene Sinode van 1869 het die onderwyssaak ernstige aandag geniet en toe is besluit dat die Kollege van Kuratore opdrag kry om 'n onderwysplan uit te werk en op die volgende Sinode voor te dra. As gevolg van hierdie besluit het die Sinode van 1873 die onderwyssaak grondig behandel, want die Kuratore het reeds op hulle vergadering van 4 Julie 1870 'n plan uitgewerk en dit ook aan die verskillende Algemene Vergaderinge gestuur sodat as die rapport voor die Sinode gedien het, die Kerk reeds deeglik kennis geneem het van die inhoud daarvan.

Die Sinode van 1873 het hierdie rapport van die Kuratore behandel en goedgekeur en dit daardeur as 'n soort onderwysbeleid vir die verskillende kerkrade voorgehou. Daarom het ds. Postma reeds op die kerkraadsvergade-

ring van 26 Desember 1873 hierdie stuk wat as Bylaag 4 van die sinodale acta verskyn het, voorgelees en die kerkraad daaroor laat handel.

Saaklik weergegee kom die inhoud van genoemde stuk op die volgende neer:

Die Sinode moedig die kerkrade aan om soveel moontlik gemeenteskole op te rig; die gemeentes word vermaan om geen ander onderwysers te neem as die wat 'n goeie naam by die kerkraad het nie; elke ouderling doen by geleentheid van elke nagmaal verslag van die toestand van die skole in sy wyk; die leraar hou gereeld eksamen, ook van die buiteskole as hy huisbesoek doen en as dit enigsins moontlik is, sal daar 'n „vrywillige" kas opgerig word waaruit volgens bevinding van die kerkraad aan die onderwysers in die distrik 'n beloning gegee sal word en waaruit enkele klein pryse vir die beste leerlinge bekostig kan word.

Toe die kerkraad hierdie beleid verneem het, is besluit dat hy vir die hede nie sy weg oop sien om 'n gemeenteskool te stig nie. En hoewel dit nie so genotuleer staan nie, kan ons maklik agter hierdie besluit die ondervinding met die Vrye Christelike skool van meester De Ridder sien.

Die verdere punt van die beleid dat die ouderlinge voor elke nagmaal verslag moes doen van die skole in hulle wyke, het die kerkraad direk begin toepas.

Die Sinode van 1873 het ook nog aandag geskenk aan 'n ander stuk wat gehandel het oor die onderwys van die jeug nl. die rapport van die Hoofkommissie wat namens die Kerk in sy geheel moes optree in verband met die onderwysplan en aan wie die kommissies van die verskillende Algemene Vergadering verslag moes doen in verband met die onderwyssaak binne hulle gebied.

In hierdie rapport is 'n plan aangebied ter bevordering van die onderwys in die gemeentes: Waar die kommissie van oortuiging was dat dit vergeefs was vir kerkrade om te probeer om gemeenteskole op dorpe op te rig, het hulle aan die hand gedoen dat die kerkrade aandag moes skenk aan die stigting van buurtskole en met die oog daarop is 'n vry breedvoerige plan daarvoor uitgewerk. Die kommissie het die volgende wenke daarvoor aan die hand gedoen:

1. Die kerkraad benoem uit sy midde 'n kommissie waaraan die sake van die onderwys in die gemeente besonder opgedra sal wees en wat met die sub-kommissie deur die Algemene Vergadering benoem, sal korrespondeer.
2. In die verskillende wyke van die gemeentes probeer die ouderlinge hulle bure opwek om die volgende plan gesamentlik tot stand te bring.
3. Daar word 'n plaas of 'n deel van 'n plaas gehuur wat kon dien as 'n geskikte woning vir die onderwyser en as 'n skoollokaal. Die woning moet so ingerig wees dat die onderwyser vir die huisvesting van die kinders kan sorg.

4. Die aandeelhouers verbind hulle tot vaste bydraes vir nie minder as twee jaar nie.
5. Die „deelhebbers" kies uit hulle midde 'n paar lede wat saam met die ouderling die toesig oor die skool sal hê en die kontrak met die meester sal aangaan.
6. In geval van verskil tussen die meester en die lede beslis die kommissie van die kerkraad.
7. In die buurtskole sal ten minste onderwys word: Hollands, lees en skrywe, Syferkunde, die beginsels van die Engelse taal, Aardrykskunde, algemene en besondere Bybelse geskiedenis.
8. Die volgende is 'n beraming van die onkoste van so 'n skool:
   Vir die onderwyser £150—£200.
   Vir die huur van die woning £50.
   Vir skoolbehoeftes £25.

Die ouers moet in die lewensbehoeftes van hulle kinders voorsien deur die verskaffing van die nodige middels en ware bestaande uit hamels, meel, ens.

As daar 30 kinders op skool is, sou die koste vir een kind in geld nie meer as £9 per jaar wees nie.

Hierdie breedvoerige plan is ook deur ds. Postma op dieselfde kerkraadsvergadering voorgelees en die kerkraad het besluit om hierdie plan van die Sinode in die gemeente te help uitvoer en op staande voet daartoe oorgegaan om 'n kommissie te benoem in ooreenstemming met punt (1) van die plan.

Dit het ook nie lank geduur nie of die kerkraad moes aandag skenk aan die oprigting van buurtskole. Op sy vergadering van 3 April 1874 is 'n brief gelees van 'n sekere broeder G. H. J. Kruger waarin hy aangebied het dat 'n buurtskool op sy plaas opgerig word en waarin hy verdere besonderhede verskaf. Op die vergadering van 27 Februarie 1874 was daar ook reeds sprake van 'n buurtskool op 'n plaas met die naam van Kraaiplaas, maar daar kon nog geen vordering gemaak word nie.

Die buurtskool op die plaas van broeder Kruger het egter tot stand gekom en jare lank bestaan. En daar het ook nog ander buurtskole in die distrik tot stand gekom.

d. *Die kerkraad en die sending:*

Hoewel ds. Postma 'n oortuigde sendingvriend was, het hy tog spoedig ingesien dat die sendingsaak nie oorhaastig aangepak moes word nie. Hy het ewewel nooit 'n geheim gemaak van sy oortuiging dat dit die belangrike roeping van die Kerk is om sendingwerk te doen waar die geleentheid sig mag voordoen. Daarom vind ons ook dat ds. Postma op 'n vergadering van die kerkraad saam met die gemeente gehou op 6 April 1867 bekend gemaak het dat hy deur die magistraat versoek is om elke 14 dae tussen die eredienste op Sondag die evangelie aan die gevangenis te verkondig; dat hy hom verplig

gevoel het om die versoek toe te staan, maar aangesien daar by sommige beswaar bestaan vra hy die vergadering om te sê of hy sy bevoegdheid te buite gegaan het. Die antwoord van die vergadering daarop was dat hy daartoe verplig is volgens Mattheüs 28 : 19. Ds. Postma het toe verder versoek dat hy ten minste een ouderling en een diaken met hom saam wil sien gaan. Dit was die begin van 'n opdrag wat ds. Postma al die jare volgehou het en later is dit deur sy seun professor Marthinus Postma oorgeneem.

Die Algemene Sinode van 1873 het besluit dat elke kerkraad jaarliks in sy rapport aan die Algemene Vergadering onder artikel 41 van die kerkorde ook moes antwoord op die vraag: Wat word daar in u gemeente gedoen vir die uitbreiding van Gods Koninkryk?

Op sy vergadering van 3 Oktober 1873 moes die kerkraad van Burgersdorp vir die eerste keer hierop antwoord en toe is gesê dat daar nog geen bepaalde werksaamhede is nie, maar dat daar op Sondag diens gehou word in die gevangenis meestal vir gekleurdes. Later toe besluit was dat vaste kollektes vir die sending afgesonder moes word, is altyd geantwoord dat die kollektes gehou word. Hoewel daar dus lidmate was wat beswaard was teen die optrede van die predikant voor die gevangenes, kan ons tog aflei uit hierdie gebeurtenis dat die kerkraad en die gemeente as geheel nie daarop teë was nie.

Maar die gesindheid van die gemeente ten opsigte van die sending sou op 'n ander wyse getoets word.

Op die Sinode van 1869 het ds. Cachet wat toe predikant van Rustenburg was, die vraag gestel: „Wat kan die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika vir die sendingsaak doen?" Die Sinode het toe besluit dat die verskillende Algemene Vergaderinge eers aandag moes skenk aan die saak en rapporteer op die volgende Sinode sodat daardie Sinode 'n behoorlike antwoord op daardie belangrike vraag kon gee.

Ooreenkomstig hierdie besluit het die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie op sy vergadering van 16 Mei 1870 aandag daaraan geskenk. Die kerkraad en gemeente van Burgersdorp het soos versoek deur die Algemene Vergadering, hieroor gehandel met die oog op 'n antwoord aan die Algemene Vergadering. Uit die notule blyk dat ds. Postma by 'n nagmaalsgeleentheid na die sitting van die Sinode, hierdie besluit van die Sinode aan die gemeente voorgelees het en 'n byeenkoms in vooruitsig gestel wanneer die kerkraad en gemeente 'n antwoord op die vraag sou moes oorweeg wat voor die Algemene Vergadering gelê kon word. Hierdie byeenkoms het op 31 Maart 1870 plaasgevind en volgens die notule het daar twee voorstelle gekom: ds. Cachet en S. Venter het voorgestel dat aan die Algemene Vergadering geantwoord sal word dat hierdie gemeente op die oomblik geen bepaalde antwoord kan gee nie.

Hierteenoor was die meerderheid van die gemeente ten gunste van 'n

antwoord wat lui: Dat hulle volstrek niks teen die uitbreiding van die Evangelie het nie as dit volgens die bevel van die Here geskied, maar vir die teenswoordige geen kans sien om na buite te werk nie.

'n Hele aantal persone het hierop versoek dat genotuleer moes word dat hulle in die minderheid gestem het. Ds. Postma het egter gevra dat die gemeente hom moet vergun dat in die notule gestel word dat hierdie antwoord van die gemeente hom baie bedroef. Sy versoek is toegestaan.

Hierdie antwoord sou dan deur die afgevaardigdes aan die eerwaarde Algemene Vergadering voorgehou word.

Die Algemene Vergadering het sy eie antwoord opgemaak om aan die eersvolgende Sinode voor te hou en hierdie antwoord het soveel beroering veroorsaak in die Kerk en ook in die gemeente van Burgersdorp dat dit geen wonder is dat die kerkraad en gemeente van Burgersdorp daar besondere aandag aan gegee het nie.

Dit blyk uit die notule van die kerkraad van 30 Junie 1870 dat ds. Cachet as afgevaardigde na die Vergadering verslag gedoen het en dat hy die antwoord van die Algemene Vergadering op die vraag van die Sinode voorgelees het. Die antwoord het soos volg gelui: „Die Algemene Vergadering oordeel dat op die vraag vermeld in art. 105 van ons jongsgehoue Sinode, baie eenvoudig kan en behoort geantwoord te word: Op grond van die Here se bevel, Matth. 28 : 19 en Markus 16 : 15, sal die Christelike kerk verplig wees om die verbreiding van die Evangelie te help bevorder, op alle moontlike en betaamlike wyses. En dit moet nie slegs gedoen word uit pligsgevoel nie, maar veral uit liefde tot God en tot die naaste, met die oog op Christus, wat ook hierin die beste voorbeeld is (Filipp. 2 : 1-11).

Die vergadering oordeel dat elkeen wat aanspraak wil maak op die naam van Christen, hom hierin 'n medewerker moet betoon, elkeen in sy stand en volgens sy omstandighede, naamlik: elke hoof van die huisgesin in sy eie huis by sy ongelowige en onbekeerde huisgenote, diensbodes en vryes, swart sowel as wit, met die hulp van sy gelowige huisgenote, wat ook verplig is om hulle deel daarvoor by te dra met woord en voorbeeld; verder elke kerkraad in die plek van sy inwoning aan die bekering van die inwoners, soos die huisvader in sy huis; die Algemene Vergadering van elke land dien in sy land te doen aan die landgenote wat die kerkraad in sy gemeente doen; so ook moet die Sinode meer algemeen werksaam wees tot uitbreiding van Gods Koninkryk.

Terwyl die Algemene Vergadering ag gee op Gods belofte vir die dae van die Nuwe Testament (kyk Hand. 2 : 16-18), vertrou hy dat dit so gedoen sal word dat die kerk deel mag hê aan die belofte; ja, elkeen wat die gees ontvang, sal dit sekerlik doen. En dié wat dit dan doen, mag nie teengewerk word nie, maar moet gehelp word met alle behoorlike middele, met openbare en besondere gebede, met dadelike hulp of ook met geldelike ondersteuning

net so vrywillig soos die Evangeliediens in die gevestigde gemeentes bedien word.

Eindelik spreek die Algemene Vergadering sy wens uit dat in ons Kerk die uitbreiding van die Christendom nie as 'n bysaak nie, maar as sy eie werk beskou word en dat by die verkreë uitbreiding die sake nie deur 'n sekere kommissie nie, maar deur die wettige kerkbestuur gereël sal word, altyd in oorleg met die bestaande gemeentes, soos die Apostels ook gedoen het (Hand. 15 : 22)".

En mag dit nodig word om buitelands die Evangeliewerk te laat verrig dat dan die kerk g'n sogenaamde sendelinge gebruik nie, maar sal optree soos daar geskrywe staan in Hand. 13 : 1-3.

Die Vergadering het verder besluit om hierdie breedvoerige antwoord te laat druk.

Nadat ds. Cachet hierdie antwoord voorgelees het en enige nodige ophelderings bygevoeg het, is op voorstel van ds. Postma besluit dat die kerkraad hierdie rapport aanneem sonder om verder te handel, tot op 'n volgende kerkraadsvergadering wat 'n maand vóór die nagmaal bepaal word om dan tegelykertyd 'n byeenkoms met die gemeente te hou en dan daardie antwoord van die Algemene Vergadering mee te deel. Hierdie samekoms is bepaal op die eerste Sondag in September eerskomende.

Op die bewuste dag is die antwoord van die Vergadering voorgelees en daarna is aan die kerkraadslede eerste geleentheid gegee om daaroor te spreek. Nadat ds. Postma Joh. 14 : 23-27 voorgelees het, bepaal hy die gemeente by sy stigting as Christelik Gereformeerde Gemeente volgens Gods Woord en tewens by die gewig van die saak wat nou ter behandeling voorgestel is.

Nadat hieroor deur die broeders kerkraadslede en verskeie gemeentelede veel gespreek is, word besluit om hierdie antwoord oor drie maande weer in behandeling te neem.

Op 25 November 1870 is weer aandag geskenk aan hierdie saak en volgens die notule het dit soos volg gebeur:

Die voorsitter het begin met die lees van enige toepaslike stukke uit C. Mel en Smytegeld en daarna het hy 'n toespraak gehou wat in sy geheel in die notule opgeneem is: Dit is genoem 'n Woord van herinnering, 'n woord van waarskuwing en 'n woord van opwekking: In hierdie stuk het ds. Postma die gehoor herinner aan die feit dat hulle op hul eie versoek gestig het as 'n Gereformeerde gemeente ooreenkomstig die Woord van God; verder het hy hulle gewaarsku om die antwoord wat die Algemene Vergadering op die vraag van die Sinode gegee het, nie onredelik te bestry nie en as hulle meen dat dit bestry moet word om dit dan te doen met gegronde argumente ontleen aan die Woord van God. Hy rig veral die waarskuwing omdat hy reeds baie uitlatinge daarteen gehoor het wat as onredelik beskou moet word omdat hulle nie met Gods Woord ooreenkom nie. Eindelik het hy 'n opwekking

gerig tot die gemeente om te handel ooreenkomstig daardie antwoord. Hierdie opwekking het hoofsaaklik bestaan uit aanhalinge uit die Heilige Skrif. Ds. Postma het hierdie stuk behoorlik onderteken en dit in die geheel laat opneem in die notule.

In die notule lees ons dan nog die volgende: Nadat die stuk voorgedra is, is knielend gebid en die formuliergebed vir die handelinge van die kerkraad is gebruik met 'n noot daarby gevoeg in die notule dat dit om tweërlei rede gedoen is:

1. Omdat dit so presies gepas het by die saak en
2. sodat niemand hom weer kon verdenk van ongepaste bewoording nie.

Daarna het 'n breedvoerige bespreking gevolg waaraan die predikante wat teenwoordig was sowel as die kerkraadslede en gemeentelede deelgeneem het. In die bespreking was dit veral ds. Venter van Bethulie wat die stuk aangeval het, terwyl hy deur ds. Cachet van antwoord bedien is.

Na hierdie deurtastende bespreking is gestem oor die antwoord van die Algemene Vergadering en die uitslag van die stemming was: 31 ten gunste daarvan en 55 daarteen.

Hiermee was die saak van die sending nog nie van die baan nie, want op die kerkraadsvergadering van 23 Desember 1870 het dit weer ter sprake gekom en toe het dit selfs 'n baie ernstige wending geneem.

Nadat die notule van die vorige vergadering met 'n enkele amendering goedgekeur is, het die voorsitter bekend gestel dat sekere lidmate hulle name ingestuur het met die versoek dat hulle gevoeg moet word by diegene wat ten gunste van die antwoord van die Algemene Vergadering is. Hierdie versoek is toegestaan met die byvoeging dat persone wat sowel voor as teen die antwoord stem dit kan doen. Van hierdie reg het 23 persone gebruik gemaak.

Toe die vergadering by die „Censura morum"-deel gekom het, het ds. Postma 'n lang stuk voorgelees wat in die notule opgeneem is en waarin hy betoog het dat die lidmate wat teen die antwoord van die Algemene Vergadering van Philipstown gestem het, die sakramente ontsê moet word totdat hulle erken dat hulle verkeerd gedoen het. Hieroor het 'n lang bespreking gevolg waarna besluit is om nie aan die versoek van ds. Postma te voldoen nie. Oor hierdie besluit het ds. Postma so beswaard gevoel dat hy versoek het dat die vergadering hom vir 'n tyd moes ontslaan van die bediening van die H. Bondseëls.

Toe sake nou so 'n ernstige wending geneem het, is besluit om die saak uit te stel tot die volgende dag.

By die hervatting van die bespreking is die wens uitgespreek dat die beswaar van ds. Postma opgelos moes word, waarop ds. Postma geantwoord het dat hy sy versoek nie sou ingedien het as sy stuk nie afgestem was nie. Ouderling H. Kruger het daarop aan die hand gedoen dat aan ds. Postma die geleentheid gegee moet word om aan die gemeente sy beswaar mee te

deel, sonder dat die kerkraad daar bepaald 'n uitspraak oor gegee het. Hierop het ds. Postma die volgende verklaar: „Ek kan my gewete bevredig as die gemeente saamgeroep word en meegedeel word deur die voorsitter van daardie vergadering dat ek, haar herder en leraar, in my betrekking as medeopsiener van hierdie gemeente bekommerd is oor haar met die gedagte dat sy sig in die teenstemming, reeds meermale gedoen, teen die Here besondig het.

Durf egter die gemeente sigself hierin voor die Here verantwoord dan is dit buiten my verantwoording".

Die stuk is met algemene stemme toegestaan en dieselfde middag is die gemeente byeengeroep en deur die voorsitter van daardie vergadering só aan die gemeente bekend gestel.

Op die kerkraadsvergadering van 3 Maart 1871 moes nog 'n keer aandag geskenk word aan hierdie saak, want by die kerkraad het 'n stuk ingekom onderteken deur 'n aantal ouderlinge en diakens as hulle antwoord op die vraag vervat in art. 105 van die vorige Sinode. In die stuk wat in die notule opgeneem is, verklaar hulle dat hulle ten gunste is van die uitbreiding van die Evangelie volgens die bevel van die Here (Matth. 28 : 19 en Markus 16 : 15), maar dan moet dit geskied volgens Gods Woord. Verder verklaar hulle dat hulle teen gelykstelling is.

Die kerkraad het daarna besluit dat hierdie antwoord saam met die rapport aan die Algemene Vergadering gestuur sal word.

Dit was dus inderdaad 'n stormagtige tydjie in die bestaan van die gemeente en dit is veroorsaak deur die sendingsaak. Die eerwaarde kerkraad sou egter nog verder te doen kry met verwikkelinge wat voortgevloei het uit hierdie onderwerp.

e. *'n Ernstige aanklag teen ds. Postma ondersoek:*

As gevolg van die standpunt wat ds. Postma ingeneem het ten opsigte van die sendingtaak van die kerk, het daar verwydering gekom tussen hom en die gedeelte wat nie so sterk gevoel het vir 'n sendingaksie van die kerk nie. Hierdie verwydering het op verskillende geleenthede aan die lig gekom. Afgesien van die inhoud van die geskrifte wat oor en weer gepubliseer is in kerklike en ander blaaie het dit veral uit drie aanklagte wat teen ds. Postma ingebring was, geblyk. Twee van hierdie aanklagte kan ons hier net vermeld, maar die derde was van so 'n ernstige aard dat die kerkraad van Burgersdorp dit ondersoek en uitspraak gedoen het.

Op die kerkraadsvergadering van 23 Desember 1870 het 'n brief van ds. S. D. Venter gedien waarin hy versoek het dat aandag geskenk moes word aan die saak tussen ds. Postma en J. J. Venter ten einde dit uit die weg te ruim. Die kerkraad het hieroor besluit dat hulle niks daaraan kan doen nie, omdat die saak reeds in die hande van die Kuratore van die Skool gestel is en dat dit aan ds. Venter bekend gestel sal word.

Die ander geval was 'n klagte wat br. P. J. Venter van Reddersburg teen ds. Postma aanhangig gemaak het op die kerkraadsvergadering van 3 Maart 1871. Die broeder het beweer dat hy deur die kerkraad en gemeente van Reddersburg sal bewys dat ds. Beyer vanaf die eerste sinodale vergadering deur ds. Postma gehaat is.

Die brief is in afwesigheid van ds. Postma behandel en toe is besluit om die broeder op te roep vir 30 Maart a.s. om sy klag te kom bewys. Op die bewuste dag was die broeder egter nie teenwoordig nie, maar het 'n brief geskrywe waarin hy gevra het dat die saak voor die Algemene Vergadering van die Vrystaat moes dien te Reddersburg. Die eerw. kerkraad het toe besluit dat die saak nie aldaar kan dien nie en dat die behandeling van die klag uitgestel is tot 1 Junie a.s.

Toe die saak egter behandel moes word op die bepaalde dag het ds. Postma bekend gestel dat die broeder die klag onvoorwaardelik terug getrek het, sodat die saak dus daarmee verval het. Hy het ook verder aangekondig dat ook die saak wat broeder J. J. Venter teen hom aanhangig gemaak het, teruggeneem is.

Die derde geval was dié waarin ds. S. D. Venter van Bethulie ds. Postma aangekla het. Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 28 Julie 1877 het die volgende brief van ds. Venter aandag geniet: „Daar ek nou al 'n geruime tyd beswaard gaan onder die woorde en skrywe van u eerw. leraar, ds. Postma, waarin ek meen op te merk dat sy eerw. hom daardeur losgemaak het van ons „kerkbande", en met sy eerwaarde se skrywe is hy, myns insiens, teen Gods Heilige Woord en ons Dordtse Kerkreëls, hierom meen ek sonder enige persoonlike gevoel teen hom dat ek hom by u moet aankla, en dit doen ek dan nou hiermee. As my klagte teen sy eerwaarde deur u opgeneem word, sal ek u nader kennis gee wanneer dit vir my gepas sal wees om u ed. persoonlik of skriftelik van die nodige te kan dien.

Na die voorlees van genoemde brief het ds. Postma gesê dat aangesien die klag teen hom gaan, hy die stoel sou oorgee aan die oudste ouderling, soos dit hier gebruiklik is. En verder om heeltemal nie die beraadslaging te beïnvloed nie, verlang hy verlof om die vergadering te verlaat solank hieroor gespreek word. Maar hy wil so vry wees om te versoek dat as die Eerw. Kerkraad sou besluit om die klag te laat bewys:

„1. dat ds. Venter verplig sal word om dit in persoon te kom doen op 'n deur u te bepale dag, sodat daar ook geleentheid vir my sal wees om my te kan verantwoord in sy teenwoordigheid,
2. dat dit sal geskied in 'n openbare vergadering, sodat die gemeente ook self alles kan hoor,
3. dat aan my tydig ter hand gestel sal word waarin ek teen Gods H. Woord en onse Dordtse kerkreëls geskrywe het. Asmede waardeur ek my losgemaak het van al onse kerkbande."

„Ek is wel genoodsaak om dit te versoek omdat sy Eerwaarde dit by die beskuldiging nie noem nie en ek tog nodig het om dit te weet om te kyk of ek al dan nie die beskuldiging kan eerbiedig vir waaragtig.

Eindelik is ek so vry om u Eerw. opmerksaam te maak as u besluit om dit te ondersoek om vir daardie geleentheid 'n ander leraar te versoek om die leiding waar te neem en dat u dan aan iemand moet dink teen wie ds. Venter nog geen beskuldiging ingebring het en teen wie ek self ook geen gegronde beswaar het nie. Dit ag ek wel nodig om alle partydigheid soveel as moontlik verwyder te hou, sowel in u Eerwaardes as in my eie belang.

En wil my asseblief voorsien met 'n wettige afskrif van hierdie brief van ds. Venter en van u besluit."

Nadat ds. Postma die vergadering met verlof verlaat het, het oudl. L. J. van der Walt die voorsitterstoel ingeneem en gevra dat die vergadering hoof vir hoof sal antwoord op die vraag of die klag vermeld in die brief aangeneem sal word. Hierop het almal bevestigend geantwoord.

Verder is die volgende besluit geneem:

„Aangesien die klag in die brief van ds. Venter vervat 'n hoogs ernstige is, en aangesien die kerkraad nie bewus is, dat die klag enigsins teen die leraar D. Postma ingebring kon word nie, so word die leraar van Bethulie, ds. Venter, baie ernstig verplig en opgeroep deur die volle kerkraad van Burgersdorp om die klag in sy brief vervat in 'n openbare gemeentevergadering te bewys. Die dag van verskyning sal wees Vrydag 17 Augustus om 2 uur namiddag."

Hierdie besluit is met algemene stemme geneem.

In verband met hierdie saak is die volgende besluite ook nog geneem:

Aan die skriba is dit opgedra om ds. S. D. Venter van hierdie besluit per brief kennis te gee asmede aan ds. Postma met die versoek om teenwoordig te wees vir sy verantwoording.

Dat ds. W. J. Snyman uitgenooi sal word om by die sitting teenwoordig te wees op 17 Augustus a.s.

Dat ds. Venter so spoedig as moontlik met die eerste pos, nog tydig vóór die vergadering van 17 Augustus aan ds. Postma ter hand sal stel 'n skrywe om aan te toon waarin ds. Postma teen Gods Woord en onse Dordtse kerkreëls geskrywe het; asmede waardeur hy hom losgemaak het van al onse „kerkbande".

Eindelik is besluit om aan ds. Postma 'n kopie van die brief van ds. S. D. Venter en 'n afskrif van die genome besluit van die kerkraad ter hand te stel en dat die skriba dit sal doen.

Op die bepaalde dag kon die eerwaarde kerkraad in teenwoordigheid van die belanghebbende partye aandag skenk aan die saak en het ds. Snyman van Venterstad opgetree as voorsitter.

Die eerwaarde voorsitter het by die aanvang van die verrigtinge aan ds.

Postma gevra of hy van ds. Venter die nadere verduideliking van die klagpunte ontvang het, waarop ds. Postma bevestigend geantwoord het.

Ds. Venter het die nadere inligting onder vier punte saamgevat:

1. Ds. Postma se woorde: Ek laat my nie bind met 'n band van formuliere en kerkorde nie.
2. Syns insiens word die antwoord van Philipstown naas die woord van God gehou.
3. Die versensurering van diegene wat die antwoord van Philipstown teenstaan in „De Bazuin", no. 12 d.d. 24 Maart 1871.
4. Oor vraag 20 in die Handleiding van ds. D. Postma.

Hierdie klagpunte het ds. Venter breedvoerig in die vergadering toegelig en in die notule is wat hy gesê het vry volledig opgeneem, en word hier volledig aangehaal:

Eerwaarde vergadering! Nooit het ek my bemoei met die optrede van iemand anders nie, maar met die oog op my roeping en plig kan ek in hierdie geval nou nie langer sonder gewetensbeswaar swyg nie. Ek meen dat onse Kerkformuliere elk op sy plek die bande is waardeur leraars, ouderlinge, diakens en lidmate aan hulle kerkverpligting gebind word en wat by verbreking daarvan iemand hom losmaak van alle kerklike trou en plig.

Nou het ek u eerwaarde leraar, ds. Postma, op 'n keer te Reddersburg uit eie beweging hoor sê: „Ek laat my nie bind met 'n band van formuliere en kerkorde nie". Dit het ek dadelik opgemerk as 'n verbreking van alle kerklike bande, trou en plig, maar die liefde en agting vir sy Eerwaarde het my alles van hom ten beste laat hoop; dog hierin is ek teleurgestel en meen nou blykens die onderstaande te moet sê dat dit geen blote uitspraak was nie maar dat hy dit bedoel het; en by die oortuiging het ek dit ook as my roeping en plig geag om u daarmee bekend te maak. In my klag het ek gesê dat sy Eerw. myns insiens met sy skrywe buite die perke van Gods Woord en ons Kerkreëls van Dordrecht (1818/19) gegaan het. Dit het ek opgemerk in „De Bazuin", nr. 12 van 24 Maart 1871 en sy Eerwaarde se Handleiding: „Kern geneem uit Francken".

In afdeling 2 van „De Bazuin" sê hy: Ek hou dit daarvoor dat wie hom laat doop in die drie maal heilige Naam, al het hulle nie met die mond 'n belofte belowe nie, verbind hulle hulle daardeur met die doop tot gehoorsaamheid aan die drie maal heilige Naam in Christus.

So 'n opvatting is strydig met Gods bevel in Matth. 28 : 19, Markus 5 en teen die voorbeeld wat ons vind in Matth. 3 : 6, Hand. 8 : 12, 36-38, waar ons sien dat die hofdienaar hom sonder belydenis vir die doop aanbied, maar dat Filippus gemeen het dat dit sonder geloof en belydenis ongeoorloof was, waarop die hofdienaar mondeling sy belydenis gedoen het toe hy gedoop is. So het sy Eerwaarde dan in hierdie geval nie volgens Gods Woord geskrywe nie en ook teen die voorbeeld wat Filippus ons gegee het.

Ook is sy Eerw. met die mening buite die opvatting van die Kerk want wat ons Gereformeerde Kerk wil, is geen stilswyende aanbod nie, maar wel 'n eis van geloof en belydenis, s.v. albei ons doopformuliere.

In hierdie geval het sy Eerw. met sy opvattings buite die perke van Gods Woord en ons doopformuliere en sodoende ook teen ons ondertekeningsformuliere gegaan.

Verder in afdeling 3 van dieselfde skrywe lees ek: Nou meen ek dat hulle wat plegtig teengestem het teen die antwoord, gegee deur ons Algemene Vergadering te Philipstown, ens., hulle skuldig gemaak het aan 'n openbare verset teen die Here en sy Woord ens., en in afdeling 5 lees ek: En anders as hulle onverhoop mag volhard in daardie openlike verset teen die Here en sy Woord, ens.; en by die slot van daardie skrywe word gesê: Hulle het sy wet verbreek.

Toe die gemeente nou teen daardie antwoord gestem het, het hy volgens daardie skrywe hulle verset teen die Here en sy Woord en ook daarmee God se wet verbreek. Ek glo dat niemand hier met 'n vry gewete kan ontken dat sy Eerw. daardie antwoord hier naas die Here se Woord en wet stel nie.

Nou beweer ek dat dit in die eerste plek in stryd is met Gods bevel (Deut. 4 : 2), waar die Here sê: „Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, sodat julle die gebooie van die Here julle God mag onderhou, wat Ek julle beveel". S.v. nog Hoofstuk 12 : 32, Spreuke 30 : 6, Openb. 22 : 18, 19. Uit al die tekse is dit duidelik dat sy Eerw. hier nie slegs buite die perke is nie, maar ook daarteen.

Ten tweede beweer ek dat dit ook teen ons Gereformeerde geloofsbelydenis is. By art. 4 van die belydenis ken die Christen alleen Gods Woord, d.i. die boeke wat begin met Genesis en eindig met die Openbaring van Johannes, en by art. 7 staan daar: Is dit aan geen mens, al was dit ook apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die heilige Skrifte; ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. En verder verklaar ons belydenis dat ons ook geen menslike geskrifte, hoe heilig hulle ook mag gewees het, mag gelyk stel met goddelike Skrifture nie. Is dan nou sy Eerw. met daardie woorde in „De Bazuin" ook nie geheel buite die perke van ons geloofsbelydenis nie?

Ek sê: Seer seker, en hiermee is hy ook teen sy belofte en ons ondertekeningsformulier, waarin beloof is dat hy al die Skrifte omhels en glo en dat hy teen die leer niks sal skrywe of leer nie. Voort word in afdelings 4 en 5 van daardie skrywe almal wat daardie antwoord teengestaan het, sover doenlik deur sy eerw. daarin gesensureer. En wie is hulle? Eerwaardige opsieners en lidmate van die Kerk, wat hulle belydenis nie stilswyend nie maar ooreenkomstig Gods Woord en ons kerkreëls in die openbaar voor die Here en sy gemeente afgelê het en dit ook bekragtig met 'n godsalige wandel. Om nou met Gods Woord só te doen is buite die perke van sy Woord en strydig

met sy bevele (Hand. 20 : 28, 1 Petrus 5 : 1-3 en wat daar verder nog in daardie Woord hiermee in verband staan), en dit is by sy eerw. soos dit my voorkom, 'n gewoonte. (Vgl. sy opinie).

Sulke dade is volgens ons geloofsbelydenis, art. 29, en Brakel se 1e deel, hfst. 24, bl. 279, kenmerk van 'n valse kerk.

Dan lees ek in ds. Postma se Handleiding geneem uit Francken se Kern der Christelike Religie, bl. 233, waar sy eerw. handel oor die saligmakende geloof, vr. 20: Kan en mag almal aan wie die Evangelie verkondig word, glo? Hulle mag en kan nie alleen nie maar hulle moet. God wil dit.

Dit is vir my 'n vreemde leer, geheel strydig met Gods Woord en ons Christelike geloof, want Jesus leer (Matth. 20 : 16): Baie is geroep (dus onder die verkondiging)) maar min uitverkies. Die Skrif sê dat die mens dood is in sonde en misdade (Efes. 2 : 1) en ook heeltemal onmagtig om uit homself in Christus te kan glo. In Joh. 6 : 44 sê Jesus: Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie, en in 1 Kor. 12 : 3 lees ons: Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie behalwe deur die Heilige Gees.

Dit is wat die Skrif ons van die mens leer en wat sy eerw. hierteenoor op daardie punt ons leer.

Dan word daar verder gesê: God wil dit. Ek sê dit is teen Gods Woord (Matt. 20 : 16, Lukas 12 : 32). Was dit Gods wil dat almal aan wie die Evangelie verkondig is, met 'n opregte geloof in Hom moet glo, dan sou dit sekerlik so gebeur. Efes. 1 : 11: Hy werk alles volgens die Raad van sy wil, en daar dit nie gebeur nie (Matt. 20 : 16) blyk dit hieruit dat dit nie Gods wil is nie.

Daarom dink ek dat dit nie te veel gesê is nie dat sy Eerwaarde hier ver buite die perke van Gods Woord en in stryd met die leer van ons vaders is. Waar bly nou sy belofte in ons ondertekeningsformulier? Daar is belowe dat die leer van ons vaders van 1618 en '19 naarstig geleer sal word en getrou verdedig sal word sonder iets daarteen openlik of heimlik, direk of indirek te leer of te skrywe. Is dan die kerklike bande hier nie deur spreke en skrywe verbreek nie? Ek dink sekerlik so (art. 7). Hiermee was ds. Venter klaar, maar aangesien dit intussen laat geword het, en verder omdat ds. Postma die klagpunte so laat eers ontvang het, is besluit om te verdaag. Ds. Venter was van mening dat sy taak volvoer was en wou die volgende môre vertrek. Die vergadering kon dit onder geen omstandighede toelaat nie en besluit dat hy moes bly tot die einde (art. 8).

Die ander dag môre het ds. Postma geleentheid gekry om hom te verdedig en die aantygings te probeer weerlê. Ds. Venter was toe ook nog in die vergadering teenwoordig.

Ds. Postma het sy verweer op skrif gestel, en dit is net so in die notule opgeneem, daarom gee ons dit hier so weer.

Eerw. Kerkraad,

Ek gee ds. Venter krediet dat sy Eerw. teen my durf kla, maar voordat ek my verdediging maak, neem ek met u verlof die vryheid om 'n paar opmerkinge te maak oor die gedrag van ds. Venter in die uitbring van hierdie beskuldiginge:

Ten eerste vind ek dit nie Christelik dat die broeder solank gewag het met sulke beskuldiginge nie, veral waar sy Eerw. van mening was dat hy grond daarvoor het. Dink daaraan dat sy Eerw. reeds sedert die tyd al twee maal saam met ons op die Sinode gesit het, sonder om beswaar teen ons te maak.

Ten tweede meen ek dat die broeder hom skuldig gemaak het aan kwaadsprekery teen sy ampsgenoot in die Heilige Bediening as hy met soveel andere daaroor gepraat het tot verdagmaking van my trou en regsinnigheid, sonder om ooit direk met myself daaroor behoorlik te spreek of te korrespondeer.

En ten derde beskou ek sy gedrag nog erger deurdat sy Eerw. dit gedoen het in 'n openbare kerkvergadering waar dit nie gehoort het nie. Hierdie opmerkinge maak ek, en u kan dit beoordeel.

En nou direk aangeklaag by my geëerbiedigde Kerkraad en geroep tot verantwoording, wil ek dit met alle eerbied vir die wettige gesag doen en in alle beskeidenheid.

My verdediging op die eerste punt is dan:

1. Ek herinner my nie dat ek ooit gesê het: „Ek laat my nie bind deur formuliere en kerkorde nie". So 'n uitspraak stry tog ook so geheel teen my beginsel en kerklike gedrag vanaf die jaar 1840, toe ek deur Gods genade tot die Heilige Bediening toegelaat is, en ek het hier te lande sedert die jaar 1858 seker ook nooit so bekend geword nie, vir sover ek my bewus is. Ek het ook nooit so geskrywe nie, sodat ek byna nie kan glo dat die beskuldiging waar kan wees nie.

2. Ek herinner my wel dat ek een keer 'n kerkvergadering op Reddersburg bygewoon het, en in daardie vergadering was daar sommige wat verlang het dat 'n letterlike voorlesing van diensformuliere en formuliergebede bepaal moes word. Teen sodanige vordering het ek my toe duidelik en sterk uitgespreek en bewys gelewer dat so iets selfs nooit deur die oud-Gereformeerde Kerk gevorder is nie en in veranderde tye en omstandighede ook nie redelik gedoen kon word nie. Maar ek herinner my nie dat ek my toe onbetaamlike uitdrukkinge veroorloof het nie. Trouens die hele Kerk moet dit tog wel weet hoe ek my altyd oor daardie saak uitgelaat het vanaf ons eerste Sinode tot op hierdie dag, nou omtrent al 20 jaar lank; die hele kerk kan my dus tog op dié punt wel ken. Om te bewys dat my geheue my hierin nie in die steek gelaat het nie, lê ek hier aan u voor 'n wettige uittreksel wat op my versoek aan my gestuur is nog voordat ek hierdie punt verklaar het:

Uittreksel uit die notule van die kerkraad van die Geref. Gemeente te Reddersburg, gehou op sy sitting op 29 April 1870: Art. 13. Dit word besluit deur die kerkraad van die Geref. gemeente alhier om slegs die doopformulier letterlik by die bediening van die Heilige Doop te laat gebruik met sy gebede.

10 Des. 1870: Art. 15: Die behandeling oor die formuliergebede word uitgestel tot die koms van die eerste leraar en in die vergadering dan te behandel.

31 Des. 1870: Art. 17: Teruggekom op art. 15 waarna ds. D. Postma die volgende as sy advies aan die kerkraad ter oorweging meedeel:

Aangaande die artikel gevoel ek my verplig te verklaar dat die kerkraad met die neem van daardie besluit verder gaan as die oud-Geref. Kerk blykens Ens: Over de formuliergebeden, pag. 156, waar ons lees: Enige van die formuliergebede is wel geskik om in die kerke openlik gebruik te word, maar geen Sinode het dit volstrek verpligtend verklaar nie. Ook ons teenswoordige Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland maak dit nie verpligtend nie. So 'n verbintenis ag ek ook buite die bevoegdheid van 'n kerkbestuur, want Gods Woord gee ons daartoe nie die minste aanleiding nie. Ons het ook gesien dat so 'n verbintenis deur 'n sekere gedeelte van die Kerk eenmaal gelei het tot die afsetting van die vrome Jakobus Koelman, omdat sy gemeente beswaard was om hom daaraan te onderwerp.

Ek raai dus die kerkraad aan om daardie besluit terug te trek, en as die kerkraad behoefte daaraan voel om die saak 'n keer te laat bespreek, om dit as 'n beskrywingspunt voor die Sinode te bring, waar 'n algemene bespreking daaroor gehou kan word om sodoende te sien wat ons algemene kerkvergadering daaroor voel.

13 Augustus 1875: Art. 51: Die Kerkraad antwoord ontkennend op die vraag van ds. Coetsee of ds. Postma gesê het: Ek laat my nie bind deur die formuliere en kerkorde nie.

3. Wat betref kerklike instellinge deur die Kerk gemaak sonder dat daar 'n bevel in Gods Woord voor te vinde is, bely ek dat ek voel en leer wat in ons Kerklike Handboekie op bladsye XL en XLI (dit voorgelees) voorkom. En ons geloofsbelydenis, art. 32 (dit voorgelees) ook in die slotartikel van elke ou Kerkorde (die van Dordt 1618/19 voorgelees).

Verder wat deur ons Sinode elke keer as dit vergader openlik verklaar word, in navolging van die moederkerk in Nederland (albei voorgelees).

Ek meen dus dat ek my gesuiwer het van die blaam asof ek los wil wees van alle kerklike bande. Wie my dit ten laste wil lê belaster my. Ek wil ernstige kerklike verbintenisse maar op redelike en nie onredelike wyse nie.

Hierop, eerwaarde Vergadering, wag ek, sonder om u guns te vra, u regverdige vonnis af.

Wat betref die tweede beskuldiging, as sou ek teen Gods Woord en die Dordtse reëls geskrywe het in „De Bazuin", nr. 12 van 24 Maart 1871, en

in „My Handleiding", vraag en antwoord 20 van hfst. 23, meen ek dat ek dit met weinige woorde kan weerlê:

a. Aangaande my skrywe in „De Bazuin" bogenoemd: Ek het daarin slegs kopie gegee van wat ek as herder en leraar toe in trouhartigheid tot my kerkraad en gemeente waarskuwend gespreek het. Al die gewig in daardie stuk lê in die woorde uitgedruk in nommer 3 (dit voorgelees). Ek het in daardie stuk nie geleer dat iemand sonder geloof en belydenis gedoop kan word nie — dit is 'n kwaadwillige verdraaiing van my woorde; maar dit: Dat deur die doop te ontvang die verpligting tot gehoorsaamheid aan die Drie-enige God opgeneem word.

Ek het daardie antwoord van die Algemene Vergadering van Philipstown nêrens met Gods Woord gelyk gestel nie, maar altyd verdedig as 'n regsinnige antwoord ooreenkomstig Gods Woord. En ek bly dit nog vrymoedig beweer dat dié wat in „openlike verset" gekom het teen die Here en sy Woord, ook sy Wet verbreek het (Ps. 119 : 126). En dit is wat ek in daardie stuk self (voorgelees) gesê het.

b. As ds. Venter meen dat ek die sedelike onmag van die mens ontken volgens sy Eerwaarde se lesing van die 20e vraag, hfst. 23 van „My Handleiding", sou dit 'n groot vergissing van sy Eerw. wees, so nie 'n kwaadwillige verdraaiing nie. Ek het daar slegs geleer dat niemand onskuldig mag nòg kàn agterbly van die gelowige aanneming van die Here Jesus nie. Dieselfde leer ook Brakel. Kyk Redelijke Godsdienst, 1e deel, hoofstuk XXX, paragrawe XII en XXIII. (Ek noem Brakel omdat sy eerw. dit ook gedoen het).

Wat die Wil van God betref: ds. Venter sal tog ook wel onderskeid maak tussen die bevelende en die beslissende Wil van God, of anders gesê: Gods verborge en geopenbaarde Wil, en van die Wil van God soos geopenbaar en „bevelende" spreek ek op die plek en bevestig dit met die Heilige Skrif — lees bv. die tekste wat daarby staan veral 1 Tim. 2 : 4 en Mark. 16 : 15.

En dat ek ook met die Heilige Skrif leer dat die geloof 'n gawe van God is, kan gelees word in dieselfde Handleiding in dieselfde 23e hoofstuk, vraag 17.

En wat ek van die verdorwenheid van die mens en sy onmag leer, kan elkeen lees in genoemde Handleiding, hoofstuk 12, vraag 31. Ek meen dus dat ek die sware beskuldiging van onregsinnigheid in die leer nou ook genoegsaam weerlê het.

Maar kan iemand my 'n dwaling aanwys in my spreke en skrywe, ek sal hom daarvoor dankbaar wees; want graag sou ek van dwaling oortuig en verlos word. Anders wag ek op 'n regverdige uitspraak van die Kerkraad (art. 11).

Terwyl ds. Postma nog met sy verweer besig was, het ds. Venter opgestaan en sonder verlof van die voorsitter, die vergadering verlaat en na Bethulie vertrek.

Toe ds. Postma klaar was, het die voorsitter opgemerk dat aangesien die beskuldiger vertrek het terwyl die beskuldigde met sy verdediging besig was en dit ongevraagd is, dit afdoende bewys dat hy sy beskuldiging nie kan bewys nie.

Hierna het die gemeente sowel as ds. Postma die vergadering verlaat en die kerkraad daartoe oorgegaan om sy bevinding op te maak. Die uitslag was dat die volgende besluit geneem is: „Aangesien ds. Venter op so 'n geheel onbehoorlike wyse die vergadering verlaat het terwyl ds. Postma besig was met sy verdediging, is die kerkraad oortuig dat ds. S. D. Venter in die geheel geen kans sien om te bewys wat hy as beskuldiging teen ds. Postma ingebring het en dat die kerkraad die beskuldiginge dus kan beskou as laster, en gevolglik besluit om van hierdie handelinge kennis te gee aan die Korrespondent van die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat en aan die kerkrade van Bethulie, Fauresmith en Boshof. Nadat die skriba nog opdrag gekry het in verband met versending van kopie van die verrigtinge aan „De Maandbode", was die verrigtinge afgeloop.

Vir ds. Venter het hierdie gebeurtenis egter 'n baie ernstige nasleep gehad. Toe die kerkraad van Bethulie die berig ontvang het van die Kerkraad van Burgersdorp, is ds. Venter geskors met die oog op verdere ondersoek van die geval, maar voordat dit kon gebeur het ds. Venter bedank as predikant en sy eie kerk gestig. Hierdie skeuring het nie beperk gebly tot Bethulie nie, maar ook in die gemeente van Burgersdorp het 'n groepie aanhangers van ds. Venter daartoe oorgegaan om weg te breek van die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp. Hierdie skeuring in Burgersdorp kon allig groter afmetinge aangeneem het as dit nie was dat ds. Postma in opdrag van sy kerkraad die gemeente gewaarsku het teen so 'n noodlottige stap nie.

f. *Ds. Postma benoem tot professor in die Teologie:*

Ds. Postma het nie lank na hierdie stormagtige jare predikant van Burgersdorp gebly nie, want reeds in 1876 toe die Sinode besluit het tot reorganisasie van die Skool is hy aangewys as die eerste voltydse professor in die Teologie, maar hy het toe daarvoor bedank. Op versoek van die Sinode het hy toe as agerende professor opgetree tot die volgende Sinode wat in 1879 gehou is.

Daardie Sinode het hom weer aangewys as professor en toe het hy die roeping aanvaar, sodat hy dus nog in Burgersdorp sou bly woon, maar nie meer in die aktiewe bediening sou staan nie.

## 4. DIE PERIODE 1880 TOT 1905:

Gedurende hierdie jare is die gemeente Burgersdorp deur drie predikante bedien t.w. di. P. Postma, M. P. A. Coetsee (Jnr.) en L. P. Vorster en die plan is om die belangrikste gebeurtenisse gedurende die jare na te gaan en nie die bediening van die predikante afsonderlik te behandel nie.

a. *Losmaking van ds. D. Postma en koms van ds. P. Postma:*

Nadat ds. Postma die Sinode bekend gemaak het dat hy die roeping tot professor aanvaar het, het hy die versoek gerig om die gemeente te bly bedien totdat daar 'n opvolger vir hom gevind sou word. Hierdie versoek is toegestaan, met die gevolg dat, hoewel die kerkraad van Burgersdorp reeds op sy vergadering van 21 Mei 1879 besluit het tot eervolle losmaking van ds. Postma, dit eerst in Maart 1880 plaasgevind het. Die eerwaarde Kerkraad het egter spoedig daartoe oorgegaan om 'n predikant te beroep, want op 5 September is ds. M. P. A. Coetsee (Jnr.) van Steynsburg beroep. Hy het egter op 3 Oktober 1879 geantwoord dat hy die beroep nie aanvaar nie. Op 1 November van daardie jaar is proponent Petrus Postma, die oudste seun van ds. D. Postma, beroep en hy het dit aanvaar, maar versoek om nog drie maande sy werk aan die Teologiese Skool, waar hy professor in die lettere was, voort te set. Hierdie versoek is toegestaan.

Aangesien professor D. Postma op 11 Julie 1880 presies 40 jaar in die amp sou staan, het hy 'n versoek gerig aan die kerkraad om op daardie dag nagmaal te bepaal en dat hy dan by daardie geleentheid 'n rede mag hou ter herdenking van sy ampsjubileum. Hierdie versoek is toegestaan.

Ds. P. Postma is op 6 Maart 1880 as predikant bevestig en toe is formeel afskeid geneem van professor D. Postma.

By geleentheid van die ampsjubileum van professor Postma is deur die eerwaarde kerkraad aan hom 'n adres aangebied om die heuglike gebeurtenis te gedenk.

Ds. P. Postma het egter nie lank predikant van Burgersdorp gebly nie, want toe hy in Junie 1882 vir die derde agtereenvolgende keer beroep is na Pretoria, het hy die beroep aanvaar en vertrek.

b. *Die koms van ds. Coetsee en die kragtige onderwysaksie:*

Na die vertrek van ds. P. Postma is ds. M. P. A. Coetsee (Jnr.) weer beroep en toe het hy die beroep aanvaar en is op 16 Februarie 1883 in die amp bevestig.

Nog voor sy oorkoms na Burgersdorp het die onderwyssaak weer die ernstige aandag geniet. So het daar op die vergadering van die eerwaarde kerkraad op 25 November 'n versoek van professor D. Postma gedien ten effekte dat aan hom en sy kollega, professor M. Postma, die opvolger van P. Postma aan die Teologiese Skool, 'n geleentheid gegee sal word om die

gemeente toe te spreek in verband met die skoolsaak. Hierdie versoek is toegestaan en blykens die notule het professor D. Postma op Saterdag 25 November 1882 saam met 'n sekere heer Samuel, organiserende inspekteur van onderwys, die gemeente ingelig omtrent die wyse waarop die regering nou bereid was om die onderwys van die jeug te ondersteun.

As vanself ontstaan die vraag wat die onderwystoestand van die kinders van die gemeente in daardie tyd was en in antwoord hierop vind ons die rapport van die kerkraad aan die Algemene Vergadering wat op sy vergadering van 30 Maart 1883 soos volg gestel is: Daar is verskeie privaatskole in die gemeente waarin die kinders onderwys ontvang, veral met die oog op aanneming; terwyl enige op die dorp elementêre onderwys ontvang. Die getal kinders wat nou onderwys ontvang is 79. As ons in aanmerking neem dat Burgersdorp destyds een van die grootste gemeentes in die kerk was, dan spreek dit vanself dat daar veel meer kinders van skoolgaande ouderdom was in die gemeente as die 79 wat inderdaad onderwys ontvang het. En die jaar daarop moes die kerkraad aan die Algemene Vergadering rapporteer dat op die oomblik slegs 53 kinders onderwys ontvang, meestal in privaat skole. Dat die getal só laag is, moet hoofsaaklik toegeskrywe word aan die drukkende tye. En hierdie toedrag van sake het blykbaar voortgeduur tot 1886, want eers in daardie jaar vind ons in die notule 'n ander geluid ten opsigte van die skoolsaak. In daardie jaar het die eerwaarde kerkraad in sy rapport aan die Algemene Vergadering gerapporteer dat in die gemeente drie privaat skole is, waar kinders hoofsaaklik geleer word om belydenis van die geloof te doen, terwyl daar op die dorp op 5 April 1886 'n skool geopen sal word onder toesig van die kerkraad om onderwys te gee in elementêre vakke.

Dit was blykbaar die begin van die Vrye Christelike Skool waarvan ons van nou af heelwat verneem. So vind ons in die notule van die kerkraadsvergadering van 7 Augustus 1886 dat die Vrye Christelike skool as gevolg van die uitbreiding 'n geskikte gebou moes kry en dat die Kuratore van die Teologiese Skool reeds met planne besig was om 'n geskikte gebou te bekom waarin sowel hierdie skool as die Teologiese Skool onderdak gebring kon word. Die versoek is dan ook aan die Kerkraad gerig dat as 'n geskikte gebou gevind mag word, of die helfte van die koopsom ten behoewe van die Vrye Christelike Skool betaal sou word. Die kerkraad het hierdie versoek goedgekeur en ingewillig dat die aandeel van die Vrye Christelike Skool tot £300 kon wees. En net op die volgende vergadering is gerapporteer dat 'n geskikte gebou gekoop is vir £600, sodat die kerkraad dus verantwoordelik was vir die helfte van daardie som.

In sy rapport aan die Algemene Vergadering kon die kerkraad dan ook die volgende jaar 'n ander geluid laat hoor. So is daar bv. i.v.m. hierdie skool die volgende vermeld: Mog die kerkraad in sy verslag van verlede jaar meld dat op die dorp 'n Vrye Christelike Skool met 26 kinders geopen was, tans

verbly hy hom dat hy vanjaar kan meld dat die skool só uitgebrei het dat daar in die skool nou een onderwyser en een onderwyseres is met 53 leerlinge en dat die gemeente en kerkraad in oorleg met die Kuratore van die Teologiese Skool 'n groot en doelmatige gebou gekoop het waarvan die een helfte gebruik word vir die Vrye Christelike Skool en die ander vir die Teologiese Skool.

In die rapport van die Kuratore aan die Sinode van 1891 vind ons 'n besonder gunstige getuienis aangaande hierdie skool. Ons lees daar: „Die Kollege van Kuratore neem die vryheid om hier te vermeld dat die skool deur die gemeente Burgersdorp opgerig en ondersteun 'n groot seën is vir die Teologiese Skool insover as dit geleentheid verskaf vir 'n dergelike voorbereiding van jongelinge wat later hulle studies aan die Teologiese Skool wens voort te set. Verskeie leerlinge het reeds uit die skool tot die Teologiese Skool oorgegaan. Omdat dit dus vir die Teologiese Skool van groot belang is, wil die Kuratore dit onder die aandag van die Sinode bring of dit nie moontlik sal wees dat iets gedoen word om die skool tot 'n voorbereidende skool te kry nie".

By die behandeling van hierdie punt van die rapport het die Sinode besluit dat die eerwaarde Kuratore gemagtig word om 'n som geld, nie £100 te bowe gaande nie, aan die skool uit te betaal onder voorwaarde dat die Kuratore pogings in die werk sal stel om medeseggenskap in die beheer van die skool te kry.

As gevolg van hierdie verwikkeling is dit geen wonder dat die kerkraad van Burgersdorp op sy vergadering van 3 Julie 1891 besondere aandag geskenk het aan hierdie skool nie en 'n breedopgesette voorstel eenparig aanvaar het. Aangesien dit van belang is haal ons dit hier aan: „Ingevolge die besluit van die Sinode ten opsigte van die Vrye Christelike Skool wat uitgegaan het van die veronderstelling dat die kerkraad die toesig daaroor besit, besluit die kerkraad tot behartiging en bevordering van die belange daarvan vanaf hede onder sy toesig te neem.

Die bestaande kommissie sal die Uitvoerende komitee wees wat van tyd tot tyd verslag sal doen van die staat daarvan. By die ontstaan van 'n vakature, sal dit aangevul word deur die kerkraad. Die benoeming van onderwysers geskied onder goedkeuring van die kerkraad en tewens word bepaal dat geen ander as bekwame en deugdelike lede van die kerk as sodanig aangestel sal word. By die verlene van ontslag kan sulks voorlopig geskied, maar die bekragtiging moet van die kerkraad verkry word om van krag te wees.

Aan die Uitvoerende komitee is opgedra om te sorg dat geen lyfstraf toegepas sal word nie; wanneer straf vereis word, word sulks toegepas op die volgende wyse: 1. Deur skryfwerk te doen en 2. deur opskoolhou onder toesig van die onderwyser.

Wanneer egter 'n leerling sig só gedra dat grotere straf toegepas moet word, sal sodanige geval in die eerste instansie voor die Uitvoerende komitee gebring word en die komitee sal die straf bepaal nadat 'n behoorlike ondersoek ingestel is.

Ten einde die finansiële posisie van die skool te versterk sal ondersteuning van die Regering gevra word, behoudens onafhanklike vryheid in die godsdiens volgens sinodebesluit.

Die hulp verstrek deur die vereniging Concordia sal deur die kerkraad met dankbaarheid ontvang word, hetsy deur die voorsitter of kassier wat by elke vergadering verslag sal doen van die ontvangste. Tewens beveel die kerkraad aan die versterking van gemelde vereniging.

Geen ekstra uitgawes sal gedoen word deur die Uitvoerende komitee nie, dan met goedkeuring van die kerkraad.

'n Beperkte getal arm kinders sal gratis toegelaat word en wel só dat die werkkragte nie bomate beswaar sal word nie.

Die Uitvoerende komitee sal sorg dat die skool gereeld geopen en gesluit word met psalmgesang en gebed.

Alle vergaderinge in verband met die skool sal in die kerk op kerklike wyse onder leiding van die kerkraad gehou word".

Uit hierdie omvangryke besluit blyk dit dus baie duidelik dat dit die eerwaarde kerkraad erns was met hierdie Vrye Christelike skool, en dat die verantwoordelikheid wat deur die sinodebesluit op die skouers van die kerkraad geplaas is, waardig gedra sou word.

Maar die kerkraad het ook nog besluit dat 'n „gemeentevergadering" gehou moes word om sodoende aan die gemeente die stand van sake duidelik te maak.

Uit die notule blyk dat daar veral een punt was wat voor die vergadering van die gemeente saam met die kerkraad besondere aandag geniet het nl. die staatstoelae, want die voorsitter het daarvan 'n breedvoerige uiteensetting gegee.

Op die kerkraadsvergadering van 24 Maart 1893 het die voorsitter van die komitee onder die aandag van die eerwaarde kerkraad gebring dat die Regering besig was om ondersoek in te stel na die getal arm kinders wat nie op skool is nie en toe die komitee ter plaatse ondersoek daarna ingestel het, het dit geblyk dat daar 26 sodanige kinders was. Na bespreking het die kerkraad hierdie saak gelaat in die hande van die komitee, met die gevolg dat op die kerkraadsvergadering van 14 Julie 1893 gerapporteer is dat die komitee in verband met hierdie saak 'n deputasie na Kaapstad gestuur het en dat die uitslag van die onderhoud was dat die toelae verder aan die skool verstrek sal word, mits daar 'n koshuis gebou word. Die komitee het daarop besluit om 'n gebou van £400 op te rig en van hierdie bedrag sal die goewernement die helfte betaal. Die kerkraad het hierdie rapport goedgekeur.

Hierdie verwikkeling sou egter die oorsaak wees van 'n ernstige wending in die bestaan van die skool. By nadere ondersoek het dit geblyk dat dit nie raadsaam is om die koshuis te laat bou nie; daarom is op 23 Desember 1893 deur die voorsitter verklaar dat hoewel die koshuis nie meer gebou staan te word nie, die departement tog gewillig is om die £200 toe te ken sodat daarmee die skoolgebou verbeter kan word, maar dan moet die naam van die skool verander word. Die kerkraad het saam met die gemeente die saak bespreek en toe is besluit dat die naam van die skool verander word tot „Tweede Klas Publieke Skool" en verder dat die £200 aangewend sal word tot verbetering van die gebou.

Hierdie besluit sou egter op die vergadering van 2 Maart 1894 'n naklank hê, want toe is besluit om te notuleer dat volgens die besluit van die gemeentevergadering van 23 Desember 1893 dat die Tweede Klas Publieke Skool nou heeltemal onafhanklik is van die kerkraad en die kerkraad dus nie verantwoordelik is vir enige skulde deur die skoolkomitee gemaak nie en dat die skoolkomitee hiervan in kennis gestel sou word.

Met hierdie besluit is die band tussen die kerkraad en die skool dus eintlik deurgesny en het die skool dus verander van 'n kerkskool tot 'n staatsondersteunde christelike skool sonder dat die woord „christelik" in die naam mag voorkom.

Die skoolkomitee het egter nog nie die verband met die kerkraad losgemaak nie, want nie lank na hierdie besluit nie is die kerkraad, wat natuurlik nog belang gehad het in die gebou, gevra om te bewillig dat die aandeel van die Kuratore uitgekoop moes word. En toe die kerkraad hiertoe magtiging verleen het, is op 1 Junie 1894 gerapporteer dat die deel van die Kuratore gekoop is vir £150 en as die kerkraad dit sou goedkeur, die hele gebou dus aan die kerk behoort het. Die kerkraad het ook hierdie stap goedgekeur. Maar op dieselfde vergadering is gevra of die kerkraad die gebou nie sou verhuur aan die skoolkomitee vir £12.10.0 per jaar nie en verder dat 'n paar veranderinge aan die gebou aangebring moes word. Die saak het so deurgegaan en die kerkraad het magtiging gegee om die veranderinge aan te bring, mits dit nie die bedrag van £12 te bowe sou gaan nie.

In September van daardie jaar moes die kerkraad weer aandag skenk aan die saak, want toe het ds. Vorster 'n besluit van die belangstellendes in die Distrikskosskool meegedeel, waarin die kerkraad gevra is om weer die waarborgers van die skool te word aangesien die plan om die skool 'n tweede klas Publieke skool te maak nie deurgegaan het nie. Hierdie versoek is nie dadelik afgehandel nie, maar uitgestel tot die e.v. nagmaalsgeleentheid en toe die saak weer onder behandeling gekom het, is besluit dat die kerkraad die bestuur van die skool sou behou en poginge sou aanwend om 'n „achterwaarborg" van die gemeente te kry, maar dat die skoolkomitee sou sorg dat die bestaande skuld vereffen word. Vroeg die volgende jaar het die kerkraad egter

besluit om die Algemene Vergadering te vra om die skool oor te neem en dat die skoolkomitee met die oog op so 'n stap 'n staat van die skool moes opmaak.

Vir 'n tydjie het dit geskyn of hierdie versoek aan die Algemene Vergadering moontlik 'n nuwe wending aan die saak sou gee, want op die kerkraadsvergadering van 8 Junie 1895 is bekend gemaak dat die Algemene Vergadering 'n kommissie benoem het om te onderhandel oor die moontlikheid om die bestaande skool te verander in 'n Gereformeerde Gimnasium. Die kerkraad het 'n kommissie benoem met die oog hierop en onderhandelinge is gevoer, maar van die plan het niks tereg gekom nie.

Uit die notule van die kerkraad is dit nie presies duidelik wat die posisie van die skool was nie, maar die verloop van sake kan kortliks soos volg gestel word:

So lank dr. Dale nog Superintendent van Onderwys was, het die skool staatsondersteuning bly geniet, maar toe dr. Muir hom opgevolg het, is daar dadelik beswaar gemaak dat staatssubsidie gegee sou word aan 'n Vrye Christelike skool. Dit was ook die rede waarom die naam verander moes word, soos reeds vroeër aangedui. Dr. Muir het egter nie gerus voor die skool verenig was met die „Albert Academy" nie en dit het dan ook eindelik gebeur.

Maar met hierdie verwikkelinge het die kerkraad as sodanig nie meer te doen gehad nie. Eers nadat die vereniging deurgegaan het, het daar op sy vergadering van 3 Maart 1906 'n versoek gedien dat daar weer 'n Vrye Christelike skool opgerig moes word en later is gerapporteer dat D.V. op 10 Oktober 1906 weer 'n Vrye Christelike skool geopen sou word. Maar die kerkraad het as sodanig nie met die oprigting te doen gehad nie, want op sy vergadering van 25 September 1908 is oor die wenslikheid van die oprigting van so 'n skool gehandel en die volgende jaar is aan die Algemene Vergadering gerapporteer dat die onderwys in die rigting van die doopsbelofte geskied; daarom word geywer vir 'n kerkskool. En op die kerkraadsvergadering van 5 Maart 1909 is besluit: „Die kerkraad wil met die hulp van die Here op 19 April a.s. 'n Vrye Christelike skool open . . ." en met die oog daarop is sekere nodige reëlinge getref. Hoewel dit aanvanklik met hierdie skool goed gegaan het, het dit gaandeweg egter moeilik gegaan om die finansies daarvoor te vind en in 1912 het die opgehou om te bestaan.

c. *Versoening tussen die Gereformeerde gemeente en die Ventergroep:*

Reeds op 4 Junie 1886 het die leraar die kerkraad meegedeel dat 'n paar lidmate van die Ventergroep van Bethulie na hom gekom het met die versoek om by die Gereformeerde kerk aan te sluit; hy het die persone in teenwoordigheid van 'n paar kerkraadslede ondervra en versoek dat die eerwaarde kerkraad nou moes besluit oor sy optrede en oor die opname van die persone as lidmate van die gemeente. Die kerkraad het die optrede van die predikant goedgekeur en die persone opgeneem.

Maar op 29 November 1889 het die kerkraad 'n brief van die broeders J. A. J. Coetsee en J. F. Coetsee gedateer 21 Oktober 1889 behandel. Dit was 'n versoekskrif namens die Ventersparty met die oog op vereniging met die kerk. In die versoekskrif is 'n agttal punte opgenoem en daarop het die kerkraad puntsgewyse geantwoord.

Die notule van die kerkraad van die Venter-gemeente van Burgersdorp maak nie melding van hierdie aksie nie, maar blykens die laaste vergadering wat op 23 Desember 1889 gehou is, is 'n besluit geneem dat die opsieners as opsieners moes aanbly tot tyd en wyl dat die Here 'n weg baan.

Blykbaar het die antwoorde van die kerkraad van Burgersdorp die betrokke lidmate bevredig, want later tref ons hulle aan in die geledere van die gereformeerde gemeente van Burgersdorp sodat die breuk wat ontstaan het met die uittrede van ds. S. D. Venter weer geheel was.

d. *Die 50 jarige ampsjubileum van prof. D. Postma en sy dood kort daarna:*

Op die kerkraadsvergadering van 30 Mei 1890 het die voorsitter bekend gestel dat professor D. Postma in die begin van Julie a.s. presies 50 jaar in die bediening sou wees en sover hy weet bestaan daar geen plan om dit te gedenk nie; daarom stel hy voor dat professor Postma versoek sal word om dit wel te doen. So is toe eenparig deur die kerkraad besluit. Die gevolg hiervan was dat hy op die volgende dag tydens 'n openbare kerkraadsvergadering 'n brief van professor Postma kon voorlees waaruit geblyk het dat hy wel gewillig was om aan die versoek van die kerkraad te voldoen en dat hy verklaar het dat hy 'n redevoering sou hou om die gebeurtenis in die gemeente te gedenk tydens die nagmaalsgeleentheid op 13 Julie 1890. Hierdie gedagte van die aanstaande jubilaris is met algemene tevredenheid begroet en op die volgende kerkraadsvergadering is 'n adres goedgekeur wat by die geleentheid namens kerkraad en gemeente aan professor Postma aangebied sou word.

Op die bepaalde dag is 'n feesrede deur professor Postma gehou oor Ps. 115 : 1: „Nie aan ons, O Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil".

In hierdie rede het die jubilaris teruggekyk oor die lang weg van 50 jaar, waarop hy lief en leed verduur het, maar onder alle omstandighede deur Gods genade staande gebly het en teen daardie agtergrond het hy die waarheid vervat in die teks verklaar en nader toegepas.

Telegramme en briewe van gelukwensinge het ingestroom; ook adresse van verskillende instansies is by hierdie geleentheid gelees, waaruit duidelik aan die lig gekom het watter besondere plek professor Postma in die lewe van ons kerk ingeneem het, maar ook watter hoë dunk burgerlike instansies van hom gekoester het. Op al hierdie bewyse van liefde en respek het hy op gepaste wyse geantwoord, nie net tydens die feesgeleentheid nie, maar ook in „De Maandbode" van 1 Augustus 1890.

Maar hy sou hierdie heuglike gebeurtenis nie lank oorlewe nie, want nog dieselfde jaar het hy ernstig siek geword en reeds op 30 Desember 1890 is hy oorlede. En hoewel die notule van die kerkraad om een of ander onverklaarbare rede met geen enkel woord gewag maak van sy dood nie, weet ons dat ds. M. P. A. Coetsee (Jnr.) tydens sy begrafnis 'n rede gehou het oor 2 Kon. 2 : 12: „My Vader, my Vader, wa van Israel en sy perderuiters".



*Monument op die graf van prof. D. Postma. Oorlede 8 Des. 1890*

Met hierdie woorde wat die verslae Elisa uitgespreek het by geleentheid van die hemelvaart van Elia, het ds. Coetsee die verslaendheid van die Gereformeerde Kerk by die heengaan van sy stigter en vader onder woorde gebring.

In Julie 1891 het die kerkraad die leiding geneem om 'n gedenksteen op die graf van wyle professor Postma opgerig te kry. Dit het algemene byval gevind en in 1892 is dit voltooi.

e. *Ds. Coetsee lê sy amp neer en tree uit die kerkverband:*

In 1892 het die gemeente Burgersdorp 'n besonder ernstige terugslag ondervind, want in daardie jaar het sy predikant, ds. M. P. A. Coetsee (jnr.), skielik sy verbinding met die Gereformeerde kerk verbreek en oorgegaan na die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Die notule van die kerkraad bied ons baie min gegewens in verband met hierdie ernstige gebeurtenis, maar uit ander publikasies is dit wel moontlik om die feite te bekom.

Op 2 Julie 1892 het die gemeente nagmaal gevier en toe is besluit dat die e.v. kerkraadsvergadering gehou sou word op die eerste Vrydag in September.

Die eerste Sondag na hierdie nagmaalsviering het ds. Coetsee tydens die môrediens bekend gemaak dat hy by die eersvolgende kerkraadsvergadering sy ontslag as predikant sou aanvra as gevolg van onoorkomelike gemoedsbesware wat hy dan aan die kerkraad sou meedeel. Deur hierdie bekendmaking het die gemeente en ook die kerkraad — maar daar was baie min van die kerkraadslede teenwoordig — dus vir die eerste keer verneem van sodanige besware, want tot sover was daar met geen enkel woord in die kerkraadsvergadering melding van gemaak nie.

Die Sondagaand na die afkondiging van die môre het dit uit 'n berig in „De Kerkbode" geblyk dat ds. Coetsee, terwyl hy nog predikant was van die gemeente, aansoek gedoen het by die Nederduits Gereformeerde Kerk vir 'n colloquium doctum en dat die versoek toegestaan is en op 3 Augustus a.s. sou plaasvind.

Hierdie berig, sowel as die aankondiging van ds. Coetsee, is onder die aandag gebring van ouderling S. van Wyk wat op sy beurt met ds. Coetsee daaroor gaan spreek het en daarna op advies van prof. Cachet die kerkraadslede byeengeroep het vir 'n broederlike samespreking om te beraadslaag wat hulle te doen staan. Hierdie samespreking het nie die vorm van 'n offisiële kerkraadsvergadering aangeneem nie, maar die van 'n broederlike samespreking.

Hoewel prof. Cachet van mening was dat hulle eers die saak met ds. Coetsee moes gaan bespreek, was die opinie van die meerderheid dat ds. Coetsee deur sy optrede om in die stilte sonder medewete van sy kerkraad aansoek te doen vir 'n samespreking met die Nederduits Gereformeerde Kerk metterdaad reeds die kerk verlaat het. Die toestand is ongetwyfeld vererger deur die gedagte dat ds. Coetsee aangekondig het dat hy sy gemoedsbesware tydens die e.v. kerkraadsvergadering aan die kerkraad sou meedeel en dit terwyl, volgens genoemde kennisgewing, die samespreking met die ander kerk reeds op 3 Augustus sou plaasvind.

Die resultaat van hierdie samespreking van die kerkraadslede was dat 'n kommissie benoem is om ds. Coetsee in kennis te stel dat hy hom moes onthou van die uitoefening van sy ampspligte totdat die kerkraad geleentheid

gehad het om die hele aangeleentheid te bespreek. Hierop het ds. Coetsee geantwoord dat hy nog predikant van die gemeente was en dat hy geen misdaad gepleeg het nie en dat hulle geen reg gehad het om buite sy medewete 'n vergadering van die kerkraad te hou nie. En toe die kommissie hulle versoek herhaal het om sy ampswerk te staak, het hy op 15 Julie 'n brief aan die kerkraad gerig waarin hy sy amp neerlê en ook sy verbinding met die Gereformeerde kerk beëindig.

Na die ontvangs van hierdie brief het die kommissie ooreengekom om 'n buitengewone kerkraadsvergadering op te roep op 27 Julie 1892. Op die bepaalde dag het die vergadering plaasgevind onder voorsitterskap van ds. W. J. Snyman van Venterstad.

Op hierdie vergadering is goedkeuring gevra vir wat tot sover gedoen is in hierdie saak en die kerkraad het dit eenparig goedgekeur. Daarna is ds. Coetsee se brief gelees waaruit geblyk het dat hy ten gevolge van ernstige, onoorkomelike gemoedsbesware bedank as herder en leraar van die Gereformeerde gemeente alhier en dat met sy bedanking sy betrekking tot die Gereformeerde Kerk in die algemeen ophou.

In die brief word die gemoedsbesware nie genoem nie, maar dit word wel vermeld dat ds. Coetsee teen sy kerkraad en gemeente niks gehad het nie en dit het dan ook later geblyk dat die besware eintlik gegaan het oor die bestaanreg van die Gereformeerde Kerk en dat daar geen redes meer was dat die twee kerke apart sou bestaan nie.

Na 'n ernstige bespreking van die inhoud van hierdie brief van ds. Coetsee is besluit dat die kerkraad sy bedanking as herder en leraar aanneem en hom tewens versoek om alles wat daar van die gemeente of van die kerk in die algemeen nog by hom was, af te gee aan die kommissie wat vir daardie doel aangewys is. Verder het die eerwaarde kerkraad reëlings getref vir die tydelike behartiging van die gemeentelike sake.

Nadat die kommissie kom rapporteer het dat ds. Coetsee nie gereed was om die dinge oor te dra nie en dat hy veral 'n inventaris wou maak voordat hy daarvan afstand gedoen het, is besluit dat die kommissie sig later in verbinding met hom moes stel en sodoende die opdrag moes uitvoer.

Hierdie optrede van ds. Coetsee en veral die boekie wat hy uitgegee het en waarin hy die redes vir sy stap verklaar het, het aanleiding gegee tot 'n pennestryd, maar in die gemeente Burgersdorp was daar nie ernstige beroering nie. 'n Paar lidmate van die gemeente het ds. Coetsee se voorbeeld gevolg, maar die gemeente as sodanig het rustig voortgegaan veral nadat die vakature weer gevul was deurdat ds. L. P. Vorster die beroep daarheen aangeneem het.

f. *Die gemeente Burgersdorp en die Anglo-Boere-oorlog:*

Na die uittrede van ds. Coetsee in 1892 het die gemeente 'n paar maal beroep voordat ds. L. P. Vorster die beroep aangeneem het. Hy is in Mei

1893 in die amp bevestig en onder sy leiding het die kerkraad en gemeente voorspoedig voortgegaan totdat in 1899 die donker slagskaduwees van die Anglo-Boere-oorlog ook swart en dreigend gehang het oor hierdie gemeente.

Burgersdorp was wel nie in die Vrystaat geleë nie maar die magte van hierdie staat het die distrik vroeg binnegeval en die dorp en distrik is selfs deur die boeremagte beset en eers na 'n tyd deur die Engelse ontset. Die gemeentelike lewe het hier wel nie tot so 'n mate ontwrig geraak as die in die twee republieke nie, maar die spore van die oorlog is tog duidelik waar te neem in die notules van die kerkraadsvergaderinge.

Vroeg in 1900 moes die voorsitter op die vergadering van 9 Februarie verklaar dat by die laaste kerkgeleentheid geen kworum teenwoordig was nie, maar dat hy tog met die belydenis van die geloof deurgegaan het. En dieselfde vergadering moes ook aandag skenk aan die bediening van die lidmate op kommando, waarop besluit is dat die voorsitter sorg sal dra dat daar Sondags twee en Dinsdagmôres een diens gehou sal word.

Nadat die Burgermagte die distrik Albert binnegeval het, is die burgers gekommandeer en hulle is toe by Stormberg in 'n laer geplaas. As dit in gedagte gehou word, is bogenoemde besluit nie baie duidelik nie, want dit is nie seker of Sondag se dienste slaan op die wat in Burgersdorp gehou moes word of dat hulle in die laer gehou moes word nie.

Die volgende kerkraadsvergadering is eers weer in Julie van daardie jaar gehou en toe was ds. Vorster ook nie teenwoordig nie, want nadat die Engelse magte die burgers verdrywe het en hulle die distrik weer beset het, is ds. Vorster gevang en in die gevangenis aangehou. Vir sewe maande is hy daar gehou en toe is hy onder £3000 borgtog uitgelaat onder voorwaarde egter dat hy na Middelburg (Kaap) moes gaan en daar op sy plaas bly. Eers nadat hy voor 'n Spesiale Geregshof tereggestaan het op 'n aanklag van hoogverraad en vrygespreek was, kon hy terugkeer na sy gemeente. Die kerklike lewe is ook nadelig getref deur die reisbeperkinge wat die Militêre leiers gelê het op die inwoners; vandaar die rede dat die eerwaarde kerkraad op sy vergadering van 14 Julie 1900 moes besluit dat die konsulent die Kommandant moes versoek om verlof te gee aan die diakens om die kerklike bydraes by die verskillende plase te gaan insamel.

Allerlei beperkende maatreëls is ook toegepas sodat dit bv. nie moontlik was om kerkraadsvergaderinge te hou nie en toe dit dan eindelik nie langer kon uitgestel word nie, is wel vergunning gegee daartoe maar dan moes dit gehou word in die teenwoordigheid van 'n sensor.

Toe die eerste Algemene Vergadering weer gehou kon word het die eerwaarde kerkraad in sy vergadering van 13 September 1902 die toestande gedurende die oorlog soos volg aangedui: Weens die oorlog en krygswet het die bediening van die heilige nagmaal nie gereeld plaasgevind nie en was daar

gewoonlik geen kworum vir die vergaderinge nie. Tog is kerklike sake so goed as moontlik behartig.

g. *Die verplasing van die Teologiese Skool:*

Die eerste keer wat ons kennismaak in die notules van die kerkraad met die plan om die Teologiese Skool te verplaas was op 20 Maart 1903 toe die afgevaardigde na die Algemene Vergadering dienaangaande rapport gedoen het. Die kuratore het indertyd toe dit geskyn het of die Algemene Sinode nie gou bymekaar sou kon kom nie as gevolg van die ontredderde toestande in Transvaal en die Vrystaat, die moontlikheid van verplasing van die Skool laat bespreek deur die verskillende Algemene Vergaderinge en dit was as gevolg hiervan dat die besluit van hierdie vergadering aan die kerkraad meegedeel is. Die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie het naamlik besluit dat die verplasing al dan nie van die Skool, in die hande van die Kuratore gelaat moes word. Aangesien die Algemene Sinode toe tog opgeroep sou word vir 1904 mede ook omdat die besluite van die verskillende Algemene Vergaderings nie eensluidend was nie het die Kuratore nie self in hierdie moeilike saak handelend opgetree nie.

Die kerkraad het op sy voorvermelde vergadering ook nie 'n besluit geneem oor hierdie saak nie.

Ds. Vorster is ook juis in hierdie tyd weg na Argentinië saam met 'n groep landverhuisers en toe die saak van verplasing weer teen die einde van die jaar deur die Kuratore behandel is, was hy nog nie terug in die land nie.

Toe ds. Vorster weg is na Argentinië was die algemene gedagte by die Kuratore om die Skool te verplaas na Middelburg (Kaap), maar na sy vertrek het die gedagte, wat tog reeds al voorheen geopper was deur ds. P. C. Snyman nl. om die Skool na Steynsburg te verplaas, sterk op die voorgrond getree. Sodat toe ds. Vorster weer in Januarie 1904 die vergadering van sy kerkraad kon bywoon hy die aandag van die kerkraad gevestig het op die besluit van die Kuratore geneem in hul sitting van Desember 1903 en dat die gemeente Burgersdorp daardeur baie skade sou ly. Hierdie besluit het naamlik ingehou dat die Kuratore die aanbieding van die kerkraad van Steynsburg aanvaar het en dat die Skool na Steynsburg verplaas sou word.

Nieteenstaande hierdie woorde van die voorsitter het daar van die kant van die kerkraad nog geen aksie gekom om die verplasing te probeer verhoed nie. En dit val te meer op as die redes wat die Kuratore vir hierdie stap geboekstaaf het, in gedagte gehou word. Daar word drie redes genoem:

a. Die onmoontlikheid om 'n geskikte terrein in Burgersdorp te vind.

b. Die gunstige aanbod van Steynsburg en

c. die noodsaaklikheid van die losieshuis wat in Steynsburg se voorstel vervat was.

Veral die eerste rede het Burgersdorp tog baie intiem geraak maar eers op sy vergadering van 5 Maart 1904 het die praeses die saak van verplasing van die Skool weer ter sprake gebring en toe is aandag geskenk aan die vraag: Of die gemeente Burgersdorp poginge sal aanwend om die Teologiese Skool hier te hou? Die kerkraad het toe besluit om die saak dieselfde aand op 'n „gemeentevergadering" te laat behandel, maar intussen 'n kommissie aangewys om werksaam te wees om nadere sekuriteit te kry in verband met grond vir doeleindes van die Teologiese Skool. Verder moes die ouderlinge intussen die gevoelens van die gemeente verneem om met die volgende nagmaal verslag te doen.

Toe die saak die aand deur die gemeentelede bespreek is en die besluit van die kerkraad aan die vergadering voorgehou is, is besluit dat daar 'n lys ter tekening in die pastorie gelaat sou word tot met nagmaal en dat die ouderlinge al die lidmate van hierdie lys sal verwittig.


So het daar tog eindelik aksie gekom om die Skool te behou.

Die Algemene Sinode is intussen opgeroep om op 11 April 1904 te vergader op Middelburg (Kaap) en op sy vergadering van 1 April 1904 het die kerkraad waarlik ernstige aandag geskenk aan hierdie belangrike saak. By daardie geleentheid is nou vir die eerste maal sprake van die verkryging van grond vir die Teologiese Skool. Maar dit is veral die besluit wat hierdie vergadering geneem het wat ons aandag hier verdien. Die volgende besluit is geneem en aan die Sinode gestuur: „Die kerkraad van Burgersdorp betreur dit dat deur aanbiedinge van geld tydelike invloed uitgeoefen word op die verplaatsing van die Skool; aangesien die kerkraad meen dat enkel en alleen die belange van die Kerk in die algemeen met betrekking tot die Skool in die oog gehou moet word.

Mog die Sinode van oordeel wees dat, sonder die aanbiedinge van geld in aanmerking te neem, enig ander plek beter geskik is as Burgersdorp dan sal die kerkraad daarin berus en soos tot hiertoe sy plig doen aan die Skool. Aangesien die kerkraad meen dat tot hiertoe die enige beswaar teen die bly van die Skool te Burgersdorp die gebrek aan ruimte was, wens hierdie kerkraad deur 'n aanbieding van grond die Sinode, ingeval besluit mag word om die Skool te Burgersdorp te laat bly, daarin tegemoet te kom".

Die kerkraad het dus eindelik sy protesstem laat hoor en dit het veral gegaan teen die aanbiedinge wat by die Kuratore ingekom het en wat ook nog te Middelburg sou inkom en was van oordeel dat by die beoordeling van hierdie saak slegs die algemene belange van die Kerk in aanmerking geneem moes word. Maar dit was juis die aanbiedinge wat gewig gedra het by die Kuratore soos uit voorgaande redes vir die verplasing van die Skool geblyk het.

En toe die Sinode hierdie saak behandel het, het die aanbiedinge onge-



PROFESSOR EN STUDENTE 1903

twyfeld besondere gewig gedra en moontlik die beslissing in die moeilike saak vergemaklik.

Hoe dit ook sy die Sinode het besluit om die Skool te verplaas na Potchefstroom en die Kuratore het opdrag gekry om dit só te reël dat die Skool reeds die volgende jaar aldaar geopen kon word.

Die gemeente Burgersdorp het sekerlik nie lekker gevoel oor die beslissing nie, maar van verdere protesstemme maak die notule van die kerkraad nie melding nie. Die kerkraad het dus die saak ook so aanvaar, want al wat ons verder dienaangaande lees was die afskeid van die skool wat teen die einde van daardie jaar plaasgevind het. In die besluit wat hieroor handel word die leedwese van die gemeente oor die vertrek duidelik genoem, maar origens is op waardige wyse afskeid geneem van die stigting wat so lank aldaar gehuisves was.

## 5. DIE BEDIENINGSTYD VAN DS. D. POSTMA (M.-SEUN) — 1906—1941

a. *Die 50-jarige bestaan van die gemeente*:

Teen die einde van 1905 het ds. Vorster die beroep na die gemeente Rustenburg aangeneem en op 24 November 1905 het hy afskeid geneem van die gemeente Burgersdorp. Die gemeente het dadelik weer daartoe oorgegaan om 'n predikant te beroep maar dit was tog reeds April van die volgende jaar voordat ds. D. Postma, oudste seun van ds. M. Postma, die beroep aanvaar het. Op 19 Mei 1906 is hy in die amp bevestig en onder sy leiding sou die kerkraad en gemeente voortgaan tot die begin van 1941.

Nie lank nadat ds. Postma aldaar predikant geword het nie, het die gemeente sy 50-jarige bestaan op luisterryke wyse gevier. Op sy vergadering van 5 Maart 1909 het die viering ter sprake gekom en toe is besluit om 'n feeskommissie te benoem wat die saak van die feestelike herdenke moes voorberei. Op die September-vergadering moes hierdie kommissie ongetwyfeld 'n voorlopige plan aan die kerkraad voorgelê het, want dit is genotuleer dat die feeskommissie gemagtig word om die nodige koste te maak in verband met die feesviering. Verdere rapporte vind ons nie in die notule nie, maar een van die belangrikste resultate van hierdie voorbereidingswerk was 'n gedenkboek wat onder die naam „Gouden Jubileum Gereformeerde Kerk Burgersdorp, Kaap Provinsie 1860—1910" verskyn het. In hierdie keurige publikasie het die kommissie inderdaad 'n uiters waardevolle werk op die mark gebring. Ons vind daarin die volgende stukke:

Die geskiedenis van die Gereformeerde Gemeente Burgersdorp; die Gedenkrede deur ds. M. Postma; Gereformeerde Onderwys deur ds. P. C. Snyman; „Iets over Gereformeerde Prediking" deur ds. T. Hamersma; Geskiedkundige „Herinneringen over de Oudsten der Gemeente"; „Het Cal-

KERKRAAD 1905 MET ONSVANGS VAN DS. POSTMA.




*Voorste ry: J. F. Coetsee, S. Kruger, Albert de Kock, Jopie Coetsee, Andries Coetsee, Gert van Wyk, Koos de Klerk, Isak Aucamp, Andries Henning, ds. D. Postma.*

*Agter: Freek Labuscagne, H. C. Kruger, Hans Aucamp, Daniel Lessing, Dawid Styger, Jan Coetsee Jnr., Hendrik Coetsee, Paul Grobler, Hermanus Henning.*

vinisme en ons Volk" deur dr. J. D. du Toit en 'n Oproep tot 'n konferensie oor Christelike Politiek wat van Burgersdorp uitgegaan het op die wenk van dr. Du Toit.

Met hierdie publikasie het die kerkraad van Burgersdorp inderdaad die beperkte literatuur in verband met die bestaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verryk en tot vandag toe is dit 'n uiters lesenswaardige boek en bevat dit waardevolle gegewens vir diegene wat nie direk toegang tot die primêre bronne van die bestaan van die gemeente Burgersdorp het nie. In „Het Kerkblad" van 1 Februarie 1910 het 'n vry omvattende verslag van die verrigtinge verskyn en die hele stuk is ingeskrywe in die notuleboek. Die stuk is te lank om in sy geheel op te neem maar die volgende besonderhede word tog daaraan ontleen:

Die verrigtinge het op Vrydag 21 Januarie 1910 'n aanvang geneem met die gedenkrede wat deur ds. M. Postma uitgespreek is. En daarna is die



*Oudste lidmate van Burgersdorp byeen tydens die 50-jarige bestaansviering van die gemeente:*
***Agterste ry** v.l.n.r.: Jan Coetsee, P. van Heerden, J. J. W. Nienaber, J. M. Venter, Jan van der Walt, Frans Kruger en D. G. Venter.*
*Voorste ry v.l.n.r.: W. F. Henning, H. J. J. Coetsee, F. Coetsee, S. J. van Wyk, A. J. Kruger, J. J. A. Coetsee, C. J. H. Schutte, G. J. Steenkamp, J. F. Coetsee.*

onderwerpe wat reeds genoem is uit die gedenkboek deur die verskillende sprekers uitgespreek. Verteenwoordigers van ander gemeentes van die kerkverband het die verrigtinge bygewoon, sodat dit 'n buitengewone geleentheid was vir die gemeente. Blykens die verslag in „Het Kerkblad" was die opkoms maklik vergelykbaar met die groot drukte tydens die Taalfees wat 'n paar jaar tevore in Burgersdorp gehou was. By die geleentheid is ook kollektes vir verskillende onderneminge gehou. In die verslag word die volgende opgesom: De Jonge Calvinist, Het Gereformeerde Gymnasium, Het Sustentasie Fonds, de Zending en Onze Blinden. Om die gees wat geheers het enigsins aan te dui haal ons die volgende aan uit meergemelde verslag: „Verkwikkend was dit vir oues van dae om mekaar na baie jare van skeide weer die hand te druk en om oor al die gebeure van die laaste jare in huis, Skool en maatskappy te gesels. Plegtig was dit om telkens aan die linkersy van die preekstoel die grysaards van 70 en 80 jare te sien sit soos die ou garde van die Gereformeerde Kerk in die Kaap Kolonie die tekens van hulle stryd vir land en volk, vir Kerk en Staat so duidelik vertoon.

Aandoenlik was dit om prof. Cachet te mis, veral toe in een van die byeenkomste 'n telegram van gelukwensing van hom gelees is en waarin die kerk Openbaring 3 : 11 en 12 toegeroep is.

Die eredienste is by die geleentheid waargeneem deur ds. L. P. Vorster, dr. S. O. Los en dr. J. D. du Toit terwyl ds. W. J. Snyman namens die feesgangers 'n dankwoord gerig het tot die kerkraad en gemeente van Burgersdorp vir die gulle ontvangs en die feesvreugde wat hulle verskaf het".

b. *'n Nuwe kerkgebou vir die gemeente Burgersdorp:*


Die gebou wat in 1861 in gebruik geneem was, het nog altyd diens gedoen vir die samekomste van die gemeente. In die loop van die jare is daar wel veranderinge en veral verbeteringe aangebring soos bv. 'n plankvloer wat ingesit is, maar origens was dit dieselfde gebou.

Die plan om 'n nuwe kerkgebou te kry het eintlik 'n heel onskuldige begin gehad. In September 1908 het broeder C. Grobler e.a. 'n petisie aan die eerwaarde kerkraad gerig waarin gevra is om sekere verbeteringe aan die kerkgebou aan te bring, sodat die trek in die gebou nie so hinderlik sal wees nie. Die kerkraad het aandag geskenk aan hierdie saak en inderdaad opdrag gegee dat 'n plan gemaak moes word.

Dit was teen die einde van 1908, maar op die vergadering van 16 April 1909 het diaken G. A. Coetsee kennis gegee dat hy op die volgende vergadering sou voorstel om jaarliks te kollekteer vir 'n boufonds om 'n vleuel by die kerkgebou aan te bou of om 'n nuwe kerk op te rig.

Toe hierdie voorstel op die bepaalde tyd bespreek is, het die kerkraad besluit dat dit wenslik is om die gebou te vergroot en daarom is 'n kommissie van vyf lede benoem om ondersoek in te stel na die koste en wyse van aanbou

KERKRAAD 1909.



*Voor: Oudll. H. M. Henning, Johs. Coetsee.*
*Middel: Oudll. H. C. Kruger, J. F. Coetsee, J. A. Coetsee, J. J. de Klerk, ds. D. Postma, oudll. D. T. Styger, J. H. van der Walt, J. H. Steenkamp, H. S. Coetsee.*
*Agter: Diakens J. D. Lessing, A. J. Venter, D. G. Steenkamp, J. C. Kruger, J. J. Grobler, R. M. Nienaber, W. F. Aucamp, T. G. Venter, W. J. de Klerk, A. G. Coetsee.*

sodat later op 'n goedbygewoonde openbare kerkraadsvergadering die rapport bespreek kan word. Op die vergadering van 9 Julie 1909 het hierdie kommissie 'n geskrewe rapport ingelewer waaruit die volgende geblyk het:

1. Dat die huidige kerkgebou te klein en ongerieflik is;
2. dat 'n argitek geraadpleeg is en dat die kommissie tot die oortuiging gekom het dat as 'n vleuel dertig voet lank en breed van die een uiterste venster tot die ander aangebou kon word na die kant van die straat ten suide, daarvoor van die Munisipaliteit 10 voet grond ekstra verkry sal moet word by daardie gedeelte wat reeds aan die kerk toegestaan is en hierdie toesegging is reeds verkry en
3. dat volgens ons berekening sodanige aanbouwerk £1500 sal kos.

Hierdie rapport is deur die kerkraad gunstig ontvang en bespreek maar toe dit voor die gemeente gelê is, is besluit om die uitvoering van die plan vir 'n jaar uit te stel.

Toe die saak na 'n jaar weer onder behandeling gekom het, is besluit dat die predikant gevra word om die hele gemeente deur te gaan en te kollekteer vir die vergroting van die kerkgebou, maar dat die werk nie begin mag word voordat die nodige geld op hande is nie.

In Oktober van daardie jaar kon die predikant rapporteer dat ongeveer £1850 vir die doel belowe is en dat £350 reeds ontvang is. By die lig van hierdie gunstige uitslag is die saak toe bespreek en dit is besluit om 'n kommissie aan te wys wat 'n bouplan moes uitsoek om voor die gemeente te lê. Hierdie kommissie het bestaan uit ds. Postma, ouderling H. M. Henning en diaken A. J. Venter saam met die broeders J. F. Coetsee en Cornelius Grobler.

Die kommissie het op 25 November 1910 'n bouplan van argitek R. C. Orr van Aliwal-Noord voorgelê wat £2490 sou kos by voltooiing. Die plan is sowel deur die kerkraad as die gemeente gunstig ontvang en opdrag is gegee aan die kommissie om tenders te vra vir die vergroting van die gebou, maar by die vorige kommissie is nog twee broeders gevoeg t.w. A. P. van Heerden en T. J. Kruger.

Toe die tenders egter ingekom het en alle besonderhede voorgelê is, is besluit dat die kommissie bedank word vir sy werk; dat die kerkraad sal sorg dat die gekollekteerde gelde binne drie maande gestort word en dat vir die dan nog ontbrekende bedrag verder gekollekteer sal word intussen sal die tenders oorstaan tot later.

Met die insameling van fondse is voortgegaan en in Junie 1911 is gerapporteer dat daar nog £568 kort was, maar toe die saak van kerkbou op die November-vergadering bespreek is, is met meerderheid van stemme besluit om dadelik met die bouery te begin, terwyl in April vir die tekort weer gekollekteer sou word. Die bestaande kommissie is verder vergroot deur nog agt broeders by te voeg. Die kommissie het ook opdrag gekry om 'n sekere mnr. Theron aan te stel as klerk van werke.

Aangesien die ou gebou verbreek sou moes word, is besluit om 'n afskeidsdiens te hou en by daardie geleentheid is 'n oorsig gegee van die geskiedenis van die ou gebou en die betekenis van die gebou is deur die predikant treffend aangedui. Daarna het nog ander sprekers die woord gevoer en so is afskeid geneem van hierdie gebou wat so 'n sterk band met die verlede was.

Tot sover was die gedagte net om 'n nuwe vleuel by die ou gebou aan te pas, maar blykbaar het die kommissie wat die opdrag moes uitvoer voor onvoorsiene moeilikhede te staan gekom, want op die vergadering van 7 Julie 1912 het die kommissie gerapporteer dat daar nou veranderinge gekom het, want die kommissie het die ou gebou geheel en al afgebreek, die fondament van die nuwe gebou dieper laat maak en die beplande gebou is met 8 voet vergroot. Die kerkraad en die gemeente het hierdie wysiginge aanvaar sodat die kommissie dus kon voortgaan.

Maar die nuwe wending het die boukoste aanmerklik verhoog want die kerkgebou sou nou volgens skatting ongeveer £7000 kos. Die hoeksteen van die nuwe kerkgebou is op 8 Junie 1912 gelê en teen die end van die volgende jaar kon die reëlinge vir die ingebruikname goedgekeur word. By voltooiing van die gebou het dit geblyk dat die totale bedrag wat daaraan bestee was £13,036 is en dat die bedrag wat daarop verskuldig was £7431 is maar daarvan was reeds 'n bedrag van £2729 deur die lidmate belowe sodat die res van die skuld dus £4802 bedra het.



*Kerkgebou Burgersdorp*

Die kerkgebou se ingebruikneming is bepaal vir die 4e Sondag van Oktober 1913 en het op besonder plegtige wyse plaasgevind.

Die volgende jaar het die gedagte van 'n ringmuur om die kerk na vore gekom en in September 1915 is die plan goedgekeur om dit te doen soos dit vandag nog is nl. 'n steenmuur met 'n traliewerk daarop.

Hoewel die kerkgebou 'n groot verbetering was, was daar nog altyd die drukkende skuldelas van die kerk en toe die end van die skulddelging genader het, is die gedagte uitgespreek om 'n dankfees te hou sodra die kerkskuld afbetaal was. Dit het gebeur op 15 Mei 1919 en die dankbaarheid was groot dat die sierlike kerkgebou nou daarvan onthef was.

c. *Die gebruik van Afrikaans in die kerklike lewe:*

Tot sover was Nederlands natuurlik die taal wat gebruik is in die eredienste en al die ander offisiële verrigtinge van die gemeente, maar op die kerkraadsvergadering van 31 Maart 1916 het ouderling Abraham Kruger kennis gegee dat hy op die volgende vergadering sal voorstel om voortaan Afrikaans te gebruik. As gevolg hiervan het die saak ter sprake gekom op die vergadering van 24 Junie 1916 en toe is op voorstel van ouderling Kruger gesekondeer deur ouderling J. J. de Klerk besluit dat al die offisiële stukke van die kerkraad in Afrikaans geskrywe moes word.

Van toe af is die kerkraadnotules en al die briewe ens. in Afrikaans gestel.

Dit wil natuurlik nie sê dat daar van toe af geen Nederlands meer gehoor en gebruik is nie, want die Bybel en formuliere was nog in daardie taal. Hierdie toedrag van sake sou voortduur tot op 27 Augustus 1933 toe die Bybel in Afrikaans dwars deur die land en ook in Burgersdorp in gebruik geneem is. Op die vergadering van die kerkraad van 25 Augustus is die volgende besluit geneem wat van die kansel af voorgelees sou word by geleentheid van die ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel: „Met heilige dank loof ons God in die hemel dat Hy vandag aan ons volk in Suid-Afrika en aan ons gemeente alhier die Bybel in ons eie taal gee".

„Ons eer die manne wat die Here in staat gestel het om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Ons voel dankbaar dat ons volk en ook ons gemeente die nodige middele verskaf het om die groot werk te doen.

En waar ons nou Gods Woord in ons eie taal het, versoek die kerkraad dat elke gemeentelid sy Afrikaanse Bybel daeliks godsdienstig sal gebruik in huisgodsdiens en in die binnekamer en ook getrou sal saambring vir die kerkdienste want u Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad (Ps. 119 : 105)."

Die kerkraad het verder gereël dat broeder Barend Grobler, Koëlfontein, as oudste lidmaat van die gemeente gevra sal word om die Afrikaanse Bybel te oorhandig.

Op dieselfde vergadering is ook besluit om 'n telegram aan die vyf Bybelvertalers te stuur tydens die algemene Bybelfees te Bloemfontein en ook 'n

telegram aan dr. J. D. du Toit as vertaler namens die Geref. Kerk.

Nie baie jare na hierdie heuglike gebeurtenis nie kon ook die Afrikaanse Psalmboek in gebruik geneem word. Die kerkraad het op sy vergadering van 12 November 1937 besluit dat op 12 Desember van daardie jaar die nuwe psalmberyming in gebruik geneem sou word. Op sy vergadering van 11 Desember is toe verder besluit dat broeder Barend Grobler (91 jaar en oudste lidmaat van die gemeente) weer gevra sou word om die Afrikaanse psalmboek aan die leraar te oorhandig net soos hy in 1933 die Afrikaanse Bybel oorhandig het.

d. *Die Spaanse Griep van* 1918:

Net soos byna al die ander gemeentes is ook die gemeente Burgersdorp swaar getref gedurende die maande Oktober en November van 1918 en aangesien die kerkraad van die gemeente 'n buitengewone stap gedoen het om die rou en smart te gedenk en die getroffenes te troos en op te beur met Gods Woord, is dit sekerlik reg dat hierdie stuk 'n plek kry in hierdie historiese oorsig van die gemeente by geleentheid van sy eeufeesviering.

Op sy vergadering van 7 Desember 1918 het die eerwaarde kerkraad die volgende stuk goedgekeur om aan die huisgesinne te stuur wat getref was deur die griep saam met 'n lys van die slagoffers:

Seer geliefde broeder (suster) in ons Here Jesus Christus.

Wie sal die twee maande van die jaar wat nou byna verby is ooit vergeet? Toe is vir die eerste maal in die geskiedenis van ons dierbaar vaderland 'n pestilensie onder ons uitgebreek. Hoewel dit eers ligvaardig genoem en behandel werd as die Spaanse Influensa is daar nietemin sowat 50,000 van die bevolking van die Unie van Suid-Afrika getref. En dit is meestal die keur en bloem van onse geliefde nasie wat also deur die sikkel des doods afgemaai is.

Van onse dierbare gemeente is 28 lidmate aan die gevreesde siekte dood en daaronder is ook u dierbare . . . . . .

Op onse eerste kerkraadsvergadering na die siekte is dit aan die ondergetekendes opgedra om hiermee van harte onse innige deelneming met u te betuig in u swaar verlies. Nog nooit was ons gemeente so swaar beproef nie. Nog nooit het ons so goed verstaan as nou die ernstige waarheid van Gods Woord in Jesaja 5 : 14 „Daarom zal het graf zichzelf wijd oopsperren en zijn mond opendoen zonder maat opdat nederdale hunne heerlijkheid". Dit is om onse sonde dat die dood in die wêreld gekom het, en as God met tye die dood meer mag gee om onder ons te maai, soos ook nou weer met die wêreldoorlog en pestilensie, dan besef ons beter as ooit tevore die heiligheid van God en die verdorwenheid van die mens. Hoe swaar dit nou ook al vir u mag wees om u dierbare . . . . . . te moet mis so is onse bede dat onse Hemelse Vader u in die bittere droefheid tog die genade mog verleen om te verstaan, dat Hy ons met 'n liefdevolle hart kasty. Hy wil ons terugbring

van onse sondes en ons heenlei na sy ewige woning in die nuwe Jerusalem, waarheen ons vertrou dat u dierbare ons voorgegaan het. Laat ons sy Hand kus en aan die hand wandel na die nuwe Jerusalem waar volgens Openbaring 21 : 4 God alle trane van hulle oë sal afwis; en die dood nie meer sal wees nie, nog droefheid en geween en moeite sal wees nie, want die eerste dinge het verbyeggaan . . .

e. *Die kerkorrel:*

Dit mag onnodig lyk om in die historiese oorsig ook te handel oor die orrel van 'n gemeente, maar in hierdie geval is daar tog 'n rede voor, want vir baie jare het die kerkraad nie vrymoedigheid gehad om gebruik te maak van musiekbegeleiding by die eredienste nie.

Dit is egter nie die gedagte om hier 'n breedvoerige beskrywing van die geskiedenis van die saak te gee nie, maar een en ander in hierdie verband sal tog dien om die agtergrond vir die aksie wat tydens die bediening van ds. Postma deurgevoer is, beter te verstaan.

Die eerste keer wat die kerkraad geleentheid gehad het om oor hierdie saak te handel was in 1882 waarvan ons die volgende in die notule lees: 'n Brief van 'n paar lidmate wat 'n belangrike saak behels word behandel en na bespreking is besluit: „Die kerkraad neem met belangstelling kennis van die versoek van die lidmate M. M. Venter, Ch. van Rooy, Ph. Snyman en G. Kruger maar het beswaar om in die teenswoordige omstandighede tot so iets voort te gaan, want hy beskou dat die gebruik van musiekinstrumente by die openbare godsdiens nie 'n „verplichtende" saak is nie en sou dus geen vrymoedigheid hê om dit in te voer teen die gevoele van die gemeente en hy is daarvan bewus dat baie lidmate hulle daarmee beswaard sal gevoel".

Nadat hierdie besluit geneem is, het die saak nog een en ander maal voor die kerkraad gekom maar dit kon geen vordering maak nie. Eers toe dit in September 1924 deur die kerkraad behandel is, is besluit om die ouderlinge te versoek om nou met hulle huisbesoek na te gaan wie van die lidmate daarvoor is en wie daarteen is en meteens ook te vra hoeveel die lidmate sal gee as daartoe oorgegaan sou word, en om dan met die volgende nagmaal verslag te doen. Dit was dus die eerste aksie wat aan die gang gesit is deur die kerkraad self en net op die volgende vergadering waarop die ouderlinge verslag van hulle wyke gedoen het, is die uitslag van hierdie ondersoek bekend gemaak: Daar was 279 lidmate ten gunste van 'n orrel en 42 daarteen en die bedrag wat belowe was ingeval 'n orrel aangeskaf sou word, was £561-3-3. By die lig van hierdie gegewens is die saak weer met die gemeente bespreek en toe is besluit: „Ons is dankbaar vir die geld wat gekollekteer is en die kerkraad laat die som wat nog kort is insamel in aanmerking nemende die wenke wat hier uitgespreek is. Op die eerskomende vergadering moes dan verslag gedoen word. Hierdie verslag is op die vergadering in Desember gelewer en toe het dit geblyk dat £155-10-6 ingesamel is.

KERKRAAD 1925



*Voorste ry: Oudll. A. de Kock, W. J. de Klerk, Josef Coetsee, A. J. Venter, prof. L. J. du Plessis, ds. D. Postma, oudll. D. T. Styger, J. H. van der Walt, F. J. du Plessis.*

*Tweede ry: Diakens G. S. Pelser, F. Coetsee, oudll. A. Kruger, A. van der Walt, J. J. Steenkamp, S. van der Walt, diaken Japie Kruger, oudll. S. van Wyk, H. Kruger.*

*Derde ry: Diakens P. H. Coetsee, G. A. Coetsee, J. Grobler, S. du Plooy, D. G. Styger, F. Venter.*

Hierdie saak moes toe met groot entoesiasme aangepak gewees het want teen die end van Januarie 1925 kon gerapporteer word dat die bedrag byeengebring vir 'n orrel reeds £1253-9-0 bedra. Op dieselfde vergadering kon die eerwaarde voorsitter verklaar dat die pryslyste van verskillende orrels ingekom het en nadat die saak in hierdie lig bespreek was, is besluit om by die gemeente aan te beveel om 'n Engelse orrel teen £1448 te bestel; die ontbrekende gelde te kollekteer en die wat reeds geteken is deur die wykskerkraadslede te laat insamel. By hierdie advies is later nog gevoeg om voor die finale bestelling eers met prof. P. K. de Villiers in korrespondensie te tree om te verneem wat hy adviseer.

Toe die saak deur die gemeentelede bespreek is, is die advies van die kerkraad aanvaar en verder is besluit om dadelik te begin met die insameling van die gelde. 'n Kommissie is ook benoem wat belas is met die uitvoering van die orrel-saak.

KERKRAAD MET BESOEK DR. KUYPER.



*Voorste ry*: *Oudll. A. van der Walt, J. J. Steenkamp, A. J. Venter, dr. Kuyper, ds. D. Postma, oudll. A. de Kock, F. J. du Plessis.*

*Tweede ry*: *Diaken D. Styger, oudll. P. S. Venter, J. J. Henning, J. M. Venter, A. G. Coetsee, J. du Plooy, S. van Wyk, A. Kruger.*

*Derde ry*: *Diakens P. Steenkamp, L. Slebusch, H. C. Kruger, G. S. Pelser, F. Coetsee, Japie Kruger, G. A. Coetsee.*

*Vierde ry*: *F. J. Labuscagne, W. F. Steenkamp, J. J. Kruger, G. Kruger.*

*Heelvoor*: *S. du Plooy (Koster).*

Op die vergadering van 4 April 1925 het die kommissie by monde van die voorsitter die kerkraad meegedeel dat op advies van prof. De Villiers besluit is om 'n Duits-Engelse orrel deur middel van die firma Price & Co., Kaapstad te bestel en dat dit tussen £1300 en £1400 sal kos.

KERKRAAD 1934.



*Voorste ry*: Oudll. A. Coetsee, A. G. Coetsee, G. A. Coetsee, dr. D. Postma, oudll. A. Coetsee, F. J. du Plessis, J. J. Kruger.

*Tweede ry*: Oudll. F. Coetsee, F. Venter, P. S. Schutte, W. J. de Klerk, J. du Plooy, Diakens J. Styger, A. Kruger, oudl. W. van Biljon.

*Derde ry*: Diakens u. B. Coetsee, J. J. Coetsee, D. Cilliers, F. J. H. Labuscagne, H. Steenkamp, A. J. Coetsee, J. V. Coetsee.


*Vierde ry*: Diakens D. J. Aucamp, N. Schoeman, W. F. Henning, A. Coetsee.

*Heelvoor*: A. J. Venter (Kassier). *Heelagter*: A. van Rensburg (Koster).

Teen die end van daardie jaar het die kerkraad reeds die eerste orrelis in die persoon van br. P. Kruger aangestel, en op die kerkraadsvergadering van 27 Maart 1926 is die kommissie benoem wat die ingebruikneming van die orrel moes reël en by daardie geleentheid is verklaar dat daar nog ongeveer £150 kort was op die koopsom van die orrel.

So het 'n saak wat reeds in 1882 vir die eerste keer aangeroer is, tog eindelik sy beslag gekry.

EREGASTE 75 JARIGE FEES 1935.



*Voor:* Di. N. H. van der Walt, D. Postma, prof. dr. J. D. du Toit, ds. A. S. E. Yssel, prof. dr. F. Postma, ds. J. D. Kruger, oudl. G. Kruger (Steynsburg).
*Middel:* Oudl. D. Coetsee (Reddersburg), di. J. P. Jooste, J. J. Lessing, oudl. P. Venter (Venterstad), dr. E. L. J. Venter, di. D. G. Venter, A. L. Aucamp, M. Postma.
*Agter:* Oudll. , ds. D. N. Kotze, oudll. K. D. Aucamp (Venterstad), W. Kruger (Molteno), ds. J. F. du Plooy, oudl. P. Aucamp (Dordrecht).

## f. *Die 75-jarige bestaan van die gemeente feestelik herdenk:*

Nog een groot feesgeleentheid sou onder die leiding van ds. D. Postma plaasvind nl. die 75-jarige bestaan van die gemeente Burgersdorp. Hierdie feesgeleentheid was bepaal vir die dae 25 tot 27 Januarie 1935 en by daardie geleentheid het prof. dr. J. D. du Toit die feesrede gehou oor 1 Kron 12 : 23 „Van Sebulon wat op kommando moet uittrek, toegerus vir oorlog met allerhande krygswapens, vyftigduisend aanmekaar gesluit, en nie met 'n dubbele hart nie". Drie gedagtes het die geagte hoogleraar beklemtoon en toegepas op die geleentheid. Die getalsterkte die aaneensluiting en die eenstemmigheid. So het hy die strydmag wat in die Gereformeerde Kerk gestry het vir die waarheid van God en sy koninkryk daaruit gesien, ook diegene wat in hierdie

gemeente gestaan het. Verskillende predikante van die Gereformeerde Kerk was teenwoordig en het die groete van die verskillende instansies oorgebring. Ook prof. dr. F. Postma het tydens die feesgeleentheid opgetree.

OUDSTE LIDMATE 75 JARIGE FEES 1935.



*Voor: C. Grobler, Hannie Grobler, Martha van Wyk, Annie Nienaber, Berend Grobler. Agter: Magiel Kruger, Piet van Wyk, Tjaart Aucamp, Andries Snyman.*

g. *Die siekte en dood van ds. Postma:*

Teen die end van die jaar 1940 het die gesondheid van ds. Postma ernstig agteruit gegaan, sodat hy op die vergadering van 21 September weens siekte nie teenwoordig kon wees nie en deur die kerkraad ses maande siekteverlof toegestaan is, met die byvoeging dat as dit aan die end van die tydperk mag blyk dat hy nog nie sy werksaamhede kan hervat nie, die kerkraad verder sal besluit. Op die laaste vergadering van die jaar het die kerkraad weer die siektetoestand van ds. Postma bespreek en toe besluit om sy vorige besluit te herroep en aan hom vir 'n onbepaalde tyd verlof toe te ken.

Maar die kerkraad het nie geweet dat die end van sy lewe reeds so naby was nie, want op Sondag 29 Januarie 1941 is hy reeds oorlede.

Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 30 Januarie om die reëlings te tref vir die begrafnis is deur ouderling A. J. Coetsee 'n mosie van deelneming met die dood van die predikant voorgestel en blykens die notule het hy toe die volgende woorde gebesig: „Die oorledene het die gemeente 35 jaar bedien en die kerkraad en gemeente kan nie anders as om dank uit te spreek vir sy leiding wat hy gegee het, vir die dienste en opofferings wat hy gedoen het. Daarom is die bede dat die familie getroos mag word veral as die pastorie eerlang leeg sal staan".

Vir hierdie woorde het ds. M. Postma, seun van die oorledene, namens die familie hartelik bedank.

Toe die eerwaarde kerkraad die reëlings moes tref vir die begrafnis kon ds. M. Postma aan die vergadering die wense van sy vader wat hy vooraf aan hom meegedeel het, aandui en dit is deur die kerkraad so aanvaar.

Alles is tot in die fynste besonderhede deur die kerkraad gereël en dit was beslis nodig, want dit was 'n besonder groot begrafnis aangesien die oorledene so bekend was en die hoë agting geniet het van almal met wie hy in aanraking gekom het.

In die volgende jaar is die gedagte uitgespreek dat die eerwaarde kerkraad die inisiatief moes neem vir die oprigting van 'n grafsteen vir wyle ds. Postma. Hierin is die medewerking van die gesin van die oorledene gevra en dit is met graagte toegesê. Die saak is deur die kerkraad opgedra aan 'n kommissie en die fondse is vir daardie doel ingesamel en op 10 Desember 1943 is die grafsteen onthul deur die oudste seun, ds. M. Postma.

## 6. DIE PERIODE VANAF 1941 TOT VANDAG

### a. *Sendingaksie in kombinasie met Reddersburg:*

Op 26 Julie 1941 is dr. S. J. van der Walt verwelkom as predikant van Burgersdorp en onder sy leiding sou die sendingaksie waarvoor ds. Postma gedurende sy bedieningsjare beywer het, tot volle krag kom.

Tevore het reeds geblyk hoeveel spanning daar in die gemeente Burgersdorp ontstaan het gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu oor die sending. Nadat daardie storm tot bedaring gekom het, het die kerkraad nie sy hande afgetrek van alle sendingwerk nie, maar elke jaar is aan die Algemene Vergadering gerapporteer dat die gevraagde kollektes vir die sending behoorlik afgesonder en weggestuur was. Die gereelde dienste in die gevangenis het ook elke Sondag voortgegaan. Maar tot 'n selfstandige sendingaksie het dit nie gekom nie.

Op sy vergadering van 26 November 1909 het die kerkraad aandag geskenk aan 'n brief van sy eie predikant afkomstig en waarin die betere behartiging van die sendingsaak aanhangig gemaak word. Na bespreking is die volgende besluit geneem: „Die kerkraad is van oortuiging dat die tyd

vir ons gemeente gekom het om meer as tot hiertoe gedaan is, vir die sending te ywer. Aan die ouderlinge word opgedra om met hulle huisbesoek met hulle lidmate hieroor te spreek en aan die diakens word opgedra om vrywillige bydrae daarvoor van hulle lidmate te ontvang, eenmaal per jaar. Die diakens sal verslag doen sodra hulle gereed is daarvoor".

Met hierdie besluit het daar dus 'n kentering gekom in die optrede van die kerkraad in hierdie belangrike saak.

In die volgende jaar het daar 'n versoek vanaf die kerkraad van Pretoria gekom waarin gevra is om saam te werk met die ander gemeentes Reddersburg, Rustenburg, Pretoria, Ptchefstroom deur die Sinode aangewys sodat één van hierdie gemeentes dan 'n missionêre predikant vir Humpata kon beroep. Die kerkraad het egter besluit om eers al die kerkrade van die Kaapkolonie te vra vir hoeveel elkeen per jaar kans sien vir die sending en dan te antwoord op die brief van Pretoria. Terwyl die kerkraad die antwoorde van die ander kerkrade ingewag het, het daar weer 'n versoek vanaf Pretoria gekom waarin die mededeling vervat was dat die plan bestaan om in Soutpansberg 'n stukkie grond te koop vir 'n sendingstasie en nou word gevra of gereken kan word op die £50 waarborg van die Kaapkolonie.

Op dieselfde vergadering waar hierdie brief behandel is, het die diakens ook verslag gedoen van hulle insameling vir die sending en kon hulle verklaar dat £6-13-0 ontvang was. Aan die diakens is opdrag gegee om verder te kollekteer.

Op die volgende vergadering kon die kerkraad aandag skenk aan die antwoorde van die ander kerkrade van die Kaapkolonie. Die meeste antwoorde was gunstig, maar van ds. W. J. Snyman het berig gekom dat hy beslis daarop teë was om met Pretoria saam te werk aangesien hy van mening was dat Burgersdorp vir Humpata moes sorg.

Nadat die saak bespreek is by die lig van die antwoorde, is besluit om met hierdie saak te wag tot die volgende Algemene Vergadering en Pretoria in dien voege te antwoord.

Van daardie planne het egter nie veel tereggekom nie en eers op die vergadering van 5 Junie 1914 lees ons van 'n meer konkrete aksie. Die voorsitter het toe meegedeel dat die lg. Algemene Vergadering besluit het dat die verskillende gemeentes gevra is om elk 'n sekere som vir die sending byeen te bring en langs daardie weg te trag om hierdie saak beter te behartig. Die kerkraad van Burgersdorp is gevra om £11 by te dra. Die kerkraad het daarop besluit dat die gemeente Burgersdorp voorsiening sal maak vir hierdie som en aan die leraar verlof gegee om daarvoor te kollekteer.

Die predikant was kennelik nog nie tevrede met die ywer wat vir die saak aan die dag gelê is nie; daarom het hy in Desember 1916 die eerwaarde kerkraad gevra om toe te staan dat die oefenaar van die sendinggemeente te Venterstad, broeder F. Kruger, op die plase van die lidmate van Burgersdorp

dienste mag kom hou. Hierdie versoek is toegestaan en dit het sekerlik gebeur, want aan die Algemene Vergadering is dit so gerapporteer.

In 1928 het die kerkraad weer op versoek van ds. Postma 'n uitnodiging gerig aan ds. Hugo du Plessis wat toe as missionêre predikant van Pretoria in die Noordelike gedeelte van Transvaal gearbei het, om Burgersdorp te besoek en die gemeente toe te spreek in verband met die sendingwerk aldaar. Dit het gebeur en die besoek van ds. Du Plessis het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die ywer vir die sending toegeneem het.

Teen die end van 1937 het die Sinodale sendingdeputate ernstige aandag geskenk aan nog 'n sendingstasie in Noordelike Transvaal en op die kerkraadsvergadering van 11 Desember het daar 'n brief gedien van die deputaatskap waarin gevra is dat die Kaapkolonie se gemeentes in samewerking met dié van die Vrystaat sal werk om uitbreiding te gee aan ons sendingwerk in Transvaal. Die kerkraad het hieroor besluit dat die ouderlinge met hulle huisbesoek hierdie saak met die lidmate moes bespreek en volgende vergadering verslag doen.

Wat die resultaat van hierdie ondersoek presies was staan nie met soveel woorde genotuleer nie, maar op sy vergadering van 12 Februarie 1938 is besluit om hierdie versoek van die Sinodale deputaatskap te verwys na die eerwaarde Oostelike Klassis wat op 3 Maart sou vergader.

Hierdie saak het egter nie vlot gevorder nie, want op die Sinode van 1939 kon die Sinodale sendingdeputate dienaangaande niks rapporteer nie en eers op die volgende Sinode in 1942 het die rapport hieroor besonderhede bevat. Dit kon ook veroorsaak gewees het deur die swak gesondheid van ds. Postma want juis in daardie tyd was hy vir 'n geruime tyd weg met siekteverlof.

Na die dood van ds. Postma het hierdie sendingaksie vaster vorm begin aanneem want op die vergadering van 25 April 1941 het die kerkraad 'n brief behandel waarin die versoek vervat is om verteenwoordigers te stuur na 'n konferensie te Reddersburg waar die moontlikheid van 'n kombinasie tussen die twee kerkrade met die oog op 'n beroep bespreek sou word. Die kerkraad het broeders A. J. Henning en J. F. Venter daarheen afgevaardig. En op die vergadering van 14 Junie het hierdie broeders rapport gedoen. Die doel van die konferensie was die daarstelling van 'n nuwe sendingveld en van Burgersdorp en Reddersburg is gevra om te kombineer om 'n missionêre leraar te beroep en na daardie sendingveld te stuur; hierdie twee gemeentes sal dan 'n vasgestelde bedrag bydra en bygestaan word deur die ander gemeentes. Burgersdorp is verder gevra om deputate te stuur om die sendingterrein te gaan besigtig. Na bespreking is besluit om 'n verteenwoordiger te stuur en die saak as sodanig op 'n byeenkoms van die gemeente te laat bespreek.

Op dieselfde vergadering waarop dr. S. J. van der Walt as predikant verwelkom is, het broeder A. Henning wat as verteenwoordiger die konferensie in Pretoria bygewoon het, 'n brief van Reddersburg voorgelees in verband met die sending in Noord-Transvaal en ook verslag gegee van die verrigtinge in Pretoria. Die hele aangeleentheid sou egter op 'n openbare kerkraadsvergadering bespreek word. Verder is ouderling J. F. Venter gekies om as verteenwoordiger na Noord-Transvaal te gaan as besluit sou word om met hierdie saak voort te gaan.

Nadat die saak op die openbare kerkraadsvergadering breedvoerig bespreek is, is besluit om met die saak te wag tot die Partikuliere Sinode, en as daar 'n afgevaardigde gaan na Noord-Transvaal moet hy sy eie onkoste betaal.

Dit skyn of twee broeders tog na Transvaal gegaan het, want op die vergadering van 20 September 1941 het broeders J. F. Venter en P. Kruger verslag gedoen aan die kerkraad: Die sendende kerkraad is net verantwoordelik vir die bedrag wat onderneem is en as hy deputate na die sendingveld stuur, moet hulle koste betaal word. Die bedrag wat Burgersdorp dan jaarliks sal moet bydra sal dié wat nou reeds betaal word, insluit. Hierdie verslag is met dank aanvaar. Maar die saak as sodanig sou op 'n openbare kerkraadsvergadering bespreek word en dit het tydens die nagmaal van 24 Oktober 1941 gebeur.

By die geleentheid is die hele plan uiteengesit nl. dat Burgersdorp en Reddersburg in kombinasie 'n missionêre leraar sal beroep en na die sendingveld stuur; dat Burgersdorp verantwoordelik sal wees vir £40 per jaar. Nadat die saak rypelik bespreek is, het daar twee voorstelle ingekom: (1) Dat Burgersdorp se gemeente se plig en roeping in die eerste plek is om hulle eie huis reg en skoon te maak en eers hulle skuld te betaal voordat hulle instaan vir £40 vir die beroep van 'n sendingleraar en (2) dat die gemeente instaan vir die £40 van 'n sendingleraar. Vir die eerste voorstel het 24 gestem en vir die tweede 9.

Die advies van die gemeente aan die kerkraad was dus afwysend en daarmee sou die hele saak dus blykbaar van die tafel gewees het as dit nie was dat daar Sondagaand weer 'n spesiale byeenkoms van die kerkraad plaasgevind het waarop meegedeel is dat 'n paar broeders ingewillig het om die bedrag van £40 jaarliks aan die kerkraad te verskaf sodat die saak sy voortgang kan hê nie. Die kerkraad het hierdie aanbod bespreek en besluit: „Die kerkraad van Burgersdorp het met dankbaarheid 'n vriendelike aanbod ontvang van sekere sendingvriende in ons gemeente wat die £40 vir die nuwe sendingskema waarborg vir vyf jaar. Die kerkraad het dus besluit om die skema te aanvaar en 'n sendeling te stuur na die nuwe sendingveld". Slegs een broeder het versoek om aan te teken dat hy teen hierdie voorstel gestem het.

Met hierdie besluit was die saak van 'n kombinasie tussen Reddersburg en Burgersdorp dus 'n voldonge feit en nadat die stukke in orde gebring is, is proponent J. F. Erasmus beroep. Hy het die beroep aangeneem en op die



*Ds. J. F. Erasmus. Die gemeentes Burgersdorp en Reddersburg met hulp van die Part. Sinodes Kaapland en O.V.S. het die sendingarbeid op De Hoop aanvanklik vir hulle rekening geneem. Op 25 April 1942 is ds. J. F. Erasmus as sendingleraar deur ds. A. S. E. Yssel van Reddersburg op Burgersdorp bevestig. Na ietwat meer as 4 jaar geseënde arbeid op De Hoop is ds. Erasmus skielik oorlede as gevolg van 'n geweerongeluk.*

vergadering van 27 Maart 1942 is besluit om 'n Sendingkommissie te benoem wat namens die eerwaarde kerkraad aandag kon skenk aan sendingsake en saam te werk met die sendingkommissie van Reddersburg met die twee leraars van die gemeentes as dagbestuur en verder is 'n reëlingskommissie benoem vir die ontvangs van proponent Erasmus.

Hy is op 25 April 1942 te Burgersdorp in die amp bevestig deur ds. A. S. E. Yssel van Reddersburg en sou later op Reddersburg verwelkom word.

Daarmee het die sendingaksie waarvoor wyle ds. Postma so geywer het eindelik sy vaste loop verkry en van nou af sou die kerkraad gereelde rapporte van die sendingwerk kon behandel.

Ds. Erasmus moes met behulp van sy sendingkommissies en in oorleg met die deputate van die kerkverband 'n nuwe sendingstasie uit die grond uit opbou en dit spreek vanself dat daar baie probleme was wat opgelos moes word. Gaandeweg het onder sy leiding die aksie te De Hoop egter gevorder en net toe dit geskyn het dat die vrugte van harde arbeid gesmaak sou kan word, is die jonge broeder op tragiese wyse verongeluk op 27 Junie 1946 sodat die sendende kerkrade dus met magteloosheid geslaan was. Aangesien daar nie ander broeders was wat beroep kon word as missionêre predikante nie, kon die kombinasie die vakante plek nie vul nie en sou die saak van die kombinasie dus later weer van vooraf aangepak moes word. Dit het in 1948 gebeur toe die kerkraad aandag moes skenk aan 'n voorstel van die sendingkommissie van Reddersburg op sy vergadering van 17 Sept. Daardie voorstel

was eintlik 'n antwoord op 'n besluit van die kerkraad van Burgersdorp wat op 6 Augustus 1948 geneem is. Dit blyk dat daar op die kerkraadsvergadering van 11 Junie 1948 'n versoek was van die kerkraad van Reddersburg om weer in kombinasie 'n beroep uit te bring. Hierdie saak is in opdrag van die kerkraad deur 'n kommissie nagegaan en rapport van die kommissie was van die volgende inhoud: „Die kerkraad spreek sy dank uit teenoor die lidmate wat in die afgelope jare die sendingsaak so getrou finansieel en moreel gedien het. Aangesien egter die ideaal gekoester word om in die nabye toekoms nog twee sendingleraars te plaas, is dit seker wenslik dat nou al sal begin word en voorbereidend gewerk word, sodat die Kaapkolonie, wanneer moontlik, 'n sendingleraar op eie rekening kan neem, daarom is dit nie wenslik dat Burgersdorp en Reddersburg op hierdie tydstip weer sal kombineer as sendende gemeentes nie en ook omdat die moontlikheid bestaan dat deur die O.V.S. wel ander gemeentes gevind sal kan word om met Reddersburg te kombineer". Toe hierdie rapport behandel is, is besluit om Reddersburg te vra om so 'n kombinasie met 'n O.V.S.-gemeente te oorweeg en te ondersoek en indien moontlik aan te gaan.

Dit is in antwoord op hierdie besluit van die kerkraad van Burgersdorp dat die sendingkommissie van Reddersburg sy voorstel gedoen het wat soos volg lui: „Gesien die feit dat dit vir Kaapland en O.V.S. prakties onmoontlik is om elkeen 'n sendingleraar te onderhou en dit dus noodsaaklik is dat hierdie twee Partikuliere Sinodes moet saamwerk en die band lewendig gehou moet word, vra die vergadering die eerwaarde kerkraad van Burgersdorp vriendelik en dringend om weer saam met Reddersburg as sendende gemeente op te tree op dieselfde voorwaardes as voorheen. Verder word die verskillende Partikuliere Sinodes gevra om deur middel van hulle deputate hul heelhartige finansiële en morele steun hieraan te gee". Dit is hierdie versoek wat die kerkraad op sy vergadering van 17 September 1948 oorweeg het en toe is besluit om in beginsel weer in kombinasie met Reddersburg te gaan as sendende gemeente, maar voor finale bekragtiging daarvan geskied sal dit op 'n openbare kerkraadsvergadering met die gemeente bespreek word die eerste naweek in November. Op die bepaalde datum is die saak bespreek en nadat die voorsitter die saak verduidelik het en aangedui het dat proponent H. A. Louw hopelik aan die end van die jaar as sendingleraar beroepbaar sal wees en verder dat die kerkraad reeds in beginsel besluit het om weer die kombinasie aan te gaan as student Louw sy studies voltooi het om oor te gaan tot 'n beroep. Hierdie gedagte van die kerkraad het die goedkeuring van die gemeente weggedra en aan die end van daardie jaar is proponent Louw beroep en nadat hy bevestig is in die amp is hy na De Hoop om die sendingwerk aldaar voort te sit.

In 1951 het ds. Louw die beroep aanvaar as missionêre leraar op Siloam nadat hy in Reddersburg in die amp bevestig is deur ds. A. L. Aucamp van



*Op 27 Februarie 1949 word prop. H. A. Louw deur ds. A. L. Aucamp van Burgersdorp op Reddersberg bevestig as missionêre leraar van De Hoop. Hier het hy gearbei tot 1951, toe hy na Siloam vertrek het waar hy gedien het tot 1956.*

Burgersdorp en daarna in Burgersdorp feestelik verwelkom is. Met die vertrek van ds. Louw was die sendingstasie De Hoop weer sonder 'n blanke werkkrag en het die vraag as 't ware vanself ontstaan wat die posisie van die kombinasie nou was aangesien daar nie 'n broeder beskikbaar was om daarheen te stuur nie. Hierdie posisie is bespreek op 'n vergadering van sendingkommissies te Springfontein met die gevolg dat die sendingkommissie van Burgersdorp aan die kerkraad gerapporteer het:

a. Dat ons bydrae voortgaan tot en met die sitting van die eerw. Algemene Sinode;

b. dat ons inwillig op die advies van die vergadering van Springfontein om intussen 'n blanke hulp op De Hoop te kry op die uitdruklike voorwaarde dat ons nie nou langer gebind word as tot en met die Algemene Sinode nie en

c. dat die interpretasie is dat ons as sendende gemeente in kombinasie met Reddersburg of enige ander gemeente vir die doel 'n kombinasie aangegaan het.

Die kerkraad het hierdie rapport van die kommissie goedgekeur. Intussen het die Sinodale Deputate op versoek die volgende beskrywingspunt na die Algemene Sinode gestuur: „Wat is die posisie van 'n sendende gemeente of kombinasie van gemeentes by die ontstaan van 'n vakature en in die tyd wat daardie vakature nog nie opgevul kan word nie. Bly die kombinasie voortbestaan? Behou die sendende gemeente sy pligte en regte?"

Die Sinode het hierop geantwoord deur te verwys na art. 9 van die Sendingorde waaruit dit vanself spreek dat 'n kombinasie van sendende

gemeentes slegs ontbind kan word na goedkeuring van die sendingdeputate van die Partikuliere en Generale Sinodes.

Hierdie sinodebesluit is onder die aandag van die kerkraad gebring deur die deputaat van die Partikuliere Sinode van Kaapland met die versoek daarby dat die sendende gemeentes Reddersburg en Burgersdorp 'n oefenaar moes benoem indien 'n leraar nie gevind kon word nie. Na die bespreking van die saak is besluit „om weer in kombinasie met Reddersburg te gaan as 'n sendende gemeente; verder om met Reddersburg te onderhandel om 'n oefenaar te probeer vind in ooreenstemming met art. 8 S.O. en dat die volgende sendingkommissie benoem word . . ."


b. *Die oprigting van 'n Tehuis vir oues van dae:*

Dit is nie die gedagte om die geskiedenis van die oprigting van die Tehuis vir oues van dae hier volledig te beskrywe nie, maar slegs om die aandeel wat die kerkraad en gemeente van Burgersdorp daarin gehad het nader aan te dui.

Op die vergadering van die kerkraad gehou 20 September 1941 is hierdie saak voorgebring deur broeder H. J. du Plessis wat die voorgenome plan



*Hendrik Jacob du Plessis — 'n persoon wat hom van die begin af beywer het in belang van die Oue tehuis. Hy het georganiseer en dien van die begin af op die komitee. Tans is hy huisvader van die Inrigting.*



*Die huidige Dirk Postma Oue tehuis*



*Inwoners en personeel van die Dirk Postma Oue tehuis Burgersdorp. Foto geneem in* 1958.

uiteengesit het en ook meegedeel het dat die diakonie besluit het om die saak met 'n £300 te steun. Na bespreking is besluit om hierdie saak deur te loods tot by die Algemene Sinode.

Nadat die Sinode van 1942 die saak goedgekeur het en die diakonieë opgewek het om dit aan te pak het die kerkraad weer op 5 Junie 1942 daarmee te doen gekry. 'n Omsendbrief wat aan al die kerkrade van die kerkverband gerig is en waarin hulle gevra is om kollektes vir die saak af te sonder, is ook deur die kerkraad behandel en weer deur broeder H. J. du Plessis toegelig. Hy het by daardie geleentheid die mededeling gedoen dat die Munisipaliteit

van Burgersdorp besluit het om 4 of 5 morge grond vir die doel te skenk. Na bespreking is besluit om die gevraagde kollekte af te sonder en dat die skriba van die kerkraad 'n brief aan die Munisipaliteit sou rig om die dank van die vergadering oor te dra. Die saak is ook verder gevoer toe dit op 'n openbare kerkraadsvergadering uiteengesit is en daardeur die belangstelling opgewek is.

Op 1 November 1942 kon die Tehuis te Burgersdorp geopen word en tot vandag dien die stigting 'n besondere doel in die kerklike lewe.

c. *Roosterhoek.*

Die naam Roosterhoek het reeds te vore in hierdie oorsig ons aandag geniet want dit was die plek waar in Januarie 1860 die gemeente Burgersdorp gestig is. Nou word dit egter uit 'n ander hoek benader, hoewel nie heeltemal los van die voorafgaande nie.

Op die vergadering van die kerkraad van 11 Junie 1948 het 'n brief gedien van broeder J. V. Coetsee van Potchefstroom waarin hy die aandag van die kerkraad gevestig het op 'n geskiedkundige stukkie murasie op die plaas Roosterhoek en verder gevra het of die kerkraad nie met die kerkraad van Venterstad kan skakel om die stukkie grond op die plaas vir ons kerk in die hande te kry nie.

Die kerkraad het die brief oorweeg en besluit om 'n kommissie te benoem om die saak te ondersoek. Op 6 Augustus 1948 het hierdie kommissie sy bevinding bekend gemaak en nadat dit bespreek is, is besluit: „Omdat gevrees word dat die eienaar van die plaas die opsie op 'n stukkie grond 25 by 25 tree teen £50 kan terugtrek word besluit om in beginsel te aanvaar dat die stukkie grond gekoop sal word indien die kerkraad van Venterstad inwillig sodat dit gesamentlik deur die twee kerkrade geskied".

Die eerwaarde kerkraad het ook besluit om by wyse van 'n beskrywingspunt die Partikuliere Sinode van Kaapland te vra om die grond aan te koop en te besluit om daar 'n gedenkteken of enigiets wat gepas sou wees te plaas. Aan dieselfde kommissie is dit opgedra om verder hierin te onderhandel.

Van die kerkraad van Venterstad is verneem dat dit akkoord gaan met die gedagte van die beskrywingspunt aan die Partikuliere Sinode sonder om sigself te bind tot aankoop van genoemde grond.

In dieselfde jaar kon die kerkraad nog aandag skenk aan die besluit van die eerwaarde Partikuliere Sinode oor hierdie saak, want blykens die notule van die vergadering van 5 November het die voorsitter, ds. A. L. Aucamp wat in Maart van daardie jaar dr. S. J. van der Walt opgevolg het, die besluit van die Partikuliere Sinode aan die vergadering meegedeel nl. dat die saak terug verwys is na die kerkraad van Burgersdorp om daarin te handel. Die redes hiervoor is:

1. Dat as in die algemeen gedink word aan die stigtingsplek van ons kerk in die Kaapkolonie, nie aan Roosterhoek gedink word nie, maar aan Burgersdorp en
2. dat die terrein weg van die groot paaie geleë is en van die oorspronklike dinge daar nie veel meer oor is nie.

Daarmee was die hele aangeleentheid blykbaar van die tafel af, want in die notules vind ons verder niks daarvan nie, totdat die saak 'n ander wending geneem het in 1950.

Op die vergadering van 16 September 1950 het die eerwaarde voorsitter aan die kerkraad meegedeel dat broeder Japie Venter die plaas Roosterhoek

KERKRAAD 1956.



*Voor: Diakens R. du Plessis, W. F. Venter, D. P. de Klerk, J. Venter.*
*Tweede ry: Oudll. A. J. Henning, W. van Biljon, P. S. Venter, ds. A. L. Aucamp, oudll. J. J. Henning, J. V. Coetsee, J. D. Aucamp, H. J. J. Coetsee.*
*Derde ry: Oudll. J. A. Coetsee, F. D. Coetsee, J. J. Coetsee, A. V. Kruger, H. M. Henning, C. A. Labuscagne, J. Kruger, brs. A. H. Coetsee (skriba-kassier), A. J. Kruger (koster).*
*Vierde ry: Diakens H. J. J. Coetsee, W. de Kock, C. Kruger, B. Venter, A. G. Coetsee, J. H. Steenkamp, B. S. Coetsee, T. P. Labuscagne.*

gekoop het en dat hy goedgunstiglik die gedenkwaardige stukkie grond aan die kerkrade van Burgersdorp en Venterstad geskenk het. Hierop is besluit: Die kerkraad is van gevoele dat die geskiedkundige stukkie grond met die ou murasie op Roosterhoek waar ons gemeente in die jaar 1860 gestig is,

PREDIKANTE EN EREGASTE GEBIEDSFEES 1959



*Voor: Di. M. Postma, A. L. Aucamp, J. C. van der Walt, proff. W. J. Snyman, J. P. Jooste, dr. G. C. P. van der Vyver.*
*Agter: Di. A. J. du Plessis, H. S. Pelser, W. J. J. du Plessis, L. J. Botha, L. J. Buys, P. B. de Klerk, A. Z. Pelser.*

vir die gemeente 'n saak van groot betekenis is, 'n waardevolle skakel met die verlede en spreek sy dankbaarheid uit teenoor br. Japie Venter vir die aanbod. Verder is besluit dat met die oog hierop om verder met die saak te werk 'n kommissie aangewys moet word en as kommissie word aangewys ds. A. L. Aucamp, ouderlinge H. J. J. Coetsee en J. D. Aucamp in samewerking met die kerkraad van Venterstad. Hierdie kommissie het voortgegaan met sy werksaamhede en op die vergadering van 23 Sept. 1955 is gerapporteer deur

die voorsitter dat broeder J. M. Venter driekwart morg by die stigtingsplek van die gemeente aan die gemeentes Burgersdorp en Venterstad geskenk het; hierdie stukkie grond is nou behoorlik geregistreer op die name van die kerkrade en toegemaak met draad en dat Burgersdorp se deel van die koste £33.11.7 bedra.

Hierdie rapport van die kommissie is met dank aanvaar en opdrag is gegee om die bedrag uit te betaal.

Die saak van 'n monument staan oor.

So het ook hierdie belangrike saak vir die gemeente Burgersdorp 'n gelukkige einde bereik en sal die naam Roosterhoek dus nie verlore raak uit die geskiedenis van die gemeente nie.

Sedert 1955 het die J.V.'s van Burgersdorp, Venterstad, Aliwal-Noord, Bethulie, Steynsburg, Molteno en ook soms van Middelburg, Queenstown en Barkly-Oos elke jaar op Roosterhoek saamgekom. Behalwe môregodsdiens en 'n toespraak was daar sang en voordrag. Na die samekoms is gewoonlik die middagmaal in die ou tuin geniet, waar die jongmense dan gesellig verkeer. So het die jeug van ons kerk mekaar op die ou historiese plaas ontmoet en die erwe van die vaders betree.

In Oktober 1958, tydens die Gebiedsfees op Burgersdorp is ook 'n besoek aan Roosterhoek gebring. By die geleentheid was prof. dr. J. P. Jooste die hoofspreker.

Op besluit van die kerkrade van Burgersdorp en Venterstad is 'n monument deur die twee gemeentes op die terrein waar ons kerk gestig is opgerig. Hierdie monument is in die vorm van 'n kerkie op 'n rots met die bewoording:

„Dank aan God en eer,
Na sy woord terug
in suiwerheid in leer,
diens en tug.

Gereformeerde Gemeente Burgersdorp gestig 21 Januarie 1860
deur ds. D. Postma.

Dankbare hulde deur Burgersdorp en Venterstad 23 Jan. 1960.
Laat, Here, in die plek van die vaders die kinders wees. — Ps. 45 : 17."

Die volgende program is op Saterdag 23 Jan. 1960 as deel van die Eeufeesprogram van Burgersdorp-gemeente daar afgehandel:

9 vm. A. By woonhuis van br. Japie Venter:

Voorsitter ds. W. J. J. du Plessis.

a. Verwelkoming.
b. Oggendgodsdiens deur ds. M. Postma.
c. Toespraak deur dr. B. R. Kruger.
d. Kollekte vir kostes van monument.

B. By Monument.

a. Psalmvers.

b. Onthulling van Monument deur ds. A. L. Aucamp.
c. Koorsang Ps. 42.
d. Kort woord namens Part. Sinode Kaapland en gemeentes afgestig van Burgersdorp deur ds. Jacs van Rooy.
e. Bedankings en afsluiting deur ds. W. J. J. du Plessis.

Die kostes vir die oprigting van hierdie monument het die som van £203 beloop. Elke gemeente moes £101.10.0 bydra. Die gedeelte van Burgersdorp is ingesamel deur die J.V. op G.G. So het die jongmense van Burgersdorp hulle naam verbind aan die monument op Roosterhoek, die kerkie op 'n rots, enig van sy soort as monument in ons land. Ook daarop staan die sinspreuk ingegrafeer:

Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

## 7. DIE FUNKSIONERING VAN DIE BESONDERE AMPTE GEDURENDE DIE EEU.

a. *Waarom kom hierdie saak nou eers aan die orde?*

Ons het reeds die belangrikste gebeurtenisse gedurende die bestaan van die gemeente Burgersdorp gedurende die afgelope honderd jaar nagegaan en tot sover nog geen woord gespreek oor die besondere werk wat deur die afsonderlike ampte verrig is nie en dit terwyl dit tog die eintlike werk van 'n kerk is. Natuurlik kon hierdie deel ook voorop gegaan het, maar die gedagte was juis om dit te besien teen die agtergrond van alles wat tot sover behandel is.

As ons kom by die werk wat deur die besondere ampte verrig is, het ons inderdaad genader tot by die kerkwerk van die kerk op aarde. Die gemeente Burgersdorp is in 1860 gestig met die besondere doel nl. om die geestelike versorging van die lidmate moontlik te maak. Daardie geestelike versorging is die besondere voorwerp van die ampte van predikant, ouderling en diaken. Deur dit só te behandel het ons dus met hierdie deel gekom tot die hoogtepunt van die eeulange bestaan van die gemeente. Dit is verder die besondere toets van die getrouheid van die diensknegte wat God op aarde gebruik vir sy diens. As hulle slegs ywer vir die soort dinge wat deur die groot publiek raakgesien word en nie getrou is in daardie werk waarvan die groot publiek heel weinig weet en begryp nie, kan hulle die toets van hulle Meester en Sender nie deurstaan nie. In hierdie deel is dit dus die plan om 'n oorsig te bied van die kernbestaan van die gemeente.

b. *Die afsonderlike ampte in funksie.*

1) *Die amp van predikant.*

Nie omdat die amp van predikant hoër staan gaan dit hier voorop nie, maar omdat dit die belangrike skakel is waardeur die gemeente in sy bestaan

verbind is met die ander gemeentes van dieselfde kerkverband. Daar is wel ook die verbinding deur middel van die ouderlinge op die Meerdere vergaderings, maar hier geld dit veral die verkondiging van die Evangelie van die Kruis en die opdrag van die Here Jesus: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". (Matth. 28 : 19).

Burgersdorp is een van daardie gemeentes van ons kerkverband wat ten opsigte van 'n eie predikant besonder bevoorreg was, want afgesien van die eerste ses jaar van die bestaan van die gemeente toe geen predikant vanuit Nederland verkry kon word nie, was die gemeente byna altyd voorsien van 'n eie herder en leraar en vir 'n tyd lank selfs met twee.

In die versorging van hierdie predikante het die kerkraad en gemeente hulle eer gestel, want gedurig lees ons in die notules dat gehandel is oor die stoflike onderhoud van die predikant. In die woord traktement wat gebruik word vir die voorsiening van die stoflike bestaan van die predikant, lê die gedagte opgesluit dat die predikant nie 'n gehuurde kneg is wat teen 'n vaste salaris werk nie, maar dat hy as dienskneg van die Here en Koning Wie se werk hy doen, deur die gemeente getrakteer word. Hierdie gedagte kom in die gemeente Burgersdorp tot sy volle reg, want afgesien van die moontlikheid van lewensmiddels is ook gedurig aandag geskenk aan 'n behoorlike woning wat in 'n goeie staat van bewoning gehou is. Van tyd tot tyd moes die kerkraad aandag skenk aan die reparasie van die pastorie en dit is altyd ter hand geneem.

Gedurende al die jare het die verkondiging van die Woord vanaf die kansel nie geswyg nie. Daar kom in die notules nie 'n enkele geval voor waar die kerkraad die predikant moes betig van nalatigheid ten opsigte van die verkondiging van die Woord nie. Verder was Burgersdorp bevoorreg om vir baie jare die Teologiese Skool in sy midde te hê, sodat die kere as die predikant afwesig moes wees om op ander plekke op te tree, die professore of die studente die Woord kon verkondig.

Vanaf 1869 tot 1875 het die gemeente twee predikante gehad en dit is opmerklik hoe die dienswerk tussen die twee gereël is: Op die kerkraadsvergadering van 30 Oktober 1869 is hierdie saak breedvoerig soos volg genotuleer:

a. Die Sondag voor- en namiddag-predikasies sal deur die beide leraars om die beurt waargeneem word.
b. Saterdagse katkisasies sal onder die sorg van ds. Cachet staan.
c. Die Bybeloefening op Sondae sal onder die leiding van ds. Postma wees.
d. Ds. Cachet onderneem om die troudienste waar te neem Sondags.
e. Beide leraars sal om die beurt praesideer by die kerkregering.

f. Op voorstel van ds. Postma word deur almal, één uitgesonderd, goedgekeur en besluit dat die gemeente sowat in tweeë verdeel sal word, sodat die leraars des te beter om die beurt in hulle herderlike betrekking kan werk. Dit is nou besluit om die verdeling op die halfjaar te maak.

g. Op voorstel van die praeses word besluit dat die beide leraars om die beurt na die Algemene Vergadering sal gaan en dat die andere by verhindering van hom wie se beurt dit is, as sekunde sal opvolg.

h. Tewens dat in die reël die leraar wat die voorbereidingspreek nie lewer nie, die ondersoek by die ‚aanneming' sal betrag. (Maar dat albei die ‚aanneming' sal bywoon).

i. Met betrekking tot die konsulentskap, laat die kerkraad die oorleg geheel en al aan die leraars oor, maar verlang dat hulle albei dit ook soveel as wenslik is sal reël.

Die notules vermeld ook geen botsings van pligte tussen die leraars gedurende hierdie tyd nie.

Van die begin af het die kerkraad van Burgersdorp 'n besondere houding ingeneem ten opsigte van die kerkverband, want in die notules kom dit gedurig voor dat die predikant uitgevra word om op een of ander plek te gaan help, en die kerkraad het maar altyd verlof verleen. In die beginjare was daar feitlik geen keuse nie aangesien die predikante min was, maar ook later toe die gemeentes beter voorsien was van predikante, het hierdie houding voortgeduur.

Omdat Burgersdorp die moedergemeente in die Kaapkolonie was, het daar 'n hele aantal gemeentes daaruit gespruit. Maar afgesien van diegene wat in die onmiddellike nabyheid geleë was, was daar ook ander wat as gevolg van die bearbeiding van die predikant of predikante tot stand gekom het.

Om daarvan 'n indruk te kan kry, word hierdie gemeentegroep hier kortliks opgesom:

1. *Aliwal-Noord*: Hierdie gemeente het in 1864 tot stand gekom, dus nog voordat Burgersdorp sy eie predikant gehad het. Die rede waarom dit in hierdie lys opgesluit word, is omdat die oorspronklike lidmate van Aliwal-Noord ongetwyfeld merendeel eers lidmate van Burgersdorp was. Origens val Aliwal-Noord eintlik onder die kategorie van Middelburg en Colesberg wat naas Burgersdorp as selfstandige gemeentes tot stand gekom het.

2. *Dordrecht*: Op die kerkraadsvergadering van 1 Oktober 1868 het daar 'n versoek ingekom van die broeders wat in Dordrecht woon om aldaar as 'n afsonderlike gemeente gestig te word. Die kerkraad het toe besluit om eers 'n kommissie daarheen te stuur om ter plaatse ondersoek in te stel gedurende die maand November. Hierdie kommissie het op die vergadering van 24 Desember 1868 rapport gedoen en uit die bevinding het dit geblyk

dat daar slegs 10 van die 140 lidmate was wat om ander redes vereers by Burgersdorp wou bly, maar met volle vrymoedigheid word aanbeveel dat die versoek van daardie deel van die gemeente om selfstandig te word aanbeveel. Die hele kerkraad het daarop ten gunste van die afstigting gestem.

3. *Steynsburg*: Volgens die notule het ouderling A. P. J. Steyn in Augustus 1872 aan die kerkraad meegedeel dat hy 'n plaas gekoop het tussen Burgersdorp en Middelburg met die oog op die stigting van 'n nuwe dorp; daarom het hy die kerkraad versoek om 'n kommissie te benoem om die lyn tussen Burgersdorp en die nuwe dorp te bepaal. 'n Dergelike versoek is blykbaar aan Middelburg ook gerig, want die kommissie van Burgersdorp en dié van Middelburg het mekaar ontmoet om te spreek oor die wenslikheid om 'n nuwe gemeente te stig van die lidmate van die twee gemeentes wat nou in die buurt van die nuwe dorp sou woon. Die resultaat van hierdie samespreking was dat op 8 Desember 1873 'n nuwe gemeente op die dorp Steynsburg gestig is.

4. *Ventersburg later Venterstad*: In 1874 het die kerkraad van Burgersdorp 'n versoekskrif van 'n aantal lidmate behandel wat gevra het dat die kerkraad die stigting van 'n nuwe dorp te Karreefontein moes ondersteun. Die kerkraad het blykbaar nie kans gesien om so kort na Steynsburg alweer 'n groep lidmate te verloor nie en het gevolglik nie direk sy medewerking geskenk nie. 'n Paar jaar later is die kerkraad egter in kennis gestel dat 'n nuwe dorp aldaar gestig is en dat 'n aantal erwe al verkoop is en dat die komitee besluit het om 7 erwe te skenk aan die Gereformeerde Kerk vir 'n pastorie en 'n kerkgebou en verder is die hoop uitgespreek dat daar spoedig 'n gemeente gestig sou word. Toe sake reeds sover gevorder het, kon die kerkraad dit nie meer keer nie en toe die lidmate in daardie buurt ook om afstigting gevra het, het die kerkraad daartoe besluit sodat die nuwe gemeente van Ventersburg 26 Junie 1875 gestig is.

5. *Sterkstroom*: Die ontstaan van hierdie gemeente het heeltemal anders verloop as die twee voorafgaande. Op die kerkraadsvergadering van 19 Februarie 1883 is 'n brief gelees van J. C. Coetsee uit hierdie geweste, waarin gevra is om by die Gereformeerde Kerk aan te sluit aangesien 'n aantal lidmate bedank het uit die Nederduits Gereformeerde kerk aldaar. Die kerkraad het besluit om in Sterkstroom 'n godsdiensoefening te bepaal en vir daardie doel sy predikant, ds. M. P. A. Coetsee (jnr.), saam met twe ouderlinge daarheen te stuur. Die kommissie moes dan die persone ontmoet en ondersoek instel na die omstandighede. Hierdie kommissie het op 30 Maart 1883 rapport gedoen van sy werksaamhede en toe 'n versoek van dertien persone ingedien wat begerig was om as lidmate van Burgersdorp opgeneem te word. Die persone is blykbaar opgeneem, hoewel dit nie met soveel woorde in die notule staan nie, maar die kerkraad het besluit om op 19 April a.s. weer aldaar diens te laat hou en wel op die plaas van br. J. C. Coetsee. Na hierdie

diensbeurt het die kerkraad weer op sy vergadering van 1 Junie 'n brief van br. J. C. Coetsee behandel en die versoek daarin vervat nl. dat daar geleentheid vir die doen van belydenis moes wees goedgekeur en toe geoordeel dat dit raadsaam was om 'n wyk Sterkstroom te stig met 'n eie ouderling en diaken. In 1885 het hierdie groep lidmate 'n kerkgebou opgerig en in 1887 is hulle as 'n selfstandige gemeente gestig.

6. *Molteno:* Die lidmate wat in hierdie buurt gewoon het, was wel nie te ver van Burgersdorp af nie, maar het dit nog moeilik gevind om die dienste daar by te woon en veral toe aldaar 'n gesamentlike poging van lidmate van die Ned. Geref. Kerk en van die Geref. Kerk aangewend was om 'n kerkgebou te verkry. Dit het gebeur en dit is bepaal dat die lidmate van die Gereformeerde Kerk die gebou vier maal per jaar kon kry vir hulle dienste. Die kerkraad van Burgersdorp kon egter nie direk aan hulle vier dienste per jaar toestaan nie, maar was wel gewillig om te belowe dat twee tot vier dienste gehou sou kon word. In 1877 het die groepie lidmate van daardie wyk van Burgersdorp hul eie kerkgebou ingebruik geneem en in 1903 is die gemeente aldaar gestig onder leiding van ds. L. P. Vorster.

7. *Oos-Londen:* Die ontstaan van hierdie gemeente vloei ook voort uit die optrede van die predikant van Burgersdorp. Uit die notules blyk dat op die vergadering van 16 Januarie 1914 daar 'n versoek van verskele lidmate van ons kerk wat te Oos-Londen woonagtig was dat die kerkraad hulle moes bearbei. Die kerkraad het daarop besluit dat die leraar en oudl. H. B. Coetsee daarheen moes gaan en aan hulle Woord en Sakramente bedien op die tweede Sondag in Februarie a.s. Op die volgende vergadering wat gehou is op 20 Februarie het die kommissie 'n breedvoerige rapport van hulle besoek aan Oos-Londen gelewer. Dit het geblyk dat daar 'n 57 tal lidmate was, 27 belydende en 30 dooplidmate; huisbesoek is by al die lidmate gehou en hulle is gewys op die besondere omstandighede waaronder hulle verkeer en dat hulle onbekend is aan sowel die ouderling as die predikant; voorbereidingsdiens is gehou en nagmaal en nabetragting die ander dag; daar is ook katkisasie gehou met 20 kinders; die kommissie het uit die midde van die lidmate twee broeders laat benoem een as ouderling en een as diaken maar hulle nie in die ampte bevestig nie, hangende die goedkeuring van die kerkraad van Burgersdorp. Die begeerte van die broeders en susters is dat hulle gereeld aldaar besoek en bearbei sal word.

In die notule van daardie vergadering is al die besonderhede van die huisgesinne ens. te vinde.

Die kerkraad het hierdie rapport goedgekeur ook die feit dat in die plek van oudl. H. B. Coetsee wat intussen oorlede is en wie se sekunde nie kon gaan nie, ouderling T. J. Kruger gegaan het. Verder is besluit om die Algemene Vergadering te vra om Burgersdorp uit die Sustentasiefonds te help om die lidmate aldaar, veral waar hulle afkomstig is uit verskillende gemeentes

van ons kerkverband, meer dikwels te besoek om hulle met Woord en Sakramente te bedien en dat hulle also as 'n wyk van Burgersdorp se gemeente beskou kan word.

Die predikant kon op die vergadering van 5 Junie 1914 die besluit van die Algemene Vergadering bekend maak nl. dat genoeë geneem is met die gedagte dat die lidmate as 'n wyk van Burgersdorp beskou kan word en aangesien hy reeds weer die wyk besoek het, kon hy ook bekend maak dat die lidmate aldaar daarmee ten volle tevrede is. Die broeders wat laas verkies is, is toe in hulle ampte bevestig, sodat die geestelike bearbeiding nou op vaster voet geplaas is. Die lidmate aldaar het self die reiskoste vergoed. Die kerkraad het hierdie verslag met dank aangeneem en dus die feit aanvaar dat die lidmate van Oos-Londen onder die kerkraad geressorteer het.

Die voordeel van hierdie reëling vir die groepie lidmate aldaar het spoedig geblyk, want nie alleen het hulle gereelde bediening van Woord en Sakramente ontvang nie, maar in 1918 kon hulle deur die besondere bemiddeling van Burgersdorp 'n eie kerkgebou bekom.

In die notule van die vergadering van 23 Maart 1918 vind ons die besonderhede wat kortliks hierop neerkom:

'n Ooreenkoms het tussen die kerkraad van Burgersdorp en sekere mnr. J. L. Pansegrau insake die kerkgebou tot stand gekom: Mnr. Pansegrau het onderneem om die gebou in Oos-Londen te koop vir £700 en dit aan te bied aan die kerkraad van Burgersdorp onder voorwaarde dat die kerkraad die rente op gemelde som teen 4% bereken half-jaarliks aan hom en sy eggenote sal waarborg en na die dood van die langslewende sal die bedrag van £700 as erfenis aan die Gereformeerde Kerk toeval.

As mnr. Pansegrau self nie die gebou koop nie, kan die kerkraad van Burgersdorp dit koop en hy sal die £700 op presies dieselfde voorwaardes voorskiet, sodat na die dood van die langslewende die bedrag uitgewis sal wees.

Die kerkraad van Burgersdorp het hierdie voorstel met groot dankbaarheid aanvaar en langs daardie weg die groepie lidmate van Oos-Londen aan 'n kerkgebou gehelp.

Hierdie reëling insake Oos-Londen het voortgeduur tot 1925 toe dit 'n selfstandige gemeente geword het.

Die kerkraad van Burgersdorp was nie net gewillig om sy predikant verlof te gee om ander gemeentes te gaan help nie, maar het ook verskeie kere ingewillig as die predikant na die buiteland gestuur is.

So is aan ds. Vorster verlof gegee om na Humpata te gaan om die lidmate aldaar te gaan bedien, maak ook toe hy in 1903 weg is saam met 'n groep verhuisers na Argentinië is aan hom drie maande verlof toegestaan en toe hy later 'n maand langer moes bly as wat toegeken is, het die kerkraad ook daarmee genoeë geneem. Aan ds. D. Postma (M.-seun) is ook verskeie kere verlof gegee om na die buiteland te gaan: So is hy in 1927 na Nederland

gestuur om die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te gaan verteenwoordig op die sinode van Gereformeerde Kerke aldaar en in 1937 is hy weer gestuur na Argentinië om die lidmate van ons kerk aldaar te gaan bearbei en in 1958 is aan ds. A. L. Aucamp verlof gegee om sy ou gemeente in Kenia te gaan besoek en met Woord en Sakramente te bedien.

Burgersdorp het ook getoon dat die saak van die uitbreiding van Gods Koninkryk na aan die hart lê want van die begin af is volle steun verleen aan die Eeufeesbedieningsfonds. In 1955 het die kerkraad berig ontvang van dr. J. A. Schutte, die organiseerder van die fonds, dat die gemeente toe reeds tot op datum £2113 ingesamel het vir die fonds en toe 'n verdere beroep op die kerkraad gedoen is, was die bereidwilligheid nog daar, sodat ons kan aanneem dat die bedrag nog heelwat hoër as daardie som was.

Met betrekking tot die geestelike bearbeiding van die gemeente het naas die gereelde bediening van Woord en Sakramente die gereelde huisbesoekwerk en die katkisasiewerk ook baie getrou plaasgevind. Wat betref huisbesoekwerk word daar in die notules geen klagte gevind dat die predikante dit op een of ander tydstip versuim het nie. En toe wyle ds. Postma teen die end van sy bediening verhinder is deur swak gesondheid om sy groot gemeente gereeld te bearbei is selfs die hulp van naburige predikante ingeroep om hulp te verleen en die hulp is met graagte toegesê, maar die dood van ds. Postma het dit nie gereeld laat deurgaan nie.

In verband met die kategetiese arbeid kom dit gedurig in die notules voor dat pogings aangewend word om die katkisasies so doeltreffend as moontlik te maak en as daar versuim van die kant van die ouers is, is gedurig gewaarsku en vermaan.

Die kerkraad het ook nie koste ontsien om die geestelike bearbeiding van die gemeente te bevorder nie, want die kerkgebou is nie net so doelmatig as moontlik gemaak nie, maar later is ook onkoste aangegaan om 'n saal naby die kerkgebou daargestel te kry.

Nog een saak moet hier aangeroer word in verband met die amp van die predikant en dit is die wyse waarop Burgersdorp sy predikante bygestaan het in dae van siekte en van dood. Dit het reeds in 1869 aan die lig getree toe ds. Postma sy eggenote aan die dood moes afgee en toe die kerkraadslede spontaan die versorging van die huisgesin gereël het, maar het ook in daardie trant voortgeduur en toe ds. Postma (M.-seun) sy eggenote verloor het, was die steun van die kant van die gemeente ewe hartlik. Dit het reeds geblyk tydens die siekte van ds. Postma hoe kragtig sy kerkraad hom bygestaan het en weer in 1954 met die siekte van ds. Aucamp sodat dus met groot vrymoedigheid gesê kan word dat die amp van predikant in die gemeente in hoë agting gehou is van die begin af tot vandag toe.

In 1959 is ds. A. L. Aucamp 'n tweede keer as gevolg van kroonslagaartrombose vir ses maande uit aksie gestel. Met groot liefde en toewyding is hy

en sy huisgesin in die tyd van ernstige beproewing deur die kerkraad en gemeente gehelp en ondersteun. Daar is nie alleen gebruik gemaak van gewillige dienste van ander broeders predikante nie, maar ook is die koste aangegaan om vir twee maande die hulp van Emeritus-leraar ds. D. G. Venter te kry, sodat op so 'n wyse die Woord sy loop mag hê en die bediening nie skade ly nie.

2. *Die amp van ouderling.*

Volgens die kerkorde artikel 23 is die amp van die ouderling: Behalwe wat hulle gemeenskaplik te doen het saam met die dienaar van die Woord, soos in art. 16 neergelê, is die amp van die ouderling om opsig te hou dat die dienaars sowel as hulle medehelpers en die diakens hulle amp getrou bedien; verder om huisbesoek te doen soos die omstandigheid van tyd en plek tot stigting van die gemeente sowel vóór as ná die nagmaal dit toelaat, om veral die lidmate van die gemeente te vertroos en te onderrig en ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek.

As ons hierdie aanduiding van die amp van ouderling neem as 'n maatstaf om die werk wat gedurende die afgelope eeu deur die ouderlinge gedoen is te beoordeel, kan die uitslag nie anders as gunstig vir hulle wees nie. Van die begin van die gemeente het die ouderlingeamp volwaardig gefunksioneer. En nou is die geaardheid van die werk sodanig dat dit nie besonderhede hier aangedui kan word nie, en dit is ook nie moontlik om vas te stel of hulle met die volvoering van die werk die gemeente vertroos en onderrig het nie, want daarvan bestaan geen getuienis nie. As egter in gedagte gehou word dat die soort van sake waaraan die ouderlinge aandag moet skenk, baie gou 'n gemeente in 'n staat van onrus laat verval as dit nagelaat of veerkeerd aangepak word, dan kan met beslistheid verklaar word dat in die gemeente 'n groot mate van rustigheid geheers het, grootliks as gevolg van die tydige optrede van die ouderlinge.

As die notules so nagelees word, is dit eenvoudig verstommend om te sien watter verskeidenheid van probleme in die loop van jare voor die ouderlinge gekom het. Maar die notules vermeld ook die resultate van die bemoeiinge van die opsieners en as dit in aanmerking geneem word is die oordeel gegrond dat hulle bemoeiinge sekerlik nie te vergeefs was nie.

Een en ander val natuurlik op by die nalees van die notules. Iets wat beslis ooglopend is, is bv. dat die eerste trap van sensuur so maklik toegepas is. As ons artikel 76 van die kerkorde lees: „Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp, en ook wat 'n openbare of anders 'n sware sonde gedoen het, moet van die nagmaal van die Here afgehou word. En as hy ná die afhouding en ná verskeie vermaninge geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, moet eindelik die laaste middel naamlik die afsny-

ding aangewend word volgens die Formulier wat volgens die Woord van God daarvoor vasgestel is".

Volgens hierdie artikel is die verskillende trappe van sensuur wat net in die volgende artikel nader aangedui word, die vorm van die sg. afsnyding waarvan hier sprake is. Nou val dit op dat die kerkraad van Burgersdorp die eerste deel van art. 76 baie selde toegepas het. In die meeste gevalle is direk die eerste trap van sensuur toegepas terwyl volgens art. 76 die sg. stille sensuur of dissiplinêre afhouding nog aan die orde moes gewees het.

Dit het egter in die meeste gevalle die gewenste resultaat bereik want die gesensureerdes het meestal tot berou en inkering gekom en daar kom baie min gevalle voor waar tot die uiterste moes gegaan word om die finale afsnyding toe te pas. Maar dit is tog iets wat opval by die nagaan van die werksaamhede van die kerkraad.

'n Ander saak wat opval is die getrouheid waarmee die meeste ouderlinge hulle werk verrig het en ook die mate van strengheid wat gehandhaaf is om verslapping te vermy.

Die woorde van die Here Jesus kom onwillekeurig in die gedagte op as jy die werk so nagaan: Oor weinig was jy getrou gewees oor veel sal Ek jou stel.

Saamvattend kan ons dus beweer dat die Koning van die Kerk sekerlik geen doeltreffender middel kon geskenk het as die amp van opsiener om die gelowiges by te staan in die sorge en moeites van die lewe nie.

3. *Die amp van diaken.*

By die behandeling van die ampswerk van die ouderlinge kon met vrymoedigheid gestel word dat die ouderlingsamp van die begin van die gemeente volwaardig gefunksioneer het, maar dit kan ons jammer genoeg nie sê in verband met die amp van die diaken nie.

Net soos in al die ander gemeentes van ons kerkverband in Suid-Afrika, het die amp van diaken ook hier maar swak tot sy reg gekom. En as ons dit sê, is dit eintlik nie om op daardie tyd neer te sien nie, maar om met dankbaarheid vas te stel dat die amp as sodanig nie geheel en al verdwyn het nie.

By die ouderlingsamp het ons die kerkorde artikel aangehaal om te dien as 'n soort maatstaf; daarom doen ons dit hier ook weer: „Die eintlike amp van die diaken is om die aalmoese en ander goed vir die armes nougeset te versamel en dit getrou en vlytig na die eis van die behoeftiges, sowel eie lede as ander behoeftiges, met gesamentlike oorleg uit te deel, en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en goed toe te sien dat die aalmoese nie misbruik word nie, waarvan hulle verslag moet doen in die kerkraad en ook, as iemand dit verlang, voor die gemeente op 'n tyd wat die kerkraad daarvoor geskik sal ag". (art. 25).

In die artikel val die volle klem dus op armeversorging. Nou was daar seker aanvanklik nie veel armes nie, sodat die drang om te beraadslaag oor die probleme nie aan die lig getree het nie. Maar hoewel die kerkraad van Burgersdorp van die begin af groot was en ons dus kon verwag het dat die diakens volgens art. 40 van die kerkorde apart sou vergader het om hulle werk te verrig, vind ons dat eers in 1913 besluit is om vir 'n jaar te reël dat die diakens hulle ampswerk apart verrig, terwyl die ouderlinge met wykverslae besig is.

Voor daardie tyd het alle aansoeke vir ondersteuning voor die hele kerkraad gedien en vir baie jare was daar nie 'n afsonderlike armkas nie.

Verder is dit opmerklik dat gereeld besluit is dat as daar gekollekteer moes word, dit aan die diakens opgedra is; net enkele kere is dit aan die ouderlinge opgedra om vir sekere sake te kollekteer. Hoewel dit besluit was om vir 'n jaar afsonderlik te vergader as 'n proef, skyn dit nie of die vorige toedrag van sake voorgekom het nie, want daarna lees ons van afsonderlike diakenvergaderings. Namate die aandag meer toegespits geraak het op besondere barmhartigheidswerk het die diakenamp meer en meer tot sy reg gekom, ook in Burgersdorp. So selfs dat op die vergadering van 13 Desember 1930 diaken Styger en die voorsitter rapport gedoen het van 'n Diakonale Konferensie te Johannesburg waar die weeshuissaak besonder aandag geniet het. En toe later die gedagte van 'n tehuis vir onversorgde oues van dae na vore gekom het, het die amp in Burgersdorp mooi tot ontplooiing gekom, sodat daar dus alle verwagting bestaan dat die diakonale amp in die toekoms tot sy volle reg sal kom.

c. *Die organisasie van die gemeente.*

Dit is sekerlik nodig dat ons ook aandag skenk aan die organisasie van die gemeente gedurende die eeu wat dit deur Gods genade reeds bestaan.

Die belangrikste plek in die organisasie van die gemeente word sekerlik ingeneem deur die kerkraad. Maar aangesien soveel van die verrigtinge van hierdie liggaam in die historiese oorsig reeds ten beste gegee is, sal hier nie weer spesifiek daaroor gehandel word nie.

Net drie sake wat baie nou skakel met die kerkraad word hier aangeroer nl. die scribaat en die sg. gemeentevergadering en die finansiële kommissie.

*Die Scribaat van die kerkraad:* Vir baie jare het die kerkraad van Burgersdorp die voorreg gehad dat een van die teologiese studente as scriba van die kerkraad opgetree het. En later toe die Skool verplaas is, is dit tog baie getrou behartig deur die verskillende broeders wat daarvoor aangewys is. Dikwels het een broeder dit jare aaneen behartig. Vir die vlotte afhandeling van sake deur 'n kerkraad is 'n flinke scribaat beslis nodig en dit het in Burgersdorp nooit ontbreek nie.

*Die sg. gemeentevergadering:* Volgens die gereformeerde kerkregeringsstelsel bestaan daar slegs so iets soos 'n openbare kerkraadsvergadering waarmee dan aangedui word die geleenthede wat die kerkraad bepaal om die gemeentelede te raadpleeg oor sekere sake. In die meeste gevalle is die besluite van so 'n openbare vergadering slegs adviserend vir die kerkraad. By die nagaan van die notule tref dit dat van die begin af die gemeentevergadering status gehad het in die gemeentelike lewe. Byna alle finansiële sake is deur hierdie vergadering beslis. En dit gebeur dikwels dat daar blykens die notules gespreek is van die finale beslissing wat in die gemeentevergadering gevel sal word of dat die gemeentevergadering opdrag gee aan die kerkraad. Nou mag dit natuurlik maar net 'n vorm van inkleding wees, maar in die meeste gevalle is 'n saak by die kerkraad afgehandel beskou as die uitspraak van die gemeentevergadering ongunstig was.

*Die Finansiële Kommissie:* Die finansiële sake van die gemeente het al die jare baie sorgvuldige aandag geniet en dit is sekerlik goed, want as 'n kerkraad sou toelaat dat die stoflike belange van 'n gemeente in die war raak, kan daar helaas min seën verwag word. Die kerkraad het baie jare lank reeds gebruik gemaak van 'n spesiale kommissie wat noukeurige aandag kan skenk aan die finansies van die gemeente en dit het ongetwyfeld goeie vrugte afgewerp. Dit bly natuurlik 'n kommissie van die kerkraad wat geen selfstandige beslissinge kan neem nie, maar kan dan aan die kerkraad baie goeie advies gee in verband met sake waaroor beslis moet word.

Afgesien van hierdie finansiële kommissie het die eerwaarde kerkraad gewoonlik die belangrike sake aan die kommissies ad hoc d.w.s. net vir daardie saak, opgedra en die aangeleentheid verder bespreek aan die hand van die rapport van sodanige kommissie.

'n Belangrike kommissie wat later benoem moes word, was die wat belas was met sendingaangeleenthede, en dit is ongetwyfeld in aansluiting hierby wat die praktyk ontstaan het om jaarliks sekere kommissies aan te wys wat gereeld aandag kan skenk aan gedurig terugkerende sake.

As ons dit alles in aanmerking neem, kan ons sekerlik sê dat die gemeente van Burgersdorp 'n deeglike organisasie het en kan dus verwag word dat naas die geestelike bearbeiding van die gemeente ook die ander belange deeglik behartig sal word.

d. *Die susters van die gemeente.*

Die gedagte is nie om 'n beskrywing te gee van die aktiwiteite van die susters in die gemeentelike lewe nie, maar slegs om die aandag te vestig op die wyse wat die kerkraad dit besien het. In 1921 het die kerkraad die volgende besluit geneem insake die verhouding tussen die susterverenigiging en die kerkraad:

„Die kerkraad is besonder dankbaar vir wat die susters in die verlede gedoen het en vertrou dat Gods seën verder daarop sal rus. Om egter alle misverstand te voorkom tussen diakonie en die sustersvereniging benoem die kerkraad 'n kommissie om 'n kommissie van die sustersvereniging te ontmoet om die noodsaaklike verband tussen diakonie en vereniging vir die toekomstige ontwikkeling van die vereniging volgens statute vas te lê. Hierdie besluit sal deur 'n kommissie aan die susters voorgelê word."

Hierdie kommissie het in Desember 1921 gerapporteer dat die volgende statute saam met die susters ontwerp is:

1. Die Gereformeerde sustersvereniging bestaan met die doel om onse Kerkraad behulpsaam te wees in die bekostiging en onderhoud van wat nodig is vir onse algemene onderwys en kerklike sake, wat of nie spesiaal deur die kerkraad self gedoen word of wanneer die susters sien dat die kerkraad hulp nodig het.
2. Daarom is die leiding van die Geref. Sustersvereniging in hande van die kerkraadsvrouens, of susters deur hulle benoem, om also altyd in die nouste verband met die kerkraad te arbei.
3. Waar die Geref. sustersvereniging ter ondersteuning van die diakonie wens te arbei, sal dit alleen gedaan word in oorleg met die diakonie.
4. Vir behoorlike insameling van gifte en samewerking met die diakonie sal 'n bepaalde tyd in die jaar daarvoor afgesonder word nl. met Aannemingsgeleenthede.

Die eerwaarde kerkraad het hierdie rapport met dank aangeneem.

## *AFDELING II*

***Kort lewensketse van predikante wat Burgersdorp bedien het.***

# DIRK POSTMA

Dirk Postma is gebore op 10 Januarie 1818 in die stad Dokkum, geleë in die noorde van die Provinsie Friesland. Hy was die jongste kind van Pieter Pieters Postma en Lolke Arjens Boekhout. Sy ouers was eenvoudige arbeidersmense. Prag en praal was daar nie, maar stille eenvoud. Hoewel sy ouers arm was, was hulle tog ryk aan die genade van die Here.

Van sy skooljare is nie veel bekend nie. Hy het vertel dat menigmaal „trane sy oë vervul het as hy ander seuns na die skool sien gaan het". Sy vader het hy verloor toe hy maar 5 jaar oud was. Die opvoeding en versorging het gerus op die skouers van sy „dierbare moeder". Toe was veral die klein Dirk die probleem. Op vyftienjarige leeftyd was hy egter 'n sorg vir sy moeder.

Die begeerte het ontstaan om predikant te word. Daartoe moes middele gevind word. By sy harde werk om hom en sy moeder in die nodige te voorsien, het hy hom besig gehou met die bestudering van die Bybel, werke in godgeleerdheid en Kerkgeskiedenis.

Die eerste „amp" wat Dirk Postma in die kerk beklee het, was die van oefenaar in Wanswerd. Dit is hom toegelaat om die gemeente te stig „met een oefening door eigen studie ontworpen of door het voorlezen van eene geschikte predikatie". By hom het die ideaal bly voortleef om predikant te word. Hy het met sy studie volhard.

Op 10 Junie 1840 word Postma as kandidaat in die Teologie geëksamineer in die volgende vakke nl. Hebreeus, Grieks, Uitlegkunde, Leerstellige Waarhede, Bybelse en Kerklike Geskiedenis. Op 19 Junie 1840 word hy deur die Provinsiale Sinode van Friesland toegelaat tot die bediening.

Hy word op 5 Julie 1840 bevestig as predikant van Minnertsga, waar hy weer op 24 April 1842 afskeid geneem het. Ds. Dirk Postma het die kombinasie Middelstrum en Bedum bedien vanaf 1842 tot 1844, toe hy die beroep na Wildervank aangeneem het.

In Wildervank het hy geseënde arbeid verrig tot in 1849 toe hy na Swolle vertrek het. In Swolle het hy ook baie gedoen in belang van die kerkverband. Reeds daar het hy hom baie beywer vir die oprigting van 'n Christelike Skool, en het hy die stryd aangeknoop teen die valse leer.

Dirk Postma het ook beproewinge geken. In Wildervank het hy sy tweede vrou aan die dood moes afgee. Op 11 Februarie 1850 tree hy vir die derde keer in die huwelik. In die vyftigerjare het hy drie kinders aan die dood afgegee en ook sy moeder in 1856 en in 1857 sy derde vrou. Hy self skryf: „Welk een groot verlies — Myn God is mijne sterkte".

In Jan. 1852 het ds. Postma 'n beroep ontvang na Amerika. Dit bewys die agting en vertroue wat hy geniet het.


Op Sondag 21 Maart 1858 neem ds. Postma afskeid van Swolle om na Suid-Afrika te vertrek. Hy word afgevaardig deur die Chr. Afg. Geref. kerk „om de belangen van Gods Koninkrijk te bevorderen" en „om eene deur des Evangelies tot de Heidenen onder en rondom hem te openen, indien het God behaagt onze dienst aldaar te zegenen".



*Ds. D. Postma as jong predikant. Hy het in Julie 1840 predikant geword.*

Op 8 Julie 1858 kom ds. Postma in Simonstad aan. In Kaapstad vertoef hy by dr. S. J. Hofmeyr. Op 1 Augustus vertrek hy na Durban, waar hy op 20 Aug. aan wal stap. Op 1 September vertrek hy per ossewa na Pietermaritzburg waar hy tuisgaan by ds. Faure. Op 11 Okt. ontmoet twee broeders uit Rustenburg hom nl. Ph. Snyman en D. Kruger. Op Sondag 7 November 1858 hou hy diens op Buffeldoorns, by ouderling P. Schutte. In Desember hou hy saam met ds. Van der Hoff dienste in Potchefstroom en Rustenburg. Op 3 Januarie 1859 word 'n voorlopige byeenkoms op Rustenburg gehou. Op 10 Januarie vind 'n Algemene Kerkvergadering op Pretoria plaas. Elke keer stel ds. Postma sy standpunte t.o.v. die gesange, leerverskille, ens.

Op 11 Feb. 1859 word die Gereformeerde Kerk in Rustenburg deur ds.



*Prof. D. Postma Burgersdorp*
1866—1876.



PROF. D. POSTMA EN GESIN

*Voor: Lettie (later mev. J. A. du Plessis), prof. D. Postma, Maria (mev. J. D. du Toit), mev. J. Postma.*
*Agter: Willem, Breggie (mev. J. A. van Rooy), Laurika, 1e mev. J. A. du Plessis.*
28 Des. 1890

Dirk Postma gestig „als eene Vrye Gereformeerde Kerk overeenkomstig de leer, tucht en dienst der Vaderen, zoals die zich te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode". Die teks uit Gods Woord by die prediking was Jes. 62 : 2. Ds. Postma verklaar plegtig dat hy die bediening in Naam en krag van die Here aanvaar. Van nou af is hy predikant van Rustenburg.

Onder sy leiding is in Transvaal in dieselfde jaar gestig die gemeentes Pretoria, Lydenburg, Potchefstroom, Waterberg en Pietersburg. In die Oranje Vrystaat: Reddersburg en in Kaapland in 1860 Burgersdorp, Middelburg en Colesberg.

Van 1859 tot 1866 het hy die gemeente Rustenburg bedien, maar ook met konsulentsbediening van ander gemeentes in Transvaal, O.V.S. en Kaapland. 'n Geweldige taak het op sy skouers gerus, maar die Here het in sy genade krag en wysheid en moed geskenk. Hy het ook die werk van opleiding van aanstaande predikante onderneem.


Vanaf 1866 tot 1879 is hy predikant van Burgersdorp. Sedert 1869 toe die Teologiese Skool gestig is, het hy hulp gekry, toe Burgersdorp 'n tweede leraar in die persoon van ds. J. Lion Cachet ontvang het, wat ook deeltyds met die opleiding van die studente aan die skool gehelp het. Van toe was dit behalwe die gemeentelike en konsulentswerk ook die werk van die Teologiese Skool.

Op 22 Mei 1879 is ds. Dirk Postma bevestig as voltydse prof. aan die Teologiese Skool, totdat die lewensaand van „hierdie dienskneg van Jesus Christus met sy ysere wil, ontembare arbeidslus en sterke gestel" op Sondag 28 Desember 1890 vir hom aangebreek het. Net toe die eerste gelui vir die middagdiens na die nagmaalsmôre weerklink het hy sy laaste snik gegee.

Op Dinsdag 30 Desember 1890 is hy begrawe deur ds. M. P. A. Coetsee met teks 2 Kon. 2 : 12: „My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters". Die sprekers by die graf was ds. W. J. Snyman (Venterstad), ds. Cormack (N.G. Kerk, Burgersdorp), student G. H. J. Kruger (Praetor van Teologiese studente) en ds. J. Lion Cachet.

# *JAN*

# *LION-CACHET*



Jan Lion-Cachet is op 29 November 1838 as seun van Salomon Lion-Cachet in Amsterdam gebore. Die familie Cachet is veral deur meester J. da Costa vir die Christendom gewin. Van sy vroegste dae af het die jonge Jan 'n Christelike opvoeding geniet; daarvoor het sy ouers gesorg.

In Januarie 1861 het hy in Kaapstad aangekom en 'n tyd lank as onderwyser in daardie geweste opgetree. In 1862 het hy hom in Natal onder die boere gevestig, ook as onderwyser en was hy 'n warme voorstander van die vrye Christelike onderwys. In 1865 het hy by die Gereformeerde Kerk aangesluit en onder leiding van ds. D. Postma in Rustenburg begin met sy voorbereiding vir predikant. Daar was by hom 'n begeerte om hom te wy aan die diens van die Here. Hy self skryf dat hy hom gevoeg het by die klein veragte Gereformeerde Kerk omdat die N.G. Kerk destyds 'n sterk Metodistiese inslag gehad het en „zijn hart trok naar het stoere Calvinisme". Hy het verlang na suiwerheid van leer.

In 1866 het hy saam met ds. Postma na Burgersdorp vertrek en sy studie aldaar voortgesit. In 1868 is hy toegelaat tot die bediening en het predikant van Rustenburg geword.

In 1869 is hy aangewys as dosent vir die Teologiese Skool en ook beroep as tweede leraar van Burgersdorp.

By die Sinode van 1873 word gerapporteer dat ds. Cachet om gesondheidsredes 'n reis na die buiteland moes onderneem.

In 1875 het ds. Cachet 'n beroep aangeneem na Philipstown en vandaar is hy na Steynsburg tot 1892.

In 1875 het ds. Cachet 'n besoek gebring aan die Trekkers na Suidwes en verder noord. 'n Tweede keer het hy gegaan, sodat hy op 2 Des. 1881 in Mossamedes aankom en op 16 Desember by St. Janiario, Humpata. Die ontvangs daar was onbeskryflik. Trane van blydskap en dankbaarheid het gevloei. Op 26 Februarie 1882 het hy weer veilig in Kaapstad aangekom.

Tussen die jare 1892-1894 was hy waarnemende teologiese professor en van 1894 professor aan die Teologiese Skool in Burgersdorp tot einde 1904

toe die skool verplaas is na Potchefstroom. Vanaf begin 1905 tot 1911 by sy emeritering was hy professor in Potchefstroom. Op 21 September 1912 is hy oorlede.

Prof. Cachet het innig met die Afrikanervolk saamgeleef. Hy was baie gewild onder die studente. In sy kolleges het hy veral getrag om praktiese manne vir die kerk en maatskappy as werkers toe te rus.

Op onderwysgebied was hy 'n warme yweraar vir vrye Christelike onderwys. Op politieke gebied het hy hom nie onbetuig gelaat nie. Hy was een van die medestigters van die Afrikaner-Bond in die Kaapkolonie. Sy strewe was altyd om die Naam van God in ere te hou. Hy het ook volle steun verleen om Afrikaans as spreektaal tot sy reg te laat kom. Hy het ook begin met die eerste Kerkblad, Die Maandbode.

Gedurende die oorlogsjare moes die skool sluit. In Maart 1901 is prof. Cachet gearresteer en moes ses weke lank in die gevangenis bly totdat hy onder borgtog uitgelaat is en op 22 Junie voor 'n spesiale hof verskyn het op aanklag van hoogverraad.

Tydens sy verblyf op Burgersdorp was hy ook teenwoordig by die veroordeling en teregstelling van Klopper.

In 1904 het die Sinode 'n eerste keer vergader na die oorlog. Prof. Cachet het gesê: „Hartlik welkom roep ons u toe met 'n innige gevoel van dankbaarheid aan God, wat na jare van lyde en smart vir ons hierdie uur geskenk het. — As ek u aanskou, dan sien ek broeders van wie waarlik gesê kan word dat hulle uit groot verdrukking kom. Ek sien manne wat die skandkleed van misdadigers gedra het en hoewel ons weet dat die skandkleed eintlik vir hulle 'n erekleed was en hulle kinders die hoofde fier sal ophef by die gedagte dat hulle vaders vir hulle volk ook die bitterste verdra het, tog het die swaard deur die siel gegaan".

Op 2 Januarie 1909 is die Ridderorde van Oranje-Nassau deur die Nederlandse Konsul-Generaal aan prof. Cachet oorhandig. By die geleentheid het hy gesê: „Ek gevoel my klein by hierdie saak, gedenkende hoe ek in 1865 as onbekende jongeling te Rustenburg gekom het. By hierdie eerbewys, buig ek my nederig voor my God, wat my dit laat geniet het".

Prof. Cachet het ook naam gemaak met die verskyning van sy belangrike boek „Die Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het". Hy het ook ander werke gepubliseer.


Op 14 April 1911 hou prof. Cachet sy afskeidsrede as professor: Hy het gespreek oor die woorde: „Wie veracht den dag der kleine dingen".

Na sy oorlye word in „Het Kerkblad" gelees: „Hy is nie meer wandelende onder ons nie, die troue eggenoot, die liefderike vader, die vriendelike professor, die raadgever en vriend van almal, die eenvoudige maar welspre-

kende Evangeliedienaar. Veelsydig was die invloed wat van hom, 'n kragtige persoonlikheid, uitgegaan het. Alles wat hy gedoen, geleer en geskryf het, het die blyke getoon van skrifgebondenheid. Uit sy hele lewe het gestraal sy onbaatsugtige liefde vir sy kerk, die bevordering van alles wat Christelik-nasionaal is".

---

# PETRUS POSTMA



BURGERSDORP 1880—1882

Petrus Postma is op 21 Januarie 1854 gebore. Hy was die derde kind van ds. Dirk Postma en Ida Sypkens. Op die Sinode van 1879 het hy as proponent ook sitting op die Sinode gehad.

In die jare 1880-1882 bedien hy die gemeente Burgersdorp. Ook is die gemeente Pretoria, waar hy 22 jaar lank predikant was, die kombinasie Lichtenburg en Zeerust, en Heidelberg deur hom bedien.

Hy was 'n persoon aan wie die Here baie talente geskenk het, wat hy ook gebruik het in die diens en saak van die Here. Telkemale was hy skriba of voorsitter van 'n Sinode.

Sy laaste lewensjare het hy in Heidelberg geslyt. Op Saterdag 4 Oktober 1919 het hy emeritaat aangevra. Dit is aan hom toegestaan. Weens swak gesondheid en ouderdom sou hy begin Januarie 1920 aftree na 'n bediening van 39 jaar. 'n Paar uur na die kerkraadsvergadering is hy egter skielik oorlede.

Die begrafnisrede is gehou deur dr. S. O. Los. 'n Groot aantal lidmate uit baie dele van Transvaal, maar veral uit Pretoria was teenwoordig, asook baie lidmate van ander kerke. Ander sprekers was dr. J. D. du Toit, ds. J. A. du Plessis, ds. H. J. R. du Plessis, prop. J. C. van Rooy, ds. A. J. Louw, ds. M. Postma, ds. J. van Belkum en oudl. W. Ackerman.

# *Ds. M. P. A. Coetsee Jnr.*



BURGERSDORP 1882—1892

In 1872 is M. P. A. Coetsee Jnr. nog student aan die Teologiese Skool en in 1874 praetor van die Teologiese Skool in Burgersdorp. Hy is seun van ds. M. P. A. Coetsee Snr. wat in 1869 toegelaat is tot die bediening.

By die Sinode van 1876 is ds. M. P. A. Coetsee Jnr. predikant van die gemeente in Steynsburg. In 1876 word hy gekies tot skriba van die Sinode en sy vader tot adjunk-skriba. Op die Sinode van 1879 is hy voorsitter van die Eerw. Sinode. Sy naam kom ook voor op die genomineerdes vir Professor Theologicus.

Op 5 September 1879 word ds. M. P. A. Coetsee Jnr. vir die eerste keer beroep na die gemeente van Burgersdorp. Hy het egter nie die beroep aangeneem nie.

In Junie 1882 vertrek ds. Petrus Postma na Pretoria waarheen hy toe die derde keer beroep was. Toe word ds. Coetsee na Burgersdorp beroep, wat hy ook aanvaar het. Op 16 Februarie 1883 word hy in die amp in Burgersdorp bevestig.

Ds. Coetsee was by tye nie alleen skriba of voorsitter van die Sinodes nie, maar ook 'n tyd lank voorsitter van die kuratorium van die Teologiese Skool.

By die begrafnis van prof. D. Postma neem ds. Coetsee as teks 2 Kon. 2 : 12: My Vader, my Vader, wa van Israel en sy perderuiters.

Na die oorlye van prof. D. Postma het die naam van ds. M. P. A. Coetsee verskyn op die nominasielys vir Teologiese professor. 'n Groot aantal stemme is op hom uitgebring. By die finale stemming het ds. M. Postma egter die meerderheid gekry. Kort hierna is sy bediening heel onverwags beeindig deur dat hy sy bedanking by die Eerw. Kerkraad ingedien het en aansoek om 'n colloquim doctum by die N.G. Kerk gedoen het. In 'n brief het hy gespreek van gemoedsbesware. Hy het geen moeilikhede met sy kerkraad gehad nie. Sy uittreding het geen beroering in die gemeente Burgersdorp meegebring nie.

# *DS. L. P. VORSTER*

# *(1862-1934)*



BURGERSDORP 1893—1905

Ds. L. P. Vorster, predikant by die Gereformeerde Gemeente, Burgersdorp, vanaf 1893 tot 1905, is op 24 Julie 1962 te Middelburg K.P. gebore as oudste kind van die latere ds. C. J. H. Vorster, wat in 1899 te Humpata, terwyl hy die Geref. lidmate aldaar besoek het, oorlede is. Ds. L. P. Vorster se moeder, Lasya Susanna van der Walt, was 'n dogter van H. T. J. van der Walt, eienaar van die plaas Grootfontein, die huidige Landbouskool naby Middelburg, en een van die stigters van die geref. gemeente van Middelburg.

In 1872 het die negejarige Louis saam met sy vader wat toe, op byna dertigjarige leeftyd, in die Teologie gaan studeer het, na Burgersdorp verhuis. Nadat hy die matrikulasie- en 'n onderwysersertifikaat behaal het, het hy student aan die Teologiese Skool geword en is in 1884 beroepbaar gestel. In dieselfde jaar is hy deur die predikant van Steynsburg, die latere professor Jan Lion-Cachet, bevestig as predikant van Philipstown. Hier het dit nie dadelik alles voor die wind gegaan nie. As gevolg van vorige moeilikhede wat die kerk in die algemeen geraak het, was daar 'n groot en invloedryke familie wat 'n grief teen die kerk gekoester het en aan die begin het hulle dan ook die lewe vir ds. Vorster so moeilik gemaak dat hy op 'n keer te kenne gegee het dat hy moontlik die verkeerde roeping gekies het. Dit getuig van sy takt en selfbeheersing dat, toe hy Philipstown verlaat het, hierdie mense onder die was wat die minste hul gevoelens kon beheers.

In 1882, terwyl L. P. Vorster nog student was, is hy getroud met Abrahama Johanna Coetzee dogter van die Geref. predikant van Reddersburg, en toe hy in 1893 na Burgersdorp teruggekeer het, hierdie keer as predikant, het vyf dogters saam gegaan. Gedurende sy tweede verblyf op Burgersdorp vanaf 1893 tot 1905 het dit op kerklike gebied stil verloop en het daar sover dit sy persoon betref, niks gebeur wat in 'n kort skets soos hierdie vermelding verdien nie.

Op politieke gebied was dit egter anders gesteld. Spanning het in S.A. opgelaai en ds. Vorster het, soos baie Afrikaners in die Kaapkolonie, gebeurtenisse met intense belangstelling gevolg. Met sy sterk ontwikkelde regsgevoel

het hy nie getwyfel oor wie die aggressor was nie. Hoewel hy heelhartig met die Republiek gesimpatiseer het, het hy gevoel dat hy ook 'n verpligting teenoor die lidmate van sy gemeente sowel as andere gehad het. Toe kort na die uitbreek van die oorlog, die boeremagte die kolonie binnegeval en die Engelse magte by Stormberg gaan inwag het, het hy telkens vir 'n paar dae geheimsinnig uit die pastorie verdwyn en wanneer die kinders dan by hul moeder wou weet waar hul vader is, het hul 'n ontwykende antwoord ontvang. Later het geblyk dat hy die boeremagte by Stormberg gaan besoek het en by hul daarop aangedring het om óf die Kolonie dieper binne te gaan en tot die aanval oor te gaan óf terug te gaan en binne hul eie grense stelling in te neem, aangesien hulle deur op Stormberg te lê die Afrikaners in daardie dele onder verdenking bring en hierdie mense dan later, nadat die boeremagte teruggetrek het, die gelag sal moet betaal. Dit is dan ook wat gebeur het toe baie Afrikaners in daardie omgewing in hegtenis geneem en sommige met hul lewens moes boet. Onder die wat in die tronk beland het, was ook ds. Vorster. Hy is van hoogverraad aangekla. Nadat hy sewe maande in die tronk deurgebring het, is hy verhoor en aangesien die klagte teen hom nie bewys kon word nie, vrygespreek. Saam met hom in die tronk was, op verskillende tye, byna elke lid van sy kerkraad. Interessant is die feit dat die latere minister Burton, wat in 1915 die Albertsetel teen ds. Vorster verloor het, hom in die hoogverraadsaak verdedig het.

Na die oorlog was baie Afrikaners so verbitterd dat hulle nie meer in S.A. wou bly nie en na 'n nuwe tuiste omgesien het. Met die oog hierop is 'n kommissie, waarvan ds. Vorster 'n lid was, na Argentinië om toestande daar te gaan ondersoek. Hy is later daarvan beskuldig dat hy mense aangeraai het om na Argentinië te gaan, maar persone wat weer daarvandaan teruggekeer het, het verklaar dat hoewel hy hulle nie afgeraai het om te gaan nie, hy gesê het dat hy daaraan twyfel of die Afrikaners hulle daar sal kan aanpas, met behoud van hulle identiteit.

In 1905 het ds. Vorster 'n beroep na Rustenburg ontvang. Die goeie verhouding wat daar tussen hom en die gemeente van Burgersdorp bestaan het, blyk duidelik uit briewe wat hy in hierdie tyd van lidmate ontvang het. Hy word gelukgewens met die feit dat die grootste gemeente van die Geref. Kerk op hom as hul toekomstige predikant besluit het, maar herhaaldelik gee hulle op beskeie wyse te kenne dat 'n besluit om op Burgersdorp te bly verwelkom sal word. Ds. Vorster het egter besluit om die beroep op te volg en vertrek hy na Rustenburg waar hy tot 1915 gebly het. Soos op Burgersdorp is spoedig 'n hegte band tussen gemeente en pastorie gesmee en as dit nie was vir politieke roeringe van 1912 en die daarop volgende jare nie, sou hy waarskynlik heelwat langer daar gebly het.

Toe die Nasionale Party tot stand gekom het, het hy hom dadelik daarmee vereenselwig. In sy briewe aan die leiers daarvan waarsku hy dat alle

skyn dat persoonlike griewe iets met die stigting van die party te doen het, vermy moet word. Dit moes 'n beginselsaak wees en niks anders nie. Vir hom het dit gegaan oor die behoud van 'n nasie en in hierdie stryd kon na sy beskouing ook die Kerk nie afsydig staan nie. In 1909 reeds het hy geskrywe: „Onze nasie heeft tans een harde stryd te voeren om tegenover al de anglise-rende invloeden haar bestaan als nasie met haar taal, godsdienst en tradisies te handhaven. In dezen stryd heeft ook onze Kerk een roeping te vervullen". Hy het nie geskroom om van die preekstoel dade en besluite van die regering wat hy as in stryd met God's Woord beskou het, af te keur nie. Dit was bv. die geval toe die regering besluit het om Duits-Suid-Wes te verower. In 'n poging om te verhoed dat 'n onreg gepleeg word het hy saam met Jan Brand Wessels e.a. op 14 Oktober 1914 'n onderhoud met Genl. Botha in Pretoria gehad. Genl. Botha het nie veel geduld aan die dag gelê nie en ten afskeid het ds. Vorster aan hom gesê dat hy verantwoording sal doen vir die bloed van die jong Afrikaners wat in Duits-Wes sal vloei.

Ten regte of ten onregte is ds. Vorster as 'n gevaar vir die regering se oorlogspoging beskou en op 'n Sondagmôre, terwyl hy hom gereed gemaak het om Nagmaal te gaan bedien, is hy op Zeerust in hegtenis geneem. Op pad na Kaapstad het hy uit die trein ontsnap onderwyl sy wagte geslaap het. Hy was egter sonder skoene en is spoedig weer gevang. 'n Dreigement om hom dood te skiet is nie uitgevoer nie en so het hy saam met sowat 300 ander politieke gevangenes in die „Tokai Convict Station" beland. Sonder dat hy verhoor is, is hy ses maande later op parool uitgelaat.

Na sy loslating is hy deur kiesers van Albert versoek om hom daar in die algemene verkiesing van 1915 verkiesbaar te stel vir die parlement. Nadat hy die nodige verlof van die kerkraad van Rustenburg verkry het, het hy ingewillig en na 'n taai stryd teen 'n gedugte teenstander, die destydse minister van finansies, adv. Burton, die setel vir die Nasionale Party verower. Toe hy hom sowat vyf jaar later vir die kiesafdeling Aliwal-Noord-Herschel verkies-baar gestel het, is hy, hoofsaaklik as gevolg van die groot aantal naturelle-kiesers, verslaan. 'n Setel in die senaat is hom aangebied, maar hy het dit van die hand gewys. Dit is bekend dat hy hom nooit volkome kon versoen met die wyse waarop partypolitiek gedryf is nie. Veral met die koukusstelsel wat, ter wille van party-eenheid, 'n lid soms gedwing het om teenstrydig met sy oortuiging te handel, kon hy nie altyd genoeë neem nie.

Nadat hy weer ses jaar lank in die bediening gestaan het as predikant van Krugersdorp, het hy sy emeritaat aanvaar en op sy plaas in die distrik van Ermelo gaan woon. Tot aan sy dood op Rustenburg op 9 September 1934 het hy, nieteenstaande swak gesondheid, 'n lewendige belangstelling in kerk- en volksake getoon. So het hy nog in 1934 'n pamflet geskryf waarin hy sy volk opgeroep het om binne die volgende 25 jaar 'n republiek in S.A. tot stand te bring. Met die onthulling van sy grafsteen te Rustenburg op 3

Oktober 1936 het ds. W. J. de Klerk van hom gesê: „Hy was 'n man deur God gegee; 'n man uit een stuk en nie 'n jabroer wat maklik deur die lewe wou gaan nie. Die poorte van die gevangenis het hy twee keer deurgegaan. Hy het liewer by sy eie mense smaadheid gely as om deel te hê aan die skatte en eer van Britse grootheid".

---

# DS. DIRK POSTMA (M. SN.)

## 1877-1940



BURGERSDORP 1905—1940

*(soos gesien deur die oë van seun ds. M. Postma De Aar)*

Graag voldoen ek, hoewel met huiwering, aan die versoek van die feeskomitee wat verantwoordelik is vir die reëlings van die eeufeesviering van die Gereformeerde kerk van Burgersdorp, om 'n artikel te skrywe oor wyle ons geagte vader soos ons kinders hom geken het.

Om die regte perspektief te hê sal dit nodig wees om vooraf ook iets mee te deel in verband met sy lewe sedert sy kinderjare. Dit is hoegenaamd nie 'n lewensbeskrywing nie maar slegs sekere grepe en indrukke uit sy lewe. Die artikel self wil ook glad nie aanspraak maak op volledigheid nie maar is slegs enkele besondere indrukke. Dit kan goed begryp word dat dit vir 'n seun maar moeilik is om 'n offisiële publikasie oor sy vader te skrywe.

a. *'n Kort Lewenskets:*

Dirk Postma is op 5 Mei 1877 op Aliwal-Noord gebore waar sy vader, Marthinus Postma, die oudste seun van vader Dirk Postma, die stigter van ons kerk, destyds onderwyser was. Marthinus Postma was getroud met Elizabeth Spiller, 'n Engelse dame, wat haar volkome aangepas het by die Afrikaners wat huistaal, godsdiens en gewoontes betref. Sy het egter soms, as sy kwaad word of opgewonde raak, nie anders kon nie as om in Engels met haar kinders te raas. Marthinus Postma is later na Burgersdorp as professor aan die literariese afdeling van die Teologiese Skool, waar hy terselfdertyd hom bekwaam het as leraar en na sy beroepbaarstelling het hy 'n beroep aanvaar na Middelburg, K.P. Die jonge Dirk het dus sy kinder- en jongmens-

jare hoofsaaklik op Burgersdorp en Middelburg deurgebring en van hierdie jare het hy ons as kinders baie staaltjies vertel wat ek nie hier sal herhaal nie. Genoeg is dit om te weet dat sy speelplekke ook maar was die rantjies om die dorp, die slote, die kranse en die glyklippe, waar ons as kinders ook ons broeke deurgeskuur het. Hy het skoolgegaan in die ou Albert Academy. Die eerste gebou was agter die huidige stadsaal en die latere gebou, die ou deel van die huidige hoërskool. In daardie jare was die onderwys natuurlik alles deur medium van Engels. Waar hy dus byna sy hele lewe lank verbonde was aan Burgersdorp kan 'n mens sy groot liefde vir die ou dorp en distrik baie goed verstaan. As kind het hy ook oral gedurende vakansietye op die plase rond gekuier soos ons ook maar gedoen het.

As jongman ontmoet hy, terwyl sy vader op Middelburg predikant was, sy toekomstige vrou daar, nl. Johanna Alida Coetzee, dogter van J. J. A. Coetzee van die plaas Brandvlei, een van die kerkstigters van die gemeente Middelburg. Gedurende vakansietye is baie aangename uurtjies op die ou familieplaas Brandvlei, deurgebring, getuie hiervan is 'n pragtige album met foto's van hul jeugjare. Die album is nog in besit van ons familie.

Terwyl hy studeer breek die Anglo-Boere-oorlog uit, as gevolg waarvan die Teologiese Skool vir 'n onbepaalde tyd sluit en baie van die studente het as burgers by die kommando's aangesluit. Dirk gaan na Brandvlei om te gaan kuier en afskeid te neem van sy verloofde, want ook hy het ondertussen besluit om as Kaapse rebel by die Boeremagte aan te sluit. Dit was baie teen die wens van Oupa Coetzee, wat gedink het aan die gevaar van gevangeneming, en vir die Kaapse rebelle was daar min genade. Dirk en Hannie moes dus fyn beplan. Hulle het op die dag van sy vertrek reeds die môre vroeg die perd met toom en saal en nodige provisiand (beskuit en gedroogde boerewors en biltong in die saalsak) met 'n vertroubare jong na die kloof toe gestuur waar hulle gewoonlik in die middag gaan wandel het. Die middag is hulle soos gewoonlik daarheen en het ons ma alleen huis toe gekom. Nooit het hulle aan ons die smart van daardie afskeid vertel nie; dit kon seker maar moeilik in woorde gebring word.

Hy is daar weg saam met een van die kommando's, het later veldprediker van genl. Beyers geword en na 'n jaar en 'n half van baie wedervaringe is hy by die slag van Ladysmith gevange geneem en na die Bermuda's (Birdseiland) gestuur. Daar het hy gepreek, belydenisklasse gehou, skool gehou, ook 'n blaadjie uitgegee en na die vredesluiting is hy eers na Amerika en daarna na Nederland. Sy broer Ferdinand, die latere rektor van die Universiteit van Potchefstroom, wat destyds in Holland studeer het en hy het saam besoek gaan aflê by die ou staatspresident, Oom Paul, wat as banneling daar verkeer het. Ons vader het ons dikwels vertel van die indruk wat die besoek op hom gemaak het. Nadat hy hulle uitgevra het oor nuus van die vaderland en hulle

lewe as krygsgevangenes het hy die Statebybel nadergetrek en hulle gevra om sekere tekste uit te lê.

Eindelik breek die dag weer aan dat Dirk in sy dierbare vaderland waarvoor hy en andere soveel opgeoffer het, voet aan wal kon sit. Hy het altyd die treinreiskaartjie waarmee hy na Middelburg toe gereis het, as 'n aandenking gebêre.

Wie sal die ontmoeting tussen hom en sy verloofde kan beskrywe, na die byna drie jaar van skeiding! Met die hervatting van die werksaamhede van die Teologiese Skool is hy daarheen terug om sy studie te voltooi, waarna hy benoem word as professor van die skool, 'n betrekking wat hy 'n jaar en 'n half beklee het. Hy het hom egter meer aangetrokke gevoel om as herder en leraar in die gemeentes te dien en aanvaar 'n beroep na Krugersdorp (van waar hy ook Swasiland as konsulent bedien het) en in Mei 1906 keer hy terug na sy geliefde Burgersdorp om ds. L. P. Vorster op te volg as predikant en hier het hy gearbei tot aan sy dood in 1940.

Hier op Burgersdorp, wat hy so goed geken het uit sy kinder- en studentedae, het hy met al die toewyding van sy hart en sy kragte die kerk, land en volk gedien. Dit is nie die doel van hierdie artikel om die menigvuldige en vrugbare werksaamhede van ons vader op die verskillende lewensterreine na te gaan nie, ons noem dit net, want teen daardie agtergrond het ons hom geken en het ons met hom te doen gehad. Destyds was hier maar min predikante in Kaapland en moes hulle die hele provinsie bedien; gevolglik was ons vader dikwels op langdurige reise van die huis af weg, en soos wat die jare verbygegaan het, is hy al hoe meer betrokke in algemeen kerklike volks- en onderwyssake, sodat die grootste deel van ons versorging en opvoeding as kinders op my onvergeetlike moeder neergekom het. Ek bewonder haar nog altyd vir die moed, kalmte, deursettingsvermoë, vriendelikheid en wonderlike liefde waarmee sy ons kinders grootgemaak het. Ons was 'n groot huisgesin nl. 15 kinders, 'n tweeling (dogters) wat net ouer as ek was, is jonk dood — en ons moeder het die slag gehad om só met elkeen van ons om te gaan dat sy die beste in ons uitgebring het, en daarby was sy 'n sorgsame, liefdevolle eggenote en 'n inspirasie vir ons vader. Hy was die idealis en sy die praktiese; so het hulle mekaar wonderlik aangevul.

Uit ons vroegste kinderjare kan ons onthou dat daar sekere dinge was waarop pa besonder gesteld gewees het. Ek kan sê dat hy dit streng van ons gevorder het nl. gehoorsaamheid sonder teëpraat, netheid en presiesheid. Ons mog geen leuen vertel nie en hy kon dit nie verdra as ons iets vergeet het nie. Ons mog ook nie sê ons kan nie iets doen nie. Luiheid en leeglê het hy verfoei; ons het altyd maar probeer om met iets besig te wees as pa so deur die eetkamer loop waar ons klompie gewoonlik maar bymekaar gekom het. Van slordig skrywe wou hy niks weet nie. Só het ons van kleins af geleer dat daar sekere reëls en beginsels was wat in 'n mens se lewe gehandhaaf moet



*Ds. en mev. D. Postma en gesin.*

word en in al hierdie dinge het hy ons 'n navolgenswaardige en onverbeterlike voorbeeld gestel.

By sy stewig, godsdienstige karakter was daar ook die spontane vriendelikheid waarmee hy met ons gespeel het, bv. as ons „sambokkie" speel kon jy hom wáár hoor skaterlag. Hy het 'n seekoevel-sambokkie gehad, dan moet ons by hom verby hardloop waar hy in die groot eetkamer op die stoel sit, dan probeer hy ons raps, en as hy tref, dan gil ons en lag hy. Dit was te lekker as pa saans sê: „Kom ons speel sambokkie".

Hoe lief was ons nie om smiddae saam met hom ver oor die randjies of daar langs die ou treinspoor op te stap nie, waar hy ons sy speelplekke uit sy kinderdae wys en staaltjies vertel, of waar ons allerhande veldblommetjies pluk. En sal ons ooit die winteraande vergeet voor die kaggel in die studeerkamer of eetkamer wanneer hy ons oor sy ondervindings in die Engelse-oorlog vertel! Hy kon ons wonderlik besighou, hy kon saam met ons speel en lag, maar hy kon ons ook baie streng en swaar straf.

Hoe bang was ons nie vir die studeerkamer nie! Daar het pa gewerk en geskrywe en daar mog ons nie raas nie. Baie maal, as ons kwaad gedoen het, moes ons daar regop, doodstil op stoele gaan sit, terwyl hy sit en skrywe

en lees, en ai hoe swaar was daardie stilsit tog nie. Daardie tyd kon ons dit tog nie verstaan waarom pa so streng is nie, maar vandag kan 'n mens dit begryp. Om 'n huis met dertien kinders daarin te regeer en in orde te hou, was seker geen kleinigheid nie, daar moes reëls en dissipline wees. Maar hoe wonderlik kon hy die strengheid nie afwissel met vriendelikheid en allerhande vertellinge of dinge wat hy in die „krante" (koerante) gelees het nie. Hoe lief was hy om presente te gee! As hy op reis gaan, kry ons iets en as hy terugkom kry ons weer iets, lekkers of 'n trippens of somaar 'n presentjie; en as hy lank weg was, bring hy altyd iets vir ons moeder saam. Vir haar het hy baie lief gehad en was in so baie opsigte afhanklik van haar en altyd het hy haar so hoflik behandel. Hy het nie alleen aan ons presentjies gegee nie, maar oral in die gemeente ook, veral aan die kinders — en in ander gemeentes ook. Selfs nou nog loop ek mense raak wat my iets wys wat pa by een of ander geleentheid aan hulle gegee het. En die baie skryfwerk! Nooit kon ons verstaan waarom hy altyd besig is nie. Eers later jare het ons uitgevind hoe 'n wye vriendekring hy gehad het en hoe baie hy ook geskrywe het aan persone in regeringsbetrekkings, altyd maar besig om vertoë te rig ten behoewe van een of ander persoon of saak.

Hy het hom besonder beywer vir volk- en kultuursake. Ek onthou nog in verband met die verkiesing in plusminus 1918 toe hy ds. Vorster oorreed het om in die kiesafdeling Albert te staan teen min. Burton, Minister van Finansies. Al die groot kanonne van die jong Nasionale party het een na die ander daar kom praat. Genl. Hertzog, genl. Kemp, dr. Malan, Pen Wessels ens. Die meeste van hulle het by ons tuisgegaan, en hoe het ons ons groot manne nie bewonder nie. Op die vergadering van genl. Hertzog op die markplein het die mense hom met eiers en tamaties gegooi, ek onthou nog hoedat pa, wat ook op die verhoog was, sy sambreel oopgemaak het en genl. Hertzog daarmee beskerm het. Ds. Vorster het toe vir Burton uitgegooi en wat 'n vreugde was dit nie! Burgersdorp — die rebeldorp — die dorp van die Taalmonument en die Burgermonument!

Onderwys het 'n groot plek in pa se hart ingeneem, eerstens C.N.O. en ook die algemene onderwys. Ek herinner my nog hoe dat ek as klein seuntjie ook saam met my suster die „Vrije Christelijke" skool besoek het. Die gebou was daar waar die huidige bioskoopsaal nou staan. O, wat 'n teenstelling.

In die algemene onderwys was sy belangstelling baie lewendig; hy was gedurig in korrespondensie met die S.G.O. en die administrateurs. In kultuursake, plaaslik en algemeen, F.A.K., Calvinistiese Bond ens. het hy 'n leidende aandeel gehad. Al hoe meer het hy leiding geneem in die kerklike lewe onder kuratore, in sinodale deputaatskappe, as verteenwoordiger na Buitelandse Sinode, as voorsitter van ons sinode en die gevolg hiervan is dat ons as kinders al meer sy persoonlike aandag moes mis, en al meer staat maak op die sorg en opvoeding van ons moeder. Hoe sal ons ooit haar waarde en

invloed na reg kan besing! 'n Ware moeder in die huis, 'n moeder in die gemeente en 'n steun vir haar man. Geen wonder dat my pa 'n rukkie na ons moeder se dood een môre vroeg aan my gesê het, terwyl ek by hom op die bed gesit het: „En nou Martinus, wat sal nou van my word? My leidster is weg". Maar die Here het wonderlik gesorg, want ons oudste suster,

FEESVIERING 25 JARIGE EVANGELIEBEDIENING VAN DS. D. POSTMA, IN GEREF. GEMEENTE BURGERSDORP, K.P. 1930.



*Agterste ry: S. J. van Wyk (oudl.), D. J. Venter (diak.), P. S. Venter (oudl.), N. Schoeman (diak.), C. van Niekerk (oudl.) (Aliwal-Noord), P. S. Schutte (oudl.), A. Henning (diak.), A. S. de Kock (oudl.), F. Venter (oudl.), A. J. Coetsee (diak.). Tweede ry: J. J. Venter (oudl.), Andreas Coetsee (oudl.), J. H. Kruger (oudl.), P. H. Coetsee (oudl. en skriba), J. H. Venter (oudl.),J. V. Coetsee (diak.), H. B. Coetsee (oudl.), P. Kruger (diaken).*

*Derde ry: J. H. van der Walt (oudl.), ds. P. Jooste (Barkly-Oos), ds. T. Hamersma (Colesberg), ds. D. Postma (Burgersdorp), ds. J. G. van der Walt (Middelburg, Kaap), ds. W. J. Snyman (Venterstad).*

*Voorste ry: H. C. Kruger (diak.), J. N. du Plessis (diak.), J. L. van der Walt (koster), Andries Kruger (diak.), A. G. Coetsee (diak.).*

*Ingevoeg: Diakens A. Henning en Harm Steenkamp.*

Martha, het ten spyte van haar swak gesondheid, in die bres getree en die huishouding en versorging van die kinders op haar geneem. Daar was nog tien kinders in die huis, die jongste, die tweeling, slegs 2 jaar oud. Na twee jaar het pa weer in die huwelik getree met sr. Marthie van der Walt, wat hom trou versorg en bygestaan het tot sy dood. Maar haar koms in die huis het ons familiekring uitgebrei, want ons het drie susters bygekry. Ook vir hulle was pa 'n ware vader.

Gedurende hierdie jare kon ons nou met pa as jongmense en as volwassenes omgaan, want ons het in die tussentyd ook groot begin word en sommige van ons was al getroud. Nou kon ons pa leer ken as iemand met wie ons ons probleme kon bespreek. Ek dink nog aan baie kosbare adviese wat pa my as jong predikant gegee het. Een ding sal ek nooit vergeet nie. Ek het 'n bietjie gekla omdat dit vir my gelyk het asof ek in die samelewing net sleurwerk moes doen terwyl die ander predikante die ereposisies beklee. (Nouja, 'n jongman het ook maar ambisie). Hierop het pa aan my die advies gegee: „Moenie kyk na eer of ereposisies nie, *doen* maar die sleurwerk, die mense weet naderhand wie die werk kan doen en dan het jy ware invloed". Kosbare advies vir elkeen! Ja deur sy voorbeeld wat hy ons in die huis gegee het, deur sy dissipline en reëls, spreek hy vandag nog met ons reeds lank na sy dood, want ons weet dat daar sekere beginsels is wat nooit verander en nooit oud word nie: *reg is reg, en verkeerd is verkeerd*, daar is nie 'n kompromis tussen die twee nie. Hierdie dinge is in ons harte ingegraveer. Of ons dit altyd handhaaf, dit is 'n ander saak, en as ons dit nie handhaaf nie, is dit nie sy skuld nie! Hy het ons die beste opvoeding gegee wat hy kon en die voorbeeld daarby!

Jonk is hy heengegaan. Op sestigjarige leeftyd moes hy 'n swaar operasie ondergaan van die skok waarvan hy nooit heeltemal herstel het nie en op 63-jarige ouderdom in Augustusmaand kry hy 'n hartaanval (trombose) waaraan hy, na 'n swaar en benoude lyde eindelik op 29 Desember 1940, Sondagmôre vroeg net met dagbreek, beswyk. Nooit sal ons gesin die vertroosting vergeet wat die gebed van ds. W. J. Snyman, nou professor, ons gebring het in daardie droewige môrestond nie. Ook sal ons altyd in dankbare herinnering hou die baie blyke van liefde uit die gemeente van Burgersdorp asook die onbaatsugtige diens van dr. Wikus Coetzer. Dit het ons voorgekom dat dit nie net ons vader is wat heengegaan het nie, maar ook die vader van die gemeente en van die samelewing van Burgersdorp.

As 'n mens na al die jare aan hom terugdink, dan is dit vir my as seun 'n voorreg om vir die Eeufeesuitgawe hierdie artikeltjie te kon skrywe; maar daarby is ek ook daarvan bewus dat ek op verre na nie alle indrukke kon weergee wat ons kinders ontvang het nie. Dit is ook moeilik om hom objektief te kan waardeer, daarom sluit ek hierdie artikel met die woorde van 'n geëerde vriend van ons vader nl. Vader Kestell.

„Ons kan ons nie goed voorstel dat ds. Dirk Postma nie meer met ons is nie. Dit is in die eerste plaas die geval met sy broeders en die lede van die Gereformeerde Kerk, maar dit is ook so wat betref die ander Hollandse kerke in Suid-Afrika.

„Ons dink aan hom as die volywerige. Hy het amper sy weerga nie gehad in sy toewyding aan die belange en werksaamhede van die Geref. kerk nie. In sy eie gemeente het hy allereers sy roeping getrou vervul, sodat Burgersdorp haas nie voor ons oog kan oprys nie, of ds. Postma sien ons daar in- of uitgaan. Maar die hele Gereformeerde kerk was ook syne. Met die woorde van Paulus kan ons sê dat: „Behalwe alle daaglikse dienste, was daar die sorg van al die gemeentes".

„In die meerdere vergaderings het hy altyd die leidende aandeel van die werksaamhede vir sy rekening gehad. Hy was meer as eens voorsitter van die Sinode. Hy was een wat met gesag kon spreek en handel. Die Teologiese Skool sou ons sy hartaar kon noem. Voorsitter van kuratorium was hy, as vanselfsprekend was dit, en dan ook die Kerkblad. Na die dood van ds. T. Hamersma het hy „die Brief" geskrywe. 'n Tydlank het hy die opstel daarvan gestaak. Voordat hy dit kon hervat is hy van ons weg. Veel het hy vir ons nasie gedoen. Vooraan het hy gestaan in die taalstryd. 'n Voorstander was hy tewens van die C.N.O.-skole, en wat die Calvinistiese beginsels betref het hy die standpunt ingeneem dat dit gehuldig moet word in alle betrekkinge van die lewe. Hy het gedien in die Hoofbestuur van die Calvinistiese Bond.

„Ons dink aan hom, nie alleen met hoë agting nie, maar ook in liefde. Hoe hy ook wat sy kerk betref 'n Gereformeerde van die Gereformeerdes was, het hy 'n ope oog en 'n ruime hart gehad vir elkeen wat hy in Christus as broeder kon beskou. Ons kan dus verstaan hoe hartlik hy saamgegaan het met die ander Hollandse kerke in werksaamhede wat die algemene heil betref, nie alleen op kerklike gebied nie, maar ook op die breë lyne van die volkslewe. Vol ywer het hy daarin saamgestem dat die werk van die vertaling van die Bybel die taak was nie van een van die Afrikaanse kerke afsonderlik nie, maar van aldrie saam en so ook wat betref die ritmiese bewerking van die Psalms vir gebruik by die openbare godsdiensoefening.

„Nou dat hy heengegaan het tot sy Here, mis ons hom en ons doen hulde aan sy nagedagtenis". Tot dusver die woorde van Vader Kestell in die „Volksblad". Ons as kinders bring in hierdie eeufeesuitgawe ook ons nederige hulde aan die Here vir so 'n vader en moeder wat Hy ons gegee het!

# *Lewensgeskiedenis van*

# DR. S. J. VAN DER WALT

Dr. S. J. van der Walt is op 20 April 1906 te Middelburg K.P. gebore. Al vier sy grootouers was *gebore* Van der Walts en tog was hulle nie nafamilie van mekaar nie.

Hy het eers by sy vader skool gegaan en vanaf 1918 tot 1922 op Steynsburg in die ou Gimnasium.

In 1923 het hy matriek afgelê te Middelburg K.P. en is toe na Potchefstroom om vir predikant te studeer.



*Dr. S. J. van der Walt en gesin*

Agtereenvolgens het dr. Van der Walt die volgende gemeente bedien:

| | |
|---|---|
| Molteno-Kombinasie | 1930—1941 |
| Burgersdorp | 1941—1946 |
| Brakpan | 1946—1952 |
| Krokodilrivier | 1952 tot op datum. |

In 1929 is hy getroud met mej. E. M. Eloff van Rustenburg, agterkleindogter van pres. Kruger en bekend as skryfster onder die naam Ella Eloff-Van der Walt.

Uit hulle huwelik is twee dogters en twee kleinkinders gebore.

Dr. Van der Walt was gedurende 1939 oorsee vir studie en weer in 1957 tot in Amerika om groete van ons kerk oor te bring aan die „Christian Reformed Church".

Hy het 'n hele paar boeke geskryf, proefskrif oor Karl Barth, 'n dagboek oor die Heidelbergse Kategismus en nog 'n paar ander.

Dr. Van der Walt het verskillende kere gedien as Kurator van die Teologiese Skool en is tans weer Kurator.

In 1958 het hy ons kerk verteenwoordig op die Ekumeniese Sinode te Potchefstroom.

Hy is reeds dertig jaar in die bediening en is tans 5e op die ranglys van dienstyd van predikante.

# Kort Lewenskets van

# ABRAHAM LIEBRECHT AUCAMP

Abraham Liebrecht Aucamp is op 21 September 1905 in die distrik Bethulie gebore. As jong seun het hy geluister na die vertellinge van sy vader wat gedurende die oorlog 1898-1902 eers op kommando was en later as krygsgevangene in St. Helena en na die van sy moeder eers op die eensame plaas en toe weggevoer in oop trokke per trein na die konsentrasiekamp by Norvalspont en later na die „moordkamp" in Bethulie.

Hierdie gebeurtenisse het 'n onuitwisbare stempel op die kinders afgedruk met die resultaat om niks anders te wees as nasionale christen-Afrikaners nie.

Omdat die ouerpaar alles in die oorlog verloor het, was dit maar jare van armoede en worsteling om die gesin te onderhou en te laat leer. Hulle was 'n gesin van nege kinders, ses seuns en drie dogters.

As seun het Abraham Aucamp verskillende plaasskole besoek tot hy na St. 6 na die dorpskool op Bethulie gegaan het, waar hy aan die einde van 1924 sy matrikulasie-eksamen afgelê het. Hy onthou nog goed hoe hy in die eerste skooljare kennis gemaak het met „English" en hoe die kind wat 'n Afrikaanse woord gebruik, die plankesel om die nek moes dra.

In begin 1925 is hy na Potchefstroom om predikant te word. Hierdie studie word aan die einde van 1931 voltooi en word hy beroepbaar gestel. Dit was in die jare van depressie en droogte. Vakante gemeentes was baie min. Meer as 'n jaar van wag vir 'n beroep het aangebreek. As proponent was hy 'n tydlank in 'n gemeente behulpsaam vir vry inwoning en £5 per maand.

In middel 1933 word hy beroep na Eldoret, Kenia. In Augustus 1933 word die jong proponent deur ds. H. J. R. du Plessis, destyds predikant van Bronkhorstspruit, in Bethal Tvl. bevestig as predikant van Eldoret. By die geleentheid was o.a. ook teenwoordig die deputate vir die bediening van Oos-Afrika nl. di. W. J. de Klerk en N. H. van der Walt, en ds. W. J. Postma, predikant van Middelburg Tvl., ds. J. P. Jooste, predikant van Bethulie, proponent J. F. du Plooy, maat deur skooljare en studentejare van prop. Aucamp, sy ouers en andere.



*Ds. A. L. Aucamp en gesin*

Na sy bevestiging het hy per boot na Kenia vertrek, waar hy in September sy intree-rede gehou het. Nie lank na sy aankoms in Eldoret het ds. M. P. Loubser, wat jare lank predikant van die N.G. Kerk in Kenia was, weens swak gesondheid en hoë ouderdom na die Unie terug vertrek. Vir meer as 'n jaar was ds. Aucamp enigste Afrikaner-predikant in Kenia en in die tyd het hy soveel moontlik alle Afrikanergesinne besoek, siekes besoek en begrafnisse gehou. Ook het hy hom beywer in belang van kulturele aangeleenthede, die viering van die Afrikanerfeesdae en die behartiging van die

skoolbelange van die jeug. Later het daar ook broeders-predikante van die ander Afrikaanse kerke gekom — ds. A. Brand vir die Hervormde Kerk en di. Dednam en Brits vir die N.G. Kerk. Die samewerking met die broeders was hartelik.

In April 1936 is ds. Aucamp getroud met mej. Anna Francina D'assonville, destyds onderwyseres in Benoni. In 1937, kort voor hulle vertrek na Bethlehem in die O.V.S., is hulle oudste seuntjie, Pieter gebore.

Op 17 April 1937 is ds. Aucamp deur sy ou huisvriend ds. J. P. Jooste bevestig as eerste predikant van Bethlehem. In die tyd van bediening daar



*Ds. A. L. Aucamp het gemeente Eldoret bedien van 1933—1937. Hier is sy eerste **kerkraad**:*
***Voor**: Oudl. C. B. Enslin, ds. A. L. Aucamp, oudl. P. Klopper.*
*Agter: Diakens C. J. Roets, M. J. Prinsloo.*

het hy ook vir ruim 'n jaar die gemeente Durban as konsulent bedien en ook in die tyd is die gemeentes Reitz en Harrismith afgestig as selfstandige gemeentes. Na die afsterwe van wyle ds. D. P. du Plessis was hy ook vir 'n geruime tyd konsulent van die gemeentes Ladybrand en Ficksburg.

Behalwe die gewone kerklike werk was hy ook in Bethlehem voorsitter van die Helpmekaar, van die Reddingsdaadbond, het sy kragte gegee in belang van die skole, die Voortrekkers en so meer. Op Bethlehem is hulle seun Liebrecht gebore.

In April 1942 het hy die beroep aanvaar na die kombinasie Ficksburg-Ladybrand. Van Ficksburg moes hy 'n tyd lank die vakante gemeentes Bethlehem en Durban bedien en later weer vir Ventersburg en Thaba Nchu.

KERKRAAD GEREF. GEMEENTE BURGERSDORP, 1948.



*Voor l.n.r.:* Oudl. *A. Kruger, oudl. J. J. Henning, oudl. P. S. Venter, br. A. H.* Coetsee (*skriba*), *ds. A. L. Aucamp* (*voors.*), *oudl. J. V.* Coetsee, *oudl. J. J. Kruger, oudl. J. D. Aucamp.*

*Middel:* Oudl. *A. J. Henning, oudl. A. G. Coetsee, oudl. J. J. Grobler, oudl. W. J. Hattingh, oudl. S. Buys, oudl. C. A. de Beer, diak. H. B. Kruger, diak. H. Jansen, diak. S. J. Coetzee.*

*Agter: Diak. Louis Coetsee, diak. H. S. van der Walt, diak. A. E. Kruger, diak. A. J. Marx, diak. J. A. Kruger, diak. P. L. Kruger, diak. G. J. Kruger, diak. J. H. Steenkamp, diak. G. A. Coetsee.*

*Heelvoor: Lewis Strydom* (*Koster*). *Afwesig: oudl. J. N. du Plessis en diak. N. K. Steyn.*

Op Ficksburg het hy die inisiatief geneem vir die stigting van 'n Belastingsbetalersvereniging, 'n Kultuurvereniging, en Onderwys vir Volwassenes. Hy het ook sy gewig ingegooi by Reddingsdaadbond, Voortrekkerbeweging, Helpmekaar en onderwys-aangeleenthede.

In die tyd is ook op die dorpe Marquard en Senekal grond gekry vir latere kerkgeboue en is begin met die insameling van 'n boufonds vir 'n kerkgebou in Ficksburg.

In begin 1948 het ds. Aucamp en gesin verhuis na Burgersdorp. Die gesin het toe al aangegroei na drie seuns. Op Ficksburg is die jongste seun, Roelof, gebore.

Dan volg die bediening in Burgersdorp tot op datum waarna in 'n ander artikel verwys word. Hier was tye van skaarsheid aan predikante sodat ds. Aucamp, behalwe veelvuldige pligte in eie gemeente al moes konsulentsbediening doen vir 'n tydlang in die gemeentes Aliwal-Noord, Molteno, Venterstad, Colesberg, Oos-Londen, Maclear en Dordrecht.

---



# *AFDELING III*

## Een en ander uit die Geskiedenis

DS. J. A. VAN ROOY

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
13.5.1959.

Ds. A. L. Aucamp,
BURGERSDORP.
Weledele Heer en Broeder,

Dit doen my groot leed om te moet teleurstel. Hoe graag sou ek wil voldoen aan u versoek en die van u skriba. Om iets te lewer as bydrae tot 'n Eeufeesuitgaaf 1960 van die Gemeente, tog moet ek om verskoning vra. Kyk maar net hoe moet ek sukkel om te skrywe. My oë is klaarpraat; dit gaan op gevoel. Hoe graag sou ek met die nodige gesondheid en kragte die heuglike geleentheid persoonlik wil bywoon en geleentheid te baat neem om te vertel van die groot aandeel wat die gemeente had aan die herstigting van die Kerk in die ou Kolonie, wat Burgersdorp onderneem het bv. in verband met die stigting ook van die Teologiese Skool, die bekostiging van salaris vir twee predikante, terselfdertyd die eerste twee dosente, met die Teologiese Skool nogal met 'n literariese departement, daarna ook die vrye Christelike Skool waar ek die eer had om 'n tydjie Hoof te wees. Ag te veel om op te noem!

Ek dink aan die afgestigte omliggende gemeentes ook in opvolging. Ek herinner my ons taalstryd — taalbondeksamens — Afrikanerbond.

Dankbaar gedenk ek nog aan my loopbaan daar vanaf kwekelingstudent tot proponent. Veral die omgang ook in die gemeente waar sovele ooms

en tantes kon vertel van hul meelewe en deelneming in die afskeiding. Hoe gelukkig is vandag se jeug wat nou die voorreg het om voort te gaan en die geskiedskrywing daarvan in die feesuitgawe te lees!

Bring tog my beste wense en hartlike groete aan Kerkraad en gemeente met geskikte geleentheid met seënbede vir die werke wat ekself nie meer sal belewe nie.

N.B. My herinnering gaan terug vanaf 1883 tot 1895.

Seënbede ook vir u persoon met familie.

U dankbare broeder in Christus,
J. A. VAN ROOY.

---

# DIAKONALE WERK SEDERT 1900

As ons die notules van die vergaderings van die diakens deurlees, dan sien ons die merke van die Anglo Boere-oorlog van 1898-1902.

Op die vergadering van 13 Oktober 1900 lees ons dat die voorsitter „door den oorlochs-omstandighyd" afwesig is en ons vind dat in 1902 hulp gevra word uit „Aliwal-Noord Vrouwen Kamp".

Dit was 'n tyd van armoede en telkens lees ons van „tekorte" en dan moet die diakens maar weer deur hulle wyke gaan.

By die deurlees van die notules is dit vir ons duidelik dat die broeders erns gemaak het van die diakenamp. Ons tref vanselfsprekend in die notule dikwels besonderhede oor die uitdeling aan en versorging van die armes. Dit is ook duidelik dat met tye die nood groot was. Die armes aan wie hulp verleen was, was die weduwees en wese, die oues van dae en behoeftige kinders en dan andere met gebreke.

By die versorging het maar gedurig gekom en alles daaraan verbonde, die insameling van die bydraes en dan 'n saak wat maar gedurig lastig gebly het, was die toekenning en reëling van die sitplekke en die invordering van die sitplekgelde.

Ons wil hier net enkele besluite van die diakonie noem:

12 *Junie* 1908: Die broeders wier beurten het zijn zulle Zondag de collectie houden.

Op 15 *September* 1908 besluit die diakonie om 'n rytuig aan te skaf vir die leraar vir krankebesoek. Later word gerapporteer dat £27.15.0 ingesamel is. Die bedrag word aan die leraar gegee, maar as daar 'n lidmaat ontevrede is, „sal sijne teruggegee word".

Die diakonie besluit ook om aan die volle kerkraad te vra dat geen attestasies afgegee word voordat bydraes gegee is nie. As daar nog bydraes in die wyk ontbreek kon 'n diaken nie sy ontslag kry nie.

In 1910 was daar nog geen orrel in die kerk nie, behalwe br. Faan Buys se gorrel, en daarom besluit die diakonie om aan die voorsinger 8/- te gee vir die feesgeleentheid nl. by die vyftigjarige bestaan van die gemeente en 1/- vir elke „aannemer" wat hy leer sing! Aan die koster sal 10/- gegee word vir die lui van die klok tydens die Diakonale Konferensie.

Ons vind in die notule van 1912 dat 'n broeder diaken voorgestel het dat die stelsel van bydrae moet wees 3%. Op 16 Jan. 1914 protesteer 'n broeder diaken teen die handelwyse van die kerkraad om voor nagmaal 'n beramingsvergadering te hou.

In 1914 vind ons weer die saak van 'n rytuig vir die leraar. Eers word weens die finansiële toestand van die saak afgestap, maar dan word aan die voorsitter opgedra om die leraar te vra om geen rytuig te huur nie, behalwe vir baie noodsaaklike siektegevalle en waar die persone baie behoeftig is. Verder sal die kerkraad die leraar vervoer.

Vanaf 1915 is dit die gebruik dat by die bediening van die nagmaal die diakens volgens toerbeurte sal diens doen en dat die voorsitter van die diakonie toesig sal hou.

In 1919, een van die skaarsjare, word die noodsaaklikheid gevoel dat 'n fonds van £1,000 opgebou moet word, waarvan die rente gebruik moet word vir hulp aan behoeftige kinders wat belydenis van geloof wil aflê en ander gevalle van armoede.

Ons merk dat in September 1922 susters H. J. Venter en H. van der Walt die diakonie ontmoet met die oog op insameling vir die orrelfonds.

In 1923 en 1924 vind ons dat die diakens as volg besluit:

(a) In die toekoms sal nie weer gevolg gegee word aan nie-kerkregtelike beginsels betreffende diakonale werk nie.

(b) Die kerkraad gee leiding en voorligting en spreek hom uit of dit op punt van beginsel en kerkregtelik reg en regverdig is om welgestelde lidmate voorwaardelik te raam en minder vermoënde lidmate te verplig.

*Ds. Postma in Diakonale Vergadering:*

Op 10 Junie 1927 neem ds. D. Postma afskeid van diakonie voor sy vertrek na Holland. Hy bemoedig die broeders en wys op wat die werk is van armeversorgers en spreek met waardering oor die werk van die diakonie.

Hy dra sy huisgesin aan die sorg van die diakonie op tydens sy afwesigheid en hoop en bid om die seën van die Here.

Later weer in 1930 lees ons dat ds. Postma die diakens op „gevoelvolle" wyse toespreek. Hy vra die broeders om nie ontmoedig te word oor die donker toekoms wat ons in die gesig staar nie. Daar is altyd 'n silwer rand aan die donker wolk en die Here sal weer help.

Ook weer in 1932 vind ons vir ds. Postma in die vergadering van die diakens. Dit was die swaar jaar van droogte en depressie en armoede heers in die land en ook in die kerk van die Here. Sy woorde is: „Ons beleef tans donker tye; met alle vertroue en geloof moet ons ons werk doen en die toekoms aan die Here oorlaat. Daar was al moeilike tye vir die kerk gewees, maar dit het altyd weer reggekom". Hy wens die broeders toe die seën van die Here.

*Oue-Tehuise:*

Reeds in 1930 word die noodsaaklikheid van die bestaan van 'n ouetehuis gevoel. Die diakonie spreek oor 'n suster wat in so 'n inrigting behoort geplaas te word. Maar eers vanaf 1941 word die saak daadwerklik aangepak, toe die diakonie van Burgersdorp die bedrag van £300 stem as 'n beginfonds vir so 'n inrigting. Na die diakonale konferensie in Steynsburg word broeders Hennie du Plessis, A. Kruger en die drie dorpsdiakens benoem as 'n kommissie om 'n begin te maak. Hulle vergader in die huis van br. A. van Rensburg. Op 27 Maart 1942 rapporteer br. Hennie du Plessis dat die Eerw. Alg. Sinode ook sy steun aan so 'n onderneming gegee het en dat weldra 'n begin gemaak sal word. Sirkulêres word uitgestuur na al die gemeentes. Deur die stadsraad word grond geskenk vir die saak. Op 4 September 1942 word vermeld dat reeds £146 vir die doel ingekom het, en in 1943 is daar reeds 7 persone in die Oue-tehuis. Die verdere geskiedenis van die Oue-tehuis word in 'n aparte hoofstuk beskryf.

In die notule van 12 Julie 1937 lees ons:

*Spesiale Vergadering:* Die voorsitter laat bespreek of die vergadering wettig is daar die diakonie met uitsondering van een broeder nie in amptelike gewaad verskyn het nie. Toe is besluit, ingeval hierdie vergadering onwettig is, die besluite nou geneem bekragtig sal word op die volgende vergadering, wanneer die diakonie wel in amptelike gewaad sal wees.

Die oorlogsjare het ook die werk van die diakonie bemoeilik as gevolg van die rantsoenering van petrol, maar in hierdie opsig was die plaaslike magistraat tegemoetkomend deur vir barmhartigheidswerk ekstra petrol-koepons te gee.

By die lees van die notule van die diakonie is dit vir ons duidelik dat die broeders in die algemeen verkeer het onder die besef van die erns van die diens van barmhartigheid en daaraan die nodige aandag gegee het. Die

armes in die gemeente word behoorlik versorg in ware of in kontant, na gelang van omstandigheid.

Daar is ook 'n gesonde verhouding tussen die diakonie en die susters-organisasie.

Verder word aandag gegee aan die Dirk Postma Oue-tehuis. Op die bestuur van die Tehuis dien gereeld twee broeders diakens. Telkemale is ruime bydraes gegee vir die Inrigting en maandeliks word om die beurt deur die verskillende wyke vir die Oue-tehuis insameling gedoen.

Ook word gegee die gevraagde raming vir die Barmhartigheidsinstellinge, die Dowes en Blindes, die plaaslike kliniek en skoolfondse en jaarliks word deur die G.S.O. en die Diakonie 'n vaste bedrag gegee vir die C.H.O.-beurs-fonds, maar ook word uit eie fondse 'n bedrag beskikbaar gestel as hulp-fonds vir behoeftige studente om aan die P.U. vir C.H.O. te gaan studeer.

Na die diakonale konferensies word gereeld afgevaardig en reeds vir baie jare word broeders uit hierdie gemeente gebruik om leiding te gee en te neem in die werk van die diakens.

'n Groot las is van die skouers van die diakonie gehaal toe in die begin van 1955 op aanbeveling en voordrag van die diakonie deur die Eerw. kerkraad besluit is om die toekenning van vaste sitplekke in die kerkgebou te beëindig en dat daar dus voortaan vrysitplekke sal wees.

Aan die Here ons dank dat Hy nog altyd aan die gemeente manne gegee het om as geroepenes te staan in die amp van barmhartigheid. Dit was nog altyd 'n aangename voorreg en plig om diakonale vergaderings by te woon en met jonger broeders saam te werk. Hoewel dit soms nodig was en is om broeders te vermaan en te bestraf oor nalatigheid en ampsontrouheid, kan ons oor die algemeen met hoë waardering en dank van hulle toegewyd-heid spreek.

Mag die Here altyd aan hierdie gemeente gee manne van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid (Hand. 6 : 3), waardig, wat nie met twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. (1 Tim. 3 : 8, 9).

A. L. AUCAMP.

# DIE JONGELIEDEVERENIGING VANAF 1904

In die reëls van die jongeliedevereniging vind ons die volgende:

1. Het doel der Vereniging is de bevordering van alles wat dienen kan tot den vooruitgang van de geestelijke belangen van die Jongelieden der gemeente.
2. De Vereeniging staat onder toezicht van den Kerkraad en geen vergadering zal gehouden worden tenzij de Leraar of tenminste een ouderling tegenwoordig is nie.
5. Al de Jongelieden der Gemeente worden beschouwd als leden der Vereeniging.
6. Leden die gedurende het jaar geen werk hebben gedaan dat hen opgedragen was worden beschouwd als hebben zij bedankt, en ander leden worden dan in hulle plaatsen gekozen.

Ons sien in die notuleboeke dat in die eerste jare die studente 'n groot krag was in die J.V. Die werksaamhede het hoofsaaklik bestaan uit die benatwoording van „partikuliere vragen", verklaring van skrifgedeeltes en lesings.

Die vrae wat beantwoord moes word, is 'n aanduiding van die deeglike studie en diepe erns. Ons vind onder andere die volgende vrae:

1. Doen 'n predikant reg as hy in die openbare godsdiens bid om 'n saak waaromtrent hy weet dat die meerderheid van die aanwesiges daarteen is?
2. Waarom is daar in die Bybel soveel geheime wat ons nie kan deurgrond nie, bv. Gen. 2 : 17?
3. Wanneer is die uitverkiesing?
4. Mag ons vir 'n vloeker bid? Sien Lev. 24 : 14, 23.
5. Kan iemand glo dat die Bybel God se Woord is, sonder dat hy deur die Heilige Gees daartoe verlig is?
6. In watter gedaante verskyn die siel in die hemel voor die opstanding?
7. Hoe is dit te verstaan dat God 15 jare aan die lewe van Hiskia bygevoeg het, daar hy tog reeds vooraf alles in sy raad bepaal het?
8. Wat beteken die nou-poort en hoe lank duur die stryd?
9. Watter dae word in die vyfde gebod verleng?
10. Het Farao ook omgekom in die Rooisee?
11. Wat is 'n aartsengel?
12. Waarom kom die Naam van die Here nie in die boek Esther voor nie?

13. Waar was Daniël toe die drie Jongeliede in die vurige oond was?

Ons het maar hier enkeles van die baie vrae genoem. Daaruit blyk hoe diepgaande die skrifstudie was en hoe baie ernstig oor al die vrae nagedink is. By hierdie vrae het ook gekom die verklaring van Bybeltekse en artikels uit die Geloofsbelydenis.

Ons wil verskillende sake noem waaraan in die loop van tyd aandag gegee is.

Op die vergadering van 27 November 1904 word afskeid geneem van die teologiese studente, wat na Potchefstroom vertrek. Dank word uitgespreek vir wat die studente vir die J.V. beteken het en die J.V. vir hulle.

In die J.V. is gehandel oor die Strewersvereniging.

*Sang:*

Die jongmense het hulle baie toegelê op sang. Op 4 Mei 1913 het 'n koor gesing by die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou, onderwyl die gemeente die kerkgebou binnegekom het.

Ons lees in die notule dat op 'n vergadering van 9 September 1923 'n koor van een van die plase af optree. En op die vergadering van Januarie 1924 word besluit dat die Sangkommissie die Afrikaanse Psalms sou kry sodra dit op noot is om dit te oefen, en telkemale later word die Psalms vierstemmig gesing.

*Bydraes vir verskillende sake:*

In 1910 word gekollekteer vir 'n nuwe klok. Op 9 April 1911 word bespreek „om iets te doen aan de Zending nl. om 'n broeder wat in Potchefstroom vir zendeling studeer aan te moedig in sy voorneme". 'n Jaar later word 'n studiebeurs toegeken aan iemand op die Teologiese Skool.

In 1923 word gerapporteer dat vir die nood in Duitsland £27.10.0 gekollekteer is en dat daar nog 'n paar lyste ontbreek. In dieselfde jaar word ook bydraes gevra vir die reiskoste van 'n predikant na Humpata en ook vir 'n kerkgebou vir een van ons gemeentes in Johannesburg. Later word gerapporteer dat £22 ingekom het vir Johannesburg en £11 vir Humpata-reiskostes.

In 1924 word £63.0.3 gekollekteer vir 'n kerkgebou in Kaapstad, £23 vir behoeftige studente in Potchefstroom en £47.3.8 vir die Afrikaanse Bybelvertaling.

Daar word besluit „jonge susters word aangestel om 'n kollekte in die gemeente te maak van beskuit, koek, ens. om vir die verkoping in Oos-Londen te stuur. Later word die susters bedank vir die goeie opbrengs".

In 1926 word weer gekollekteer vir ligte in die kerk en ook word uit die kas £35 gegee as vrye beurse aan twee studente.

*Kontak met ander J.V.'s:*

In 1924 word die J.V. uitgenooi na 'n konferensie van J.V.'s. Dit word besluit om eers die uitvoerbaarheid van so 'n konferensie te bespreek. In 1926 word twee broeders afgevaardig na so 'n konferensie. In 1927 word afgevaardigdes na Middelburg gestuur. Die volgende beskrywingspunte word gestuur: (1) Die wenslikheid om aan te sluit by die Bondsblad, wat reeds bestaan in Kaapland. (2) Die J.V. moet doeltreffende samekomste hou in die plek van die verleidelike bioskope en om daardeur ook beter samewerking van die Verenigings te verkry. Ook word beswaar gemaak teen die oordrewe sportgees en ontheiliging van die Sabbat.

*Biblioteek:*

Die J.V. was van gedagte dat dit noodsaaklik is dat daar 'n goeie biblioteek vir die jongmense moet wees. Dit moet dien tot bevordering van goeie opbouende en geestelike lektuur.

J. V. BESTUUR EEUFEES 1960.



*Voorste ry: C. Venter, ds. A. L. Aucamp, F. van Heerden, T. J. Kruger.*
*Agterste ry: A. L. Aucamp, C. Venter, A. Kruger, A. Venter.*

Op 24 Maart 1929 word besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n Christelike Biblioteek. Vir die doel word ook 'n professor uit Potchefstroom gevra om die jongmense te kom toespreek. Daar word ook lyste aan kollektante gegee om vir die doel te kollekteer.

Ook het die J.V. hom beywer vir die stigting van 'n Kultuurvereniging en in 1932 word 'n jongedogters werkgeselskap gestig.

In Burgersdorp was nog altyd 'n bloeiende J.V. Hoewel baie van die jongmense ons dorp en distrik verlaat om elders te gaan studeer of 'n

BELYDENISKATKISANTE 1959.



*Voor: Japie de la Harpe, Andries Kruger, Tys Blignaut, Danie de Klerk, Koot Steenkamp, Willem Henning, Petrus Buys, Louis Nel.*

*Tweede ry: Oudl. Dirk Aucamp, Petrus Venter, ds. A. L. Aucamp, oudll. Josef Henning, Nic du Plessis, Koot Kruger.*

*Derde ry: Gerrie Venter, Willie de Bruin, Minnie Styger, Ria Comley, Johanna van der Walt, Naomi Grobler, Marga van Rooy, Magrieta Coetsee, Anna-Marie Kruger, Minnie Styger.*
*Agter: Willem Venter, Drynie Coetsee, Glou Kruger, Maretha van der Walt, Liebrecht Aucamp, Dirk Coetsee, Willem Venter, Hanlie Venter, Drynie Kruger, Anna-Marie Kruger.*

betrekking te aanvaar, het hier nog altyd 'n aantal oorgebly om die J.V. in stand te hou. Ook het 'n tydlank die Jongedogtersvereniging bestaan en ook 'n Junior J.V.

'n Geruime tyd lank was ook die Bondsvoorsitter van Kaapland ds. A. L. Aucamp en die Bondsekretaresse, eers suster Rika Kruger, toe Suster Koekie Roll en ook Suster Lynie Coetsee op Burgersdorp woonagtig en was Burgersdorp so die sentrum van die Bond van Kaapland. Ook ander J.V. lede van Burgersdorp het op die Kaaplandse Bondsbestuur gedien.

Deur die inisiatief van die J.V. van Burgersdorp is in die afgelope tyd jaarliks 'n jeugsaamtrek op Roosterhoek gehou. Gewoonlik kom die jongmense van Burgersdorp, Aliwal-Noord, Molteno, Dordrecht, Bethulie, Venterstad en Steynsburg na die saamtrek. Daar was ook al J.V.-lede van Queenstown, Barkly-Oos en Middelburg. Dit is mooi om so ongeveer 150 jongmense byeen te sien.

Die programme word gewoonlik veraangenaam met lesings, vasvrawedstryde, debatte, vertellinge van oorsese reise, ens. Die plekke van samekoms is meestal in die pastorie, maar ook in die kerksaal en by die huise van lidmate, af en toe op plase.

'n Mooi gebaar van die J.V. was die insameling vir die oprigting van die monument op Roosterhoek. Hiervoor was meer as £100 nodig. Die vorm van die monument is die kerkie op 'n rots. Mag dit die inspirasie vir ons seuns en dogters wees om rotsvas te staan in hulle geloof, belydenis en in die uitlewing van hulle beginsels as lidmate van die kerk, tot eer van God.

# Die werk van die Susters

deur Susan Venter



*„Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel."*

Psalm 78 : 3 en 4.

Sowat 'n halfeeu gelede is daar begin met die sustersaksie in Burgersdorp. Onder leiding van wyle mev. ds. D. Postma is daar 'n begin gemaak met 'n Susterveremiging. Ongelukkig kan daar geen notuleboeke gevind word van daardie eerste vergaderings nie, en moet daar gebruik gemaak word van die herinneringe van 'n paar van die ouer susters van die gemeente.

Aanvanklik is die vergaderings in die pastorie gehou en het die susters nie juis veel op hul eie gedoen nie. Hulle was net 'n hulp vir die Kerkraad; maar met die jare het dit al hoe meer uitgebrei en is daar al meer gedoen. Namate die ledetal gestyg het, het die fondse ook toegeneem; gevolglik kon daar al hoe meer gedoen word.

Vandag nog is die G.S.O. 'n hulp vir die diakonie, en werk onder die toesig van die Kerkraad. Daar is baie terreine waarop daar gewerk word en met dankbaarheid kan getuig word van ywer en volharding deur die jare heen.

*Barmhartigheidswerk:*

Saam met die Diakonie is daar gewerk om die armes te versorg. Waar die diakens die hulp van die susters nodig kry, word ywerig en met liefde gewerk. As daar klere gekoop moet word vir die behoeftiges, is dit aan die susters opgedra, omdat hulle soveel beter kan nagaan wat nodig is. Waar nodig het die susters die klere help maak en in 1944 is 'n Werkgeselskap

gestig waar die minderbevoorregte susters van die gemeente een keer per week bymekaar gekom het onder leiding van 'n bekwame komitee, en daar is hul geleer om masjienwerk te doen, om te brei en om stukkende klere heel te maak.

Daar is lakens, slope, handdoeke, nagklere en ander benodigdhede vir siekes aangehou in 'n Dorkaskas, en uitgeleen waar nodig. Hiervan is goed gebruik gemaak.

Na die jongste Wêreldoorlog is daar veel gedoen ter leniging van die smarte van die Noodlydendes in Holland en Duitsland. Met konserte en verkopings is daar geld ingesamel wat gebruik is om wol en flennie te koop wat deur die susters in klere verwerk is. Daar is ook pakke eetware gestuur.

Plaaslik is daar jaarliks geld bygedra vir die distriksverpleegster, die kliniek en vir die plaaslike hospitaal.

Vir die bou van die Dirk Postma Oue-Tehuis is daar ruim bygedra behalwe nog vir meubels, matte, verekomberse en ander geriewe. Daar is bygedra vir die bou van Port Elizabeth se kerk en vir die Eeufeesbedieningsfonds.

*Instandhouding van kerkgeboue:*

Die susters het ten eerste gehelp om fondse in te samel vir die bou van ons sierlike kerkgebou, en help nog steeds waar nodig met fondse vir die herstel van ons kerk.

Deur die vlyt van die susters is 'n pragtige orrel aangekoop vir ons kerk, en deur al die jare heen het die susters gesorg dat dit jaarliks gestem word, en onlangs het hul 'n nuwe motor vir die orrel gekoop.

Ook met die bou van die kerksaal was die susters behulpsaam, en gedurig nog word daar gehelp met fondse as die kerksaal opgeknap moet word. Die susters betaal ook nog steeds vir die gereelde versorging van die saal, en dit kan tereg gesê word dat die kerksaal die plek is waar die susters die meeste van hul werksaamhede verrig.

Met die hulp van die jong mense is daar fondse ingesamel vir 'n nuwe klavier vir die saal, en dis met 'n konsert in gebruik geneem.

Ook vir die boufonds waarmee ons nuwe pastorie aangekoop is, het die susters ruimskoots bygedra. As daar 'n nuwe stoof of 'n yskas of tapyte benodig word vir die pastorie, sowel as vir die kerk, dan is die susters dadelik gereed met hul bydraes.

Vir ons kerk het die susters 'n dowetoestel geskenk, van tyd tot tyd gordyne gekoop en ook nuwe tapyte.

*Sending:*

Die susters van Burgersdorp word al hoe meer sendingbewus. Daar word jaarliks bygedra vir die Sendingaksie, en vir 'n geruime tyd het hul

gehelp om die Sendingpos op De Hoop te onderhou. Van tyd tot tyd is daar lappe, leë bottels en blikkies gestuur aan die Sendinghospitaal, en kersfeespakkies is gereeld gestuur aan die personeel. Daar word ook jaarliks bygedra vir die plaaslike Ned. Geref. Kerk se Sendingleraar.

*Siekebesoek:*

In die afgelope jare het die susters veel siekebesoek gedoen. Daar word briewe van bemoediging geskryf aan susters wat langdurige siekte deurmaak; daar word ruikers en telegramme gestuur aan susters wat op ander dorpe en stede in hospitale verpleeg word, en plaaslik word daar gereeld met elke vergadering twee susters aangestel wat die siekes en oues van dae moet besoek. Die besoeke word getrou uitgevoer en opreg gewaardeer.

*Opvoeding:*

Die susters beywer hul ook vir die opvoeding. Daar is menige man en vrou wat kan getuig dat hul lenings ontvang het vir hul studies.

Vir baie jare het die susters 'n Afrikaanse biblioteek in stand gehou, en die gemeentelede is gedurig aangemoedig om te lees. Toe daar nie meer behoefte bestaan het vir 'n biblioteek nie, is die boeke aan die Oue-tehuis geskenk.

Na die dood van ds. J. F. Erasmus, sendingleraar op De Hoop, het die susters van Burgersdorp besluit om saam met die susters van Reddersburg die jaarlikse premie te betaal op 'n studiepolis vir die seuntjie van ds. Erasmus, en nou met ons Eeufeesviering is daardie polis opbetaal en kan die seun die geld trek vir verdere studie.

Aan die P.U. vir C.H.O. asook vir die Weeshuise word daar gedurig bydraes gestuur. Met die bou van die dameskoshuis, Klawerhof, kon ons £250 bydra. Daar word ook gedurig geld deur die susters bygedra vir een of ander behoefte van die plaaslike skole en koshuise.

Op geestelike gebied word die susters ook gedurig bearbei. Die vergaderings word gereeld toegespreek deur die plaaslike en besoekende predikante.

In 1942 het die Sustersvereniging van Burgersdorp by die Uniale Bond van Sustersverenigings aangesluit en van toe af is daar gereeld afgevaardigdes gestuur na elke Uniale en Provinsiale Konferensie. Daar word ook besprekingspunte opgestuur.

In 1948 kon Burgersdorp die Uniale Konferensie ontvang en by daardie geleentheid is ons voorsitster, mev. ds. A. L. Aucamp gekies as voorsitster van die Bond. En nou in ons Eeufeesjaar beklee sy nog steeds daardie posisie.

In 1946 is die orgaan van die susters, „Die Vroueblad", begin en dadelik is daar 50 susters wat inteken op die blad. Op die huidige tydstip tel die intekenare 100. Daar is twee van ons susters wat af en toe bydraes lewer vir die blad en ons stuur ook verslae van ons werksaamhede.

*Funksies:*

Ons susters help ook by geleentheid van Sinodes en sitting van die Klassis en Diakonale Konferensies met die verskaffing van verversings en deur gesellige onthale te reël vir die afgevaardigdes. By geleentheid van die afskeid of verwelkoming van predikante is die susters natuurlik behoorlik in hul element, want is dit dan nie 'n plesier om onthale te reël met so 'n ywerige span susters wat so hartlik saamwerk, en wat elk hul deel bydra om die werksaamhede te laat vlot nie?

So kon ons 'n onthaal aanbied as afskeid vir ons orrelis, oom Piet Kruger, na 'n dienstydperk van 31 jaar. Ook vir ons huidige leraar kon ons 'n onthaal reël ter viering van sy 25 jarige ampsbediening.

Vir die ouer lidmate van ons gemeente sowel as vir die inwoners van die Dirk Postma Oue-tehuis word daar jaarliks kort voor Kersfees 'n onthaal

G.S.O. BESTUUR 1960.



*Voorste ry: S. Venter, mev. A. F. Aucamp, H. Coetsee, N. du Plessis.*
*Agterste ry: N. Kruger, M. Kruger, P. Steenkamp, H. Coetsee.*

gereël. Die katkisasiekinders en lede van die J.V. word ook gereeld jaarliks getrakteer met 'n piekniek of 'n geselligheid.

Aan die einde van die jaar se werksaamhede word daar gewoonlik 'n onthaal gereël waar die verslae van die jaar voorgelees word, en daar word 'n musiekprogram aangebied.

*Voorsitsters:*

Ons is die Here innig dankbaar vir die bekwame voorsitsters wat al die jare die leiding van ons organisasie behartig het en hul opgeoffer het om dit te laat groei en bloei. Daar was ten eerste wyle mev. D. Postma wat verantwoordelik was vir die stigting van die organisasie. Haar dood was 'n gevoelige slag vir die susters. Toe het wyle tant Bettie Venter jare lank gedien as voorsitster totdat ds. Postma weer getroud is.

In 1941 word mev. S. J. van der Walt (beter bekend as Ella Eloff van der Walt — die skryfster) voorsitster van die organisasie en na hul vertrek ageer suster Nannie Kruger as voorsitster tot die aankoms van mev. Aucamp.

So is daar deur die jare gebou aan die sustersorganisasie van Burgersdorp en dit is uit dankbare erkentlikheid aan ons voorgeslagte dat ons tydens ons Eeufees 'n gedenkplaat in ons Kerksaal onthul. Ons hoop en vertrou dat daar in die toekoms nog steeds in die krag van ons Hemelse Vader voortgebou word tot eer en verheerliking van Sy Naam.

# *Enkele briewe van ds. D. POSTMA*

BLOEMFONTEIN.
1 Junie 1938.

Die Eerwaarde Gereformeerde Kerkraad,
BURGERSDORP.
Geliefde Broeders in Christus,

Vanmôre was ek by dr. Havenga hier en hy meen dat ek maar so spoedig moontlik onder operasie moet kom. My toestand, sê hy, is oor die algemeen nie te sleg nie, maar die toestand van die klier is nie so goed nie en daarom juis is dit nou die geskikste tyd vir die operasie. Hy sal D.V. Saterdag eerskomende die operasie doen. Ek sal 'n paar weke in die hospitaal moet bly en dan daarna 'n maand of twee, drie moet verlof neem om weer sterk te word, dit is nog onseker hoelank. Hiermee versoek ek u dan beleefd om my die verlof toe te staan en by voorbaat bedank ek u baie hartlik daarvoor.

My troos is Psalm 91, veral die eerste vers en my wens en bede aan u is die woord *Mispah* — Mag die Here wag hou tussen my en u as ons mekaar nie meer sien nie. Genesis 31 : 49. Dit ook aan ons dierbare Gemeente. Hartlik dank vir alles wat u aan my en my huis gedoen het. Mag ons eerlang weer saamwerk tot opbouing van Gemeente en tot eer van sy Naam. Ek het aan dr. Van der Walt, Molteno, geskrywe om as Konsulent op te tree indien nodig en aan ds. Jooste om eerskomende Kerkraadsvergadering daar op Burgersdorp te wees.

Met hartlike groete en seënwense,

U liefhebbende Leraar in naam van Christus,
D. POSTMA.

* * *

Nasionale Hospitaal,
BLOEMFONTEIN.
6 Junie 1938.

Die Eerwaarde Voorsitter,
Kerkraad Gereformeerde Kerk,
BURGERSDORP.
Geliefde Broeders in Christus,

Toe ek laas aan u geskrywe het, was dit voor my operasie; nou kan ek u meedeel die afloop daarvan en die seën wat ek daarby mog ontvang. Saterdag 4 Junie was die operasie en van toe af tot nou toe het ek altyd aan

swaar pyne gely maar, Gode sy dank, nou begin ek verlossing daarvan kry, met die gevolg egter dat ek baie verswak voel.

Hiermee versoek ek u met alle beskeidenheid om saam met my en my huisgesin die Here te dank in die hoop dat ons eerlang weer gesamentlik mag arbei in ons dierbare gemeente.

Van harte hoop ek dat gedurende my gedwonge verlof u almal sal begenadig word om die werk van die Here te verrig.

Met hartlike groete aan u, die uwes en die gemeente, beveel ek hiermee my by u aan vir voorbede en sluit ek.

U liefhebbende leraar en broeder in Christus,
D. POSTMA.

P.S. Eerwaarde Broeders,

Na ek hierdie brief klaar geskrywe het, of liewer gedikteer het aan my geliefde seun ds. M. Postma, het ek u simpatieke en opbeurende brief d.d. 4 Junie ontvang. Baie, baie dankie seer geliefde kerkraad wat namens my dierbare gemeente my so ryklik getroos het met gemelde brief. Dit is die ware liefde van Christus wat deur u tot my en die myne spreek, en dit is my vurige bede dat u goeie wense deur genade van God sal vervul word. Ons koester die beste hoop op herstel, nieteenstaande van dat ek laas aan u geskrywe het die pyne in hewigheid toegeneem het, maar volgens verklaring van die dokter is dit maar die verloop van so 'n operasie.

Dan het ek nie woorde om my dankbaarheid aan u uit te spreek oor wat u my beloof het wat betref die onkoste. Ja, ek kan met alle beskeidenheid hieromtrent betuig wat die Apostel Paulus in Phil. 4 : 17 sê: „Nie dat ek die gawe soek nie, maar ek soek die vrug wat oorvloedig word op julle rekening". Hierin mag ons aanskou die wederkerige liefdewerking en medelye vir mekaar. Ek kan u nooit verseker wat 'n heerlike opbeuring dit vir my was nie om so 'n betuiging van liefde van u te ontvang. Dit is weer 'n nuwe band, wat ons in Christus met mekaar verbind. Sy Naam sal hierdeur verheerlik word en ook ons geestelike lewe verryk tot heil van ons geliefde Gemeente.

Nogmaals my opregte dankbaarheid,

U liefhebbende Leraar,
D. POSTMA.

* * *

OOS LONDEN.
23 Augustus 1938.

Aan die Gereformeerde Gemeente,
BURGERSDORP.

Seer geliefde Broeders en Susters in Christus,

Ek beskou dit as 'n groot voorreg dat ek deur Gods genade weer in staat is om aan u te skrywe, hoewel ek veel liewer almal van aangesig tot

aangesig sou gesien het. Dit is vir my onmoontlik om u te beskrywe hoe ek na u verlang: die jarelange verbintenis tussen ons het my lewe met u lewe saamgeweef in al u vreugde, maar ook in al u smart. Gedurig dink ek aan u en wil ek maar net altyd een of ander van u begroet en besoek.

En veral waar u nou die Heilige Nagmaal vier, wou ek my vrou saam met my dierbare kinders en saam met u in die lieflike gemeenskap van die heiliges verkeer het. Tot my opregte spyt moet ek u egter meedeel dat ek nog nie sterk genoeg voel om terug te keer na my arbeid nie — hoe my hart ookal brand om weer werksaam te wees in u midde. Ek het nie gedink dat my toestand só verswak was — ja, met alle beskeidenheid kan ek met 'n Paulus sê: „dat ons dit bo ons krag uitermate swaar gehad het, sodat ons selfs aan ons lewe gewanhoop het. Ja ons het al selfs die doodsvonnis oor ons gehad, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek, God, wat ons verlos het uit so 'n groot doodsgevaar en nog verlos, op Wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos, onderwyl u ook saamwerk vir ons deur die gebed, sodat daar vir die genadegawe aan ons deur baie persone op baie maniere vir ons gedank mag word". 2 Korinthiërs 1 : 8-11.

Met blydskap en dank jeens God, die Here, kan ek u meedeel dat hoewel nog swak, ek tog stadig aan sterker word, dit sal egter nog 'n tydjie duur voor ek weer op volle sterkte sal wees D.V. Op ernstige aandrang van die Gemeente Oos Londen, 'n Gemeente ook deur my gestig en baie jare bearbei, het ek laaste Sondag hier met Nagmaal een preek gelewer. Dit was vir my 'n groot inspanning, maar die Here het my krag gegee om volgens my ernstige verlange weereens die lieflike Evangelie te verkondig. Ek het dit ook gedoen om my kragte te toets, en ek moet beken dat ek nog swakker is as wat ek gedink het.

Veroorloof my geliefde gemeente, om u mede namens my vrou en kinders, hiermee hartlik te bedank vir u belangstelling en liefde in my lyde; dit was en is nog vir my so 'n heerlike vertroosting en opbeuring as ek soms nog twyfelmoedig word. Wees verseker dat ek gedurig in my gebede aan u gedenk. Vir hoelank die Here my nog sal spaar om in u midde te mag arbei, weet Hy alleen; maar ek verlang sterk om u almal weer te ontmoet en aan u te verkondig dat in Christus Jesus u die volheid van Gods ryke genade het om u van al u sondes te verlos, om u Leidsman te wees in dae van donkerheid en om u in dankbaarheid u lewe aan Hom en Sy kerk toe te wye. Hoewel ek nog afwesig is van u hoop en vertrou ek dat die Here u genade sal gee om u Eerwaarde Kerkraad as u voorgangers te volg en dat u as Gemeente van die lewende God volgens 1 Timotheus 3 : 15 „'n pilaar en grondslag van die waarheid sal wees".

Voor ek eindig wil ek u as my geliefde Gemeente ook hartlik bedank vir die geduld wat u jeens my betoon en vir al die liefde en sorg wat u aan my dierbare kinders bewys. Laat ons hoop dat die Here dit so sal beskik dat

ons eerlang weer bymekaar sal wees om nog lank vir mekaar tot 'n seën en tot eer van God te wees.

Met hartlike groete en heilwense, ook van my vrou.

Noem ek my met hoogagting,

U liefhebbende en verlangende Leraar en broeder in Christus,

D. POSTMA.

* * *

OOS LONDEN.
24 Augustus 1938.

Die Eerwaarde Kerkraad,
Gereformeerde Gemeente,
BURGERSDORP.

Eerwaarde Geliefde Broeders in Christus,

Met verdere betrekking tot my brief wat ek u gister geskrywe het, wil ek ook nog onder u aandag bring dat volgens die krante sal 'n Regeringskommissie op Burgersdorp wees D.V. op aanstaande Dinsdag om getuienis in te win aangaande gemengde huwelike tussen blankes en gekleurdes. Ek het reeds al as korrespondent aan die kommissie geskrywe dat ons Gereformeerde Kerk baie sterk teen sulke gemengde huwelike is.

Noudat die kommissie self op Burgersdorp kom sit om persoonlike getuienis te hoor en te ondervra, wil ek hiermee aan u voorstel dat u 'n kommissie van ons kerkraad benoem om die Regeringskommissie te ontmoet om ons gevoelens baie duidelik aan hulle bekend te maak dat ons ten sterkste teen sulke gemengde huwelike is. Om ons kommissie te help gee ek aan die hand dat hulle aan die Regeringskommissie sal verklaar:

1. Reeds al in 1892 het die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 'n Sinodale besluit geneem dat huwelike tussen blank en gekleurd belet moet word.

2. Ons neem die standpunt in omdat vanaf Europese volksplanting in Suid-Afrika, ons Calvinistiese voorouers teen vermenging van die blanke en gekleurde rasse was en dit strek onse Voortrekkers tot eer dat hulle met die hulp van God ons blanke ras suiwer bewaar het.

3. Die ondervinding het nog altyd geleer dat waar 'n hoër staande ras met 'n laer staande ras vermeng, dit altyd tot nadeel van die hoëre ras was.

4. Duidelike voorbeelde hiervan kan gesien word in lande soos Angola en die Suid-Amerikaanse Republieke, waar geen kleurlyn bestaan nie — gevolglik is die bevolking van genoemde lande ook maar op 'n lae trap van beskawing wat betref godsdiens en kultuur.

5. Sodra ons in Suid-Afrika die kleurlyn gaan uitwis ('n kleurlyn wat ons handhaaf op ons Spoorweë, publieke kantore ens.) dan hoef ons nie meer te praat van 'n blanke Suid-Afrika nie.

Dit is maar 'n paar punte wat ek opgee; die kommissie van die Kerkraad kan verder op die saak ingaan. Ek sou aan die hand gee om ds. S. J. van der Walt as konsulent te vra om na Burgersdorp te kom om namens ons kerk getuienis af te lê en dan sou ek verder benoem: die dorpse ouderlinge en kassier van die kerkraad en dan sou ek ook voorstel dat prokureur Apie Venter gevra word om ook op die kommissie te dien as oudkerkraadslid en ook as Prokureur kan hy ons kerkraadskommissie van grote diens wees.

Ek hoop u sal instem met my voorstelle.

Met heilwense en hartlike groete,

U liefhebbende leraar,

D. POSTMA.

* * *

OOS LONDEN.
1 September 1938.

Mnr. P. S. Venter,
Skriba Gereformeerde Kerkraad,
BURGERSDORP.

Geliefde Broeder in Christus,

Hartlike dank vir u simpatieke brief van 29 Augustus namens my geliefde Kerkraad. Met blydskap het ek daaruit verneem dat ons dierbare gemeente 'n geseënde Avondmaalsviering gehad het. Ek kan u verseker dat van Vrydagmiddag af, toe u met kerkraadsvergadering begin het, my gedagtes gedurig by u was en veral Sondagmôre toe u Nagmaal gevier het. Laat ons hoop dat die Here ons spoedig op Sy tyd weer bymekaar sal bring.

Met blydskap en dank het ek verneem uit u brief en ook van die konsulent dr. S. J. van der Walt, dat die Kerkraad my verlof verleng het tot 17 September en as ek nie sterk genoeg voel nie, selfs dan vir 'n langer tyd. Ek kan die Kerkraad en Gemeente nooit dankbaar genoeg wees nie vir al die liefde en geduld, en veral gevoel ek baie dankbaar jeens u vir u besoek aan my toe ek so siek was in die hospitaal te Bloemfontein. My toestand word beter en as die Here my soveel krag gee, dan hoop my vrou en ek Saterdagmôre 17 September om half tien of nege uur met die trein op Burgersdorp aan te kom. Wat sal dit tog nie 'n blye ontmoeting wees nie!

Hartlik dank ook dat my briewe aan Kerkraad en Gemeente voorgelees is. Met heilwense en seënbede aan u almal, ook van my vrou en ook aan Nig Hester.

U verlangende leraar,

D. POSTMA.

# Burgersdorp

## 1941—1946

deur dr. S. J. van der Walt

Ek voldoen graag aan die versoek van my ou gemeente om iets te skrywe oor die tyd van my bediening aldaar. Dis egter 'n moeilike taak om so iets in 'n beperkte ruimte uit te voer. Mens weet nie wat jy moet vermeld en wat jy moet weglaat nie. Ook is dit moeilik om name te noem, want daar was ten slotte soveel staatmakers en getroue medestryders dat jy dan maar almal moet noem.

Ek kan maar net sê dat dit vir my aan die een kant 'n besondere groot eer en voorreg was dat ek in die ou moedergemeente van Kaapland kon gaan arbei, 'n gemeente wat 'n heel besondere ereplek in ons Kerk ingeneem het en waar die onmiskenbare atmosfeer van geestelike distinksie en leierskap oor baie jare geheers het, veral omdat die geëerde stigter van ons Kerk, prof. D. Postma, sy groot lewenstaak hoofsaaklik daar volbring het, waar hy geleef en gesterf het en begrawe is en waar die Postma-geslag 'n baie belangrike rol gespeel het. Dit was met 'n gevoel van huiwering dat ek die standplaas van my waardige en geëerde voorganger, wyle ds. D. Postma, kleinseun van die stigter van ons kerk, wat vir sowat 35 jaar die „ongekroonde koning" van Burgersdorp was en sulke diep spore in ons kerklike en volkslewe getrap het, gaan beset het. As ek my nie van God geroepe gevoel het nie, sou ek dit nooit gewaag het nie. Ek is nou nog dankbaar vir die bemoedigende woorde waarmee my ou vriend, wyle dr. E. L. J. Venter, my bevestig het, toe hy my vergelyk het by Josua wat die lewenstaak van Moses moes afrond, deur die volk verder te lei na Kanaän. Ook my eggenote het haar maar swak gevoel, maar in die geloof trou aan my sy gestaan in daardie moeilike oorgangstyd. En ek kan net sê dat God vir ons goed was. Die gemeente het ons met oop harte en arms ontvang en ons hande gesterk in die stryd vir Gods Koninkryk. Ons het hulle leer liefkry en daar is bande gelê wat seker tot die dood toe sal voortduur. Ek glo dat ons arbeid daar wel met seën bekroon is en dat ook ons daar veel ontvang het wat ons geestelik verryk en opgebou het.

As mens so terugdink aan 'n vroeëre werkkring, dan duik daar allerhande herinneringe op. Ek sal so hier en daar iets meedeel.

Ek dink dan in die eerste plek daaraan hoe dat ons destyds in kombinasie met die gemeente Reddersburg, as moedergemeente van die O.V.S. 'n sending-

aksie begin het by De Hoop in Noord-Transvaal, 'n werk wat klein begin het en groot teenslae beleef het, maar wat onder Gods seënende hand nog voortgaan en steeds vorder. Ek sien ons sendingleraar, wyle ds. Jopie Erasmus, nog soos hy die aand daar in Burgersdorp se kerk voor die preekstoel gestaan het en bevestig is deur ds. A. S. E. Yssel. Sy ouers en aanstaande bruidjie was ook daar teenwoordig. Met hoeveel ywer en geloof het hulle begin! Helaas dat sy lewe so spoedig afgesny is deur 'n tragiese geweerongeluk! Toe ek onlangs weer deur daardie sendinggebiede gereis het, het my gedagtes ver

GEREFORMEERDE KERKRAADSLEDE, BURGERSDORP 1942



*Agterste ry (links na regs): Diakens W. van Rooy, J. H. Steenkamp, P. Venter, J. H. van der Walt en J. A. Coetsee.*

*Tweede ry: Oudl. D. S. de Bruin, diak. H. J. du Plessis, oudl. A. H. Coetsee (skriba), diakens A. E. Kruger, J. H. Venter, A. M. Kruger, oudl. J. J. Kruger, diak. H. M. Henning oudl. C. A. de Beer.*

*Voorste ry: Oudle. J. F. du Plessis, G. J. de Klerk, P. Kruger, J. H. Steenkamp, dr. S. J. van der Walt (voorsitter), oudle. W. van Biljon, A. J. Henning, F. Coetsee en J. F. Venter. Heelvoor: N. Schoeman (Koster).*

*Afwesig: Oudle. A. G. Coetsee en S. Buys. Diakens P. L. Kruger, Douw du Plooy, D. T. Styger en Z. B. Coetsee.*

teruggegaan. Waarlik, God laat die werk van sy hande nie vaar nie. Hoe baie maal het ons nie saam met Reddersburg in die kerkie op Springfontein vergader om al die probleme i.v.m. die sending te bespreek en op te los nie!

Ek dink ook daaraan dat ons destyds die steen aan die rol gesit het i.v.m. die Oue-tehuis, wat op Burgersdorp opgerig is. Ook hier het ons met baie moeilike probleme te doen gekry wat ure van beraadslaging en beplanning geëis het. Gelukkig het die Kerkraad destyds 'n nuwe pastorie aangekoop en so het die ou pastorie los gekom vir ons eerste Oue-tehuis, nadat ons vantevore

KERKRAAD GEREF. GEMEENTE BURGERSDORP — EEUFEES 1946



*Voor: Oudl. D. S. de Bruin, oudl. J. J. Kruger, oudl. F. J. du Plessis, dr. S. J. van der Walt (voors.), oudl. J. Jooste Henning, oudl. W. F. Henning, oudl. P. S. Venter.*
*Middel: Oudl. J. A. Coetsee, oudl. J. V. Coetsee, oudl. Andries Kruger, oudl. J. N. du Plessis, oudl. F. D. Coetsee, diak. A. V. Kruger, diak. H. B. Kruger, diak. Fanie van der Walt, diak. Louis Coetsee.*
*Agter: Diak. P. J. J. Kruger, diak. J. M. Venter, diak. Hendrik Jansen, diak. J. H. Steenkamp, diak. H. J. J. Coetsee, diak. H. M. Henning, diak. Sarel Coetsee, M. van Rooy (kassier), N. Schoeman (koster).*
*Inset: Oudl. A. H. Coetsee (skriba).*

maar hier en daar 'n huis of kamers moes huur vir die doel. Ook het ons daarin geslaag om by 'n goedgesinde munisipaliteit die mooi en waardevolle stuk grond te verkry, waarop vandag die nuwe Oue-tehuis sierlik pryk. O, die klagtes waarmee party ou tannies my soms oorval het! En ek het gou geleer om nie te sê as ek verkoue is of soiets nie, want dan word die trommeltjie onder die bed uitgetrek en moes ek 'n lepelvol van die slegste wondermiddel wegslaan. Teëpraat het nie gehelp nie.

Ja, so flits dan allerhande herinneringe deur 'n mens se gedagte. Ek mag egter nie te lank skryf nie. Ek dink bv. ook nog daaraan dat in daardie tyd die eerste tak van Volkskas in Burgersdorp geopen is. Ek dink aan die skoolstryd, waar dinge so deurmekaar geloop het dat die inspektoraat moes kom ingryp. Ai! vir die manne wat skouer aan skouer saam met my gestry het. Ook daar sal seker die goeie uit die kwade gebore gewees het.

Ons het oor die algemeen 'n mooi samewerking geniet. Ek dink aan die goeie gees wat daar geheers het ook t.o.v. die arbeid van die susters en die werkgeselskap wat my eggenote so op haar hart gedra het en wat vir die arm susters soveel beteken het.

Ek dink aan sulke mooi geleenthede soos toe die Kerkraad, of was dit die J.V.? aan ons orrelis, oom Piet, 'n Braille-Bybel oorhandig het, en toe ons destyds 'n nuwe klavier vir ons saal in gebruik kon neem, en weer later toe die eeufees van Burgersdorp gevier is in 1946 en die hoeksteen vir die hospitaal gelê is.

Ek bring ook in herinnering dat ek destyds tot kurator van die Teologiese Skool verkies is en hoe dat ek toe in die pekel beland het toe daar net by my eerste vergadering 'n klag teen een van die professore ingebring word.

Moeilikhede en stryd het ons geken, maar ook seën en blydskap. As mens van agter af na dinge kyk, lyk hulle ook dikwels anders as toe jy daarin was.

Mag God die ou gemeente nog baie lank vir ons Kerk en volk in stand hou en steeds tot 'n bron van krag en besieling maak! Van harte geluk van ons kant op die 100e verjaarsdag! Ons sal u altyd onthou en liefhê.

# My bediening in Burgersdorp vanaf 1948

deur ds. A. L. Aucamp

By geleentheid van ons feesviering sal dit, as die Here ons spaar, byna 12 jaar wees dat ons in Burgersdorp die bediening behartig. In die twaalf jaar het baie gebeur. Ons wil hier maar net in alle beskeidenheid en innige dankbaarheid teenoor die Here, die getroue Verbondsgod, maar ook die Koning van sy Kerk, enkele sake noem. Ek hoop die leser sal ook verskoon as dit soms hier en daar persoonlik en intiem van aard is.

In begin November 1947 het ek die beroep na die gemeente Burgersdorp ontvang. Van die begin af het die beroep met krag tot my gespreek. Daar moes onder andere ook oorweging gegee word aan die feite soos: Burgersdorp is reeds meer as 'n jaar vakant en talle beroepe is reeds uitgebring; ook die konsulent van Burgersdorp, die onvergeetlike dr. E. L. J. Venter is kort te vore oorlede; byna al die gemeentes rondom is vakant, Burgersdorp is korresponderende kerkraad van sowel die Klassis as die Partikuliere Sinode van Kaapland, en so meer. Die nood het geroep.

Maar ook weer as gedink word aan die plek wat Burgersdorp in ons kerkverband beklee en ook die rol wat die gemeente gespeel het in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk en aan waardige voorgangers soos onder andere prof. D. Postma, prof. Cachet, ds. L. P. Vorster, ds. D. Postma en dr. S. J. van der Walt, dan het dit nie moontlik gelyk om daar die herderstaf op te neem nie.

En hierby het gekom influisteringe dat dit in Burgersdorp nie so voor die wind sal gaan nie en dat alleen 'n geharde, ervare predikant so 'n gemeente met al sy probleme sal kan bedien. Ja, waarlik ook hier was 'n gemeente wat maar 'n strydende kerk is, 'n gemeente met probleme en sonde!

Na baie worsteling en biddende oorweging is eindelik besluit om in die geloof en in die Naam van die Here die beroep te aanvaar. Dit sou meebring afskeid van Ficksburg en Ladybrand, twee gemeentes in kombinasie, wat ons met aangenaamheid, liefde en seën bedien het.

In begin Maart 1948 is ek op Burgersdorp deur ds. I. D. Kruger in die amp bevestig. Ons sal nooit die nat paaie vanaf Ficksburg na Burgersdorp vergeet nie. Dit was nog voordat die teerpaaie gebou is. Die ontvangs in Burgersdorp was baie nat maar ook baie hartlik.

Dadelik was daar baie te doen; nie alleen gemeentelike werk nie, maar ook die van die kerkverband.


Nog in Maart van dieselfde jaar het die Uniale Susterskonferensie hier in Burgersdorp vergader. Byna 200 afgevaardigdes en besoekers moes huisvesting ontvang en baie dinge in verband daarmee georganiseer word. Ek kan maar net tot lof spreek van die knap werk van die plaaslike komitee en almal in wie se hande die reëlings was. Die huise en harte van die gemeente was oop.

Toe het 'n geweldige moeilikheid in die Klassis opgeduik. Op die Klassisvergadering in April word 'n broeder-predikant aangekla deur sy kerkraad van onsuiwere prediking. Met slegs twee predikante oor, ekself pas 'n maand in die Klassis en ds. J. C. Kruger pas twee maande in die bediening was dit geen geringe saak om 'n aanklag van so 'n ernstige aard te hanteer nie. Na visitasie in die betrokke gemeente is die broeder in 'n staat van beskuldiging geplaas en ag, hoeveel naweke moes ek na die gemeente, hoveel studie en worsteling, want dit het gegaan om die amp van 'n medebroeder. Hierdie hele aangeleentheid het byna twee jaar geduur en ek sal maar net dankbaar wees om nie weer met so 'n geval te doen te kry nie.

Met die werk in die gemeente het dit onder die seën van die Here goed en voorspoedig gegaan. Ons het begin met die insameling vir die Eeufeesbedieningsfonds waarvoor die gemeente mildelik bygedra het en ook vir die skoonmaak van die Kerk en saal, binne en buite, en die aanbring van verbeteringe hier en daar. Hiervoor het die gemeente ruim gegee en baie gou was die werk voltooi plus 'n balans in die bank. Die gemeente van Burgersdorp kan altyd die mooi ou kerkgebou beskou as 'n monument, 'n sierlike gebou wat elke lidmaat behoort te prikkel tot 'n skoon lewe, gereelde kerkbesoek en 'n gees van dankbaarheid en offervaardigheid tot eer van die Here.

Net na ons bevestiging in Burgersdorp moes my vrou en ek ook inval as lede van die bestuur van die Dirk Postma Oue-tehuis. Behalwe die gedurige aandag wat gegee moet word aan die personeel en inwoners, het ons ook dadelik begin met bouplanne. Daar was geweldige teenkanting teen die lokaliteit en teenpropaganda, maar nou is ons veral dankbaar dat ons nie van die plan om te bou waar die oue-tehuis tans is, afgesien het nie.

Die bouery het baie tyd en aandag geverg — eers die planne, die goedkeuring deur die behuisingsraad en toe toesig oor die bouery; daarna het gekom die saak van meubelering. Met die hulp van manne, onder andere soos broeders Hennie du Plessis, Hendrik Kruger en Alwyn Marx het ons spoedig 'n bedrag van £1,600 ingesamel en ontvang. Veral die G.S.O. en diakonieë van Kaapland het ruim bygedra. Ons moet ook die name noem van Oom Frans van der Walt, sekretaris van die Diakonale Deputaatskap en die argitek by name Maartin Smit.



*Voor:* Diakens J. Kotze, D. de Klerk, S. C. de Bruin, S. J. van Wyk, T. J. Aucamp (koster), diakens A. G. Marx, B. C. Schutte.

*Tweede ry:* Oudll. A. Kruger, P. S. Venter, W. F. Henning, H. J. J. Coetsee, ds. A. L. Aucamp, oudll. J. J. Kruger, S. R. Kruger, F. Venter, J. H. Steenkamp.

*Derde ry:* Oudl. J. A. Coetsee, diak. J. M. Venter, oudll. C. A. de Beer, J. J. Coetsee, C. du Plooy, M. van Rooy, W. van Biljon, diakens H. M. Henning, J. Venter, W. de Kock, J. Coetsee, M. J. Coetsee, oudl. J. Venter, br. A. H. Coetsee, skriba-kassier.

Daarna het gekom die gelykmaak van die terrein, die bou van terrasse, die aanry van grond en toe dit klaar is, die probleem van water. Hier het broeders Petrus Venter en Ben van Heerden hulle ontferm, op eie koste laat boor en vandag spog ons met 'n windpomp en sementdam en word daar aansienlik groente en vrugte geproduseer.

Die Dirk Postma Oue-tehuis is 'n sieraad vir ons Gereformeerde Kerk en vir Burgersdorp.

Na die ou pastorie ontruim is — dit was gebruik as Oue-tehuis — het die gemeente dadelik bydraes gegee vir die opknapping van die gebou. Dit is ingerig as twee woonhuise, en die ou Teologiese Skool doen tans diens

as kerklike museum waar ons oudhede versamel en ook ou boeke en geskiedkundige portrette. Hierdie kostes het oor die £1,000 bedra.

Hier in die vyftiger jare het 'n bitter onaangename spel hom afgespeel in Burgersdorp, 'n herhaling van wat tevore reeds hier plaasgevind het. Ons wou nie graag as predikant en gemeente daarin gewikkel wees nie, maar waar die stryd deur 'n deel van die publiek ons aangesê was en daarmee verguising en bevegting van elkeen wat gereformeerd was saamgegaan het, moes ons die handskoen opneem. Met pyn en leed dink 'n mens aan onaangename voorvalle in skoolkommissie en skoolraad en soveel plekke waar noue en aangename samewerking moes wees. In die tyd het ek ook verskillende beroepe ontvang, onder andere na een gemeente twee keer en na een gemeente drie keer, maar na biddende oorweging het ons elke keer besluit om te bly, omdat ons nie die gemeente op daardie tydstip kon of wou vakant agterlaat nie. Ons onthou hoe sterk die gevoele was om te gaan, want dit sou weer verposing in die moeilike stryd bring, maar ter wille van die gemeente van Burgersdorp en die kerk van die Here het ons dit goed gedink om te bly.

Ek dink ook terug aan die Sondagmôre na Nagmaal, 8 Augustus 1954. Na die kerk uit is en ek by die huis kom, toe meteens die brand in die bors — kroonslagaar trombose! Ek dink aan die troue hulp van ons liewe dr. Coetzer, bygestaan deur dr. Malan. Albei was nog saam in die kerk. Die Here was vir ons goed: Hy het my lewe genadiglik gespaar. Aan Hom alle dank en eer!

Ses weke in die bed! Sal ons die liefde, gebede en hulp van die gemeente vergeet!

Na ses maande kon ek stadig weer begin met die werk — so bietjie siekes besoek, een preek op 'n Sondag. By al die dankbaarheid was daar die drang om te werk, omdat ons besef het hoeveel daar te doen is, maar my gesondheidstoestand moes in ag geneem word.

Hierna is 'n onaangename tydjie beleef. Die Eerw. Kerkraad het na raadpleging van die gemeente besluit om weg te doen met die vaste sitplekke in die kerk. By 'n deel van die gemeente het dit botsing en wrywing gebring omdat hulle so gewoond was aan hulle plekke in die kerk. As egter die ou notuleboeke nagelees word, dan word opgemerk hoeveel moeilikheid daar in die loop van jare was, hoeveel kosbare tyd bestee was aan sitplekmoeilikheid en ontevredenheid. Dan kan ons net konkludeer dat die kerkraad 'n wyse besluit geneem het en dit nie as 'n erfenis aan die geslagte na ons nagelaat het nie. En tog sien ons die meeste broeders en susters nog maar op die banke in die kerk waar hulle al die jare te sien was.

In 1958 het die Eerw. Kerkraad aan my vir drie maande verlof gegee om weer 'n besoek aan my eerste gemeente, Eldoret in Kenia, te bring. Ons was dankbaar dat br. Hendrik en suster Nannie Kruger ons kon vergesel. Ons het die reis daarheen verkwikkend gevind en die besoek aan vroeëre lidmate

het vir ons so baie beteken — hulle blydskap, gasvryheid, liefde vir hulle kerk, volharding onder moeilike omstandighede. Ons kon maar net ondervind: Die Here hou sy kerk in stand! Na 21 jaar het baie van die ou garde reeds verhuis.

25-JARIGE AMPSBEDIENING VAN DS. A. L. AUCAMP — 6 SEPT. 1958, Burgersdorp



*Voor*: Di. P. B. de Klerk, H. S. Pelser, J. T. du Plooy, A. L. Aucamp, prof. dr. J. P. Jooste, ds. A. Z. Pelser, oudll. J. J. Henning en W. van Biljon.
*Middel*: Oudll. F. D. Aucamp, P. J. J. Kruger, M. J. Coetsee, A. G. Marx, F. D. Coetsee, J. C. Kruger, P. S. Venter, J. D. Aucamp, H. J. J. Coetsee, M. van Rooy en H. B. Kruger.
*Agter*: Diakens R. du Plessis, D. van Wyk, G. A. Coetsee, H. M. Henning, J. A. Coetsee, H. S. van der Linde, B. S. Coetsee, P. G. van Wyk, C. Venter, J. C. Grobler, J. H. Steenkamp, D. P. de Klerk, P. van Straaten.
*Inlas*: W. F. Henning.
*Afwesig*: Oudl. T. Jonker. Diaken A. J. Aucamp.

Net na ons terugkoms, einde Augustus 1958, het die gemeente ons vyf en twintigjarige ampsbediening feestelik herdenk. Met dankbaarheid kon ons dink aan die bediening in Eldoret, Bethlehem, Ficksburg en hier in Burgersdorp. In November van dieselfde jaar het ons streekfees hier gevier. Dié was 'n groot sukses; pragtige opkoms uit baie dele van Kaapland.

In Julie 1959 het ek 'n tweede aanval van trombose ondervind. Weer het God Hom betoon as 'n Hoorder van die gebede. Hy het genadiglik weer herstel en kragte gegee. Weer moet ons met veel innige dankbaarheid melding maak van die getroue bystand van my eggenote en kinders. Vir hulle en ander familiebetrekkinge was dit donker dae van beproewing. Soveel het hulp op een of ander wyse verleen. Ook die gemeente het andermaal intens met die pastorie-gesin meegelewe en saam gely. Andermaal ons dank aan so baie persone. Weer wil ek die name noem van ons geliefde dokters Coetzer en Malan. Ook word suster Oelofse nie vergeet nie. Ook het ons andermaal ondervind die liefde, hulpvaardigheid en tegemoetkomendheid van kerkraad en gemeente en van buurpredikante, die voorbidding en bemoediging van kerk en kerkverband en baie vriende.

Die besluit van die Eerw. Kerkraad om ds. D. G. Venter vir 'n paar maande na Burgersdorp te laat kom, was 'n groot hulp om kommer weg te



neem. Ds. Venter se preke en aanwesigheid het vir my baie beteken.

Behalwe daelikse pligte het ons ook ons deel probeer doen ten opsigte van die skole, die koshuise wat gebou is, die hospitaal, die kulturele lewe, die voortrekkervereniging, aktiwiteite van ons volk. Die twaalf jaar was 'n besige tydperk, soms te besig.

Hier kom bo alles en almal die dank aan die Here toe!

Ek dink met dankbaarheid aan die werk van my vrou veral ten opsigte van die G.S.O. Sy het al die tyd ageer as voorsitster van die Uniale G.S.O. Ons het maar altyd saam beraadslaag. Sy was vir my 'n hulp en krag. Die Here het ons vreugde laat smaak van ons seuns. Mag dit verder ook so wees!

Onwillekeurig dink jy aan almal met wie jy saamgewerk het, die susters in die G.S.O., die broeders op die kerkraad, die skribas en kassiere, die verskillende kommissies, die huise waar jy ontvang is, die besture van die J.V., die katkisasie-onderwysers en onderwyseresse, al die kinders nog op katkisasie en die wat belydenis gedoen het, oom Piet en suster Bettie, die orreliste, die kosters en baie andere. Dit ontbreek in die Kerk van die Here nie aan gewillige en ywerige werkers en werksters nie, maar die baie wat

niks gedoen het nie, hoe sal hulle met leë hande, sonder betoning van geloof en dankbaarheid verskyn voor die Here? Vergeet ons dan dat ons eenmaal die stem van die Here sal hoor wat sê: „Goeie en getroue dienskneg of diensmaagd?" En as ons nooit dienskneg of diensmaagd was nie?

Ten tye van ons feesviering, as die Here ons spaar, sal dit byna twaalf jaar wees sedert ons intrek in Burgersdorp. In die 12 jaar het baie gebeur. Ons het eintlik oud geword met menige dag die gevoel dat die kragte ontbreek om die velerlei pligte na te kom. Net die besoek van siekes en ou mense is meer as genoeg om 'n predikant voltyds besig te hou. Dan kom by die werk i.v.m. skool, onderwys, hostelle, hospitaal, kulturele aangeleenthede en bowenal huisbesoek en voorbereiding van twee preke vir elke Sondag, en die katkisasie.

Ons dank aan God, ons dank aan die gemeente van Burgersdorp en ander vriende wat vir ons die werk aangenaam en tot vreugde gemaak het. Mag u verder getrou bly in die uitlewing van u belydenis, in toewyding van offers, kragte en talente in die opbou van die kerk van die Here en tot uitbreiding van God se Koninkryk. Ons dink aan u in ons gebede. Mag, wanneer die vaders heen moet gaan, 'n nakroos in u plekke staan!

Maar, helaas ook 'n woordjie aan u, geliefde broeders, wat ons soms pyn aangedoen het, omdat ons nie by u die lewe Christus kon sien nie. In die twaalf jaar was hier ook baie wat ontmoedig het, dinge wat nou veral aan die siel bly knaag, omdat gevind word wat nie tuis hoort by 'n gereformeerde nie. Ons bede is dat daar verandering mag kom deur die werking van die Heilige Gees in die harte wat meer waarde heg aan die plesier van die wêreld, die partytjies, die drinkgeselskappe, die bioskoop as aan die dinge van die koninkryk van God. Het die saad dan langs die pad op die harde plekke of tussen die onkruid geval? Ons treur ook oor die sonde van nalatigheid wat die kerkbesoek betref! Is daar nie ook 'n ernstige leemte in die opvoeding van die kinders nie? Waar is die kinders Sondae? Hoekom kom soveel kinders na die katkisasie sonder dat hulle hulle lessies ken? Ouers, u sal moet rekenskap gee!

Ons gemeente bestaan 100 jaar. Ebenhaëser! Ja, waarlik die Here het gehelp! Ons tree 'n nuwe eeu binne. Vir die kerk van die Here sal dit 'n eeu van worsteling en stryd wees! Trek dan aan die volle wapenuitrusting van God!

# *AFDELING IV*

# DIE FEESVIERING op BURGERSDORP

## Program van Feesviering

GEREFORMEERDE KERK BURGERSDORP 1860—1960

# EEUFEES 1860—1960

## Burgersdorp

GESTIG 21 JANUARIE 1860

22—24 JANUARIE 1960

1.

VRYDAG 22 JANUARIE 1960:

4 *nm. Opening in Kerkgebou:*

a. Kort openingsdiens deur ds. A. L. Aucamp.
b. Verwelkoming.
c. Groete namens Oostelike Klassis — ds. P. B. de Klerk.
d. Groete namens Westelike Klassis — ds. W. J. J. du Plessis.
e. Groete namens Griekwaland Klassis — ds. M. Postma.
f. Afsluiting deur ds. M. Postma.
g. Kollekte.
h. Onthulling van gedenktablet.
i. Sing Psalm 100.

2.

7.30 *nm. in Stadsaal. Voorsitter ds. A. L. Aucamp:*

a. Opening met Psalmvers en gebed.
b. Groete namens N.G. Kerk Burgersdorp — ds. J. F. Myburgh.
c. Mededelinge en vertoning van kleurskyfies deur dr. B. R. Kruger.
d. Afsluiting met Psalmvers en gebed deur ds. W. F. Steenkamp.

3.

SATERDAG 23 JANUARIE 1960:
Samekoms op Roosterhoek

9.00 *vm. A. By woonhuis van br. Japie Venter: Voors. ds. W. J. J. du Plessis.*
a. Verwelkoming.
b. Oggendgodsdiens deur ds. M. Postma.
c. Toespraak deur dr. B. R. Kruger.
d. Kollekte vir kostes van Monument.

Pouse — Verversings

*B. By Monument:*
a. Psalmvers.
b. Onthulling van Monument deur ds. A. L. Aucamp.
c. Koorsang: Psalm 42.
d. Kort woord namens Part. Sinode Kaapland en gemeentes afgestig van Burgersdorp deur ds. Jacs. van Rooy.
e. Bedankings en Afsluiting deur ds. W. J. J. du Plessis.

4.

3 *nm. in Kerksaal Burgersdorp: Funksie van Susters.*
a. Skriflesing en gebed deur ds. A. L. Aucamp.
b. Kort rede deur mev. (ds.) A. L. Aucamp en onthulling van gedenkteken.
c. Koorsang: Kom, ganse aarde, loof die Heer!
d. Afsluiting met Psalmvers en gebed deur ds. W. F. Steenkamp.

4.30 *nm. in Kerkhof: Voorsitter dr. S. J. van der Walt.*
a. Skriflesing en gebed deur dr. B. R. Kruger.
b. Kort rede deur prof. dr. S. du Toit.
c. Kranslegging op graf van prof. D. Postma deur prof. S. du Toit.
d. Kranslegging op graf van ds. D. Postma deur ds. M. Postma.
e. Kranslegging op graf van mev. Postma deur suster Martha Evenhuis.
f. Dr. S. J. van der Walt bring hulde aan almal wat bouers van die kerk was.
g. Afsluiting deur ds. S. P. B. Buys.

7.30 *nm. in Stadsaal:*
a. Opening en verwelkoming deur ds. A. L. Aucamp.
b. Koorsang: U goedheid, O Heer.
c. Groete deur Burgemeester, mnr. J. L. de Bruin.
d. Sang mej. L. Groenewald.
e. Groete namens Teol. Skool en Universiteit.
f. Sang: Susters Hendrika du Plessis en Miemie Kruger: „Die Heilige Stad".

g. Kort woord deur mnr. M. J. de la Rey Venter, L.V.
h. Musiek: Suster Hansie Coetsee.
i. Toespraak deur Sy Edele Min. Jan de Klerk.
j. Koorsang: Psalm 42.

Verversings

k. Bedanking en afsluiting.

7.

SONDAG 24 JANUARIE 1960

10.00 *vm. Erediens — Feesrede deur prof. dr. S. du Toit.*

8.

11.30 *vm. Samekoms vir kinders en jongmense.*

Word kortliks toegespreek deur prop. D. Postma en ds. W. F. Steenkamp.

9.

3.30 *nm. Middagdiens: Dr. S. J. van der Walt.*

10.

7.30 *nm. Samekoms:*

a. Prof. S. du Toit en dr. S. J. van der Walt spreek oor die Taak en Roeping van die Gelowige in komende eeu.
b. Bedankings deur ds. A. L. Aucamp.
c. Bedankings deur dr. B. R. Kruger.
d. Bedanking deur brs. A. V. Kruger en H. B. Kruger.

U kan Gedenkboeke oor die geskiedenis van Burgersdorp oor die tydperk van 100 jaar bestel by ds. A. L. Aucamp, Burgersdorp.

By die G.S.O., p/a. mev. M. Kruger, Mooihoek, Pk. Knapdaar kan Gedenklepeltjies en -vurkies met die seël van die kerk en die datumstempel daarop bestel word.

*Feeskomitee en vir Gedenkboek:*

Ds. A. L. Aucamp, brs. A. V. Kruger, H. B. Kruger, J. J. Henning, W. F. Henning, Hannes Coetsee, J. V. Coetsee, F. D. Coetsee.

*Programkomitee:*

Ds. A. L. Aucamp, brs. H. B. Kruger en Andries Kruger.

*Koorkomitee:*

Brs. H. B. Kruger, N. du Plessis, A. G. Marx. Susters Bettie Kruger, Miemie Kruger, Paula Coetzer en Hansie Coetsee.

*Komitee vir Monument op Roosterhoek:*

Ds. A. L. Aucamp, ds. W. J. J. du Plessis, broeders J. D. Aucamp, Hennie Coetsee, Pieter Schutte, Pieter Kruger en Japie Venter.

*Komitee van Susters vir Tablet en Gesellingheid:*
Susters A. F. Aucamp (Voors.), Susan Venter (Sekretaresse), Nannie Kruger, Miemie Kruger, Pollie Steenkamp, Hendrika Coetsee, Hendrina Kruger, Hendrien Coetsee, Noon du Plessis.

*Komitee vir Insameling van Fonds vir Monument op Roosterhoek:*
Die Bestuur van die J.V. Voorsitter: Teuns Kruger; Sekretaresse Charlotte Venter.

# EEUFEES VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BURGERSDORP

(Gestig 21 Januarie 1860)

22—24 JANUARIE 1960

Die Gereformeerde Kerk Burgersdorp het van 22 tot 24 Januarie 1960 'n driedaagse fees gevier ter herdenking van sy honderdjarige bestaan sedert die stigting van die gemeente op die plaas Roosterhoek op 21 Januarie 1860.

REËLINGSKOMITEE EEUFEES 1960



*Voorste ry: W. F. Henning, ds. A. L. Aucamp, J. V. Coetsee.*
*Agterste ry: F. D. Coetsee, A. V. Kruger, J. A. Coetsee, H. B. Kruger.*



*Voorste ry:* Oudll. J. C. Kruger, F. D. Coetsee, J. D. Aucamp, ds. A. L. Aucamp, oudl. P. J. J. Kruger, student J. C. Coetsee, oudl. A. G. Marx, A. J. Kruger (koster).
*Middelste ry:* Diakens H. S. van der Linde, J. A. Coetsee, oudll. M. van Rooy, H. B. Kruger, M. J. Coetsee, W. F. Henning, D. T. Styger, J. N. du Plessis, G. Steenkamp.
*Agterste ry:* Diakens D. J. van Wyk, A. J. Aucamp, A. G. Coetsee, H. M. Henning, D. P. de Klerk, J. C. Grobler, B. S. Coetsee, S. C. de Bruin, T. J. Kruger.

'n Deeglike uitgewerkte en vol program het aan die feesgangers 'n besonder goeie beeld gegee van die ontstaan, groei, huidige posisie en toekomstaak van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp.

Met uitsondering miskien van die eerste dag van die fees, was die bywoning besonder goed. Ook heelwat broeders en susters uit buurgemeentes en lidmate van die N.G. Kerk het die feesviering bygewoon.

Die volgende is 'n poging om 'n kort beeld te gee van die verrigtinge en van die boodskappe wat gelewer is.

*Vrydag* 22 *Januarie* 1960:


Die fees is om 4 nm. geopen met 'n kort diens gelei deur die plaaslike predikant, ds. A. L. Aucamp. Sy boodskap het gekom uit Psalm 100 : 4, 5: „Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang..., want sy trou is van geslag tot geslag". (Die rede is in geheel in die boek opgeneem).

Na die openingsdiens het ds. Aucamp 'n verwelkomingswoord gerig tot alle feesgangers, en in besonder tot die eregaste, waarna geleentheid gegee is aan verskillende klassisse van die Part. Sinode van Kaapland om hulle groetes oor te bring.



*Ds. P. B. de Klerk wat namens Oostelike Klassis gespreek het.*

Aangesien ds. C. H. Smit nie teenwoordig kon wees nie, is die groete en gelukwensinge van die Oostelike Klassis oorgebring deur ds. P. B. de Klerk van Aliwal-Noord. Groete namens die Westelike Klassis is deur ds. W. J. J. du Plessis van Venterstad, en namens die Griekwaland Klassis deur ds. M. Postma van De Aar oorgebring.



*Ds. M. Postma, seun van ds. D. Postma.*

In hierdie groetes is veral gewys op die feit dat Burgersdorp die oudste Gereformeerde Kerk in die Kaap Provinsie is, terwyl ook gewys is op die groot aantal gemeentes wat afgestig het van die oorspronklike Burgersdorp-gemeente en die uitgestrekte invloed wat hierdie gemeente uitgeoefen het, selfs tot in Suidwes-Afrika.

Na die afsluiting deur ds. M. Postma, is die gedenktablet by die ingang van die kerkterrein deur ds. Aucamp onthul.

*Vrydagaand het die verrigtinge in die Stadsaal plaasgevind.*

In die afwesigheid van ds. J. L. de Bruin het ds. A. L. Aucamp as voorsitter opgetree.



Ds. J. L. de Bruin, seun uit Burgersdorp.

Groete is oorgebring namens die N.G. Kerk Burgersdorp deur die plaaslike predikant ds. J. F. Myburgh. Hy het gewys op die goeie samewerking maar dikwels ook teenwerking wat daar in die afgelope eeu tussen die twee Kerke plaaslik was, met 'n beroep op hartelike samewerking in die toekoms.

In die afwesigheid van ds. V. E. d'Assonville is kleurskyfies deur dr. B. R. Kruger vertoon oor die ontwikkeling van die kerk van Christus vanaf die vervolging van die vroeë Christendom tot vandag, asook oor die eeufeesviering van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg.

Die afsluiting is waargeneem deur ds. Alwyn du Plessis van Steynsburg.

*Saterdag 23 Januarie 1960 — 'n besonder indrukwekkende dag.*

*Oggend: Samekoms op Roosterhoek.*

Om 9.00 vm. het ongeveer 200 lidmate van die gemeente Burgersdorp en Venterstad en ander besoekers op Roosterhoek, die plaas waar die stigting honderd jaar tevore plaasgevind het, bymekaar gekom by die woonhuis van die huidige eienaar br. Japie Venter onder voorsitterskap van ds. W. J. J. du Plessis.

*Ds. M. Postma lei die oggendgodsdiens.*

As teksverse neem hy die woorde van Psalm 78 : 3, 4: „wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle



Ds. W. J. J. du Plessis

kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het". Die rede is elders opgeneem.

*Dr. B. R. Kruger* skets in 'n kort toespraak die geskiedkundige ontwikkeling van die Gereformeerde Kerk, in besonder van die gemeente Burgersdorp.

Hierna gaan die feesgangers na die monument wat opgerig is op die plek waar die stigters van die gemeente die eerste keer byeengekom het, waar die vroeëre woonhuis gestaan het.

Die onthulling van hierdie monument, 'n kerkie op 'n rots, 'n beeldhouwerk van die embleem van die Gereformeerde kerk, was een van die hoogtepunte van die fees.

Onder voorsitterskap van ds. W. J. J. du Plessis het ds. Aucamp 'n kort boodskap gelewer waarin hy dank uitgespreek het teenoor die gemeentes, Venterstad en Burgersdorp wat die monument opgerig het, en hulde gebring het aan die sewentigtal lidmate wat op die plek die gemeente Burgersdorp gestig het. Hierna het hy die monument onthul, waarop die opskrif staan: „Dank aan God en eer na sy Woord terug in suiwerheid in leer, diens en tug. Gereformeerde Gemeente Burgersdorp, gestig 21/1/1860 deur ds. D. Postma. Dankbare hulde deur Burgersdorp en Venterstad 21/1/1960. Laat, Here, in die plek van die vaders die seuns wees. Psalm 45 : 17."



*Ds. Jacs. van Rooy wat by die feesviering die groete van Part. Sinode Kaapland oorgebring het.*

Nadat die Burgersdorp-koor Psalm 42 in Hollands besonder treffend gesing het, het ds. J. van Rooy van Philipstown groete en seënwense oorgebring namens die Partikuliere Sinode van Kaapland. Die verrigtinge op Roosterhoek is afgesluit deur ds. Du Plessis.

*Saterdagmiddag 3 nm.* het die susters van Burgersdorp vergader om die gedenkplaat in die kerksaal te onthul. Mev. (ds.) A. F. Aucamp het in 'n kort toespraak gesê dat die Sustersorganisasie hiermee hulde wil bring aan die voorgeslagte, die moeders wat in die stilte gearbei het. Mev. (ds.) Aucamp het die plaat onthul, terwyl die opening deur ds. Aucamp en die afsluiting deur ds. W. F. Steenkamp, waargeneem is.

Om 4.30 nm. het die feesgangers in die kerkhof vergader vir die kranslegging. Onder voorsitterskap van dr. S. J. van der Walt en na opening deur dr. B. R. Kruger, het prof. dr. S. du Toit 'n kort woord gespreek voordat hy as kleinseun van moederskant, van vader Postma en as seun van die

kerkman dr. J. D. du Toit, 'n krans op die graf van ds. Dirk Postma gelê het. Hy het daarop gewys dat die kranslegging nie menseverering is nie, maar geskied ter herinnering aan die stigter van die kerk in dankbaarheid aan God wat ds. Postma op sy tyd hierheen geroep het. Hy wys op ds. D. Postma se besondere karaktereienskappe van presiesheid en vredeliewendheid wat steeds uiteenlopende partye wou byeen bring, maar wat, waar dit die beginsel raak, nie geskroom het om tot kerkskeuring oor te gaan nie.

Na hierdie kranslegging, is deur ds. M. Postma in dankbare herinnering gebring die ontslape herder en leraar en sy vrou ds. en mev. D. Postma. Ds. M. Postma, seun en mev. Martha Evenhuis, dogter, lê kranse onderskeidelik op die graf van hulle vader en moeder. Dr. S. J. van der Walt bring hulde aan al die bouers van die kerk wat onder veel lyde smaad en opofferings getrou gearbei het in die kerk, met 'n oproep aan die jongere geslagte om vaders en moeders nie te vergeet nie en aan God en kerk getrou te bly.

Ds. P. B. Buys van Barkly-Oos sluit die verrigtinge in die kerkhof af.

*Saterdagaand* het ds. A. L. Aucamp die byeenkoms in die stadsaal, wat stampvol was, geopen. In besonder is verwelkom sy edele minister Jan de Klerk, wat die hoofspreker van die aand was, en sy gade.

Groete is oorgebring namens die dorp, Burgersdorp, deur die burgemeester, mnr. J. L. de Bruin, wat melding gemaak het van die besondere betekenis en invloed van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp.

Groete en gelukwensinge namens die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. is oorgebring deur prof. S. du Toit, wat dank aan Burgersdorp betuig het omdat die gemeente in die moeilike beginjare die Teologiese Skool gehuisves en gedra het, en so ook in die vorm van die destydse Literariese Departement, die P.U. vir C.H.O. in sy vroegste stadium.

Die volksraadlid wat Burgersdorp in die parlement verteenwoordig, mnr. M. J. de la Rey Venter, was ook teenwoordig en het 'n kort woord van gelukwensing uitgespreek.

Na 'n program wat goed afgewissel is met musiekitems, het die hoofdis van die aand, en een van die grootste hoogtepunte van die aand aangebreek in die vorm van 'n toespraak deur sy Edele minister Jan de Klerk, die enigste Gereformeerde in die kabinet, en 'n Burgersdorper van geboorte, wie se vader aan die Teologiese Skool te Burgersdorp sy predikantstudie voltooi het.

In 'n besonder kragtige rede, van eg gereformeerde grondslag, het sy Edele die feesgangers toegespreek oor: Die korrekte verhouding tussen die gelowige en die kerk.

Sy hele toespraak was gegiet in die beeld van die moeder.

*Sondag* 24 *Januarie* 1960

Die feesrede tydens die erediens, 10 vm. is gelewer deur prof. dr. S. du Toit. Hy het Psalms 147 en 150 en 'n gedeelte van Romeine 11 gelees, met as teksvers Psalm 147 : 20. „So het hy aan geen enkele nasie gedoen nie".

Na die erediens was daar 'n byeenkoms van die kinders en jongmense van die gemeente. Hulle is toegespreek deur ds. W. F. Steenkamp en prop. D. Postma wat in die afwesigheid van ds. J. L. de Bruin opgetree het.

Op hierdie stadium moes Sy Edele minister De Klerk noodsaaklik die fees verlaat om hom te haas na die mynramp by Coalbrook.

3.30 *Die middagdiens* is gelei deur dr. S. J. van der Walt, die vorige predikant van die gemeente. Hy het Openbaring 2 : 18-29 gelees en as teksvers geneem Openbaring 2 : 25: „Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom". Sy sentrale gedagte was: Die kerk moet 'n suiwere konserwatisme, behoudenheid bewaar.


*Sondagaand om* 7.30 is die laaste feesbyeenkoms gehou waar dr. S. J. van der Walt en prof. dr. S. du Toit die feesgangers toegespreek het op kort en kragtige wyse oor „Die taak en roeping van die gelowige in die komende eeu".

Dr. S. J. van der Walt het in aansluiting by sy preek van die middag daarop gewys dat die kerk, en veral die Gereformeerde Kerk, iets met 'n eieaard is wat bewaar moet word teenoor die valse eenheidstrewe. Maar tog moet ons teenoor die dreigende ongoddelike magte, as behoudende Christene wat op dieselfde belydenis staan, 'n eenheidsfront probeer vorm. Eenheidstrewe moet daar wees: Bring bymekaar wat bymekaar hoort.

Die taak van die kerk is nie om groot, massale dinge aan te pak en groot resultate te wil behaal nie, maar om standvastig voort te gaan met die verkondiging van God se Woord.

*Prof. Du Toit* het die donker toekoms wat daar vir die gelowige, veral in Suid-Afrika, op geestelike en staatkundige gebied, wag, geteken. Daarteenoor moet die gelowige egter vas vertrou en weet dat die oorwinning aan die Kerk en nie aan die wêreld behoort nie. Die roeping van die gelowige is om uit die vyandelike magte met geestelike wapens te beveg terwyl die gelowige as laaste uitweg nie mag terugdeins om sy erfenis met oorlogswapens te verdedig nie.

Aanvullend by dr. Van der Walt se woorde dat die taak van die kerk die verkondiging van God se woord is, het prof. Du Toit daarop gewys dat die gelowige ook buite die organisasie van die kerk 'n taak het: om op alle terreine van die lewe hom te „gedra waardig die evangelie van Christus". Die „gedra" beteken eintlik „oefen julle burgerskap uit". Die gelowige se burgerskap is in die hemel. Hy moet hierdie hemelse burgerskap ook as burger van die staat, lid van die maatskappy, op alle terreine van die lewe uitoefen,



*Voor: De la Rey Venter, mev. (ds.) A. F. Aucamp, mev. (senator) J. de Klerk, ds. Jac. van Rooy, mev. (prof.) S. du Toit, senator J. de Klerk, prof. S. du Toit.*

*Agter: Student J. C. Coetsee, ds. D. Postma, H. S. van der Walt, ds. S. P. B. Buys, mev. en dr. B. Kruger, dr. en mev. S. J. van der Walt, ds. M. Postma, ds. A. L. Aucamp, ds. W. F. Steenkamp.*

maar steeds waardig die evangelie van Christus. So het die kerk die taak om die Woord te verkondig aan sy lidmate ter behoud, aan die heidene ter toebrenging en die gelowige moet met sy ganse lewe Gods evangelie verkondig.

Aan die einde van die verrigtinge het brs. Andries en Hendrik Kruger al die persone en liggame wat meegehelp het om die hele fees so aangenaam te maak bedank. Deurdat soveel persone kragte ingewerp het en tyd en geld geoffer het kon die hoogtepunt bereik word.

Ten slotte: Wat 'n heuglike, gedenkwaardige fees! Ere aan God?

POSTMA AFSTAMMELINGE EEUFEES BURGERSDORP 1960



*Voorste ry: Mev. C. Evenhuis, ds. M. Postma, mev. M. Coetsee, mev. S. du Toit, prof. S. du Toit, mej. K. van Rooy.*

*Agterste ry: J. Evenhuis, C. Evenhuis, M. Coetsee, ds. Jac. van Rooy, D. Coetsee, ds. D. Postma.*

LIDMATE 1910 JUBILEUMFEES 1960



*Sittende: H. de Klerk, M. van der Walt, J. Grobler, A. Grobler, M. Steenkamp, M. Kruger, H. Kruger, A. Kruger, S. Vorster.*
*Staande: Mnr. en mev. H. Coetsee, D. Grobler, mnr. en mev. W. Steenkamp, G. Coetsee, mnr. en mev. A. Kruger, mnr. en mev. P. Venter.*

EEUFEESKOOR 1960



*Voorste ry:* P. Coetser, N. du Plessis, H. Kruger, P. Kruger, L. Kruger, M. Venter.
*Middelste ry:* C. Venter, H. Coetsee, H. Kruger, N. Kruger, H. du Plessis, M. Kruger, N. Labuscagne.
*Agterste ry:* G. Coetsee, A. Coetsee, F. van Heerden, T. Labuscagne, B. Kruger, L. Aucamp, mev. Wind, L. Kruger,



# *OPENINGSREDE*

## LOOF DIE HERE VAN GESLAG TOT GESLAG

*Ds. A. L. Aucamp, Burgersdorp 1948 tot hede.*

LEES: Psalm 100.
TEKS: Psalm 100 : 4a, 5b.

Geliefde broeders en susters, geliefde gemeente van Burgersdorp, geliefde broeders predikante, seuns van hierdie gemeente, prof. dr. S. du Toit, prof. aan ons Teol. Skool, dr. S. J. van der Walt, gewese leraar van hierdie gemeente, alle oud-lidmate van hierdie gemeente, alle besoekers wat gekom het om met ons saam fees te vier, geliefdes in die Here, ons roep u almal 'n baie hartelike welkom toe.

Dit is vir ons 'n groot voorreg om u in ons midde te hê. Ons herdenk feestelik die honderdjarige bestaan van hierdie gemeente. Ons probeer terugblik oor 'n tydperk van 100 jaar. Ons sien manne en vroue wat hier in die diens van die Here gestaan het. Ons dink aan die herstigting op Roosterhoek op 21 Januarie 1860, die arbeid en stryd, hoon en verguising sedert die klein begin. Die gemeente was eers vakant, daarna die bediening deur ds. D. Postma, die latere prof. Postma, die koms en arbeid van prof. J. Lion-Cachet en daarna die bediening deur di. M. P. A. Coetsee, P. Postma, L. P. Vorster, D. Postma, dr. S. J. van der Walt en die afgelope twaalf jaar deur God se genade deur myself, die geringste van almal.

Ons dink met dankbaarheid aan vaders en moeders wat besiel was met liefde, idealisme, toewyding, maar bowenal met die gawe van die geloof vir die kerk van die Here, die suiwere belydenis, die leer, diens en tug volgens die eise van Gods Woord.

Ons bely ook voor God se aangesig sonde en skulde, swakhede en gebreke in arbeid, verdeeldheid en skeuringe. Mag die Here sy gelowiges vergewe, sy kerk bewaar ook deur die geslagte heen.

Ons fees is 'n dankfees. Ons wil kinderlik, ootmoedig ons dank uitspreek, uitsing soos die digter in Psalm 100.

Ter gedagtenis lê ons die woorde op die tablet by die ingang na die kerkgebou vas:

GEREFORMEERDE GEMEENTE BURGERSDORP, gestig 21 Jan. 1860.

Dan die skrifwoorde van Psalm 100 : 4a en 5b: GAAN SY POORTE IN MET LOF, SY VOORHOWE MET LOFGESANG. SY TROU IS VAN GESLAG TOT GESLAG.

Hier vind ons:

a. Die betuiging van dankbaarheid.
b. Die grond daarvoor.

a. *Die betuiging van dankbaarheid:*

Psalm 100 is 'n psalm waarin die volk opgeroep word om God te prys. Die inhoud is treffend. Op 'n baie kort maar ook omvattende wyse word die koningskap van die Here besing. In Psalm 100 bereik die digter 'n hoogtepunt in die lofakkoorde wat in Psalm 95 'n aanvang neem. Die tema in Psalm 95-100 is: Die Here regeer! Hy regeer oor die ganse skepping, maar in besonder oor sy bondsvolk, oor Israel, en dus oor sy kerk. So sien ons die heerskappy van die Koning, Jesus Christus, ook oor hierdie gemeente in die honderd jaar wat verby is. Die herstigting daar op Roosterhoek, die voortbestaan en groei van hierdie gemeente sodat in die loop van tyd ses ander gemeentes geheel of gedeeltelik van Burgersdorp kan afstig, die ontstaan en voortbestaan van ons Teologiese Skool sedert 1869 tot 1905, die ontwikkeling van Christelike Nasionale onderwys, die invloed, krag en betekenis van hierdie gemeente in ons kerkverband, maatskappy en volkslewe laat ons uitroep: Die Here regeer!

In Psalm 95 sien ons die bondsvolk sterk op die voorgrond. Psalm 96 vorm 'n oorgang, 'n opgang van die bondsvolk na die soewereine Heerser van die heelal. In Psalm 97 skitter die goedheid en heiligheid van die Here en daar moet die regverdiges bly wees in die Here. Dan hoor ons die jubelsange in Psalm 98: Sing tot die eer van die Here 'n nuwe lied, want Hy het wonders gedoen (vers 1). Hy het gedink aan sy goedertierenheid en sy trou aan die huis van Israel (vers 3). In Psalm 99 klink uit Sion op 'n loflied tot God die driemaal-Heilige wat Koning is van sy Koninkryk.

In die ou christelike kerk is Psalm 100 gesing as 'n môrelied. Dan word die hele aarde opgewek om God te dien. So moet Psalm 100 ook vir ons as Gereformeerde kerk weer die môrelied wees van die nuwe eeu wat ons ingaan. Uit dankbare, blymoedige harte ruis dit:

Juig al wat leef, juig voor die Heer!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig.

Maar ook met 'n belydende hart, met die heilige troos van sy eiendom te wees, met die vertroue op Hom as Opperherder sing ons:

Die Heer is God, erken dat Hy,
'n eie volk vir Hom berei,

'n volk om hom te dien en vrees,
en skape van sy wei te wees.

En waar is dit gelukkiger vir sy eie volk, vir die skape van sy wei, dan wanneer hulle ingaan deur die poorte en verkeer in die voorhowe van die Here? Daarom ruis dit uit die harte van die gelowige:

Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, O, bondsvolk saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

Die gelowige, die lidmaat van die kerk van die Here, sien voor hom die geopende poorte, wat toegang verleen na die voorhowe, na die huis van die Here, na die plek van innigste gemeenskap en samesyn van God en sy volk.

Die gesindheid van die hart, ja die kern van die godsdiens is lof tot God. Loof Hom, prys sy Naam!

Die roepstem tot u en my by hierdie feestelike geleentheid is: Gaan in, gaan in die heiligdom, kom in die huis van die Here, dien Hom met blydskap, kom voor sy aangesig met gejubel, erken dat die Here God is.

Hierin moet die krag van die Gereformeerde Kerk skuil, ook van ons as gemeente; dan is ons 'n stad op 'n berg; dan skyn ons lig in die duisternis. Daarom dat die roepstem weerklink: Terug na die kerk, terug na die erediens, terug na die huis van die Here, terug na die suiwere belydenis en lewe.

Psalm 100 is 'n psalm by die lofoffer, die belydenis-offer. Dit is 'n offer van die lippe, maar dan met 'n gebroke hart en 'n verslae gees. Dan word in die gebrokenheid en verslaentheid gevlug na die kruis van Jesus Christus en behalwe die belydenis van die sondes word ook gehoor lofsange van bevryding, want dit is sy bondsvolk wat sing. Hulle sing met dankbaar-blye hart vir die redding wat so soet is.

b. *Die grond daarvoor:*

O, geliefdes die kerk van die Here het ryke stof tot dankbaarheid. Ons kan waarlik sing:

Want goedertieren is die Heer;
Sy goedheid eindig nimmer meer,
Sy trou en waarheid hou hul krag,
tot in die laaste nageslag.

Sy onveranderlike goedertierenheid en trou moet ons daartoe bring om hom te loof en te prys. Hy het sy goedertierenheid en trou aan ons bewys in sy Seun Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker, maar dit het die Here ook bewys deur die geslagte heen in die vervloë honderd jaar. Vele van ons staan hier as nageslag van vaders en moeders wat daar op Roosterhoek, honderd jaar gelede, die kerk gestig het. Hulle het klein begin met die moed

van hulle oortuiging, die kinderlike geloof in die Here hulle God, die vaste vertroue dat die poorte van die doderyk die kerk van die Here nie sal oorweldig nie. Sy trou was van geslag tot geslag.

En hoe skuldig en ellendig en sondig en swak ons ook al is, hoeveel teëstand, smaad, hoon en vervolging daar ook mag wees of kom, ons hoef nie te vrees nie! Sy trou is van geslag tot geslag. Ons moet vasstaan by die suiwerheid van leer, diens en tug.

Die lofstem van die gemeente moet weerklink. Hulle wat buite is moet dit hoor. Die Evangelie moet uitgedra word. Die heidene en kerkloses moet dit hoor sodat hulle deur die werking van die Heilige Gees kan kom tot die wonderbare lig van die Evangelie van God. Al God se uitverkorenes moet hulle troos vind in: Hy het ons gemaak, ons is syne, die skape van sy weide.

Sy trou is van geslag tot geslag. Mag die Here ook met ons kinders deur die geslagte heen wees. Mag Hy sy kerk bewaar, en ook hierdie gemeente as die siel van die tortelduif nie oorgee aan die wilde gediertes nie.

Ons behoudenis, ons toekoms, ons voortbestaan is veilig in Christus Jesus, en die vaste geloof: DIE HERE REGEER!

AMEN.



*Ds. A. L. Aucamp onthul tablet by ingang na kerkgebou.*

# *ROOSTERHOEK — BURGERSDORP*

## *1860 — 1960*

deur dr. B. R. Kruger

Geliefde Broeders en Susters in onse Here Jesus Christus!

'n Erfenis moet onder alle en onder enige omstandighede met liefde bejeen en gekoester word. Waar ons nou hier op Roosterhoek vergader is — honderd jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp — moet ons 'n oomblik rondom ons erfenis wat die Here God aan ons gegee het, verwyl en ons moet die roemryke dade van die Here onse God in tere gedagtenis bring, want Gods Woord sê: „Jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe". (Deut. 6 : 7—9).

Die feit dat die omstandighede en die gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die samekoms van 21 Januarie 1860 te Roosterhoek, distrik Burgers-



*Dr. B. R. Kruger, seun van Burgersdorp*

dorp, nie maar „noodlot" was of „toevallig" gebeur het nie, maar 'n Godsbeskikking was, is oorsaak dat ons vandag, honderd jaar daarna, as nasate van die begenadigde vaders en moeders die roemryke dade van die Here in gedagtenis wil bring.

In die omstreke van Colesberg, Philipstown, Burgersdorp, Aliwal-Noord, Steynsburg, Middelburg, Cradock en Graaff-Reinet het sekere families gewoon met die name Van der Walt, Coetzee, Venter, Kruger e.a. wat hulle deur sekere — die ander mense het gesê eienaardighede — onderskei het. Hulle het soos die ander grensboere weinig kontak gehad met die eerste dorp van die volksplanting: Kaapstad. Hulle het egter baie moeite gedoen om 'n kerkdiens op 'n nabygeleë dorp by te woon. Hiervan getuig die geskiedskrywer Barrow wat andersins maar weinig goeds oor die Boere te sê het. C. R. Baynes sê dat sommige van hulle vir 'n nagmaalsgeleentheid soms vir 'n paar weke afwesig was van die plaas. Hierdie mense saam met die ander grensboere het voor en tydens en selfs ná die Groot Trek in 1836 as skaap- en beesboere gewoon in die noord-oostelike dele van die Kaapkolonie, terwyl die res van die bevolking na die Boland se kant hoofsaaklik wyn- en graanboere was.

Hierdie „Doppers", soos hulle in die omgang genoem is, was doelbewus teen die verengelsingspolitiek wat in kerk en skool deur Lord Charles Somerset en die Kaapse Goewerneurs ná hom toegepas is. Dr. Okulis sê: „Die Doppers het in die Engelse, die Engelse sendeling, amptenaar, soldaat en setlaar, 'n gevaar gesien vir hulle nasionale bestaan, nie alleen wat betref die regeringsvorm nie, maar meer nog wat betref hulle godsdienstige, nasionale lewensbeskouing. Ons sal in ons dae sê: hulle het gevaar gesien vir denasionalisasie van ons Boerevolk. Die eienaardigheid van die Dopper was dus van die vroegste tyd af, dat hy hart en siel anti-Engels was, dat hy bang was vir al wat vreemd en onbekend was en dat hy daarom in sy dop gekruip het — eers teruggetrek het in eie kring van geesverwante en toe al dieper die ou kolonie in daar na Tarka, Olifantshoek, Hantam, tot aan en oor die Grootrivier om maar net weg te kom. Daarna het die Dopper hom toegelê om niks anders te wees en te hê as homself en sy eie".

Ds. L. P. Vorster het gesê dat as die Doppers sou verengels het, die Gereformeerde Kerk as Kerk nie sou kon bly bestaan nie. Die kragtige invloed wat die Doppers op die volkslewe van destyds uitgeoefen het, al was hulle in vergelyking slegs 'n handjievol, moet nog behoorlik nagevors en in die geskiedenisrolle vasgelê word. Want gedurende die eerste helfte van die vorige eeu, en daarna, is daar verskeie en nogal sistematiese pogings deur die Engelse aangewend om selfs dit wat vir die Afrikaner die dierbaarste is, naamlik sy kerk, te angliseer.

Op die, vir ons vandag, eienaardige kleredrag en ander lewenswyse van die Doppers word weens gebrek aan tyd nie hier ingegaan nie. Vir die wat belangstel — verskeie boeke is te vind wat dit beskrywe. Genoeg om net

in die verbygaan hier daarvan melding te maak dat hulle deftig geklede kerkmense was en om vandag smalend daarvan te spreek en te sê, die klere maak nie die man nie, kan alleen kom uit die mond van iemand wat of verwaand of sonder kennis is van die erfenisse wat deur die voorgeslag oorgelewer is.

Hierdie mense nou, van honderd en meer jaar gelede wat hier op Roosterhoek in Januarie 1860 byeenvergader het, is genoem Doppers. Miskien sal dit u interesseer om te verneem waar die woord sy oorsprong het en wat die betekenis daarvan is.

Daar is vier moontlike afleidinge, so is gedink, maar ons insiens is daar net een regte:

1. *Van die woord Dop*: Dit word beweer dat die naam afkomstig is van die gewoonte wat net hierdie mense gehad het om die hare glad af te kam oor die voorkop. Dan sou hulle 'n dop of kommetjie op die kop plaas sodat die hare aan die onderkant van die dop of kommetjie gelyk geskeer kon word. Die hare bo-op die kop gee dan die idee van 'n dop. Prof. John Murray ('n vroeëre N.G. predikant van Burgersdorp) skrywe hieromtrent: „Hence the term Dopper, now so common in use that it is hardly considered a nickname at all. It has made its appearance even in the London newspapers in connection with the mission of Mr. Paul Kruger to Europe".

Omdat dit nie net die Doppers was wat die hare so gekap het nie, is hierdie afleiding foutief.

2. *Van die woord Domper*: 'n Domper is 'n voorwerp wat destyds gebruik was om kerslig te doof. Die woord Dopper sou hiervan afgelei gewees het omdat die Doppers mense sou wees wat sku sou wees vir die „nuwe lig". Die mense sou dan agterlik en bekrompe wees en minderwaardig. Dat daar daardie tyd minderwaardige Doppers was, net soos daar vandag ook van hulle is, wil ek nie ontken nie! Maar mense wat hulle Bybel gelees en geken het en ook die outeure (W. a'Brakel, Coenraad Mel, Bernardus Smytegeld, d'Outrein), het sekere onderskeidingsvermoë gehad wat baie van ons selfs in die sogenaamde verligte eeu jaloers moet maak!

Hierdie afleiding is dus ook mis.

3. *Van die woord Doper*: Hierdie mense in die omstreke van Roosterhoek sou dan sektariese neigings geopenbaar het. Hulle sou dan juis net nie gedans het nie en ook nie deelgeneem het aan wêreldse vermaak, ens. nie. Nee, hulle was Calviniste. Hulle het die lig van die Here se Woord laat skyn op alle terreine van die lewe (vgl. hierbo).

Hierdie afleiding is 'n kwaadwillige afleiding.

4. *Van die woord Dorper*: Die woord is 'n Vlaamse en dit staan in verband met die „dorpers" of plattelanders wat behoudend in die goeie sin van die woord was teenoor die liberale stedelinge. Die Vlaamse skrywer P. F. M. Lateur (Stijn Streuvels) skrywe van hierdie dorpenare of platte-

landers en dan sê hy dat hulle groot gesinne gehad het en deur hulle godsalige lewenswyse hulle onderskei het. En dan gebruik hy die woord: dopper.

Die woord „dopper" kom myns insiens van die woord „dorper" en wel uit Vlaandere en nie uit Suid-Afrika vandaan nie. Die Doppers was behoudende mense.

Hierdie mense nou, die Doppers — destyds 'n skeldnaam — het op kerklike gebied hoe langer hoe meer ontevrede geraak oor die toenemende liberalisme in die Kaapse Kerk. As voorbeeld hiervan haal ons sekere sinsnedes aan uit die prediking van ds. Andrew Murray waarteen J. J. Venter en andere van die Oranje Vrystaat in botsing gekom het: „Juist dit is de adel en de heerlijkheid van den mensch, dat hij niet, gelijk het dier, door het blinde instinkt wordt gedreven, maar het vermogen bezit van door vrije keuze, het goede te willen en te doen... de almagt, als zoodanig, kan hem deze vrijheid niet benemen... zoo hij Gods liefde wederstaat... dan is er geen magt die hem er van redden kan..."

Van die predestinasieleer waarvan die Gereformeerdes — hulle was toe nog in die N.G. Kerk — so graag wou verneem, het hulle weinig of niks van die kansels verneem nie.

'n Ander ontevredenheid het gegaan oor die stelsel van kerkregering. Soos bekend is die sogenaamde Kerkorde van De Mist in 1804 hier aan die Kaap ingestel, wat 'n verwerping was van die Dordtse Kerkorde van 1618/19. Die eerste Sinode van 1824 het hierop en op die Hervormde Reglement van 1816 voortgebou.

'n Ander ontevredenheid wat ook net vermeld word, was die hiërargiese of pouslike stelsel wat al meer en meer tot openbaring gekom het en toegepas is, toé die vrysinnige Evangeliese Gesange in 1814 vanaf Nederland in die Kaapse Kerk ingevoer is sonder dat dit deur 'n meerdere kerklike vergadering aan Gods Woord getoets is en wat soveel smarte en ellende, sowel aanvanklik in hierdie dele van die Kaapkolonie (Colesberg en Cradock veral) en later in Transvaal, veroorsaak het.

Hierdie en meer ander dinge het daartoe meegewerk dat die gemoed van die Doppers nie meer bereik kon word nie, soos ds. A. Murray van Bloemfontein dit self uitgedruk het.

Jare voor die koms van ds. Postma uit Holland was die akker dus al voorberei. Sommige mense, soos J. J. Venter en andere, het reeds op 21 Januarie en 30 Maart 1858 die bestaande Kerk verlaat.

Vanaf Rustenburg het ds. D. Postma nog in 1859 die Oranje Vrystaat besoek. Van hierdie geleentheid is gebruik gemaak onder andere deur Andries Pretorius (Kaledonsfontein) en Willem van Biljon (Hoedklip, later Wonderboom) om ds. Postma uit te nooi na Burgersdorp. Ds. Postma het gekom en dienste gehou te Rietpoort op die plaas van Andries Kruger waar toe etlike

persone die N.G. Kerk verlaat het, asook op 'n paar plase tussen Steynsburg en Venterstad. Dit was nog in 1859.

In Januarie 1860 is ds. Postma weer in die distrik Burgersdorp en wel op die plaas van br. Hendrik Coetsee, Roosterhoek. Met hierdie geleentheid was hy vergesel van P. Snyman (ouderling Rustenburg); J. J. Venter en M. A. van der Walt (ouderlinge van Reddersburg) en diakens R. van der Walt en D. J. Coetsee uit die Oranje Vrystaat.

Van heinde en ver het die mense op hierdie selfde geskiedkundige werf van Roosterhoek byeen gekom. Daar bestaan nog 'n ou portret van Roosterhoek. Op die plek waar die murasies op die portret is, was die ou woonhuis en digby 'n waenhuis waarin die eredienste met die stigting gehou is. Verderaan was daar volgens die beskrywing 'n aantal karre, waens en tente „Gelijk de stammen Israels zich eertijds legerden rondom de Tent der Samekomst waarin Jehovah woonde, zo waren hier opgekomen zij die slechts door dit ene gedreven werd: Gelijk een hert schreeuwt naar de waterstromen alzo schreeuwt mijne ziel tot u, o God".

Voordat die diens 'n aanvang geneem het, het die vir u seker almal bekende tafereeltjie afgespeel van 'n sekere Herman, wat ds. Postma by die mense verdag wou maak (hy het dit reeds by die eerste oorkoms van ds. Postma in 1859 ook probeer) deur hom as 'n kaffersendeling te bestempel. Hierdie set het egter na 'n argumentasie oor en weer en nadat ds. Postma sy lasbrief uit Holland voorgelees het, misluk. Jacobus Krüger van Leeuwfontein het uiteindelik opgestaan en gesê: „Ds. Postma, laat die vriend maar gaan, hy hindert ons net in ons werk". 'n Sekere Nienaber het Herman toe uit die geselskap uitgehelp en hom en sy steeks perde elk so nou en dan 'n raps gegee totdat die perde uiteindelik die kar gevat het!

Hierna is, nadat die aangesig van die troue Verbondsgod, herhaalde male in die gebed gesoek is, oorgegaan tot die stigting van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, nadat ongeveer 70 mense hulle bereid verklaar het om aan te sluit. Na ses weke was die lidmatetal meer as seshonderd (volgens Gouden Jubileum, uitgawe 1910, p. 19).


Die eerwaarde kerkraad het bestaan uit die vier ouderlinge: Nicolaas Kruger, Doorndrif; Hendrik Kruger, Plankfontein; Jacobus Kruger, Leeuwfontein; Andries Pretorius, Kaledonfontein; en die vier diakens: Philippus Snyman, Vlakplaas; Willem van Biljon, Hoedklip (Wonderboom); Gert Kruger, Leeuwfontein; Barend Kruger, Aprilskraal, Venterstad.

„En so is die slagorde opgestel vir die lewende God, gereed om die stryd vir die waarheid van Gods Woord verder te stry" en die seën van die Here was met sy volk, want uit hierdie moedergemeente, wat aanvanklik ook die bakermat van die Teologiese Skool was voordat dit in 1905 na Potchefstroom verskuif het, is later agt ander gemeentes afgestig, te wete Aliwal-Noord 1864; Dordrecht 1869; Steynsburg (gedeeltelik) 1872; Ventersburg

(nou Venterstad) 1875; Sterkstroom 1887; Jamestown 1899; Molteno 1903 en Oos Londen 1925.

Van die stigting van die Gemeente is kennis gegee aan die Hoë Owerheid. Aan die N.G. Kerk is as volg berig: „Aan die Eerw. Kerkeraad der Nederd. Geref. Gemeente te Burgersdorp geeft ondergetekende kerkeraad met alle bescheidenheid te kennen dat zij van uwe kerkgemeenschap uittreden en zich op de 21e Januarij 1860 vereenigd hebben en hebben later onder en den door Weleerw. Herder en Leeraar, den Heer D. Postma tot eene *Gereformeerde* Gemeente ontstaan in het District Burgersdorp, in *leer, dienst en tucht* overeenkomende met de van ouds bekende Gereformeerde Kerk van Nederland, zoo als die zich heeft geopenbaard te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619. En voegen hierbij eene lijst van den namen dergenen die zich bij deze Gemeente uit bovengenoemd district, reeds lidmaten zijnde, hebben aangesloten".

In April 1860 het ds. Postma sy eerste dienst op Burgersdorp en wel in die pakhuis van Otto Pieters, die winkelier, gehou, omdat daar nêrens anders 'n geskikte saal of lokaal verkry kon word nie. Vanweë die hernude dreigende



*Die pakkamer van die winkelier Otto Pieters waar die eerste diens in Burgersdorp onder polisiebewaking gehou is.*

houding van die reeds gemelde Herman is die diens onder polisiebewaking gehou! Gevoelens het hoog geloop, so meld die geskiedenis uit honderd jaar gelede, maar deur die seën van die Here is positief voortgebou op die grondslag van Gods Woord. By hierdie selfde polisie-bewaakte diens in Burgersdorp is besluit om 'n kerk te bou met onder andere die volgende boukommissielede aan die spits: Andries Krüger (Rietpoort); Abraham Coetsee (Driefontein); Gert Steenekamp (Wolwekop); Hendrik Coetsee (Oliewen-

fontein). Op 26 November 1860 d.w.s. nog voor die einde van die stigtingsjaar, is die hoeksteen gelê en op 4 Mei 1861 is die kerkgebou in gebruik geneem.

In verband met hierdie kerkbou-aangeleentheid vermeld die kerkgeskiedenis die volgende: „Niemand wilde grond aan die verachte Doppers verkopen. Met de grootste moeite kreeg de Kommissie eindelik, door bemiddeling van prokureur Stoffel Hofmeyer, 't erf waar de kerk nu op staat van Heugh en Fleming te Port Elizabeth. En daar het een waterige plek was, begon de tegenpartij weer de spot te drijven met de onzen dat zij naamlijk geen fondament zouden kunnen leggen en alzo een vals kerk zouden bouwen. Om dit te logenstraffen lieten de onzen toen 't fondament 6 voet diep graven en 4 voet wijd. Van onderen tot boven werd 't fondament toen gemaakt van grote klippen met kalk gemetseld en zo goed werd dat Dopperfondament gelegd dat van al de gebouwen in Burgersdorp de Gereformeerde Kerk nog 't enigste is dat niet gebarst is. Wel 'n bewijs van degelijke bouwkunde, waar 't gebouw nu al 50 jaar staat".

Hierdie kerkgebou — die eerste — het oor die £5,000 gekos en is sonder skuld ingebruik geneem. Dit het later te klein geword vir die groeiende gemeente, sodat die hoeksteen van die huidige en sierlike kerkgebou — die grootste en mooiste in die Kaapprovinsie — op 8 Junie 1912 deur ds. D. Postma, kleinseun van prof. Postma, gelê is. Op 23 Oktober 1913 is dit in gebruik geneem.

Agtereenvolgens is die Burgersdorp-gemeente bedien deur: ds. D. Postma (later professor) vanaf Mei 1866. In 1869 met die stigting van die Teologiese Skool op Burgersdorp het hy eerste dosent geword. In 1876 word hy eerste professor teologicus.

Ds. J. Lion-Cachet, tweede leraar; dosent 1869-1875; — 1891 professor. Ds. P. Postma, 1880-1882. Ds. M. P. A. Coetsee Jnr. vanaf 1882-1892. Ds. L. P. Vorster 1893-1905. Ds. D. Postma, 1905-1940. Ds. S. J. van der Walt, 1941-1946. Ds. A. L. Aucamp 1848 tot hede.

Die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp kan vandag terugsien op honderd vervloë jare van Gods goedertierenheid en trou. Nooit het die Here die gemeente verlaat nie. Trou is met Woord en Sakramente en herderlike sorg deurgegaan. Veel moeite en stryd was daar gewees; ook in die omgewing van Burgersdorp. Ons dink hier aan die kerkskeuring van 1877 te Bethulie.

Die Here laat egter nie die werke van Sy hande vaar nie.

Nou is honderd jaar verby. In die oë van die Here is dit soos die dag van gister as dit verbyskiet.

Ons, die nageslag, sal deur die genade van God voortbou op die grondslag wat reeds gelê is. Die probleme waarvoor die Gereformeerde Kerk te staan kom hier in ons geliefde Suid-Afrika, is velerlei. En hierdie probleme is aanstaande! Van die roeping en taak van die Kerk sal ons nog verneem

in hierdie dae, veral Sondagaand. Ons gaan dus nie nou daarop in nie. Vergun ons om slegs een gevaar te noem wat miskien meer pertinent is as wat menigeen dink. Dit is die van die dreigende samewerking(!) met die Rooms Katolieke Kerk wat hom reeds in 'n ander land voordoen op die ekumeniese vlak van sogenaamde samewerking.

Ons haal aan uit 'n berig wat so pas verlede week in die kerklike pers van oorsee aangehaal is, om aan te dui hoe laat dit al geword het:

„'n Merkwaardige poging in ekumeniese samewerking word beplan deur die Hervormde, Gereformeerde en Rooms Katolieke kerke om 'n studiekursus gedurende die wintermaande van 1959/1960 te hou. Na onderlinge raadpleging is ooreengekom om gesamentlike breëre beginsels te bestudeer onder leierskap van deskundiges van al drie die kerke. Die kursus sal in Zwolle gehou word en word beoog vir priesters, prédikante en teologiese studente. Die eerste reeks lesings sal handel oor Christenheid en Menslikheid, met spesiale verwysing na die kerk se maatskaplike dienste; die tweede reeks sal gaan oor Christendom en Mohammedanisme; en 'n derde onderwerp moet nog onderling vasgestel word. Deurgaans sal klem gelê word op onderrig deur deskundiges, maar elke reeks sal afsluit met 'n oggendbespreking". (Vertaald oorgeneem uit „The Reformed and Presbyterian World, Des. 1959, Volume XXV, No. 8, p. 366).

Wat sal ons doen in 'n wêreld van verwarring? Ons sal deur Gods genade ons oog omhoog hef en ons sal op die Here staar en ons sal ons hand aan die ploeg slaan en ons sal doen wat die Here ons hand gee om te doen en ons sal sing van Ps. 103 : 9.

# ONHULLING VAN DIE MONUMENT ROOSTERHOEK

## 24 Januarie 1969

Ds. A. L. Aucamp

Hierdie is vir ons almal 'n betekenisvolle oomblik. Ons staan met dankbare harte hier op dieselfde terrein waar ons vaders 100 jaar terug vergader het — op 21 en 22 Januarie 1860.

Na die stigting van die gemeentes in Transvaal en die Oranje Vrystaat, en so die herstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, het ds. D. Postma ook na die Kaap-Kolonie gekom.

Die eerste diens hier is op die plaas Rietpoort gehou by oom Andries Kruger en op 21 en 22 Januarie 1860 op die plaas Roosterhoek. Reeds met die diens op Rietpoort het die families Tjaart van der Walt van Leeufontein, Willem van Biljon van Wonderboom, en Andries Kruger van Rietpoort e.a. die verband met die N.G. Kerk opgesê.

Op Roosterhoek is diens gehou in die groot waenhuis en is oorgegaan tot die stigting van „eene Gereformeerde Gemeente in het district Burgersdorp, in leer, dienst en tucht overeenkomende met de van ouds bekende Gereformeerde Kerk van Nederland, zoo als die zich heeft geopenbaard te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619".

Hierdie geloofsdaad word in ons monument vasgelê en vir die nageslag bewaar in die woorde:

DANK AAN GOD EN EER  
NA SY WOORD TERUG  
IN SUIWERHEID IN LEER  
DIENS EN TUG.

Hier is die gemeente gestig met 'n lidmatetal van ongeveer 70, om so, weer die eerste Gereformeerde gemeente te wees in die Kaap-Kolonie.

Die eerste ouderlinge was:

Nicolaas Kruger, Dordrecht; Hendrik Kruger, Plankfontein; Jacobus Kruger, Leeufontein; Andries Pretorius, Kaledonsfontein; en die eerste diakens: Phillipus Snyman, Vlakplaas; Willem van Biljon, Wonderboom; Gert Kruger, Leeufontein; Barend Kruger, Aprilskraal.

Van hierdie stigting staan geboekstaaf: „En zo stelde men zich tot 'n slagorde des Levende Gods, gereed om den strijd voor Waarheid verder te

strijden". Ook hier is van toepassing die woorde van die ou vader S. J. Kruger van Rustenburg: „Wij hebben een kerk gevonden waarin wij den Heere dienen kunnen na Zijn Woord. O, hoe heerlijk is het, wat vreugde is het".

Van die gemeente van Burgersdorp het in die loop van jare afgestig, geheel of gedeeltelik, die volgende gemeentes:

1. Aliwal-Noord in 1864.
2. Dordrecht op 7 Maart 1869, deur ds. D. Postma.
3. Steynsburg op 8 Desember 1873 deur ds. D. Postma.
4. Ventersburg (later Venterstad) op 26 Junie 1875 deur ds. J. Lion-Cachet.
5. Sterkstroom op 11 Junie 1887 deur ds. M. P. A. Coetsee Jnr.
6. Jamestown in 1899 deur ds. L. P. Vorster.
7. Molteno in 1903 deur ds. L. P. Vorster.
8. Oos-Londen in 1925 deur ds. D. Postma.
9. In 1869 is die Teologiese Skool gestig en later daaraan verbonde die literariese afdeling vir die opleiding van onderwysers. Hieruit het gegroei ons Teologiese Skool op Potchefstroom en die P.U. vir C.H.O.

Ons dink ook aan die ontstaan en ontwikkeling van die C.N.O. skole. Die gedagte was Christelike onderwys.

Ons wil by hierdie geleentheid ons dank aan die getroue Verbondsgod betuig vir die stigting van ons kerk. Ons eer ook die nagedagtenis van hulle wat met geloof, liefde, toewyding, durf en moed besiel was, wat gelowig, gehoorsaam aan die Woord van God, luisterend na die stem van die Heilige Gees in hulle harte, maar ook met biddende harte opsien tot Hom wat Koning is van sy kerk, nie vir die stryd wat dit sou meebring teruggedeins het nie. Ons dank die Here vir manne en vroue wat 100 jare instrumente was in Sy heilige Hand.

Ons bede is dat die Here sy kerk mag bewaar in suiwerheid van leer, diens en tug en dat wanneer die vaders heen moet gaan, in hulle plek 'n nakroos mag staan.

Mag hierdie monument — die kerkie op 'n rots — soos op ons kerkseël aangedui, die kerkie as beeld van die geïnstitieerde liggaam van Jesus Christus, op die rots Jesus Christus aan Hom verbind met die sterke sement van 'n belydenis dat Jesus die Christus, die seun van die lewende God is, en met die randskrif daarby dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie — ons altyd laat sien sy kerk in 'n juiste verhouding tot Jesus Christus, die Koning van die kerk maar ook by die lig van Gods Woord die eise wat aan ons die lidmate gestel word.

Ons sien dan:

a. dat dit die kerk van Jesus Christus is.
b. dat die kerk 'n strydende kerk is en staan teenoor die ryk van die duisternis.

c. dat die aanslae op die kerk en lidmate geloods word deur Satan, die vors van die duisternis op velerlei wyse en met talle van middele.
d. maar ook dat die kerk van die Here nie sal oorweldig word nie, al is die begin klein of die getal min en al is daar lyde en verdrukking.
e. dat die strydende kerk eenmaal sal word triomferende kerk omdat Jesus oorwinnaar is.



Mag hierdie monument 'n stille wekroep laat uitgaan om die pand wat aan ons toevertrou is te bewaar en dat ons altyd mag wees Gereformeerde Kerk met die ware kenmerk van leer, diens en tug om so te wees slagordes van die lewende God, gereed om die stryd vir waarheid te stry.

Ons hoop dat die skenking van hierdie terrein deur br. Japie Venter aan die gemeentes Burgersdorp en Venterstad en gesamentlike oprigting van hierdie gedenkkerkie deur die twee gemeentes waarlik mag wees tot eer van God en die gedagtenis aan wat hier op 21 Jan. 1860 gebeur het, wat nou op so 'n wyse hier blywend gemaak is, deur die Heilige Gees daartoe mag bydra dat ons en ons kinders, en die komende geslagte mag bly in wat ons geleer het en

waarvan ons verseker is, omdat ons weet van wie ons dit geleer het (sien 2 Tim. 3 : 14), totdat vervul word die woord: Kom, hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. (Openb. 21 : 9).

Dit is dan nou vir my 'n baie groot voorreg om hierdie monument te onthul met 'n ootmoedige dank aan God en 'n beroep op ons en ons nageslag om die gedagte wat hier gestalte gekry het met sowel die woorde op die kerkseël en randskrif, as die opskrif van die monument en die idee wat dit versinnebeeld nl. van die kerkie op die rots, 'n vorm van 'n monument so enig in sy soort, maar tog so bekend en veelseggend, altyd te bewaar.

Daar staan geskrywe:

DANK AAN GOD EN EER,
NA SY WOORD TERUG,
IS SUIWERHEID, IN LEER,
DIENS EN TUG.

Laat, Here, in die plek van die vaders die kinders wees.

OPGERIG DEUR DIE GEMEENTES BURGERSDORP EN VENTERSTAD.

PREDIKANTE BY ROOSTERHOEK MONUMENT



*Staande: Di. M. Postma, A. L. Aucamp, Jac. van Rooy, S. P. B. Buys, P. B. de Klerk, prof. S. du Toit, dr. S. J. van der Walt.*
*Voor: Ds. D. Postma, student J. C. Coetsee, di. W. F. Steenkamp, W. J. J. du Plessis.*



# *'n Les uit die Geskiedenis*

mev. A. F. Aucamp.

Ons ken die gesegde dat die kindjie die eerste gebedjie leer by die knie van sy moeder. So moet dit wees. Wie is teerder aan die moederhart as haar kind wat sy in die wêreld gebring het, wie word meer getroetel en vir wie word meer ideale gekoester as vir die kind? Vir wie sal die moeder meer opoffer en haar liggaamskragte afsloof, in die nagte haar slaap opoffer as dit gaan om die belange en welsyn van haar kind, as juis vir hom?

Die Spreukedigter sê so mooi: En sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin en die bestemde deel aan haar diensmeisies. (Spr. 31 : 15). En dan lees ons in vers 21: Sy is nie bevrees vir haar huisgesin vanweë die sneeu nie, en vers 28: Haar seuns tree op en noem haar gelukkig.

Die moeder sorg nie net vir die kos en klere van haar kind nie. 'n Moeder wat dit doen word deur Gods Woord as dwaas bestempel en sy mis die ware liefde. Sy sal haar ook nie kan verantwoord voor God nie. Die ware moeder het ook die siel van haar kind lief en weet wat haar kind nodig het om die ewige lewe te verkry.

By ons eeufeesviering, die herdenking van die 100-jarige bestaan van ons kerk, dink ons as vroue en moeders, die susters in die kerk van die Here, nie net met dankbaarheid aan die beginselvastheid, die geloof, die toewyding en inspanning van kragte deur soveel vroue in hierdie gemeente oor 'n tydperk van honderd jaar nie. Daar was geen opoffering en moeite te groot om God in waarheid te dien nie, om hulle siele te versadig met die spyse wat nooit vergaan nie te wete die Woord van die Here, die ware manna uit die Hemel.

Die reis per ossewa of perdekar, deur wind en weer, deur ontberings en ongerief, in storm of hitte, die opofferings in watent of op kampeerplek was nie vir hulle, vir moeder of dogter, te veel nie.

Hulle wou by die kerk wees en aan die tafel van die Here aansit. Hulle het hulle kinders onderrig in die leer en belydenis. Dit is soos die psalmis dit stel: Waarlik, wat hulle gehoor het, wat deur die vaders by huisgodsdiens, in die aand en vroeg in die môre, in kerk en huiskatkisasie, geleer is, het hulle nie vir hulle kinders verberg nie.

Die verbond van God loop deur die geslagte heen. Dit gaan van ouer na kind. Hierdie woorde op die gedenkplaat lê 'n plig op die ouers en veral op ons moeders. Dit mag nie verberg word vir die kinders nie; ons moet dit vertel.

Verberg ons dit nie te veel vir ons kinders nie. Ons onderrig hulle nie tuis nie, ons swyg oor die dinge van die ewige lewe. Ons verkondig nie Jesus Christus, ons Verlosser nie. Ons gaan kerk toe, maar laat ons kinders tuis bly. Ons gee verlof dat hulle na plekke gaan waar God nie geëer word nie. Hoeveel moedertrane is al gestort oor dinge wat verkeerd geloop het deur ons nalatigheid of verkeerde opvoeding of sondige voorbeeld.

As ons daardie woorde op die gedenkplaat lees, moet ons die verhoudinge reg sien — dié tussen ouer en kind, maar ook dié tussen ons huis en onse God.

Ons moet dit aan die volgende geslagte vertel. Hoeveel keer gaan ons ons kinders voor in verkeerde dinge, deur verkeerde liefde, in uitspatlike modes, in onbetaamlike kleredrag in wêreldse lewenswyse. Hoeveel keer hoor ons moeders die kinders voorpraat.

Waar is die onderrig? Hoekom openbaar soveel kinders gebrek aan beginselvastheid en definitiewe koers? Lê die fout nie miskien by ons as ouers en meer bepaald by ons as moeders dat soveel van ons jong dogters so maklik by die huwelik die kerk, wat volgens ons oortuiging die suiwere kenmerke van leer, diens en tug dra, vaarwel sê? Leer ons dan nie ons kinders wat beginsel en belydenis is nie?

Vertel dit aan die volgende geslag. Dit is ook nog 'n verbondsgeslag, gelowige kinders, die toekomstige manne en vroue, wat besiel moet wees met 'n onwrikbare geloof, dade van toewyding en opoffering vir die kerk van die Here en om die eer van God. 'n Gelowige mens is 'n werksame mens en nie 'n gemaksugtige nie.

As daar staan: „In dankbare hulde deur die Susters", dan hou dit in dat ons die werk van die verlede eerbiedig, waardeer en in dankbare herinnering bring. Maar dan impliseer dit ook dat ons gelowig en getrou op daardie weg wil voorgaan.

Ons staan vandag vir 'n oomblik dankbaar stil en luister. Dan hoor ons God se Woord, dit is die stem van die Heilige Gees, sê vir ons: Wat ons

gehoor het en weet en ons vaders ons geleer het sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel.

Hoor, weet, vertel! Dit is ons groot taak vir die komende eeu. Dan laat ons sien en hoor die roemryke dade, die mag en wonders van die Here!

---



## *Groete namens die Teologiese Skool en Universiteit*

deur prof. dr. S. du Toit

Ek wil graag ons hartlike dank betuig vir die uitnodiging om hierheen te kom. Ek spreek ook namens my eggenote. Al die gemeentes doen dit nie om ook ons eggenotes uit te nooi nie. Ontvang ook my dank om te spreek namens die Universiteit en die Teologiese Skool. Die rektor van die Universiteit kan weens ander werksaamhede nie hier wees nie.

Die twee inrigtings nl. die Teologiese Skool en Universiteit is 'n tweeling. Dit is die eerste behoefte van my hart om Burgersdorp se gemeente baie dankie te sê dat hulle hierdie twee inrigtings so lank met groot opoffering gedra het. Hier op Burgersdorp is die Teologiese Skool en die Universiteit in 'n paar buitekamertjies gebore, en het lank hier gestaan waar hulle met groot opoffering, selfs met veel lyde, gedra is. Daar is ook gely deur professore en studente gedurende die eerste Vryheidsoorlog. Ons dink aan hoe die reeds gryse prof. Cachet 'n tydlang in die gevangenis moes verkeer, selfs onder aanklag van hoogverraad. Ons dink aan studente wat op die slagveld gesneuwel het. Dit wys hoe kerk en volk nou verbonde was.

In die verskuiwing van die skool na Potchefstroom sien ons die wyse leiding van God. Potchefstroom was destyds 'n klein plattelandse plekkie. Op enige ander plek sou dit egter moeilik gegaan het om die Universiteit daar te kry. Nie Bloemfontein, Pretoria, Johannesburg of Kaapstad sou so gepas gewees het nie, as wat Potchefstroom sou word met die myne rondom by Carletonville, Blyvooruitsig, Stilfontein, Hartebeesfontein, Klerksdorp. Op die oomblik word opsies vir goud uitgegee op die dorpsgebied van Potchefstroom. Daar is ook die groot uitbreidende Sasolburg. Van Klerksdorp het reeds die dringende versoek gekom dat daar aandklasse gegee moet word. Onderhandelinge in die verband is reeds aan die gang. Ook wat die Landbou

betref vorm Potchefstroom die hoofstad vir Hoëveld-mieliestreek, sodat die weg vir die Landboufakulteit in die toekoms ook oop lê.

So het al die dinge ons in die skoot geval. Daar het uitbreiding gekom wat niemand kon voorsien het nie.

Hierin het ook die Teologiese Skool gedeel, omdat daar 'n kontraktuele verband is. Ons sou nooit kon ontwikkel tot op hierdie stadium dat daar ses professore is, as dit nie was vir die samewerking met die Universiteit waardeur professore van die Teologiese Skool ook professore van die Universiteit is nie.

Ons sê vir u as Burgersdorpers dankie dat u in daardie tyd die skool gedra het en later weer gewillig afgegee het en ons sien daarin dat die Here ook daarmee 'n beskikking gehad het, dat die skool reeds daarheen verplaas moes word. Daar het ontwikkeling gekom wat feitlik bokant ons uitgegroei het en wat niemand kon voorsien nie.

Ek wil maar net vanaand 'n kort boodskap gee. Ek dink u ken nou die geskiedenis van die Teologiese Skool en die Universiteit. Dit staan alles in die Gedenkboek wat by die Eeufees uitgegee is. Ek wil dit net waag om in die geloof 'n blik in die toekoms te slaan, en ek dink ons moet dit doen. Ons moet nie net hier voor ons vaskyk nie, want ons vaders en moeders het gekyk in die toekoms en gesigte gesien. Ek onthou op 'n goeie dag het wyle prof. Postma, die rektor van die Universiteit gesê, hy sien die dag kom dat daar 1,000 studente in Potchefstroom sal wees. Toe was daar maar ongeveer 200. Baie van ons het geglimlag en gesê, dit is wensdenkery. Op die oomblik is daar naby 2,000. En nou glo ek dat as ons in die geloof verder wil sien, dan wil ek graag hoop en vertrou, en ek dink dit sal ook kom, dat ons 'n Teologiese Skool sal hê, nie net met ses professore nie, maar elf of twaalf soos dit nou al reeds die geval is met die Christelike Gereformeerde Kerk in Grand Rapids, Michigan waar hulle elf professore in die Teologiese Skool het. Vir almal is daar genoeg werk. En ek sien ook later dat ons nie net 50 maar 100 of miskien 200 studente het. As die uitbreiding van ons vaderland so voortgaan soos ons dit nou sien, dan kan ons ook verwag dat die uitbreiding van die Gereformeerde Kerk dan so sal wees en dat daar uitbreiding in die skool mag kom en dit is die rigting waarin ons in die geloof arbei.

Ek wil ook in die Universiteit die dag sien kom dat daar nie net 2,000 maar miskien 5,000 studente sal wees, omdat daar baie meer departemente langsamerhand sal bykom, veral met die geweldige uitbreiding. Alles hang natuurlik af van die hele toekoms. Ons weet die burgemeester het ook vanaand hier gesê daar is baie ernstige dinge wat sal gebeur in die toekoms, maar ons kyk met die oog van die geloof. Die geloof word nie beskaam nie. As ons in die geloof voortlewe, dan is ek ook seker van vrugte van die geloof.

Daarom dat ek vanaand vir u net hierdie kort boodskap wil gee. In die brief wat die rektor van die Universiteit aan u geskryf het, het hy ook melding

daarvan gemaak dat Burgersdorp die Universiteit hier gedra het en daarom wil ek die woord daarby voeg. Daar is groot dinge aan die gang. Die enigste moeilikheid wat daar is, is altyd die finansies, omdat Potchefstroom nie agter hom het groot mynmagnate ens. nie, maar net daardie kleine lui wat dit met hulle bydrae nog altyd gedra het.

Die rektor het eenkeer aan my gesê hy is eintlik bang dat meer uitbreiding moet kom, omdat ons nie die geboue kan voorsien nie, maar merkwaardig, elke keer as daar nood is, het daar ook maar weer bo verwagting uitkomste gekom, en ons kan vertrou dat daarin wel voorsiening gemaak sal word.

Ons verseker u dat die twee inrigtings op Potchefstroom, wat so nou aan mekaar verbind is, deel in die feesvreugde dat ook hierdie gemeente sy honderdjarige bestaan mag vier en die bede is dat die seën van die Here ook in die toekoms op hierdie gemeente mag rus, op die herder en leraar, op die kerkraad en gemeente en ook op die volgende geslag.

Ons weet nie wat die toekoms is van die platteland nie, maar ook wat dit betref moet ons die geloof behou. Dinge kan so plotseling verander, sonder dat ons dit ooit verwag. Burgersdorp het altyd koers gewys. Ons dink aan die tyd van die taalstryd en ons weet dat hier harte is wat reg klop vir ons volksaak en die kerklike saak en die beginsels waarvoor ons staan.

Baie dankie.

# REDE SY EDELE MINISTER JAN DE KLERK

## DIE KERK ONS MOEDER

Geagte ds. Aucamp, mnr. die Burgemeester, geagte hooggeëerde gaste, dames en here, broeders en susters, ek het nou so gesit en dink: wie is nou die blyste dat hulle vanaand hier is, want al die sprekers wat so vriendelik was om my en my vrou hier te verwelkom, het by herhaling hulle blydskap uitgespreek, maar ek dink die ding is andersom. Ek is baie bly dat ons hier kan wees. Ons dank aan ds. Aucamp en die kerkraad dat hulle ons uitgenooi het. As seun van Burgersdorp wou ek baie graag by so 'n geleentheid hier wees. Ek het al gewonder of daar iets met my politiek verkeerd is. U hoef nie bang te wees nie. Ek soek nie 'n setel nie. Dit is aangenaam om in die Senaat te wees.

Ek moet ook namens my vrou baie dankie sê. Ons hartelike dank ook aan mev. Aucamp vir haar vriendelike woorde. Dit was 'n mooi gedagte om dit met blomme te sê. Dit is vir ons 'n groot voorreg om saam met u fees te vier en die gedagtenis sal altyd by ons bly.

Baie dankie ook mnr. die Burgemeester vir u vriendelike woorde van verwelkoming. Eintlik behoort ek die vryburgerskap van Burgersdorp te ontvang, aangesien ek 'n gebore Burgersdorper is. Ek is dankbaar dat ek vanoggend die geleentheid gehad het om die plek waar ek gebore is te gaan besoek, en weer die ou huis op Spioenkop te sien, daar waar ek die lewenslig aanskou het. Dit kan my gedagtes terugvoer na dierbares wat daar nie meer is nie.

By so 'n geleentheid soos hierdie is die versoeking natuurlik baie groot om politiek te praat. Dit laat my dink aan wat dr. Nicol, latere administrateur van Transvaal, eendag aan my gesê het: „Broer Jan, as jy nou so 'n klompie mense voor jou sien, wat is die eerste versoeking wat daar in jou hart opkom as jy hulle so sien?" Toe sê ek: „Nee Doktor, praat u maar eerste, u is 'n bietjie ouer as ek". Toe sê hy: „Ek voel lus om te kollekteer". Hy is 'n predikant. Nou ek sal u nie sê waarvoor ek lus voel nie.

Dit is vir ons 'n groot geleentheid hierdie. As seun van Burgersdorp wat die voorreg gehad het om te spruit uit 'n vader en moeder wat ook uit die distrik Burgersdorp kom en wie se vader sy opleiding in hierdie eerste Teologiese Skool as predikant gehad het en wat ook deur die jare heen deur die genade sy plek kon volstaan, sê ek, voel ek vanaand so gelukkig,



*Sy edele minister en mev. Jan de Klerk*

so tevrede, en so bly om hier te kan wees. Ons wou graag vir die volle duur van die fees hier bly, maar as gevolg van die mynramp by Coalbrook voel ek dit my plig om daarheen te haas.

Vir die heerlike voorreg en aangename geleentheid wat ons gebied was, wil ons u nou al dankie sê, omdat ons miskien die geleentheid later nie sal hê nie. Voordat ek my gedagtes tot u rig, ons hartelikste gelukwense met hierdie belewenis van nie net 100 jaar nie, maar 100 jaar van kerk-wees, 100 jaar van glo en bou, van gedagtes van persone wat nie meer daar is nie; dit is maar 'n klein gedeelte van die geweldige belewenis. Maar as 'n mens by so 'n mylpaal kom, dan voel jy werklik dat die genade van die Here groter was as wat jy ooit verdien het, en as jy na al die seëninge en al die groei en na alles wat verby is kyk en jy tel die seëninge, dan staan jy net verbaas dat die mens met sy sondigheid soveel kan ontvang van 'n genadige God en hemelse Vader.

*Die Kerk as moeder.*

Dit is hieroor dat ek gedink het toe ek 'n paar gedagtes in 'n kort boodskap aan Burgersdorp wou saamstel. As ek dink aan wat Burgersdorp gedoen het van sy stigting af, die taak wat hy verrig het, die las wat hy gedra het, die vormende werk wat hy gehelp doen het in ons kerklike bestaan en kerklike lewe, dan kon ek nie anders gedink het nie as aan die beeld van 'n moeder. Dit het my gedagtes begin prikkel: Burgersdorp-gemeente het by my die beeld van 'n moeder laat ontstaan.

Soos ons die beeld van 'n moeder ken — in alles wat sy doen en in alles wat sy moet offer, in alles wat sy moet gee, in haar smart en in haar vreugde, dan is Burgersdorp vir my die gemeente by uitstek wat op daardie erenaam aanspraak kan maak.

Dit was die apostel Paulus wat die kerk van Christus die erenaam van moeder gegee het. En omdat ons gelowiges glo dat die Skrif en die Bybel-skrywers deur God die Heilige Gees, geïnspireer is, is dit dan van my kant nie gewaag, as God self sy kerk moeder noem, moeder van die kinders wat die Heilige Gees verwek het. By hierdie eeufeesgeleentheid dan het die moeder-gedagte vir my op die voorgrond getree.

Hirdie naam van moeder laat by 'n mens verskillende gedagtes opkom. Jy voel meteens dat dit 'n beeld is wat vir jou ook die regte verhouding tot jou kerk bepaal. Hierdie beeld, as ons self dink aan ons moeders of ons nou al oud is of nog jonk is en of die moeder nog leef of nie meer daar is nie, wek by ons in die eerste instansie dat die moeder 1. *Die Bindende Faktor* in haar huis is, en daar die innige band verskaf wat daar in die huis behoort te wees. Dan voel 'n mens dit is jou werklike, gesonde, korrekte verhouding tot jou kerk. 'n Mens is nie maar toevallig lid van een of ander kerk nie. Jy is ook nie vandag in hierdie en môre in daardie kerk nie. Die feit dat daar meer dan een kerk is, moet ons ook nie nukkerig of jaloers of twisagtig maak nie. Die feit dat ek aan my kerk behoort, watter een dit ook al is, behoort my te laat voel, ek sit hier omdat daar 'n geskiedenis agter my lidmaatskap is. Ek kom nie maar net hier van agter die bultjie vandaan nie. Nee, ek het 'n lang pad saamgeloop, en al is dit nie 'n 100 jaar wat ek belewe het nie, in die gees het ek die 100 jaar tog belewe deur saam te stap. Ek sit daar omdat dit vir my 'n sielsoortuiging is, dat ek daar behoort te wees en dat ek lid behoort te wees van hierdie kerk. Liefdebande ontbreek daar nie. Daar is bande wat saam smee. Ek sit in hierdie kerk omdat ek die oog gerig hou op 'n hoopvolle toekoms.

Ek mag egter in my kritiese opbouende houding nie verslap nie. Ek moet altyd sorg dat as daar iets verkeerd gaan in daardie verhouding waartoe ek staan in die kerk, ek my stem moet laat hoor. Hier is die innige band. As u maar net in u geestesoog u wil verplaas in u verhouding tot u moeder soos u haar geken het of nog ken. As u voel dit is dieselfde as wat u daar

in u huislike lewe ondervind het, dan is dit in orde. Maar as dit nie so is nie, dan is daar iets met u kerklidmaatskap verkeerd en dan beteken dit u kerk is nie 'n band wat u bind nie.

Na 100 jaar moet 'n mens dit besef, maar nie om te roem nie maar 2. om die *Korrekte bewondering* te hê vir wat gedoen is. Om die korrekte bewondering af te dwing is nie so maklik nie. Wie sal 'n godvresende moeder nie bewonder nie? Sy is 'n gawe van God. Dit is nie 'n toevalligheid nie of omdat sy maar moet goed wees nie, maar wie bewonder dit nie? As mens daardie kinderlike bewondering kry, dan is daar ook die kinderlike liefde. Ons dink dan nie in ons bewondering dat wat ons het die beste en onaantasbaarste, die enigste is om ons in die hemel te bring en omdat alles van andere verkeerd is nie. Maar as in die bewondering die eer aan die Here gegee word, dan is hoofsaak die pragtige geestelike bouwerk en nie die stoflike gebou met hoë toring en groot kerkklok, selfs nie die werk van die instrument wat die geestelike bouwerk moes verrig nie, dan is ons maar instrumente in die hand van die Here. Prof. Du Toit het vanmiddag by die kranslegging gesê dat dit alleen die krag van die Here is wat deur die dinge gekom het en vir ons daar gebring het.

U weet hoe dat dit mode geword het om die kerk te kritiseer. Ons is gewoon daaraan. Ons begin by die predikant; hy preek nie meer goed nie; dit is nie meer reg nie en dat is nie meer reg nie. As jy die kerk nie kritiseer nie, dan is die kerk 'n soort mag wat jy oor jou het en jy wil die vryheid hê om te sê wat jy wil.

Ek bring vanaand die gedagte vir u: die kerk is ons moeder. Soos ons Ou Testamentiese sanger sy volk uitgenooi het om Jerusalem, die godstad, te bewonder, so moet ons u in hierdie eeu nooi om die kerk van die Nuwe Testament ook te bewonder. Dink aan die woorde van die digter:

Aanskou die stad met skanse,
paleise, toringtranse —
hoedat hul pryk met nuwe prag.

Daardie selfde bewondering moet ons vandag uitoefen, ons moet in ons daelikse dank baie hoër status aan ons kerk gee; nie slaafse onderdanigheid om maar ja, ja te sê nie maar bewondering dat in die verbygegane eeu die kerk bewaar gebly het, omdat die moederelement daarin was. Het u ook al daaraan gedink dat ons bewaar gebly het as blankes in hierdie land omdat die moeder die jaloerse wagter was oor die voortbestaan van haar blanke bloed? Dit is die moeder-element in die volk, die moedergedagte in die kerk wat ons vir ons daar gebring het en daarmee is my boodskap in die algemeen: sien die kerk as moeder, belewe daardie innige band met haar, gee aan haar u bewondering, maar bely ook u dankbaarheid.

Maar ek wil nie net in die algemeen spreek nie. Ek wil met u spreek oor hierdie moeder, die Burgersdorpse gemeente. Op hoe 'n besondere wyse

het die Here hierdie gemeente nie 'n moeder gemaak nie? Een van die eerste tien gemeentes van die Geref. Kerk in S.A. het die voedingsbron geword d.i. Burgersdorp. Baie predikante is hier gevorm. Oral in die gemeentes deur die land kry ons kinders van Burgersdorp in leidende, in toonaangewende posisies.

Laat ons ook maar onthou die vyand lê op die loer. Ons ken die vyand, die groot vyand Satan, maar ook in sy verskillende skakeringe, in sy verskillende ideologieë. Hy lê op die loer.

3. *Die gepaste dankbaarheid.* As ons die beeld van die moeder deurvoer, dan moet daar dankbaarheid wees teenoor ons moeder. Dit is paslik dat die kind die dankbaarste sal wees teenoor sy moeder. Dit is sy wat ons in die lewe gebring het, met smart en opoffering, in arbeid en moeite, in sorg en beplanning vir ons die lewe voorberei het. Ons moet dankbaar wees dat die Here aan ons 'n kerk as tuiste gegee het, dat ons, deur die prediking en die kerklike sorg wat aan ons bestee word sonder dat ons daarvoor betaal, voorberei word vir die ewige lewe. Dit is die enigste plek waar ons hongerige en hunkerende siele gevoed word.

Dit is ons moeder; daarom pas dit ons om by hierdie geleentheid in dankbare herinnering te bring wat ons moeder aan ons gegee het. Dink net aan die bietjie wat ons vandag in die kerkhof gesien en gehoor het wat sal ons nog doen om dit in dankbare herinnering te hou — in verband met hulle wat ons vooruit gegaan het. Ons dink aan hulle bouwerk, opoffering, moeite en sorg. Predikante, kerkraadslede, broeders en susters het geen fasiliteite gehad soos ons vandag ken nie. Baie het pad gegee, nie gevlug nie, en elders gaan bou.

Moeder van ons Teologiese Skool en van ons Universiteit was hierdie gemeente. Prof. S. du Toit het dit skitterend uiteengesit. Hier is dit begin. Dit is nie afgebreek nie; dit is voortgesit. Dit is 'n boom wat net hoër gegroei het as wat dit in die Karoo-aarde sou kon groei, net hoër en sterker, met groter takke op 'n ander plek, maar nog dieselfde boom, met dieselfde wortels, waarmee hy hier geanker was.

Inderdaad voel 'n mens as jy so oor die 100 jaar terugkyk, dat dit die ware oorsprong van die kerk is, sodat dit die oog van die fontein hierdie is, wat dwarsdeur die land, die hele fontein geloop het, dat dit die oog is van die Geref. Kerk, waar die fontein ontstaan het.

Maar as 'n mens dit nou alles gesê het, dan weet jy ook dat die Geref. Kerk van Burgersdorp probleme het en dat sy probleme groot is, dat dit eens op 'n tyd 'n groot gemeente was en dat hierdie groot gemeente al hoe meer ingekrimp het as gevolg van faktore heeltemal buite die moontlikheid van dit in toom te hou. Ek verwys na die ontvolking van die platteland. Die groot kerkgeboue wat opgerig is, kan nou met groot geleenthede nie meer vol word nie, omdat die lidmatetal verminder het. Die jongmense word skaarser in

hierdie Noord-Kaaplandse gemeentes en in terme van getalle begin baie al 'n moedelose houding in te neem en te sê ons is besig om agteruit te gaan.

Ek wil u egter weer die kragbeeld van 'n moeder voorhou. Net soos 'n moeder in haar smart moet ondervind, as die kinders begin groot word en die huis verlaat, hoe die een hierheen en 'n ander na 'n ander plek gaan, om hulle plek in die wêreld te verower, so sal u ook in hierdie gemeente daardie moedersmart ondervind as u na die dalende statistieke kyk. Maar soos die moeder vreugde ondervind dat sy aan die wêreld kinders kan gee, so is dit in besonder in Burgersdorp se gemeente dat hierdie gemeente mense kon uitstuur om die kerk van die Here daar in die stede te gaan plant. Dit is hier moedersmart aan die een kant na mate die huis leeg word, maar dit is moedervreugde en moederdiens aan die ander kant om te sê daar staan die steunpilare en hulle het gegaan na die voorposte. Hulle dra dan die boodskap van Christus uit.

Dan kry die vreugde oorhand oor die smart. Dan kan met trots en dankbaarheid gesê word: Dit was 'n vrugbare moeder. Ons weet ook by die Here is dit nie getalle wat tel nie; die Here vra nie hoeveel nie, maar hoe swaar, hoe sterk, hoe waardevol, hoe kragtig. Dit is dus juis die teenoorgestelde van die tyd waarin ons lewe. Alles word vandag bereken met getalle, die grootheid van getalle. Dit is dan: hoeveel wen ek op die plaas, hoeveel skape skeer ek.

Dit is egter nie die grootheid van getalle wat tel nie. Nee, die Here weeg. U word daeliks geweeg, en in die tweede eeu sal u gedurig geweeg word. Wat is u werklikheid vir die doel waarvoor u op aarde gestel is? U gewig lê in u gehoorsaamheid aan die woord van God. Dit is 'n norm vir die kerk.

Die bloei van 'n gemeente is daardie suiwere belydenis, daardie godvererende wandel. Dit is die sieraad van Jesus Christus en nie die getal lidmate nie.

Burgersdorp bly egter 'n moeder. Miskien is sy nie meer so vrugbaar om groot getalle kinders te baar nie, maar haar moedertaak bly voortbestaan en in kort kom dit hierop neer om altyd voorbidster te bly en om in die rypheid van die tradisie steeds in die kerkverband 'n leidster te wees. Maar veral om moederlike liefde te skenk aan almal wat aan haar sorg toevertrou is. En nou is dit nie maar 'n toevalligheid dat die Ouetehuis op Burgersdorp gevestig is nie, maar dit is 'n spesiale roeping wat hierdie gemeente het om daardie wonderlike liefdeswerk uit te voer. U sorg omdat u dit miskien die beste kan doen.

4. *Die moederlike teerheid.* Die kerk moet nie net sy krag openbaar nie — die krag van die kerk is die grootste krag wat lê in die teerheid van die kerk. Dit is die teerheid van die moeder. Dit is nie die krag wat die arm swaai en die vuiste wys nie, nie om te wil roem en trots te wees nie. Daar is behoefte aan daardie moederlike teerheid in ons kerk, want ons leef in

'n harde en koue, in 'n ongenaakbare en afsydige tyd. Daar is nie meer tyd vir die enkele mens met sy probleme, met sy moeilikheid nie. Dit is die massa wat tel. Jy kan dit op enige terrein sien. Kom maar na ons stede toe. Dit is nie die indiwidu met sy moeilikhede en probleme wat tel nie. Dit is die massa wat tel.

By die kerk word aandag gegee aan die indiwiduele lidmaat, aan sy probleme en worstelinge. Daar is die tere behandeling van die afgedwaalde, van die soekende, die strydende. Die kerk mag nie haar moederlike teerheid verloor nie. In die harde politiek word so min belanggestel in die belange van die indiwidu. Daar moet so gou moontlik van hom ontslae geraak word, sodat die groot massa 'n kans kan kry.

Ook in die onderwys word gevra na die grootheid van die skool en nie die ware aard, doel en strewe nie. Die geldende gedagte is, die skool moet groot wees, dit moet 'n fabriek wees, waar jy maar net die mense inprop en as hulle anderkant die masjien uitkom, lyk hulle almal eenders soos wors deur 'n worsmasjien.

Dit is ons probleme, dit is die moeilikheid van ons tyd. Daarom pleit ek vir die moederlike teerheid, die liefde, die innigheid van die kerk. Geen ouer kan sy twee kinders eenders behandel nie. Daarom sê ons: dit is nie hoeveel lidmate daar meer is nie, maar die groot saak is wat is die kwaliteit, wat sit daarin, wat is die strewe.

*U Toekomstaak.*

Daar is vir my 'n besondere toekoms-ideaal wat ons vir ons moet stel, nie alleen net op die kerklike terrein nie, maar op alle terreine van die volkslewe. Daardie moederlike roeping moet ons nastrewe. Ons moet hierdie koudheid, hardheid, vreemde ideologieë, die dinge wat op ons afgedwing word, die oorloë en die probleme in ons eie land, met daardie teerheid en sorgsaamheid, met daardie liefde beheer.

En as ek nou afsluit, dan is dit om die wens uit te spreek dat die Here aan u, predikant, herder en leraar, die ouderlinge en diakens, u broeder en suster, lidmate van hierdie gemeente, die hart en die hande van 'n moeder sal gee, solank as wat die gemeente van die Here Jesus op hierdie plek geplant is, die hart wat teer is, die hande wat sorg, die moeder wat nie omkyk nie, die moeder wat niks terug verwag vir al haar opofferende liefde, vir alles wat sy gee nie.

Mag die Here se seën op ons almal rus dat ons dit mag beleef in ons lewe dat ons tot daardie teerheid sal kom, dan sal die probleme wat ons in die aangesig staar, soos was voor die son verdwyn.

Mag dit so wees. — Dankie!

SAMEVATTING VAN PREEK EN TOESPRAKE TYDENS DIE

# *EEUFEESVIERING VAN DIE GEREF. KERK, BURGERSDORP*

## SATERDAGMIDDAG BY DIE GRAF VAN PROF. D. POSTMA

deur prof. dr. S. du Toit

Dit was 'n beskikking van God dat juis hierdie man juis op hierdie tyd na Suid-Afrika sou kom. Omstreeks 1859 was dit die hoogtyd van die Liberalisme in Suid-Afrika, die geestesrigting wat die mens in die middelpunt stel. By vader Postma en sy optrede verdwyn al wat van die mens is in die niet.

Hy is gebore uit eenvoudige ouers van die werkerstand en het sy kinderjare deurgebring op die Keereweer, 'n eenvoudige buurt van die stad Dokkum in Friesland. As blikslaer moes hy homself en sy weduweemoeder onderhou en sy eie studie bekostig, omdat hy as afgeskeidene van die Hervormde Kerk geen beurs kon verwag nie. Altyd moes hy homself beklaag oor sy geringe geleerdheid, hoewel hy dit deur selfstudie baie ver gebring het.

In sy lewe het hy getoon dat hy die „sin van Christus" het, in sy nederigheid en beleefdheid, in sy hardwerkendheid en in sy presiesheid, in sy strewe om waar immer moontlik die vrede te bevorder. Hy was waarlik *dienskneg van die Here*, baie toegeeflik waar dit oor menslike sake gaan, maar onversetlik as dit gaan om die Woord van God. In alle omstandighede het die Woord van God vir hom die laaste woord gespreek.

Sy taak was moeilik. Hy moes sy jong kinders sonder moeder in Nederland agterlaat. Hy het met veel opposisie en laster te doen gehad. Hy moes onmeetlike afstande met langsame voertuie bereis. Maar die Here het sy werk geseën — getuie die groot skare wat met die eeufees op Rustenburg vergader het, die Teologiese Skool en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Hy het die Gereformeerde leer weer na Suid-Afrika gebring. Ons eer sy nagedagtenis en ons dank die Here. Die krans wat hier gelê word, is nie as mensverering bedoel nie, maar as 'n blyk van dankbare hulde aan 'n instrument in die hand van die Here.

## PREEK SONDAGMÔRE

deur prof. dr. S. du Toit

*Teks Psalm* 147 : 20a: *So het hy aan geen enkele nasie gedoen nie . . .*

Die teksvers beklemtoon die feit dat die openbaring wat die Here aan Israel gegee het, uniek was. Geen ander volk het dit ontvang nie, want hulle ken die insettinge en verordeninge van die Here nie.

Veral gedurende die negentiende eeu het die Bybelkritiek beweer dat dit nie waar is wat hierdie teks sê nie. Israel is maar net so 'n volk as al die volke van die Ou Ooste. Hoogstens het hulle 'n bietjie meer godsdienstige genie getoon.

Die jongste opgrawinge het egter getoon dat wat Psalm 147 in jubeltoon uitroep, volkome waar is. Dit word nou algemeen erken dat die Ou Testament (en daarmee ook die Nuwe) nie deur menslike ontwikkeling verklaar kan word nie. Dit staan oneindig hoog uit bo wat die heidene in daardie omgewing geglo het.

Hier is die natuur nie goddelik nie en daar is nie 'n veelheid van gode nie. Daar is maar een God wat Skepper van alle dinge is. Israel alleen weet wat sonde en verlossing is en aan hulle alleen word die koms van die groot Verlosser beloof.

Ons kan as Afrikaners en as Gereformeerdes nie sê dat die Here aan ons iets gedoen het wat Hy nie aan ander volke gedoen het nie. Goddank — die Evangelie is uitgedra na baie lande en volke. En ook die Gereformeerde leer is in ander lande bekend.

Maar as ons die hele Christendom as een volk, die volk van God, beskou, kan ons van onsself dieselfde sê: so het Hy aan geen enkele volk gedoen nie! Ons is erfgename van 'n heerlike erfenis. En ons is so dankbaar dat ons juis die Gereformeerde godsdiens ontvang het wat so vierkantig op die Woord van God gegrond is en nie op die mens vertrou nie. Dit is die gebeurtenis wat ons vandag vier.

Die groot vraag is nou maar: *wat maak ons met hierdie heerlike erfenis?* Israel het sy erfenis verspeel. Hy het hom vermeng met die vreemdes en dit het sy ondergang beteken. Wat gaan ons doen? Rustenburg het moed gegee. Daar is nog duisende wat lief is vir die Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing. Daar is egter altyd die gevaar van verslapping en van vermenging met die heidendom. Mag die herdenking van die seëninge van die Here, deur die werking van die Heilige Gees, daartoe strek dat ons ons erfenis meer waardeer en uitlewe!

# SONDAGAAND

deur prof. dr. S. du Toit

*'n Blik in die toekoms.*

Die twintigste eeu is 'n eeu van groot beslissinge en veral die tweede wêreldoorlog het omwentelinge van geweldige omvang teweeggebring. Die wetenskap en tegniek maak hoë vlugte. Oos en Wes staan teen mekaar. Orals is 'n ontwakende gevoel van nasionalisme. Die swartman van Afrika eis elke duim grond van hierdie vasteland en die Westerse moondhede steun hom in sy strewe.

Wat moet van die Afrikaanse volk, wat moet van die Gereformeerde Kerk word? Ons het die hele wêreld teen ons.

Die Here alleen weet wat die toekoms inhou. Ons weet egter wat ons plig is. Paulus sê in Fil. 1 : 27: „*Gedra julle waardig die Evangelie van Christus . . .*" Ons kan die woord „gedra" ook vertaal: Doen julle Christelike burgerplig. Hier lê ons opdrag. Dit beteken om op hierdie aarde volgens die wette van die hemel te lewe: om eensgesind as 'n breekwater te staan teenoor die golwe van ongeloof en heidendom en om positief aggressief te wees in die uitbreiding van die koninkryk van die hemele. Die res kan ons aan die Here oorlaat.

Die geloof in die voorbeskikking van God en in die sekere koms van sy koninkryk gee strydens- en sterwensmoed. Daarom kan ons met blymoedigheid die toekoms tegemoet gaan, in vaste vertroue op sy Woord.

# KORT OPSOMMING VAN PREEK GELEWER TE BURGERSDORP OP SONDAG 24 JAN. 1960 MET DIE EEUFEES VAN DIE GEMEENTE

deur dr. S. J. van der Walt



*Dr. S. J. van der Walt*
*Burgersdorp 1941-1946*

*Openbaring* 2 : 25.

Die Gereformeerdes word dikwels beskuldig dat hulle so konserwatief en terughoudend is. Tog is daar 'n gesonde konserwatisme en leer God's Woord ons om die verlede te eer en vas te hou aan die insettinge wat aan ons oorgelewer is (2 Thess. 2 : 15). Daar is sekere dinge wat ons nooit mag prysgee of loslaat nie, dinge wat vir ons meer werd is as die lewe self.

In die gemeente van Thiatire het die „modernisme" posgevat. Dit was 'n ryk stad waar die handel en nywerheid gefloreer het. Daar was allerlei gildes en vakbonde soos bv. van leerlooiers, pottebakkers, kleremakers, verwers (vgl. Lidia, die purperverkoopster, Hand. 16 : 14) ens. Die Christene moes lede wees van hierdie organisasies om werk te verkry of te behou. En elke gilde het sy eie beskermgod (afgod) gehad, tot wie se eer daar sekere feesmaaltye vol sondige uitspattinge aangerig was en waaraan ook die Christene verwag was om deel te neem. In die gemeente was 'n verleidster, 'n profetes, Isébel genoem, wat van mening was dat 'n mens die duiwel moes oorwin deur hom te dien en so die „dieptes van die Satan" te smaak, vs. 24. Die Christene moes dus maar meedoen aan die sondige heidense afgodsfeeste, solank hulle maar net in hul gewete nie saamgaan daarmee nie. Maar Christus laat Hom nie deur sulke vroom bedrog mislei nie. Hy het oë soos 'n vuurvlam wat alles raaksien en voete soos koper wat die goddelose vertrap, vers 18. Hy straf die sonde en dit wat in die geheim bedryf word sweer uit en dra wrange vrugte na buite, vers 22 en 23.

Daarom word die gemeente aangeraai om maar net vas te hou wat hulle het, vers 25. Liewer moet hulle maar verdrukking ly as om sondige kompromieë aan te gaan. En dan sal hulle eenmaal met Christus regeer en die vyande verbrysel; soos met 'n ysterstaf. Al is hulle nou in die donker, sal hulle éénmaal skitter in glorie en krag soos die môrester en as konings met Christus regeer oor die nuwe aarde. Immers, dis juis van Hom wat die verlossing kom en Hyself word genoem, ‚die blink môrester' (Openb. 22 : 16).

So moet ons ook vasstaan en vashou wat ons het, nl. onse God en Christus, die heilige evangelie en die Heilige Skrif wat dit aan ons bekend maak, ons geloofsbelydenis en die beginsels wat daaruit voortvloei. Ons leef in 'n tyd van uitwissing van *alle* grense, nie alleen van rasse en volke nie, maar ook die grense tussen Christendom en heidendom. Dit was juis die ondergang van Israel dat hulle *naas* God ook nog vir Baäl en Astarte, Milkom en Kamos ens. gedien het. In ons tyd word gesê ons moet leer om almal saam te bestaan of anders almal saam te vergaan. So moet Christus dan nou met Belial versoen word. Mag God ons bewaar sodat ons deur sy genade sal vashou aan die dierbare geloof wat aan ons oorgelewer is en dat ons dit vir niks ter wêreld sal prysgee nie, selfs al word ons gedreig met „boikotte" of kernbomme of wat ook al! So alleen sal ons in Christus meer as oorwinnaars wees (Rom. 8 : 37) en eenmaal skitter met hemelse glorie en mag. — Amen.

---

## KORT OPSOMMING VAN TOESPRAAK GEHOU BY DIE EEUFEES VAN DIE GEREF. GEMEENTE BURGERSDORP OP 24 JANUARIE 1960

deur ds. S. J. van der Walt

As ons vra wat is die taak van die Gereformeerde Kerk in die eeu wat voorlê, dan kan ons daarop wys dat die Kerk alleen maar die taak het om die evangelie te verkondig; niks meer en niks minder nie. Tog moet ons rekening hou met die tyd waarin ons lewe. Groot dele van die wêreld is onder die hiel van die Kommunisme. Daar is wrede vervolging. In Sjina alleen is al meer as 10 miljoen mense gedood sedert die Kommunisme daar heers. Volgens getuienis is daar o.a. 'n Christenmeisie deur perde uitmekaar geskeur ter wille van haar geloof.

Oral hoor ons die roepstem van eenheid. Die wêreldkerk of valse kerk is vinnig in wording. Die Vrymesselaars, Rotariërs, Morele Herbewapenings, Wêreldraad van Kerke en derglike internasionale organisasies beheers vandag die wêreldtoneel. Ons kan dit noem geestelike Kommunisme. Dit maak die Westerse wêreld ryp vir die laaste slag, wanneer dit byna sonder slag of stoot in die arms van die Kommunisme sal val. En hiervoor is die valse Kerk met sy valse eenheidsdrag die wegbereider, die minister van propaganda. In Amerika het dit al sover gegaan dat Jode en Christene saam nagmaal gebruik het en dat die Joodse Rabbi die nagmaal uitgedeel het. Hulle praat vandag ook nie meer van „heidene" nie maar van nie-Christelike volke. „Ons is *almal* kinders van *dieselfde* hemelse Vader en broers en susters van mekaar. Elkeen dien God maar op sy *eie* manier en onder 'n ander naam. So bly ons dan die

samesmelting van Christus en Belial en so kom ons dan ooreen om te verskil".

Daarteenoor moet *ons* vashou aan die waarheid van Gods Woord en ons Gereformeerde belydenis. Paulus sê: „Maar al sou ons of 'n Engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Galate 1 : 8). Die kerk se taak word kernagtig uitgedruk as Paulus sê: „Want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie, behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2 : 2). Ons het geen ander taak nie as om die evangelie uit te dra en om getuies van Christus te wees tot aan die uiterste van die aarde, Hand. 2 : 8. Hierin moet ons nie verwag om die een oorwinning na die ander te behaal en bv. Afrika binne soveel en soveel jare aan die voete van Christus te lê nie. Veeleer kom daar die groot afval en sal ons uiteindelik soos 'n klompie skape oor die wêreld ronddwaal en vlug. Maar ons moet maar ons roeping getrou volbring. Die oorwinning is ons s'n in Christus.

Teenoor die valse eenheidstrewe van ons tyd moet ons sê: „Bring bymekaar wat bymekaar hoort". Daar is ook geen ander naam onder die hemel gegee, waardeur ons gered moet word nie, as die Naam van onse Here Jesus Christus, Hand. 4 : 12". Die toekoms behoort aan die ware Kerk, die getroue kinders van God. Daar is niks te vrese nie. Ons moet maar net ons plig doen en op die Here bly wag. Ons geloof sal nie beskaamd word nie. Die banier omhoog in die naam van Christus!

# ENKELE GOEIE WENSE MET ONS FEESVIERINGE

---

*Mnr. H. B. van der Walt, Die Kerkblad, Potchefstroom:*

Seënwense met feesviering.

*Dr. P. J. Coetsee, Die Kerkblad, Potchefstroom:*

Ons mag nooit vergeet watter plek hierdie gemeente solank reeds ingeneem het nie. Hiermee dan my hartelike goeie wense ook aan u en u gesin.

*Mnr. S. du Toit, Registrateur P.U. vir C.H.O., Potchefstroom:*

Wees verseker daarvan dat hierdie Universiteit nooit sal vergeet nie dat die Geref. Gemeente van Burgersdorp die setel was waar hierdie Universiteit ontstaan het. Ons wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die kerkraad en gemeente hartelik geluk te wens met hierdie gedenkwaardige geleentheid. Mag die Geref. Gemeente van Burgersdorp onder die genadige voorsiening van God, onse Hemelse Vader, van krag tot krag steeds voortgaan as wapendraer van God se heerlike Evangelie — sy Naam ter ere.

*Br. P. M. van der Linde, Ladybrand:*

Wees verseker van ons hartelike seënwense.

*Ds. J. L. de Bruin, Innesdal, Pretoria:*

Dit sal ongetwyfeld vir u en die hele gemeente 'n fees van groot betekenis wees. 'n Eeu van stryd en oorwinning in die Naam van die Here het verloop. Nooit het Hy die werk van Sy hande laat vaar nie. Ook deur die kerk van Burgersdorp en deur leraars wat daar gestaan het, het die Here groot dinge aan die hele Gereformeerde Kerkverband gedoen waarvoor ons baie dankbaar is.

Mag die feesvierendes met innige en ootmoedige dankbaarheid vervul wees, veral in hierdie dae. Mag die Naam van ons getroue Verbondsgod van harte geloof en geprys word.

En wat die toekoms betref wil ons hoop en vertrou dat Hy steeds groter genade sal gee om vas te staan en te hou wat Hy aan ons oorgelewer het om aldus die lig en krag van sy heilige Woord uit te dra en uit te lewe.

Mag die jongmense en kinders van die hede wel toegerus word om die groot en heerlike roeping en taak van die vaders en moeders op waardige wyse oor te neem en voort te sit.

*Ds. D. G. Venter, Potchefstroom:*

Hartelik geluk, jubileum. Gods seën toegebid

*Prof. Jooste, Potchefstroom:*

Hartelik geluk, seën, kerkraad en gemeente met aanvang van tweede eeu.

*Mnr. Frans Jooste, L.P.R. Philipstown:*

Hiermee ons hartelike wense vir baie aangename eeufees. Mag gemeente steeds groei en die goeie put uit stewige fondamente van verlede.

*Ds. en mev. J. F. du Plooy, Stilfontein:*

Hartelik geluk honderdjarige feesviering. Bou voort op vaste fondament.

*Lessing-gesin, Aliwal-Noord:*

Ons deel in u vreugde en diepe dankbaarheid oor God se goedertierenheid. Psalm 106.

*Skriba, Kerkraad Bethulie:*

Die kerkraad en gemeente van Bethulie dank God ootmoedig saam met u vir groot genade aan u as gemeente betoon. Die Here se seën word u toegebid vir hierdie dae van feesvreugdes. Mag die lig van die Heilige Gees die lamp van die toekoms wees.

*Kerkraad en Gemeente, Reddersburg:*

Gods rykste seën op u feestelikhede. Ons is saam met u dankbaar.

*Dr. H. F. Verwoerd, Eerste Minister, Kaapstad:*

Ons wens Geref. Kerk Gods rykste seën toe met eeufeesviering.

*Dr. en mev. Dönges, Kaapstad:*

Hartelik geluk by voltooiing van eeu. Rykste seën u toegebid. Vrugbare arbeid in toekoms.

*Johanna van Rooy en gesin Marthinus van Rooy, Pretoria:*

Seën op fees toegebid. Met dankbaarheid in gees teenwoordig.

*Ds. en mev. H. J. Venter, Nylstroom:*

Die pastorie van Nylstroom wens hiermee die gemeente Burgersdorp van harte geluk met sy 100-jarige bestaan. Mag dit die gemeente gegun word om ook in die tweede honderd jaar krag te ontwikkel en leiding te gee, soos in die eerste honderd jaar.

*Mev. Lettie van Rooy (gebore Cachet) skryf:*

Vir my bly Burgersdorp tog maar die plek waar ons Teologiese Skool moes gebly het. My pa kon hom nooit met die oorplasing van die Skool versoen nie, en het hom nooit heeltemal tuis hier op die Bult gevoel nie. Daar is baie herinneringe uit my kinderdae, veral toe ons nog op Burgersdorp gewoon het.

Ek hoop om in Januarie saam met u fees te vier.

Posbus 20,
RUSTENBURG, TVL.
18 Januarie 1960.

Die Skriba,
Gereformeerde Kerk,
BURGERSDORP.

Weleerw. Voorsitter en eerw. Broeders,

Namens en in opdrag van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rustenburg is dit vir ondergetekendes 'n besondere eer en voorreg om u eerw. Kerkraad en Gemeente hartlik geluk te wens met die viering van u Eeufees.

Gedagtig aan die bande wat in die verlede tussen die twee kerke gelê het in die bediening deur die een herder en leraar; in die baie familie- e.a. bande wat daar was; in die gemeenskaplike liefde vir die Gereformeerde waarheid; in die groot dienste wat Burgersdorp aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bewys het met die stigting en instandhouding van die Teologiese Skool; in die durende bande van gehegtheid aan die „leer, diens en tug van die vadere"; gedagtig ook aan die heerlike Eeufees wat verlede jaar hier gevier is ter gedagtenis aan die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika — wil ons u verseker dat ons met u één is, in die Gees met u is, saam met u ons verheug in die fees van u Kerk.

Mag die HERE, die getroue Verbondsgod, onse Vader in onse Here Jesus Christus, u sy seën skenk om waarlik tot sy eer fees te vier, tot uitbreiding van sy ewige Koninkryk, en tot saligheid vir sy kinders. Mag die Gees u in alle waarheid lei, sodat ook mede deur die feestelikhede en die oordenking van die wonderdade van God in die verlede die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp en in Kaapland mag groei en uitbrei.

Dit is ons wens en bede.

Van u broeders in die Here,
P. J. Venter (Voorsitter).
C. J. H. Vorster (Skriba).

## *AFDELING V*

# HISTORIESE FIGURE

FAMILIE SCHUTTE

*Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte,* gebore in 1804 te Cradock — oorlede 9 November 1873 te Buffeldoorns, Tvl.

Hy was ouderling en het hom baie beywer vir die Teologiese Skool. Hy was lid van die Kuratorium.

*Casper Jan Hendrik Schutte,* seun van P. J. W. Schutte, gebore 17 Jan. 1833; oorlede 2 Desember 1919.

Hy was eers woonagtig op Rietpoort en daarna op Pleisterkraal. Hy het gedien as diaken en ouderling en was ook teenwoordig met die 50-jarige fees op Burgersdorp.

*Barend Christiaan Schutte,* seun van C. J. H. Schutte. Gebore 12 Junie 1864 — oorlede 5 Junie 1941.


Hy het op Pleisterkraal gewoon. Hy het ook 'n aantal jare gedien as



diaken en ouderling, ongeveer vanaf 1910. Die wyk Pleisterkraal het gestrek tot by Keesieberg.

*Petrus Stefanus Schutte*, seun van B. C. Schutte, gebore 25 September 1889, oorlede 27 Julie 1951.

Hy het vroeër op Pleisterkraal gewoon. Hy het eers gedien as diaken en later as ouderling ongeveer 20 jaar lank. Was ook afgevaardig na meerdere vergaderings.



*P. S. Schutte en Familie*



*B. F. Bennie Schutte en Familie.*

*Barend Christiaan Schutte*, seun van P. S. Schutte, gebore 10 April 1912. Woonagtig op Oliewenberg, het vanaf 1949 tot 1952 gedien as diaken.

* * *

## JASPER MAARTIN VENTER EN SY SEUNS

J. M. Venter is gebore op 12 Junie 1842 op die plaas Klipfontein in die distrik Burgersdorp. Hy het later op die plaas Botterfontein gewoon wat hy van sy broer Douw geruil het vir Klipfontein.

Hy was vier maal getroud; by sy eerste twee vrouens het hy ses kinders gehad.

Die tweede vrou was 'n dogter van Andries Kruger van Rietpoort, waar die eerste vergadering gehou was om die Geref. Kerk te herstig. Die laaste twee vrouens het geen kinders gehad nie. Die seuns is: Jasper Maartin by die eerste vrou en Andries Johannes en Petrus Stefanus by die tweede vrou.

Met die eerste diens wat hier op Burgersdorp gehou is in 'n pakkamer van 'n winkel was hy een van die persone wat as wag by die deur gestaan het.

Hy het baie jare gedien as diaken en ouderling van die gemeente. Daar was by hom net een pad vir die Kerk en dit was die Gereformeerde pad.

Op 8 Augustus 1925 in die ouderdom van 83 jaar en enige maande is hy op Burgersdorp oorlede en op die plaas Botterfontein begrawe.

*Jasper Maartin Venter.* Die oudste seun is gebore in 1862. Hy het groot geword op Botterfontein. Hy was getroud met Johanna Coetsee en uit



die huwelik is ses seuns en een dogter gebore wat in die lewe gebly het. Daar is ook kinders van hulle dood.

Hy het later op Harmsfontein en toe op Heuningkrans gewoon. Hy het baie jare lank as kerkraadslid gedien, eers as diaken en toe as ouderling in die

Grootrivier-wyk. Hy was 'n man met kennis van die kerkorde, vinnig en helder van verstand en gou met 'n antwoord.

Later jare het hy op Bethulie gewoon waar hy ook nog ouderling was. Hy is in 1937 oorlede en begrawe op sy ou woonplaas, Heuningkrans. Van sy seuns het ook hier en op ander plekke as diakens en ouderlinge gedien, 'n kleinseun, Christiaan Venter, is op die oomblik diaken van die Grootrivier wyk.

*Andries Johannes Venter*: Gebore 29 Mei 1877. Was getroud met Bettie Kruger, 'n kleindogter van Andries Kruger van Rietpoort. Hulle het vier kinders gehad, maar die is almal klein dood. Toe het hulle 'n seun en dogter van sy vrou se broer groot gemaak. Hy het op die plaas Winnaarsbaken gewoon waar sy groot-maak-seun Seun Kruger nou nog woon.

Hy het die gemeente van Burgersdorp eers as diaken gedien. In die jaar 1910 het hy ook Skriba en kassier van die Kerkraad geword, 'n amp wat hy dertig jaar lank beklee het. Toe is begin met die insameling van fondse vir die bou van die huidige kerkgebou. Terselfdertyd was hy ook kassier van die Sustersorganisasie. Hy was ook lank ouderling gewees.

Sy vrou het altyd 'n aktiewe deel gehad in die Sustersvereniging van Burgersdorp.

Getrou was die egpaar in diens en plig teenoor die Gereformeerde kerk van Burgersdorp tot met hulle dood. Sy vrou is oorlede op 27 Februarie 1955 en hy op 3 Februarie 1959. Hulle is albei op hul woonplaas, Winnaarsbaken, begrawe.

*Petrus Stefanus Venter*: Die jongste seun is op 30 Mei 1883 gebore



en getroud met Hester van Heerden. Uit die huwelik is twee kinders gebore wat altwee klein oorlede is. Hulle het 'n seun, Hendrik Kruger groot gemaak.

Hy het die meeste van sy lewensjare in die kerkraad van Burgersdorp gedien. Hy was baie jonk toe hy as diaken gekies is en op 34-jarige leeftyd het hy die eerste maal ouderling geword en sedertdien met tussenposes van 2, 3 jaar nog steeds ouderling. Hy is nou byna 77 jaar oud en nou weer ouderling vir die Dirk Postma Ouetehuis waar hy nog sy plig getrou vervul.

So het 'n vader en sy drie seuns die Gereformeerde Kerk 'n eeu lank gedien en gehelp bou deur die genade van die Here, wat altyd groot was oor hulle, en sal hulle altyd deur ons gedenk word as bouers in die kerk van die Here.

*Hendrik Bernardus Kruger*: pleegseun van Petrus Venter is op 17 Nov. 1911 gebore en in 1933 getroud met Johanna (Nannie) Kruger, dogter uit die Kruger familie van Rietpoort. Hendrik Kruger het sedert 1935 met kort afwisseling in die kerkraad gedien — eers as diaken en tans as ouderling. Op die oomblik is hy ook kassier van die gemeente.

Hendrik het veral groot dienste gelewer in verband met die Dirk Postma Ouetehuis. Hy dien nog op die bestuur, reeds 12 jaar lank. Hy het ook goeie werk gedoen in die Diakonale konferensies van Kaapland. Jarelank was hy die skriba-kassier.

Uit die huwelik van br. Hendrik en sr. Nannie is twee seuns gebore. Petrus Venter Kruger en Andries Johannes Kruger. Hulle woon op die ou familieplaas, Botterfontein, saam met hulle ouers. Petrus is getroud met Sienie Klopper.

## A. J. KRUGER

Andries Johannes Kruger is in 1886 gebore op die plaas Rietpoort. Hy is 'n kleinseun van Andries Johannes Kruger wat een van die medestigters was



van die gemeente Burgersdorp op Roosterhoek, 21 Jan. 1860. Op 13 Jan. 1908 het hy in die huwelik getree met Magdalena Maria Dorothea Pelser, klein-

dogter van Jan de Kock, ook een van die kerkstigters. Uit hulle huwelik is 3 kinders gebore, 6 kleinkinders en 4 agterkleinkinders.

Sedert 1 September 1955 is Oom Andries en tant Lenie die kosterpaar. In en om die kerk en die saal is dit altyd skoon, ordelik en elke ding op sy plek. Die kerkraad en gemeente kan altyd dankbaar wees om geboue, eiendomme en terrein aan mense soos oom Andries en tant Lenie toe te vertrou. Hulle netheid, stiptheid, strengheid en hulpvaardigheid is kenmerkend.

* * *

## P. J. J. KRUGER EN ANDERE

P. J. J. Kruger en sy eggenote is albei afstammelinge van ou gevestigde families in Burgersdorp. Broeder Piet het reeds baie jare in die kerkraad gedien en is nou ouderling. Sy eggenote, Baby, dien op die kommissie vir die Ouetehuis, waar sy waardevolle dienste lewer. Hulle twee dogters Anna en Helena is getroud met Hannes Coetsee en Karel van Heerden. Hannes het al geruime tyd gedien as diaken.

Ons wil ook nog met dankbaarheid teenoor die Here die name noem van die volgende broeders wat in die kerkdiens was: Gerrit Coetsee, Chris du Plooy, Jannie Kotze, Koot Kruger, Skalk Buys, Tas Jonker en andere.

Daar is ook die broeders wat nou in die kerkdiens is: Abraham Coetsee, Kerst Wind, Lodewyk Jooste, Koos Bekker, Betsius Coetsee, dr. Koos Malan, dr. Tjaart Labuscagne.

Die Here skenk gedurig aan sy kerk manne en vroue om in sy diens te staan en te arbei tot die eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk. Met dankbaarheid word gedink aan die baie wat in die 100 jaar in sy diens gestaan het al is dit dat hulle name nie genoem word nie. Almal hulle was bouers van die kerk.

* * *

## FAMILIE HENNING

*Andries Gerhardus Henning*, is op 30 Okt. 1859 gebore en was die eerste kind wat gedoop is die dag met die stigting van die Gereformeerde Kerk op die plaas Roosterhoek in die Kaap Kolonie. Hy het opgegroei op die plaas Heuningkrans distrik Burgersdorp. Sy ouers was stigters van die Gereformeerde Kerk. Op 12 Julie 1880 is hy getroud met Cecilia Johanna Venter, dogter van Jasper Venter van Botterfontein, distrik Burgersdorp. Beide stam uit getroue kerkgangers. Die egpaar het op die plaas Janspoort gewoon.

Reeds van jongs af het hy ywerig belang gestel in sy kerk. Na hy 'n paar jaar gedien het as diaken, het hy sy kerk, met tussenposes, ruim 30 jaar gedien as ouderling, en was verskillende male afgevaardig na meerdere vergaderings.

In die oorlog 1899—1902, het hy hom ook gevoeg by die Vrystaatse kommando's wat die Kaap Kolonie binne geval het. Met die terugtrek van die Vrystaters het hy ook in die hande van die Britte geval en ook met die

tronk kennis gemaak. Na drie maande is hy onder borgtog van £9,000 uitgelaat, en is later deur 'n spesiale hof vrygespreek.

In 1906 het hy verhuis na die Vrystaat, en na 'n kort verblyf in Bethulie, is hy na die distrik Fauresmith, waar hy die plaas Lemoenkloof aangekoop het en gewoon het tot sy dood op 4 Augustus 1932.



*Josef Jooste Henning* het ruim 30 jaar in die gemeente van Burgersdorp gedien, eers as diaken en later as ouderling. By sy heengaan op 22 Desember 1959 was hy nog dienende ouderling vir die wyk Oue-tehuis en ook een van die eeufeeskomiteelede. Hy het baie jare van diens gelewer vir kerk, volk en maatskappy en was 'n belangrike figuur in Burgersdorp.

Oom Josef het 'n pragtige versameling oudhede gehad.



*Josef Jooste Henning*

* * *

## FAMILIE STEENEKAMP

Die stamvader was Jan Harm Steenekamp van Wolwekop tans Kopfontein. Die familie Steenekamp se aandeel in die bou van die Geref. Kerk was soos volg:

Sy seun Gert het 'n leidende rol gespeel met die bou van die eerste kerk en het gedien as kassier, diaken en later as ouderling.

Die ander seun Douw Gerbrand het hom op Kapokkraal gevestig en sy seun Johannes Hendrik het gedien as ouderling. Van die kleinkinders het Douw Gerbrand gedien as diaken en van die agterkleinkinders het o.a. gedien Jan Harm van Vaalbank as diaken en Jan Harm van Weltevrede as diaken.

Van die ander nageslag het Jan Harm en Hendrik hulle op die plaas Dwaalfontein gevestig en Jan en Hendrik het albei as ouderling gedien. Van

hulle kinders het o.a. gedien Jan Harm (klein Jan) as diaken en ouderling, en Jan Harm (Harm Mimosa) as diaken, en Jan Harm (Jan Mimosa) as diaken en ouderling.

Tjaart Johannes het hom op die plaas Vaalbank gevestig en van die kleinkinders en agterkleinkinders het o.a. gedien: Hans Steenekamp (Hans Kommandant) as ouderling, Tjaart Johannes, (Buks) as diaken, Tjaart Johannes (Soon) as ouderling en Gert as diaken en tans ouderling.

* * *

## DIE GESLAG COETSEE

Met die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1860 te Roosterhoek, distrik Burgersdorp, het my grootvader Jan Viljoen Coetsee en sy eggenote, Magdalena Gertruida Christina Pelser, aangesluit as lidmate van die Geref. gemeente Burgersdorp. Genoemde Jan Viljoen Coetsee het nie gedien op die kerkraad van die nuut gestigte gemeente nie, maar vier van sy seuns het in verskillende gemeentes as kerkraadslede gedien. Hulle is as volg: Abraham Liebrecht Coetsee te Venterstad en Lichtenburg, Petrus Cornelius het baie jare as oefenaar van die Sendinggemeente Venterstad opgetree en was die vader van wyle ds. Jan Viljoen Coetsee in later jare predikant van Potchefstroom.

Jan Viljoen Coetsee, die derde seun, is jonk oorlede, maar uit sy nageslag is daar twee kleinseuns wat as predikante dien, naamlik ds. W. F. Venter en ds. A. Duvenage.

Gert Christiaan, die vierde seun van die stamvader, het sewentien jaar as kerkraadslid van die gemeente Venterstad gedien. Sy latere jare het hy op die dorp gewoon. Daar het hy twaalf jaar die katkisasie en die klas vir aflegging van geloofsbelydenis waargeneem. Uit die huwelik van Gert Christiaan Coetsee en Johanna Hendrina Henning, ouers van J. V. Coetsee, tans woonagtig op Pleisterkraal, is vyf seuns gebore, wat al oor die lengte en breedte van ons land gedien het.

Die oudste seun, Jan Viljoen Coetsee, skrywer van die artikel, het sewen-en-twintig jaar in die gemeente Burgersdorp gedien eers as diaken en toe as ouderling.

Uit die huwelik van genoemde Jan Viljoen Coetsee en Anna Johanna Magdalena Schutte is twee seuns gebore, G. C. Coetsee en B. S. Coetsee. Albei het al as diakens gedien. Laasgenoemde dien nog as diaken in die gemeente Burgersdorp.

* * *

## FAMILIE STYGER

*J. J. Styger* het as onderwyser uit Nederland na Suid-Afrika gekom. Hy was getuie in die saak oor die Gereformeerde Kerk tussen J. Herman (Sende-

ling) en ds. Beyers. Hierdie saak het voor landdros George Croman te Burgersdorp gedien.

Na die dood van sy vrou is hy terug na Nederland terwyl sy seuns J. J. Styger en D. T. Styger, toe 9 jaar en 3 jaar, in S.A. agtergebly het.

*D. T. Styger* (1864-1946) het op die plaas Rooipoort en later op Nooitgedacht gewoon. Hy is getroud met A. M. Venter (tant Annie is nog



in lewe). Altesaam 44 jaar het hy onderbroke gedien as diaken en ouderling en was dikwels afgevaardig na meerdere vergaderings. Uit hulle huwelik is 5 kinders gebore. Die twee seuns was D. G. Styger en J. J. Styger.

*D. G. Styger* (1885-1945) het die plaas Rooipoort as woonplek ontvang. Hy het ook etlike jare as diaken gedien. Hy het in die huwelik getree met




A. J. Kruger (tant Alie is nog in lewe). Hulle het ook 5 kinders gehad van wie 2 seuns is, nl. D. T. Styger en J. J. Styger.

*D. T. Styger* (gebore in 1908) is die eienaar van Rooipoort. Hy is getroud met I. M. Botha en hulle het 'n huisgesin van twee seuns en een dogter.



Dawid Styger was diaken in Venterstad en dien tans 'n tweede keer as ouderling in Burgersdorp. Hy was al meer as eens afgevaardig na meerdere vergaderings.

*J. J. Styger* (Nooitgedacht) is in 1899 gebore en het as diaken en ouderling gedien. Sy seun D. T. Styger (Dawie), getroud met Helmie Vorster, woon op Klipfontein en het al gedien as diaken.



*J. J. Styger*



*Dawie Styger*

## FAMILIE COETSEE (OMEGA)

Andries Gerhardus Coetsee, Omega, bekend as oom Andries Coetsee Knapdaar is op 9 November 1865 gebore en op 28 Mei 1945 oorlede. Hy was 'n besondere persoonlikheid in die kerklike en maatskaplike lewe en het 'n eie en reguit manier gehad om dinge te sê. Hy het nooit gehuiwer om standpunt in te neem of sy opinie te gee nie. Ongeveer 25 jaar lank het hy sy kerk gedien, eers as diaken en toe as ouderling.

Hy was een van die lede van die boukommissie van die sierlike kerkgebou van Burgersdorp. Die silwer troffel waarmee die hoeksteen deur ds. D. Postma gelê is, is deur hom geskenk. In die kerkraad was hy 'n sterk figuur en het meer as eens die kerkraad op sinodes verteenwoordig.

Hy was getroud met Helena Klassina. Uit hulle huwelik is vyf seuns en drie dogters gebore.

*Gert A. Coetsee* is getroud met Emma Venter. Hulle het twee seuns en een dogter en woon op Hoogstede; waardige en getroue lidmate van die kerk.

*Andries G. Coetsee,* gebore in 1899 en getroud met Bettie Venter en reeds drie jaar lank gedien as diaken en sewe jaar as ouderling. Ook hulle seun Dries, getroud met Bessie van Rensburg, het al gedien as diaken.

*Josef Adriaan* van Alfa is gebore 17 Oktober 1905 en oorlede op 3 Maart 1953, getroud met Hendrika Snyman, het 7 jaar lank gedien as diaken. Hulle seun Gerhard, getroud met Hansie van der Walt, dien tans as diaken, en hulle dogter Susanna, tans studente aan die P.U. vir C.H.O. is verloof aan Teologiese student Christie Coetsee, jongste seun van prof. en mev. Chris Coetsee, rektor van die P.U. vir C.H.O.

*Louis Johannes* van die plaas Omega is gebore 28 Februarie 1915. Hy het reeds 5 jaar gedien as diaken. Hy is getroud met Anna. Hulle het een seun en een dogter.

* * *

## G. J. DE KLERK en F. E. DE KLERK (gebore Opperman)

Wyle oom Gideon is op 27 Junie 1856 gebore en wyle tant Driekie op 18 April 1873. Uit hulle huwelik is sewe seuns en vyf dogters gebore. Hulle het baie jare in Molteno gewoon en later in Burgersdorp, waar oom Gideon as ouderling gedien het.

Na die dood van oom Gideon het tant Driekie in volle besit van die eiendom, wat nie veel was nie, gebly. En in hierdie opsig het tant Driekie haar liefde vir haar kerk en veral met name vir die gemeente van Burgersdorp geopenbaar, dat sy hoewel daar elf kinders was, tog 'n kindsdeel in haar testament aan die kerk van Burgersdorp bemaak het. As maar meer van ons lidmate aan hulle kerk in die opsig wil dink!

By ontvangs van hierdie erfenis het die kerkraad van Burgersdorp die geld gebruik vir opknapping en die aanskaf van die nodige om die ou Teologiese Skool as 'n bewaarplek vir kerklike oudhede in te rig. So sal haar naam

verbonde bly aan die museum van ons kerk op Burgersdorp, waar ou boeke, portrette, meubels ens. bewaar bly.

Tant Driekie se seun Daantjie woon nog in Burgersdorp en dien reeds



geruime tyd as diaken. Hy is getroud met Hester Coetsee (Baby). Hulle het drie seuns, Deon, Kosie en Petra en een dogter, Henda.

* * *

## DIE FAMILIE COETSEE, WELTEVREDE

Jan Frederik Coetsee van Weltevrede, Knapdaar, bekend as oom Jan Jonas is op 14 Junie 1845 gebore en was van die begin af lidmaat van hierdie gemeente. Saam met Louw Wepener was hy ook kommandant van die Boeremagte by Thaba Bosigo. 'n Offisiële dokument geteken deur President Brand is aan hom oorhandig. Hy was tien tree van Louw Wepener toe dié gesneuwel het.

Jan F. Coetsee was ook Laerkommandant tydens die slag van Stormberg teen die Engelse magte.

Hy was bekend vir sy reuse liggaamskrag. Op staatkundige gebied was hy 'n ware rots van standvastigheid, beslistheid en koersvastheid. Hy was egter ook 'n persoon met 'n barmhartige hart. Aan die armes het hy baie gedoen en aan mense in geldelike nood gewoonlik geld geleen sonder bewys of rente. Hy was 'n ware raadgewer in sy omgewing en het die hoë agting van almal afgedwing.

Hy het baie jare lank in die gemeente Burgersdorp as ouderling gedien. In 1922 is hy in die ouderdom van 77 jaar oorlede en begrawe op sy plaas Weltevrede.

Sy seun Jan Frederik Coetsee (Duvenhage) is gebore op 2 Januarie 1874 en het ook op Weltevrede gewoon. Hy is getroud met Annie Coetsee. Hy was nog maar 25 jaar toe hy vir die eerste keer as ouderling gekies is en het etlike jare gedien en ook die kerkraad verskillende male op meerdere vergaderings verteenwoordig.

Hy het ook die gemeenskap gedien op die skoolraad en afdelingsraad. As leier van sy omgewing het sy woord gewig gedra. In die ouderdom van 59 jaar is hy in 1933 oorlede en op Weltevrede begrawe.

Uit die huwelik van oom Jan en tant Annie is drie seuns gebore. Die oudste is Jan Frederik, getroud met Hester van der Walt. Hulle het een seun en een dogter. Die tweede seun is Zacharias Bloemerus. Hy is getroud met Hester van der Walt. Uit hulle huwelik is twee dogters en 'n seun gebore. Hy het die gemeente 7 jaar gedien as diaken.

Die derde seun is Floris Dirk (Floors). Hy is getroud met Clasina du Plooy. Ook hulle is die ouers van twee seuns en 'n dogter. Floors, op wie die mantel van sy vader en grootvader geval het, het al 10 jaar van ouderlingswerk verrig en is op die oomblik dienende ouderling. Hy was al meer as eens afgevaardig na meerdere vergaderings en dien op etlike kommissies van die kerkraad. Hy is 'n leidende figuur in sy omgewing en dien die publiek in baie liggame. Hy is baie jare reeds op die skoolraad. Deur baie te lees het hy wye kennis opgedoen en is 'n knap geleentheidspreker.

* * *

## FAMILIE AUCAMP



Izak Jacobus Aucamp is op 10 Augustus 1857 in die distrik Cradock gebore. Op 23-jarige leeftyd is hy opgekommandeer om deel te neem aan die Basoeto-oorlog van 1880. Hy het die hele oorlog deurgemaak en kon lank daarna nog ure aaneen van die oorlog vertel.

In 1881 is hy getroud met Anna Sophia Kruger, dogter van Abraham en Alida Kruger van Wasbank in die distrik van Burgersdorp. Met sy huwelik het hy lidmaat van die Gereformeerde Kerk geword. Genoemde Abraham en Alida was teenwoordig met die herstigting van die Geref. Kerk op Roosterhoek in 1860. Sedert hierdie tyd is hulle lidmate van die Geref. Kerk.

Izak J. Aucamp het as Kaapse rebel deelgeneem aan die Tweede Vryheidsoorlog met die slag op Stormberg. Daar hy reeds kennis van oorlog gehad het, het hy spoedig 'n goeie rang in die kommando bekom.

As gevolg van siekte kon hy nie die burgers op hulle tog na die Vrystaat vergesel nie, maar is terug na sy plaas, Groenvlei.

Omdat hy as Kaapse Rebel gebrandmerk was, moes hy gedurende die oorlog baie vervolging en vernedering deurmaak.

Hy het vir 'n tydperk van 30 jaar eers as diaken en later as ouderling in die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp gedien. Die wyk waarin hy gedien het, was ongeveer 30 myl lank en op plekke ruim so breed. Elke drie maande het hy sy wyk te perd deurgery, wat hom gewoonlik drie dae gekos het.

Tydens die bou van die nuwe kerk op Burgersdorp het hy as lid van die boukommissie gedien. Hy het ook verskeie male as afgevaardigde by meerdere vergaderings opgetree. Hy het die Gereformeerde Kerk getrou en met ywer gedien. Hy is in die ouderdom van 76 jaar op sy plaas Groenvlei, oorlede. Sy eggenote wat hom altyd getrou bygestaan het, is 6 jaar later oorlede.

Uit hulle huwelik is 6 kinders gebore, van wie nog twee in die lewe is. Die een, 'n dogter, Anna Sophia, woon op Venterstad en die ander een, 'n seun Johan Diederik, woon op die ou woonplaas, wat reeds oor die 100 jaar aan die familie behoort.



Johan Diederik Aucamp is in 1897 gebore en in 1922 met Magdalena Catharina Coetsee van Kruisrivier getroud.

J. D. Aucamp het in die kerk onderbroke gedien as diaken vanaf 1924 en vanaf 1943 as ouderling eers in die Wasbank-wyk en tans nog ouderling in die dorpswyk.



Hy het ook sy kerk gedien as lid van die finansiële kommissie, op die Roosterhoek-kommissie, op die Sendingkommissie e.a.

Sy seun Abraham Jacobus (Koot) Aucamp is in 1927 gebore en is in 1956 met hospitaal-suster Olive Simpson getroud. Hulle woon op die plaas Groenvlei en Koot is diaken van die Wasbank-wyk.

* * *

## J. L. DU PLOOY

Jan Louis du Plooy en eggenote, Helena Elizabeth het 27 jaar lank op Burgersdorp gewoon. Hy is op 3 Januarie 1846 gebore en op 9 Desember 1911 oorlede.

Tant Lenie is op 9 November 1849 gebore en in Februarie 1917 oorlede.

Wyle oom Jan was jare lank onderwyser te Barkly-Oos en later in die distrik van Venterstad.

Op Burgersdorp was hy die timmerman, bouer en begrafnisondernemer. Hy het baie jare tydens sy verblyf op Burgersdorp eers as diaken en later as ouderling gedien.

Uit die huwelik is veertien kinders gebore, nege seuns en vyf dogters. Net die jongste dogter, Sannie, is nog in lewe en sy woon tans in Johannesburg.

Hierdie geslag verdien 'n ereplek in ons kerk en gemeenskap en hulle nagedagtenis sal altyd onthou word.

*H. J. J. Kruger* is gebore op Brakrivier K.P. in 1821. Ten tye van die stigting van die Geref. Kerk in 1859 het hy op Plankfontein distrik Burgersdorp gewoon. Met die tweede besoek van ds. Postma aan Burgersdorp het hy met sy gesin by die Gereformeerde Kerk aangesluit en is gekies as ouderling. Hy was 'n begaafde en talentvolle man wat in daardie eerste jare van die bestaan van die kerk 'n leidende rol in die kerkaangeleenthede gespeel



het. In De Bazuin van 1864 verskyn daar stukke uit sy pen teen sekere bewegings van ds. Faure, wat die kerkstigting in die Kaap Kolonie nie wou regverdig nie. Hendrik Johannes Jacob Kruger is oorlede in 1907.

*G. J. Steenkamp* en eggenote M. M. gebore Henning. Gebore in Julie 1830 op Bethulie en oorlede 23 Junie 1911 het G. J. Steenkamp meer as 30 jaar lank op die kerkraad van Burgersdorp gedien, eers as diaken en later

as ouderling. Later het hy weer teruggegaan na Bethulie. Met die stigting van die gemeente Burgersdorp op Roosterhoek was hy teenwoordig (1860), maar hy het nie aangesluit nie, omdat hy eers nadere inligting wou hê omtrent ds. Postma se afvaardiging. Hy skrywe daarom aan prof. S. van Velzen in Nederland en nadat hy in sy gemoed oortuig was, het hy aangesluit by die Geref. Kerk Burgersdorp. Hy word kassier en aan die bou van die kerk



*G. J. Steenkamp en eggenote M. M. gebore Henning*

neem hy 'n leeueaandeel. Hy was 'n vurige voorstander van die kerk en as gevolg hiervan het hy soms vyande gemaak. Daarom het 'n paar mense van Burgersdorp op 'n keer die Goewerneur van die Kaap versoek om G. J. Steenkamp (asook W. van Biljon) as onrusstokers te laat ophang en om die Gereformeerde Kerk te sluit. Die goewerneur het geantwoord dat daar vryheid van godsdiens is.

* * *

## FAMILIE KRUGER

Abraham Pretorius Kruger is gebore in 1822 op die plaas Wildebeesvlei in die distrik Venterstad. Hy was getroud met Johanna Alida Aucamp en het die plaas Wasbank aangelê. Met die stigting van die gemeente te Roosterhoek was hy teenwoordig, en dieselfde dag het hy met sy gesin lidmate geword. Hy dien die gemeente as kerkraadslid en het bygedra met die bou van die eerste kerkgebou. Uit die huwelik is twee seuns en twee dogters gebore nl. Abraham Pretorius 1849 (Witpoort), Johannes Abraham 1853 (Wasbank), Johanna Alida en Anna Sophia.

Johannes Abraham was 'n besonder ontwikkelde man vir sy tyd. Hy het deelgeneem aan die Kafferoorlog van 1874 en 'n medalje verower vir dapperheid. Hy het die sinode van 1892 te Rustenburg bygewoon as afgevaardigde van Burgersdorp. Die reis het gegaan per perdewa na Port Elizabeth, per boot na Delagoabaai en daarvandaan per poskoets na Rustenburg. Op stoflike gebied het hy baie gegee aan die gemeente en was die sending goedgesind. Hy was getroud met Maria Elisabeth Coetzee van Langfontein. Daar is drie seuns en drie dogters uit die huwelik gebore nl. Abraham 1880 (Damplaas), Tjaart Nicolaas 1881 (Diepfontein), Johannes Jakob (Hans) 1883 (Wasbank) en Maria Elizabeth, Johanna Alida en Susanna. Uit 'n tweede huwelik met Levina Aucamp is een seun gebore nl. Pieter. Oom Hans is in 1932 oorlede.

Die seuns het in 'n tydperk van veertig jaar die gemeente baie trou gedien, as diakens, ouderlinge en in alle kommissies, en was afgevaardiges na baie meerdere vergaderings, waarlik 'n tyd van genade aan die familie, wat deur die Koning van die kerk gebruik is in sy diens! Hulle het reeds almal die ewige rus ingegaan.



*Hans Kruger en Familie*



*Abraham Kruger*

Abraham (1880-1937) was getroud met Anna Elizabeth Venter en uit die huwelik is drie seuns en twee dogters gebore nl. Andries Venter 1908 (Mooihoek), Johannes Abraham 1912 (Damplaas), Abraham en Anna C en Maria E.

Andries het die gemeente gedien as diaken vanaf 1942-1946 en as ouderling vanaf 1954-1958. Hy was skriba van die diakonie en later skriba van die kerkraad. Verder het hy die gemeente op vele kommissies gedien en as afgevaardigde na meerdere vergaderings. Hy is in 1941 getroud met Miemie, jongste dogter van wyle br. en sr. J. C. Coetsee van Amana. Daar is een dogter en drie seuns uit die huwelik gebore nl. Drynie, Abraham J., Christiaan en Andries J.







*Andries Kruger* *Hansie Kruger* *Hans Kruger*

Johannes A. (Hansie) het vanaf 1947 tot 1950 en weer vanaf 1953-1955 gedien as diaken, en was voorsitter van die diakonie en talle kommissies. Hy is in 1941 getroud met Hendrina, oudste dogter van suster en wyle br. J. J. Venter van Leliedal. Uit die huwelik is twee seuns en twee dogters gebore nl. Abraham, J. Jakobus, Anna M. en Anna E.

Johannes Jacob Kruger wat ook op die ou plaas Wasbank gewoon het, het vir baie jare in die kerk gedien, ook toe die kragte al begin afneem het. Hy was ook dikwels afgevaardig na meerdere vergaderings. Net soos wyle sy vader het hy ook baie gedoen vir die sending. Sy dogter Anna, getroud met Tjaart Kruger woon tans op die ou familieplaas.

Die jongste broer Pieter (Bosrand) getroud met Anna van der Linde het ook lank in die kerk gedien. Die Here het hom op jeugdige leeftyd skielik weggeneem.

## F. J. DU PLESSIS

Frans Jacob du Plessis of oom Japie soos hy genoem is, is op 16 Maart 1867 gebore. Hy is getroud met Aletta van Heerden (tant Lettie). Uit hulle huwelik is ses seuns en drie dogters gebore, van wie vier nog in lewe is.

Oom Japie is in 1916 gekies as ouderling vir die wyk Leeuvlei en het onafgebroke 30 jaar assodanig in hierdie gemeente gedien. In die eerste jare het hy sy wyk, wat baie uitgestrek was, te perd deurgery.



Oom Japie was 'n tipe van die ou geslag. Sy godsdiens en lewe het getoon dat hy ware Christen-Afrikaner was, tipies van die ou garde.

Hy het die gemeente op baie meerdere vergaderings verteenwoordig. In sy latere lewensjare toe sy gesondheid al swak geword het, was hy nog 'n voorbeeld van getrouheid en offervaardigheid in sy diens. Hy is in 1946 op nege-en-sewentigjarige leeftyd oorlede, en op sy plaas Klipfontein begrawe.

Sy een seun Japie, is tans ouderling in die gemeente Jamestown.

Oom Japie en tant Lettie se dogter Bellie is met Koot Coetsee getroud. Br. Koot het al telkemale as ouderling gedien in hierdie gemeente en by hulle word die godsdienseienskappe van oom Japie en tant Lettie gevind.

* * *

## FAMILIE MARX

Frans Engelbertus Marx is gebore in 1892 in die distrik Bedford en gedoop in die N.G. Kerk Adelaide.

In die jaar 1900 het sy vader, met dieselfde naam, opgetrek en die plaas Sewefontein gekoop.

Oom Frank, soos hy alombekend was, het in 1913 by die Gereformeerde Kerk aangesluit en kort daarna is hy getroud met Anna Maria Coetsee, oudste dogter van A. G. Coetsee, Knapdaar.

Daar is vier seuns, Frans E., Andries G., Alwyn J. en Abraham J. en een dogter, Classina Helena, uit die huwelik gebore.

*Frans* (1915): Hy is getroud met Francina Snyman en dien as ouderling in die Gereformeerde Kerk te Middelburg. Daar is twee seuns en een dogter uit die huwelik gebore.

*Andries* (1917): Hy is getroud met Isa Venter en bly op Sewefontein. Daar is twee seuns, Frans E. en Andries Venter, uit die huwelik gebore. Hy

het hierdie gemeente 'n aantal jare as diaken gedien en dien tans as ouderling en ook in verskillende kommissies van die kerkraad.

*Alwyn* (1921): Hy is getroud met Maria Grobler en bly op Eselshoek. Daar is twee seuns, Frans en Harm Grobler en twee dogters, Johanna en Annatjie uit die huwelik gebore. Alwyn het reeds hierdie gemeente twee keer as diaken gedien en dien nog in die kommissie van die Ouetehuis en in die Deputaatskap vir Diakonale Sake van die Sinode.

*Abraham* (1934): Hy is getroud met Anna Venter (gebore Pelser). Daar is een seun uit die huwelik gebore. Hulle woon op Kruisrivier.

* * *

## FAMILIE VAN WYK

Stefanus J. van Wyk is gebore op die plaas Seekoegat, Venterstad in 1878. Hy het die stamnaam gehad van sy oom Stefanus van Wyk van Bloemhof. In 1905 is hy met Helena Coetsee getroud van Ezelshoek, Venterstad. Hulle het die plaas Ontevrede gekoop en daar gewoon. Hy het die gemeente gedien as diaken en tweekeer as ouderling. 'n Week nadat hy 71 jaar geword het, is hy oorlede, 'n paar jaar na sy eggenote.

Uit hulle huwelik is twee seuns gebore nl. Jan Harm, gebore 1906 en Dirk Jacobus, gebore 1908 en ook drie dogters, Helena, Levina en Susanna.

Jan H. het die gemeente twee keer as diaken gedien. Hy was ongetroud en is 'n paar jaar gelede oorlede.

Dirk J. is in 1953 getroud met Elisabeth de Bruin en hulle woon op die plaas Ontevrede. Hy het die gemeente ook twee keer gedien as diaken. Uit die huwelik is twee seuns Stefanus en Daniel en 'n tweeling dogters Helena en Elisabeth gebore.

*Johannes Christiaan Coetsee* van Amana is op 4 Augustus 1869 gebore en is in 1895 getroud met Francina H. B. Coetsee (tant Drynie), jongste dogter van J. A. J. Coetsee van Langfontein. Voor sy huwelik het hy transport gery na die Goudvelde. Later het hy so vooruit geboer dat hy 'n gegoede man geword het. Hy het baie armes gehelp en kon ook ruim bydra vir sy kerk.

Hy het 'n geruime tyd as diaken gedien.

Uit hulle huwelik is elf kinders gebore. Slegs vyf het groot geword.

Die oudste seun *Josef Adriaan* woon nog op die familieplaas. Hy is getroud met Susanna Fourie. Josef het verskeie kere gedien eers as diaken en later as ouderling. Hy is nou weer gekies tot ouderling.

*Theunis Gertze Jacobus Pelser* is op 20 Maart 1832 gebore. Hy was die oudste van vier broers en drie susters. Hulle het opgegroei op die plaas Middelfontein in die distrik Albert. Met die stigting van die Gereformeerde

Kerk het Theunis Gertze en sy broer Willem by die Geref. Kerk aangesluit. Die res van die familie het in die N.G. Kerk gebly.

Sy eerste vrou was Trynie Venter. Hulle was kinderloos maar het agt aangenome kinders grootgemaak.



Theunis Pelser was 'n stil en beskeie persoon. As arm man het hy deur vlyt, harde werk en spaarsaamheid eindelik op die been gekom en so ryk geword dat sy vermoë op 'n tydstip bereken was op omtrent £80,000.

Hy was 'n invloedryke persoon. In een van die Kafferoorloë was hy kommandant. Vir sy uitnemende dienste het hy van Koningin Victoria 'n paar vergrotings en medaljes ontvang, wat nog in besit van die familie is.


Op 70-jarige leeftyd het sy vrou hom ontval. In 1904 is hy weer getroud met Glaudina Catariena van Niekerk. Uit die huwelik is twee dogters gebore.

*Jacob Labuscagne*: tans woonagtig op Bellona, is getroud met die jongste dogter Mimmie. Jacob het verskeie kere in die kerkraad gedien as diaken en as ouderling.

Uit hulle huwelik is drie kinders gebore: Tjaart Petrus, Glaudina Catherina en Theunis Gertse Pelser.

*Tjaart Petrus Labuscagne*, tandarts in Burgersdorp, het al gedien as diaken en is nou nog skriba van die kommissie vir die Dirk Postma Oue tehuis. Hy openbaar liefde vir hierdie inrigting.

Na die oorlye van Theunis Pelser is sy eggenote Glaudina weer getroud met *Theunis Kruger* (Rooi Theunis). Lg. het baie jare gedien in die kerkraad en as ouderling was hy waarlik bouer van hierdie gemeente. Hy het ook gedien in die Boukommissie toe die huidige kerkgebou gebou is.



*Toring van kerkgebou. Bo staan Theunis Kruger*

Hulle jongste seun *Attie* het baie jare as diaken in hierdie gemeente gedien. Na sy dood het hy sy eggenote Kittie (gebore Jonker) en twee seuns en twee dogters nagelaat.

Die oudste seun *Theuns Kruger* is nou diaken in die wyk.

*Simon du Plooy*, Biesiesvlei, was op 'n tyd diaken en onlangs ook sy seun *Dirk*.

*Herculaas Venter* van die plaas Kafferskraal met sy gesin was een van die bekendste kerkfamilies. Op die oomblik woon sy seun *Piet* op die familieplaas. Oom Herculaas se seun *Ben* het al meer as eens as diaken in die gemeente gedien.

*Die Familie van Wyk*, Groenvlei, is in die gemeente goed bekend. 'n Tyd gelede was S. J. (Jood) van Wyk diaken en tans dien twee van Wyk-broers, Daantjie en Piet, in die kerkraad.

*Faan de Bruin* het met sy huwelik met Ellie Venter, kleindogter van die bekende J. J. Venter, Broekpoort, dist. Bethulie, by die Gereformeerde kerk aangesluit. Uit hulle huwelik het 15 kinders opgegroei, almal bekend vir hulle liefde en toewyding aan die Gereformeerde Kerk.

Oom Faan het baie jare getrou gedien as ouderling in die gemeente. Hulle seuns het in verskillende gemeentes van ons kerkverband ampswerk verrig. Ons noem net o.a. ds. J. L. de Bruin, predikant van Innesdal, Pretoria en Attie en Fanie wat al in hierdie gemeente as diakens gedien het. Fanie is nou nog diaken. Hulle is getroud met twee susters, Nettie en Minta Fourie.

*Nicolaas Steyn*, seun van oom Willem Steyn van Venterstad het gedien as diaken. Hy was 'n lang tyd kassier van die gemeente en ook voorsitter van die diakonie. Hy het baie belang gestel in die versorging van die oues van dae in die Oue tehuis.

Nicolaas Steyn was eers getroud met Johanna Henning. Sy was 'n lang tyd onder-presidente van die G.S.O. waar sy met liefde en bekwaamheid haar kragte gegee het. Na die afsterwe van Johanna is Nicolaas weer getroud met mej. Es Dupisanie. Nicolaas en Johanna het een seun Willem.

*Oom Hans J. J. Kruger* (slagter) het opgegroei in die gemeente Venterstad. Hier in Burgersdorp het hy baie jare gedien, eers as diaken en verskeie kere as ouderling. Sy seun Ben (dr. B. R. Kruger) is predikant van die gemeente Pretoria-Brooklyn. Sy dogter Hermie, tans huismoeder in een van die studentekoshuise van die P.U. vir C.H.O. was getroud met Willie Kruger, stiefseun van oom Jasper Venter. Willie was diaken en voorsitter van die diakonie hier in Burgersdorp. Oom Hans se seun Tjaart, getroud met Anna Kruger van Damplaas woon op die plaas Damplaas.

Oom Hans se tweede vrou, Johanna, is 'n ywerige werkster in die gemeente, in die G.S.O., waar sy meer as eens in die komitee gedien het. Sy was etlike jare in die Oue tehuis-kommissie.

*Oom Frans Venter* was baie jare ouderling in hierdie gemeente en tot by sy dood weer ouderling in Bethulie, waar sy eggenote Lenie, gebore Du Plooy, nog woon. Oom Frans was veral bekend vir sy deeglikheid, opvallende kennis van die Bybel en sy liefde vir sing. Dit was 'n genot om na sy mooi stem te luister. Hy was een van die eerste lede van die sendingkommissie wat afgevaardig was na De Hoop i.v.m. die sending.

*Gert Steenkamp*, seun van oom Tjaart, het eers hier gedien as diaken en ook as ouderling. Hy is tans ook koster van die gemeente. Sy broer Tjaart (Buks) was ook ouderling in hierdie kerk.

*Willem de Kock*, seun van Daniel de Kock, het telkemale as diaken gedien.

Die *familie Kruger*, Stormsfontein: Andries Kruger, die ou vader, was alombekend in kerklike kringe. Ook die volgende seuns:

*Hendrik* wat jare lank eers diaken en later ouderling was.

*Frans* wat onderwyser was.

*Andries* wat lank gedien het as diaken (hy was ook op 'n tyd skriba en toe weer voorsitter van die diakonie), en meer as eens het hy ook as ouderling gedien. In die tyd was hy ook skriba van die kerkraad.

Broeders Frans en Andries, het nooit getrou nie. Hulle twee en hulle suster Chrissie het altyd saamgewoon. Die twee broers is 'n maand na mekaar oorlede, oom Frans in Desember en oom Andries in Januarie. By hulle heengaan het dit geblyk dat hulle in hulle testament ook 'n deel van hulle besitting aan die Dirk Postma Oue tehuis, aan die Teologiese Skool en aan die Sendingfonds van ons kerk bemaak het. So baie lidmate behoort hierdie voorbeeld te volg en ook by die opstelling van testamente te dink aan ons kerkfondse.

*Loutjie Kruger*, 'n ander seun van wyle oom Andries was ook telkemale diaken en ook lid van die kommissie van die Oue-tehuis. Hy en sy eggenote Lettie is ywerige helpers met koorsang en was by geleenthede staatmakers in kore.

Chrissie se seun Chris het ook 'n tydlank as diaken gedien.

*Andries Petrus van Heerden* is in 1842 in Barkly Oos gebore. Hy het op die plaas Poortjie, dist. Burgersdorp kom woon. Hier het hy as ouderling gedien.

Sy dogter *Truia* was getroud met *Willem de Klerk*, Kransfontein. Hy was diaken en ook ouderling. Sy seun *Andries* doen tans ampswerk as ouderling in Bloemfontein.

'n Ander dogter, *Bettie van Heerden*, was eers getroud met Philip Steenekamp en na sy dood met *Gert Pelser*. Lg. was 'n lang tyd diaken. Hulle dogter Anna was getroud met Johannes Venter (Wiets) wat diaken was. Na Johannes se dood is Anna weer getroud met Abraham Marx.

Nog 'n dogter, *Louisa van Heerden* was getroud met Hans Steenekamp (kommandant) wat ook lank ouderling was. Hulle seun Tjaart (Soon) het hier as ouderling gedien. Tans woon hy in Bloemfontein.

*Hester Helena van Heerden* is getroud met Petrus Venter van Botterfontein. Hulle is nog albei in lewe en werk nog met toewyding en dankbaarheid in die kerk. Oom Petrus het al baie jare van diens agter die rug en het nog invloed en 'n gesonde standpunt en wyse advies. Hy is ouderling van die wyk Oue tehuis en doen baie in belang van die inrigting.

Ook sy grootmaakseun *Hendrik Kruger* en Nannie, sy eggenote, is harde werkers in kerkraad en vir die sustersaksie.

Nog 'n van Heerden-dogter was *Sophia*. Sy was getroud met Albert de Kock van die plaas Dwaalfontein. Hy het ook gedien as diaken en as ouderling. Sy seun *Andries* het baie gedoen in die gemeente Oos-Londen. Hy was ook 'n tyd lank huisvader van die Oue tehuis.

*Oom Herklaas Kruger* het eers op Kalkfontein gewoon en daarna op Kraaifontein. Hy was 'n persoon by wie belange van die kerk van die Here eerste gekom het. Dit het ook uitgekom in sy ampswerk eers as diaken en later as ouderling. Sy lewe is gekenmerk deur toewyding in die diens van die Here. Hy was lid van die Boukommissie toe die kerk gebou is.

Hy het twee dogters en vier seuns gehad. Sy seun *Herklaas* het lank in die voetstappe van sy vader gevolg as diaken en ouderling van hierdie gemeente. Na sy vertrek uit Burgersdorp het hy weer in Bloemfontein as ouderling gearbei. Oom Herklaas jnr. was 'n bekwame, voorbeeldige ouderling.

Uit sy huwelik met Lucea van der Walt (suster van ds. L. S. van der Walt) is drie dogters en een seun gebore. Die seun *Herkie Kruger*, getroud met Rika Kruger, 'n bekende suster by Kaaplandse J.V.'s, woon nog in die gemeente.

Hy was diaken.

*Wessel Jacobus Hattingh* is op 4 April 1891 op die plaas Wonderhoek, in die distrik Molteno gebore.

Op 30 Mei 1927 is hy getroud met Cecilia Krüger van Venterstad nadat hy agt jaar lank wewenaar was.

Gedurende 1932 het hy uit die N.G. Kerk Burgersdorp oorgekom na die Gereformeerde gemeente.



Hy het in die kerk as ouderling gedien, eers in 1943 en weer in 1947. Hy het die Gereformeerde Kerk liefgehad en getrou gedien.

Hy is op 2 Maart 1960 in Burgersdorp oorlede. Hy het vier dogters, vier kleinkinders en twee agterkleinkinders.

Daar word ook gedink aan ander broeders wat gedien het in die kerkraad: *Attie Henning* was diaken, *Festus Coetsee* is tans ouderling, sy broer *Abraham* is nou gekies as ouderling.

Die twee broers *Adriaan en Faan van der Walt*, getroud met twee susters, kleindogters van A. M. Kruger, Rietpoort, het albei in die kerkdiens gestaan.

*Adriaan* se twee seuns *Petrus en Jan* van der Walt het ook albei as diakens gedien.

Ons dink ook met dankbaarheid aan die toegewyde ampswerk van wyle *oom Jan van der Walt*. Toe was in Burgersdorp-gemeente nog net een dorpswyk en vir 'n lang tyd was oom Jan die ouderling.

*Oom Willie (W. F.) Steenkamp* het ook in die kerk gedien. Ds. W. F. Steenkamp van Germiston is die seun van oom Willie en tant Hester.

*Josef Adriaan Coetsee*: gebore 1860 en oorlede 1932.

Hy het gewoon op die plaas Oudefontein en het 23 jaar lank in die kerkdiens gestaan as diaken en as ouderling. Sy moeilike jare in die bediening was tydens die Anglo-Boere-oorlog. Hy was toe diaken. Daar was geen vervoermiddele nie en hy moes maar telkens sy wyk te voet deurgaan, 'n afstand van 70 myl. So het hy die bydraes vir die Kerk van die Here ingevorder en die lidmate besoek. Telkemale het hy van Oudefontein na Burgersdorp gestap, 'n afstand van 40 myl, om by die vergadering en by die kerk te wees. Hierdie offers en opoffering vir die saak van die Here getuig van sy vaste geloof, diepe Godsvrug en gehoorsame toegewydheid aan die diens van die Here. Hy was 'n persoon met liefde vir die Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde waarheid. Op 72-jarige leeftyd is hy op sy plaas oorlede.

*Willem Frederik Henning*: gebore 1830 oorlede 1911.

Hy het gewoon op die plaas Rietkuil; was een van die stigters van die Gereformeerde Kerk op Roosterhoek en het deurgaans 'n aktiewe lidmaat van sy kerk gebly. Toe die kerk herbou is, was hy ook een van die wat £100 bygedra het.

Die Here het hom gespaar om kinders na hom tot in die vyfde geslag te sien.

*Hermanus Martinus Henning*: gebore 1871 oorlede 1918.

Hy het gewoon op die plaas Leeufontein. Hy het baie jare in die kerk gedien, eers diaken en later ouderling. Hy was 'n baie stil man en het maar heel selde in die vergaderings gespreek; tog was sy opinie altyd gesond en deurslaggewend. In 1918 is hy aan die Spaanse griep oorlede terwyl hy nog ouderling was.

Drie van sy seuns het baie jare lank hier in Burgersdorp in die kerk gedien.




*H. M. Henning en eggenote*



*W. F. Henning*



*Herman Henning*



*A. J. Henning*



*H. M. Henning*

1. *Willem Frederik Henning* van die plaas Leeufontein dien met tussenposes vanaf 1931 en is tans ouderling. Hy het al telkemale hierdie gemeente verteenwoordig op Meerdere Vergaderings. Sy seun *Herman* is tans diensdoende diaken en skriba van die diakonie.

2. *Abraham J. Henning* van die plaas Addon was al telkemale diaken en ook ouderling en verskeie kere afgevaardig na Sinodes of Klassisse.

3. *Hermanus Martinus Henning* het lank as diaken gedien, voorsitter van die diakonie, op die kommissie van die Dirk Postma Oue tehuis en op die finansiële kommissie en ook as ouderling en afgevaardigde na Sinodes. Hy is op 16 Maart 1959 skielik op sy plaas Sunnyslopes oorlede, waar sy eggenote Henna en seun Maansie tans woon.

* * *

## FAMILIE VAN BILJON

Willem Johannes van Biljon, gebore 1843, was getroud met Gebrechtje Smit. Hy het lidmaat geword van die Gereformeerde Kerk met die stigting en het die gemeente gedien as diaken en ouderling. Hy het die gemeente verteenwoordig met die eerste algemene sinode te Reddersburg. Hy het deelgeneem aan die Kafferoorlog van 1874.

Vader Postma het later in die huwelik getree met sy jongste dogter. Hy was 72 jaar oud. Uit sy huwelik is drie seuns en drie dogters gebore. Sy seun Stefanus J. P. van Biljon is gebore 1866 en was getroud met Hester Pretorius.

Hy het die gemeente gedien as diaken en is op die jeugdige ouderdom van 37 jaar oorlede. Sy plaas was Wonderboom, waar hy groot geword het en later geboer het. Uit die huwelik is vier seuns en twee dogters gebore.



Sy seun Willem van Biljon is gebore 1889 en getroud met Catharina Styger en woon op die plaas Winnaarsbaken. Hy het die gemeente vier-en-twintig jaar gedien met tussenposes, as ouderling. Ook op kommissies, sowel as meerdere vergaderings het hy die gemeente gedien.

Daar is vyf dogters uit die huwelik gebore.

*Johannes Petrus du Plessis* is op 8 Augustus 1833 gebore. Hy was getroud met Maria Jacoba Coetsee. Hy was 'n onderwyser, 'n persoon met goeie insig, opgeruimd van geaardheid en baie gevat en gou in raak en skerpsinnige antwoord. Dit is 'n eienskap wat ook nog by sy nageslagte gevind word.

Hy was een van die stigterslede van die gereformeerde kerk en het getrou in die kerk gedien, eers as diaken en daarna as ouderling. Op 45-jarige leeftyd is hy skielik aan hartverlamming oorlede terwyl hy met 'n veerwa en vier perde op reis was.

Uit die huwelik van hom met Maria Jacoba Coetsee is ses seuns en een dogter gebore. Die dogter *Hester* is getroud met Piet Aucamp, die grootvader van ds. A. L. Aucamp.

Die jongste seun *Pieter Louis Stephanis* was getroud met Maria Jacoba van der Walt, dogter van Johannes Nicolaas van der Walt. Hy was ook jare lank diaken en toe weer ouderling in die Gereformeerde Kerk, Burgersdorp.

Uit hulle huwelik is 10 kinders gebore waarvan 5 nog in die lewe is.

Die tweede seun *Johannes Nicolaas* was eers getroud met Hester Margrietha van Heerden. Uit hulle huwelik is drie seuns gebore, Pieter, Rhyn en Nicolaas. Rhyn het 'n tydlank hier gedien as diaken en Pieter in 'n ander gemeente.

Na die oorlye van Hester is Nicolaas weer getroud met Hendrika Henning. Albei hierdie vroue was flukse werksters. Op die oomblik dien Hendrika in die komitee van die susters en op die kommissie van die Dirk Postma Ouetehuis.

Nicolaas is op die oomblik nog ouderling in die gemeente en dien op verskeie kommissies. Hy het al baie jare van kerkdiens verrig en was op die kerkraadkommissie vir die aankoop van die huidige pastorie en ook toe die dowetoestel geinstalleer is.

Nicolaas se broers Petrus en Pieter het in ander gemeentes al in die kerkdiens gestaan.

*Johannes Nicolaas van der Walt,* gebore 1849 was getroud met Maria Jacoba van der Walt. Hy het gedien op die kerkraad.

Sy seun Josef Cornelius van der Walt was getroud met Maria Jacoba Coetsee, dogter van Jan (Jonas) Coetsee van Weltevrede, Knapdaar. Hulle het 'n groot gesin gehad. Van hulle kinders het o.a. Jan en Hendrik (Hentie) in die kerk gedien, ook van die skoonseuns bv. Hendrik Aucamp, Daantjie van Rensburg, Isak van der Walt, seun van wyle oom Koot en tant Mieta — en ook Florie Coetsee.

*Hendrik Johannes Jacob Coetsee* was getroud met Jacoba C. F. du Plessis. Hulle het gewoon op die plaas Pleisterkraal en later op Winnaarsbaken. Vandaar het hulle verhuis na Pretoria. Die ou vader en moeder het egter liefde gehad vir die Gereformeerde Kerk.

Hulle kinders en kleinkinders was o.a. die volgende:

1. *Abraham Jacobus* (oom Koot van Kruisrivier). Sy eerste vrou was Emmerentia Helena Nienaber. Uit hulle huwelik is ses dogters en een seun gebore.



Die dogter *Magdalena Catharina* is getroud met Dirk Aucamp van Groenvlei. (Sien beskrywing van Aucamp-gesin).

Die seun *Hendrik J. J.* (Hennie) is getroud met Eben Coetsee, dogter van Andries Venter, Vaalkop, Venterstad. Hennie het lank gedien as diaken en ook as ouderling. Hy was ook van die begin af op die komitee vir die monument op Roosterhoek. Eben is 'n ywerige werkster in belang van die sustersaksie.

'n Ander dogter, Emmie, van oom Koot was getroud met ds. P. W. Bingle.

2. *Marthinus J. Coetsee* het op Winnaarsbaken gewoon. Hy het drie seuns gehad.

*Hendrik* was getroud met Annie Aucamp.

*Andries* was onderwyser en getroud met Alida Aucamp, dogter van oom Piet en tant Sannie Aucamp. Andries het op die kerkraad gedien en was ook 'n lang tyd skriba van die kerkraad. Hy het skielik beswyk terwyl hy in die skool besig was om klas te gee.

Die jongste seun *Marthinus* is getroud met Liesbet, tweede dogter van wyle ds. en mev. D. Postma. Hy woon nog op die ou familieplaas. Hulle het twee seuns en twee dogters, Marthinus was 'n tyd lank diaken. Hy het ook gedien op die kommissie vir die Dirk Postma Oue tehuis. Hy is op die oomblik ouderling.

3. *Hendrik J. J.* het gewoon in Venterstad waar hy in die kerkdiens was en het vandaar verhuis na Pretoria.

4. *Johannes A.* was getroud met Elisabeth (Bettie) Kruger van Damplaas. Hulle het een dogter en twee seuns gehad.

Die dogter *Bettie* woon op die plaas Leeufontein. Sy is getroud met W. F. Henning, tans ouderling in die gemeente.

Die seun *Hendrik* was 'n tydlank diaken.

Die tweede seun *Johannes (Hannes)* is getroud met Breggie de Klerk 'n dogter van tant Driena de Klerk gebore Steenkamp van die plaas Plaatjieskraal.

Hannes is reeds geruime tyd diaken en ook Kassier van die diakonie.

5. *Frans* was eers getroud met Hester Nienaber en na haar dood met Susanna Nienaber. Hulle het gewoon op die plaas Rietpoort waar die seun Hendrik J. J. (Langie) nou woon. Vir oom Frans is daar 4 seuns en 3 dogters gebore. Oom Frans het baie jare met ywer in die kerk van die Here gedien.

6. Die een dogter *Jacoba* was getroud met Frederik Labuscagne, wat vir 'n lang tyd die koster was.

7. 'n Ander dogter, *Elizabeth*, was getroud met ds. P. W. Bingle.

8. *Annie* was getroud met Joe Streeter.

9. *Lenie*, die enigste nog in lewe was getroud met P. Grobler.

Hierdie Coetsee-familie was 'n volk van hulle eie, met 'n eie segswyse, eie manier van beduie, maar ook met al hulle liefde by hulle kerk en vir die saak van die Here. Deur hulle is groot dienste in die kerk gelewer.

* * *

## KRUGER FAMILIE VAN RIETPOORT

Andries Johannes Kruger is gebore 11 Junie 1820. Hy was getroud met Susanna Lasya Maria Elisabeth van der Walt. Hy het op die plaas Rietpoort gewoon. Uit die huwelik is vyf seuns en agt dogters gebore.

Die eerste vergadering om die kerk te herstig is by hom op die plaas gehou waar hy toe ook by die kerk aangesluit het. Hy het vir baie jare in die gemeente gedien, eers as diaken en later as ouderling. Van sy seuns het nie een in die Kerkraad op Burgersdorp gedien nie, maar verskillende van die kleinkinders het hier as diakens en ouderlinge gedien, ook van die agterkleinkinders het as diakens gedien. Ons dink aan broeders Piet Kruger, Seun Kruger, en ook broeder Sarel Coetsee wat met Hendrien getroud is. Sy geslagte het deur die eeu wat verby is getrou by hulle kerk gestaan. Ook die kleinseun Andries het in die kerk gedien en sy seun Gert (Bob).

## VENTER FAMILIE VAN KRUISRIVIER


Douw Gerbrandt Venter is gebore op die plaas Klipfontein. Hy was getroud met Johanna Henning. Uit die huwelik is ses seuns en drie dogters gebore, die oudste dogter is nog in die lewe. Al die kinders het in die Gereformeerde Kerk gebly, met uitsondering van een dogter wat met haar troue na die N.G. Kerk is. Hy het in die gemeente as diaken gedien. Van sy seuns het Jasper en Douw as diakens gedien en Harm as diaken en ouderling. Etlike van sy kleinkinders het as diakens en ouderlinge in die kerk gedien. Ds. Douw Venter is ook 'n kleinseun van hom. Hy is 'n seun van Hans Venter.

* * *

## DIE FAMILIE CORNELIUS GROBLER

Oom Corneels Grobler was 'n baie bekende persoon in die gemeente Burgersdorp. Hy het gewoon op die plaas Skilderkrans, maar het meer plase besit. Hy was 'n invloedryke en vermoënde persoon. Hy het gedien as diaken in die gemeente. Met wat die Here aan hom gegee het het hy baie gedoen vir die uitbreiding van Gods Koninkryk. Met die bou van die kerkgebou het hy

BOUKOMMISSIE GEREFORMEERDE KERKSAAL 1939—1940



*Staande: A. L. Venter, H. J. du Plessis, Hans Kruger, P. J. Grobler, mev. M. Kruger, N. Schoeman, mev. M. Grobler, P. Venter.*
*Sittende: Mev. B. Venter, A. Venter, mev. Postma, ds. Postma, C. Grobler, A. J. Coetsee.*

ruim bygedra en ook met die bou van die huidige kerksaal. Toe het hy op die saalkommissie gedien en ook 'n groot bedrag geskenk. Hierdie saal voldoen aan 'n groot behoefte. Bygaande is 'n foto van die saalkommissie.

Oom Corneels het een seun gehad, Harm. Hy was getroud met Johanna Smit. Uit hulle huwelik is een dogter gebore nl. Maria wat getroud is met Alwyn Marx.

Na die oorlyde van Harm Grobler is tant Johanna weer getroud met oom Douw Grobler, hulle is nog twee lewendige en getroue lidmate in die gemeente. Met dankbaarheid dink ons aan wat oom Douw en tant Johanna doen vir hulle kerk, vir die Sustersaksie en vir die Oue tehuis.

* * *

## KOOS DU PLOOY

Oom Koos is nog in lewe; reeds oor die 90 jare nog betreklik sterk. Oom Koos was getroud met tant Magdalena (Lenie) Coetsee van Weltevrede, Knapdaar. Tant Lenie was 'n dogter van oom Jan (Jonas) Coetsee. Uit hulle huwelik is gebore ds. Jan du Plooy. Sy eerste gemeente was Oos-Londen. Hy is getroud met Margaretha le Roux. Mev. Du Plooy is die bekwame redaktriese van die Vroueblad.



* * *

## BEREND GROBLER

In die verhandeling van prof. Jooste word verwys na Berend Grobler, Koelfontein. Hy het 'n vername rol gespeel in die geskiedenis van hierdie gemeente en het jare lank op die kerkraad gedien. Hier is nog twee van sy seuns in die gemeente nl. oom Douw en oom Piet Grobler wat albei besiel was en is met die liefde vir hulle kerk en ook in die kerkraad gedien het.

Ook oom Berend se kleinseuns, Johannes en Eben het hier in die kerkraad gedien.



Oom B. Grobler

Oom Douw en Tant Johanna Grobler



Hier moet ook gedink word aan die volgende families: *De Klerk*: *Hy* het gewoon op die plaas Spioenkop, die ou familieplaas.

Daar is ds. W. J. de Klerk gebore. Hy was student hier in Burgersdorp. Uit die notule blyk dit dat ds. Willem de Klerk aktief was in die lewe van die Jongeliedevereniging in sy studentedae, en dat hy ook skribawerk vir die kerkraad gedoen het. Sy seun is tans minister van die staat, sy edele min. Jan de Klerk wat 'n sterk Calvinis in ons politieke wêreld is.

Ds. Willem de Klerk se broer Koos is baie jare in die kerkraad gedien. Na sy oorlyde is tant Sannie getroud met Willem Pretorius. Tot op die tydstip het oom Koos se seun Ben hier opgegroei, daarna het tant Sannie in Potchefstroom gaan woon. Ben de Klerk het predikant geword en het die gemeente Dordrecht en Middelburg in Kaapland bedien. Later het hy professor aan die Teologiese Skool geword waar hy op jong leeftyd oorlede is. Sy seun Bouwman is tans predikant van Aliwal-Noord.



*Ds. W. J. de Klerk*



*Prof. dr. B. J. de Klerk*

## P. W. LABUSCAGNE

Petrus Wilhelmus Labuscagne is op 20 September 1867 gebore. Hy was getroud met Emmeretia Helena (gebore Du Plooy) van Burgersdorp. Sy is



*Petrus Labuschagne*



*Emmie Labuschagne*

op 25 April 1955 oorlede in die ouderdom van 82 jaar. Tant Emmie was alombekend en 'n steunpilaar in ons gemeente.

Hy het hom as boer in die distrik Jamestown gevestig en was in Mei 1899 saam met ds. L. P. Vorster een van die stigters van die Gereformeerde Kerk aldaar. Hy het jarelank daar as ouderling gedien en is ook afgevaardig na meerdere vergaderings.

In 1912 het hy na die distrik van Burgersdorp verhuis en weer hier as ouderling gedien.

Sy drie kinders, Helena, Catharina (Tienie) en Christoffel woon tans nog in hierdie distrik. Hy is op 22 Oktober 1920 oorlede es is saam met sy eggenote op sy woonplaas, Petrusrus, begrawe.

Sy seun, Stoffel, wat tans ouderling is woon nou op die plaas. Hy het al vir etlike jare in hierdie gemeente gedien. Hy is getroud met Johanna Venter, dogter van wyle Willem Venter van Klipfontein. Hulle het twee dogters Hannatjie en Emma, albei reeds getroud.

* * *

## LEWENSKETS VAN PIETER EN BETTIE KRUGER

Ek is gebore op 19 Maart 1886 op 'n plaas, Ruiterskraal, in die distrik Steynsburg. Later het my familie verhuis na Griekwaland-Wes. In 1891 het my vader weer getrek na Barkly-Wes se Diamantdelwerye.

In 1896 is ek na Worcester. Na ek in 1901 my skoolkursus voltooi het, het ek my op musiek toegelê. In 1907 nadat ek my Onderwysers Diploma

behaal het, het ek 'n betrekking aanvaar in die N.G. Kerk, Elliot, want orrels was nog nie baie in gebruik in die Geref. Kerk in daardie dae nie.

In Junie 1909 het ek 'n betrekking aanvaar in Middelburg, K.P. Vanaf 1920 het ek na Steynsburg gegaan ter wille van 'n meer doeltreffende orrel. Op 26 Mei 1926 het ek my aanstelling op Burgersdorp aanvaar. Die orrel was my ideaal.

In die begin was dit maar 'n opdraende pad. My psalmboek moes ek met die hand afskrywe, sowel die musiek as die woorde. My voor- en naspel kon ek gelukkig van die Nasionale Instituut van Blindes, Engeland kry. Waar ek mee gesukkel het, was met my kore en sangvereniging. Maar daar het ek weer altyd goeie vriende en vriendinne gehad, wat lekker saamgewerk het. Op Elliot was dit 'n mej. Hechter; ek het elke dag vir 'n halfuur gegaan, dan speel sy die stukke voor wat ek in die koor gebruik en dan memoriseer ek hulle. Op Middelburg was dit mnr. P. S. Kruger. Ek het die psalms self geharmoniseer en dan het hy en sy helpers dit met groot moeite afgerol. Van die psalms wat ek nog onthou is my toonsetting van Psalm 119, Nederlands, en Psalm 118, wat ons een vers met 'n diskant gesing het. Op Steynsburg was dit weer 'n kwekelingonderwyseres. Toe ek op Burgersdorp kom, het ek gebruik gemaak van 'n dame wat later my metgesel deur die lewe geword het.

Na ek vir my herhalingskursus na Worcester gegaan het, het dit beter gegaan. Die doel van my herhalingskursus was om gelisensieerd te word. Ek sal my lewe dankbaar bly vir mej. Alma Meyer (klavier), en mnr. Greenwood (orrel), ook mnr. Besselaar wat my toegelaat het om al my oefenwerk op die instituut se instrumente te doen. Ek moes die Psalmboek herhaaldemale met die hand afskryf om gelyk te bly met die veranderde sangtrant, koralies en ritmies. Met die ingebruikneming van die Afrikaanse psalms het ek verlaas die Psalmboek afgeskryf. Dank sy die Braille-drukkery van Worcester, kan ons orreliste nou al wat nodig is, te koop kry. Wat die Psalmboek self betref, sal ek in die melodieë verskillende veranderinge in die ritme toejuig. Ek noem net 'n paar: die gepunte note in Psalm 24. Verskillende Psalms kan op die Nederlandse wysies gesing word, bv. Psalm 16, 10, 91 en 93, ens. Vir 49 jaar het ek as orrelis opgetree en die werk was altyd met dank aan God gedaan.

Tot sover die geskiedenis van oom Piet soos deur homself vertel.

In 1928 is oom Piet getroud met Bettie Kruger, dogter van oom Faan en tant Minnie Kruger van Burgersdorp. Hulle was twee baie getroue lidmate in die gemeente en oom Faan het baie jare gedien as ouderling.

Uit die huwelik van oom Piet en Bettie is twee dogters gebore, Wilma en Ina.

In 1956 het oom Piet weens ouderdom-swakheid sy betrekking as orrelis neergelê en het die kerkraad sy eggenote, Bettie, benoem as orreliste. Oom Piet is egter nog baie voor die orrel — by eredienste en katkisasie.

Oom Piet en suster Bettie het groot dienste aan kerkraad en gemeente bewys. Nieteenstaande die groeiende ouderdom, het hulle hulle belangstelling en liefde in die gemeentelike aktiwiteite nie verloor nie. Hulle is nou nog getroue lede by die J.V.-samekomste.

Wat 'n voorreg was dit en is dit nog om met die talente wat die Here, die Verbondsgod aan hulle gegee het om nog deur sang en orrelspel die lof en eer van God te verkondig. Ons dink aan die woorde van Psalm 150 : 2:

Loof God met basuingeklank,
Gee Hom eer bewys Hom dank.
Loof Hom met die harp en luit!
Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare!
Al wat klank het — laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor
van 'n juigend blye skare.

Reeds 53 jaar lank kon oom Piet die orrel bespeel. Ons dank die Here dat hy 30 jaar orrelis van Burgersdorp was en dat suster Bettie dit nog is.



# WERKERS EN WERKSTERS IN DIE KERK VAN DIE HERE

Deur die loop van die jare gee die Here altyd persone wat met gewilligheid werk in Sy kerk. Hulle gee hulle kragte en talente met 'n hart vol liefde, en behalwe die talle persone wat op die kansel gestaan het en op die ouderlings- en diakensbanke gesit het, is daar ook nog ander wat pligte moes vervul. Ons kan nie almal noem nie, maar wil tog die name van een en ander van hulle aanstip en dan is dit met dank teenoor die Here vir hulle dienste.

1. *Kosters:*

Voor 1948 was die koster br. Nicolaas Schoeman. Hy was 'n streng en netjiese koster. Ons hoor nog altyd, as die diakens reël wie by die verskillende deure gaan staan, dan praat hulle van een van die deure van die kerk as die Schoeman-deur. Voor die tyd was o.a. ook oom Freek Labuscagne en oom Sarel du Plooy kosters in die gemeente.

Na br. Schoeman het gekom wyle oom Louis Strydom en tant Lenie. Oom Louis het so swygsaam sy werk verrig en sonder veel woorde gesorg dat dinge reg is. So stil het hy deur die lewe gegaan en so stil het hy gesterwe. Hy het in die straat naby die poskantoor inmekaar gesak en is dood in sy huis ingedra.

Hulle opvolgers was br. Tjaart Aucamp en suster Sannie. Br. Tjaart was ook een tyd tegelyk diaken en koster. As diaken was hy pynlik gereeld om sy wyk maandeliks deur te gaan. Tjaart en Sannie het goeie dienste gelewer aan hulle kerk. Hy was so 'n bekwame skrynwerker en kon alles wat kon of sou breek betyds heelmaak. Hulle het volgehou totdat hy met 'n verswakte hart net nie meer die kragte gehad het vir die werk nie.

Hulle plekke is toe ingeneem deur oom Andries en tant Lenie Kruger. Kenmerkend van hierdie persone was hulle netheid, skoonheid en toewyding. Binne of buite die kerk of saal moes alles net reg en in orde wees, sodat hulle dit soms amper moeilik gemaak het. Hulle het ingeleef in hulle werk en pligsgetrou hulle taak vervul.

Aan die einde van April lê oom Andries die kosterskap neer en br. Gert Steenkamp is in sy plek benoem. Mag Gert en suster „Stompie" hulle verlustig in hulle taak.

2. *Orreliste:*

Die orrel in die kerk is in 1926 geïnstalleer. Voor daardie tyd is gebruik gemaak van voorsingers. Seker een van die bekwaamste voorsingers wat 'n gemeente kon hê was oom Faan Buys. Met reg is gesê: Faan Buys se

gorrel is die kerk se orrel. Ook oom Faan Kruger het 'n tydlank as voorsinger opgetree.

Die eerste orrelis in die gemeente was oom Piet Kruger. Baie jare lank het hy die gemeentesang begelei met hierdie talent wat die Here hom gegee het. Oom Piet en later bygestaan deur sy vrou, Bettie, het altyd gewillig hulle talent tot diens van die gemeente en tot eer van God beskikbaar gestel — by eredienste, gemeentevergaderings, gesellighede, funksies, katkisasie, kooroefeninge ens. Toe oom Piet wat blind is, besef „dat sy oë begin sleg word" (hy kom nie meer so raak voel met sy vingerpunte nie) het hy bedank en is sy vrou, Bettie, benoem as orreliste. Oom Piet help nog dikwels.

Ons dink ook aan persone wat al dikwels ook gehelp het, Martha Postma, Susan Venter, Minnie Kruger, Hettie Coetsee, Hansie Coetsee, e.a.

3. *Skribas:*

Dit is onmoontlik om die name van al die skribas deur die loop van die jare te noem. Ek is daarvan bewus dat oom Petrus Venter en oom Josef Henning op 'n tyd skriba was; ook brs. Hennie Kotze, Andries Coetsee (Mammie) en oom Andries Venter.

Veral wil ons egter die naam noem van br. Andries Coetsee. Hy was 'n persoon met 'n verbasende werkkrag en gewilligheid. Hy was nie alleen skriba van kerkraads- en ouderlinge-vergadering nie maar in die tyd ook skriba van die Korresponderende Kerkraad van die Part. Sinode en Oostelike Klassis. Hy was altyd verantwoordelik vir die skryf van notules, die tik en afrol en uitstuur van omsendbriewe, rapporte, verslae van meerdere vergaderings, korrespondensie van gemeente en kerkverband, aanvra en aanstuur van atteste ens. Vir die voorsitter was dit aangenaam om so 'n toegewyde skriba te hê. Die tik, afrol en uitstuur van preke, twee keer per maand was 'n baie groot taak. Sy dogter Lena het met tye fluks hand bygesit.

Toe br. Andries Coetsee om gesondheidsredes nie meer kon nie, is sy werk oorgeneem deur br. A. V. Kruger en na hom deur br. Hannes Grobler en br. Koot Kruger. Dan dink ons nog aan al die skribas van die diakonie. Die huidige skriba is Herman Henning en die attestasie-skriba br. Andries Marx. Hulle werk is opofferende werk, maar ook noodsaaklike werk in die kerk van die Here.

4. *Kassiers:*

Dit is algemeen bekend dat oom Andries Venter 'n baie bekwame kassier was in die tyd toe die pragtige kerkgebou van Burgersdorp gebou is. Hy was 'n goeie finansier. Behalwe andere was daar ook die „meesters van die kerkfinansies", broeders Niklaas Steyn, Maurits van Rooy, Andries Coetsee en nou br. Hendrik Kruger. Hierdie en ander broeders kon deeglik rekenskap gee van hulle rentmeesterskap. So ook br. Hannes Coetsee, die huidige kassier van die armefonds.

5. *Katkisasie-helpers en helpsters:*

Ook hier het dit nie aan gewillige helpers en helpsters ontbreek nie. Oom Piet Kruger het gewillig gehelp met die opleiding van katkisante vir belydenis wanneer die predikant nie daar was nie. So het ook broeders Fanie van der Walt en Dirk Aucamp en andere die taak op hulle geneem tydens my afwesigheid na Kenia en tydens my siekte. Ek noem ook nog enkele name soos die van Bettie Hattingh, Rika Kruger, Lynie Coetsee, Hannes Grobler, Ria Kruger, Frikkie van Heerden, Charlotte Venter, Anette Kruger, Koot Kruger, Mollie Venter, Susan Kruger, Retha Labuscagne, my vrou Anna Aucamp en vele ander.

6. *Die Sustersaksie:*

Nog altyd het die susters onontbeerlike hulpdiens in die kerk verrig. Daar is hulle wat as voorsitsters opgetree het, o.a. tant Bettie Venter, mev. ds. Postma, mev. dr. S. J. van der Walt, suster Nannie Kruger, mev. A. L. Aucamp. Daar is ook die knap sekretaresses soos susters Eben Coetsee en Susan Venter en die wat op voortreflike wyse die gelde geadministreer het soos Paula Coetzer en Miemie Kruger. Hulle wat vir die voorsitster tot hulp was, Johanna Steyn, tant Soes Coetsee, Nannie Kruger en dan al die lede wat op die komitee gedien het, te veel name om hier te noem; en nog baie susters, ywerige werksters, vroue wat in die Here gearbei het.

# PERSONALIA

Behalwe die ou gevestigde families, vind ons ook 'n groot aantal persone en huisgesinne wat van ander gemeentes hier ingetrek het, of wat by ons kerk aangesluit het. Hulle het ook opgetree as bouers van die kerk van die Here en met dankbaarheid dink ons aan wat hulle gedoen het.

1. *Fanie van der Walt:* Hy het hier gekom as onderwyser uit Steynsburg. Fanie en Louisa het van die Here gawes en talente ontvang. Fanie het gedien as diaken en as ouderling, op verskillende kommissies en ook as katkisasie-onderwyser. Suster Louisa is al 'n geruime tyd penningmeesteres van die G.S.O. van Kaapland. Hulle koms na Burgersdorp was 'n aanwins vir die gemeente.

2. *Hennie Kotzé:* Hennie en Stella is reeds ou inwoners van Burgersdorp, waar hulle ten volle deelgeneem het aan die stryd van die Gereformeerdes. Ook hulle kon op alle terreine hulle kerk tot diens wees. Br. Hennie was ouderling en ook skriba van die gemeente. As oortuigde Calvinis en onderwyser kon hy, net soos br. Fanie, 'n duidelike stempel afdruk.

3. Maurits van Rooy: en ook sy eggenote, Jetjie, is oortuigde gelowiges, en wie met hulle saamwerk of in aanraking kom, sien dat hulle hulle belydenis uitlewe. Hulle stam uit geslagte wat niks anders was as belydende Gereformeerdes nie. In sy diens as diaken het Maurits hom beywer vir die Ouetehuis, diakonale sake en so meer. Hy was meer as eens ook ouderling.

4. *Naas Grobler:* Hy is 'n seun van wyle oom Hans Grobler, een van die bouers van die gemeente Jamestown. Br. Naas is getroud met Alida Venter dogter van wyle oom Harm Venter van Kruisrivier, uit die bekende familie Venter. Br. Naas het telkemale as ouderling in die gemeente gedien. Hy is 'n broeder wat met min woorde getuig dat hy waarlik 'n gelowige is.

5. *Jan en Petrus Venter:* Hulle is seuns van oom Coert Venter, 'n intrekker in hierdie distrik. Br. Petrus was getroud met Bettie Labuscagne van Swartfontein, Steynsburg, en het as ouderling gedien. Selfs toe sy gesondheid al taamlik swak was, het hy nog hom beywer vir die kerk van die Here.

Sy jonger broer Jan, tans woonagtig op Smaldeel, het etlike jare as diaken gedien en ook op die kommissie van die Dirk Postma Oue tehuis en later as ouderling. Sy vrou, Susan gebore Du Plessis, is al etlike jare die sekretaresse van die Sustersorganisasie. Hulle is besiel met liefde en toewyding vir hulle kerk. Op 7 Mei is Susan skielik oorlede. Haar heengaan is 'n groot verlies vir die sustersaksie.

6. *Wyle br. Karel de Beer*: Hy was 'n man van min woorde. Sy gewilligheid in die vervulling van sy ampspligte as ouderling, sy kerkbesoek en sy bydraes vir die kerk het getoon wat sy verhouding tot sy kerk was. Hy en sy eggenote, Sophie, het in swakheid probeer om hulle Here te dien. Ons sien suster Sophie nog getrou op haar plek.

7. *Wyle oom Wessel Hattingh*: Hy het by ons kerk aangesluit toe hy met tant Cilie getroud is en was tot by sy heengaan 'n oortuigde Gereformeerde. Hy het ook vele jare in die kerk van die Here gedien en wou so graag nog in die amp bly, maar sy kragte was nie daarna nie. Ons en ook tant Cilie kan altyd oor hom dink as 'n persoon wat deur die genade van God sy kerk lief gehad het.

8. *Hennie du Plessis*: Die name van br. Hennie en sr. Noon du Plessis sal altyd innig verbonde bly aan die Oue tehuis. Hy is die persoon wat van die begin af geywer het vir die daarstelling van so 'n inrigting en is tans huisvader. Hy het ook baie jare as diaken en ouderling gedien. In hierdie gemeente het hulle baie gedoen vir die saak van die Here.

9. *Ons drie Gereformeerde dokters*: Die Here het ons Gereformeerde gemeente alhier rykelik begenadig met die drie geneeshere met Calvinistiese oortuiging nl. dr. Coetzer, dr. Malan en dr. Labuscagne. As getroue en waardige lidmate van hulle kerk oefen hulle 'n invloed ten goede uit op wie met hulle in aanraking kom en hulle toon aan die wêreld dat 'n mens in die mediese beroep kan staan en tog 'n innige christen en kerkmens kan wees. Ons is ook dankbaar vir die werk van hulle gades.

10. *Br. Peet Venter*, Renosterkop, is getroud met suster Hendrina Kruger, uit die geslag van die Krugers van Rietpoort. Hy het 'n tydlank gedien as diaken. Hulle dogter is getroud met br. Jackie Venter. Ook Jackie was 'n tydlank diaken in hierdie gemeente.

11. *Oom Stoffel van Wyk*: Hy het baie jare hier gewoon en hy was baie gereeld in die kerk. Hier is nog twee van sy seuns en 'n dogter in die gemeente. Sy een seun, br. Jood van Wyk, was 'n geruime tyd diaken.

12. Ons is ook dankbaar vir die dienste van *br. Willem de Kock* en sy eggenote Fya. Hulle was nog altyd gewillige werkers. Br. Willem het baie jare van diens in die diakenamp gelewer.

13. Ons kan talle name noem van persone wat nie meer in die lewe is nie, of wat ons gemeente verlaat het. Met dankbaarheid teenoor die Here word gedink aan hulle arbeid, liefde en toewyding in die kerk van die Here.

14. Daar is ook baie wat nog werksaam is. Mag die Here hulle arbeid seën soos brs. Fanie van der Linde, Piet van Straaten, Hannes Grobler en Festus Coetsee.

## *AFDELING VI*

# WAT SYFERS ONS VERTEL

Die dag met die stigting van die gemeente Burgersdorp op Roosterhoek is daar 20 kinders gedoop.

Die volgende diens was op 26 Februarie 1860. By die geleentheid is daar 12 kinders gedoop.

Op 25 November van dieselfde jaar is weer op Burgersdorp diens gehou en toe is 49 kinders gedoop.

Met 'n volgende kerkgeleentheid op 5 Mei 1861 is die getal kinders wat gedoop is 36.

Op datum 9 Februarie 1862 is 34 kinders gedoop en 'n week later op 16 Februarie 1862, 42 kinders.

Die gemeente het sedert sy stigting gegroei, deels as gevolg van die ontevredenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, ten gevolge waarvan ouers beswaar gehad het om hulle kinders daar te laat doop. Daarby moet onthou word dat die huisgesinne kinderryk was.

Ons gee hier die tienjaar-periodes van die honderdjarige bestaan van die gemeente en daarby die getal kinders wat in die periodes gedoop is.

22 Januarie 1860 — 21 Januarie 1870 1215 kinders gedoop
22 Januarie 1870 — 21 Januarie 1880 1106 kinders gedoop
22 Januarie 1880 — 21 Januarie 1890 919 kinders gedoop
22 Januarie 1890 — 21 Januarie 1900 896 kinders gedoop
22 Januarie 1900 — 21 Januarie 1910 558 kinders gedoop
22 Januarie 1910 — 21 Januarie 1920 494 kinders gedoop
22 Januarie 1920 — 21 Januarie 1930 375 kinders gedoop
22 Januarie 1930 — 21 Januarie 1940 242 kinders gedoop
22 Januarie 1940 — 21 Januarie 1950 174 kinders gedoop
22 Januarie 1950 — 21 Januarie 1960 159 kinders gedoop

Ons wil nog so enkele gegewens uit die statistieke opgawes deur die jare aanhaal.

| Jaartal | Gedoop | Bel. gedoen | Bel. lede | Dooplede | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1859 | 81 | | 600 | | |
| 1870 | 142 | 55 | 759 | 956 | 1715 |
| 1872 | 117 | 61 | 989 | | |
| 1886 | 90 | 28 | 632 | | |
| 1891 | 99 | 55 | 759 | 956 | 1715 |
| 1897 | 105 | 35 | 859 | 934 | 1793 |
| 1906 | 51 | 36 | 684 | 607 | 1291 |
| 1920 | 42 | 13 | 683 | 604 | 1287 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1928 | 28 | 34 | 603 | 610 | 1213 |
| 1939 | 12 | 15 | 629 | 476 | 1085 |
| 1950 | 17 | 11 | 491 | 193 | 684 |
| 1960 | 10 | 28 | 496 | 213 | 709 |

*Opmerkings:*

1. Dit tref ons hoe die aantal kinders wat gedoop is verminder het van 142 na 10 en die aantal dooplidmate van 956 na 213 in 1960.

2. Daar is ook 'n geleidelike daling in die lidmatetal tot 1950. Daar moet egter onthou word dat 'n aantal gemeentes geheel of gedeeltelik van Burgersdorp afgestig het: In 1864 Aliwal-Noord, in 1868 Dordrecht, in 1872 Steynsburg, in 1874 Venterstad, in 1887 Sterkstroom, in 1903 Molteno, in 1925 Oos-Londen. In die eerste jare het die kerk verbasend gegroei en nieteenstaande die afstigting van gemeentes het die getalle sterk gebly.

3. Belangrike faktore wat nie uit die oog verloor moet word nie, is: die opkoms van die stede en die verhuising van die bevolking van die platteland na die stede; die droogtes en allerlei plae waarmee die boer te kampe het; die werkmoontlikhede vir die jongmense in dorpe en stede; die sentralisasie van die skole en veral die verkleining van die huisgesinne.

>>> Jan en Helena <jankrummel@gmail.com> 2015/07/13 10:18 AM >>>
Hallo Hester
**Daar kan geen probleem wees met die toestemming nie. Die kerkraad sal heelhartig instem.**
**Benodig jy 'n amptrelike brierf?**
**Groete**
**Jan**

2015-06-24 7:52 GMT+02:00 Hester Lombard<Hester.Lombard@nwu.ac.za>
<Hester.Lombard@nwu.ac.za>:
Beste ds. Jan
My navraag handel oor hierdie boek:

| | |
|---|---|
| Call | 284.26876 BUR |
| Corp Author | **Gereformeerde Kerk van Burgersdorp.** |
| Title | **Gedenkalbum by geleentheid van die Eeufees, 22-24 Jan. 1960 : Gereformeerde Kerk, Burgersdorp, gestig 21 Januarie 1860, op die plaas Roosterhoek.** |
| Imprint | **Burgersdorp : Gereformeerde Kerk van Burgersdorp, 1960.** |

Ek kry redelik gereeld navraag oor die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, en dan spesifiek ook die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, aangesien die kerk sy ontstaan daar gehad het. In hierdie bundel handel 'n groot gedeelte oor die Gereformeerde Kerk Burgersdorp se geskiedenis (p. 11-82). Dit is 71 bladsye van 248, en omdat dit baie meer is as die 10% wat die Kopieregwet bepaal, kan ek nie gebruikers se inligtingsnavrae beantwoord deur dit in te skandeer en te e-pos nie.
Ek sal graag hierdie boek wil laat digitaliseer. Dit kom dan in die NWU se pakhuis ("institutional repository"), en die elektroniese kopie is dan oop beskikbaar op die internet.
Ek wil graag die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp se toestemming vra vir hierdie digitalisering.
Vriendelike groete
Hester